

**'N KOMMENTAAR**  
**OP DIE ANONIEME GEDIG 'DE LAUDE PISONIS'**

**PAUL HASSE**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes  
vir die graad

**DLitt (Latyn)**

in die Fakulteit Geesteswetenskappe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
PRETORIA

Promotor: Prof.dr.M.J.Mans

31 Mei 2001



EDITHAE  
CONIUGI DILECTISSIMAE ET PATIENTISSIMAE  
FILIABUSQUE CARISSIMIS  
SACRUM

Amicis autem ueteribus  
Iohanni Scholtemeijer professori  
qui me hac uia proficiscentem aliquamdiu benigne adiuuans prosecutus sit  
et Marthino Mans professori et patientissimo promotori  
qui nimis diu cunctantem et morantem tandem ad destinatum perduxerit  
ex animo ago gratias maximas.

# 'N KOMMENTAAR OP DIE ANONIEME GEDIG

## *DE LAUDE PISONIS*

### INHOUDSOPGAAF

1.	Inleiding . . . . .	1
1.1	Oogmerke van hierdie studie . . . . .	1
1.2	Die teksoorlewering en die belangrikste edisies . . . . .	1
1.3	Die identiteit van die geadresseerde . . . . .	5
1.4	Die identiteit van die digter en die datering van die gedig . . . . .	6
1.5	Die literêre genre . . . . .	11
2.	Teks van die gedig . . . . .	13
3.	Vertaling . . . . .	21
4.	Struktuur van die gedig . . . . .	29
5.	Kommentaar . . . . .	35
6.	Waarderende slotopmerkings . . . . .	194
6.1	Verskuns . . . . .	194
6.2	Taal en styl . . . . .	196
6.3	Inhoud en struktuur . . . . .	197
Bibliografie . . . . .		203
Samevatting . . . . .		212
Summary . . . . .		214

## 1. INLEIDING

### 1.1 OOGMERKE VAN HIERDIE STUDIE

Die *De Laude Pisonis*, 'n gedig van 261 netjiese heksameterverse, is gerig aan 'n vooraanstaande Romein, Calpurnius Piso. In die eerste vier vyfdes van die gedig (verse 1-210) prys die anonieme jong digter die adellike heer se hoë afkoms, sy gewaardeerde diens aan die gemeenskap, sy edel karakter en enkele van sy private aktiwiteite, terwyl hy hom in die res van die gedig smeek om hom as digter vooruit te help deur hom in sy intieme kring van 'vereerders' op te neem en tegelyk ook materieel te steun, net soos die befaamde Maecenas weler met verskeie jong digters gemaak het.

Die onderhawige proefskrif is 'n filologiese, kritis-eksegetiese kommentaar op hierdie lofdig. Dit het die doel om deur noukeurige bestudering van die gedig se taal, vorm en inhoud, deur verklaring en toelighting van die historiese, sosiale, kulturele konteks en verwysings, sowel as deur vertolking, vergelyking en waardering, die lezers se begrip en genot van die werk te probeer verhoog.

Natuurlik bestaan daar reeds enkele kommentare op hierdie gedig, maar slegs twee daarvan is enigsins breedvoerig, sodat nog betreklik onlangs die mening uitgespreek is dat 'altogether much in the *Laus Pisonis* remains unexplained',<sup>1</sup> terwyl 'n resensent van die jongste gekommentarieerde uitgawe van die lofdig ook bevind het dat 'our author ... needs a good socio-historical commentary, which links him with both *Pan.Mess.* and *Plin.ep.*'.<sup>2</sup>

Ek wil dus in 'n sterker mate as wat die enkele vorige kommentatore dit gedoen het, aandag gee aan taalkundige en metriese aspekte sowel as op sosiale en kulturele sake ingaan wat in die gedig aangeroer word, maar ook sy inhoud, opset, gedagtegang en styl ontleed en waardeer, en 'n vertaling aanbied wat so veel as moontlik ook die lofdig se styl en sinsbou probeer weerspieël sonder om onelegant of lomp te klink.

### 1.2 DIE TEKSOORLEWERING EN DIE BELANGRIKSTE EDISIES

Die teks van die gedig, soos ons dit vandag besit, berus in die eerste plek op die *editio princeps* daarvan deur Johann Sichard te Basel in die jaar 1527, en wel as deel van sy uitgawe

---

<sup>1</sup>F.R.D. Goodyear, *Laus Pisonis*, in E.J. Kenney & W.V. Clausen (edd.), *Cambridge History of Classical Literature, II. Latin Literature*, Cambridge 1982, 629.

<sup>2</sup>N. Horsfall, 'Cleaning up Calpurnius', *CR* 43 (1993) 268.

van die werke van Ovidius in twee volumes. Sichard het sy teks gebaseer op 'n manuskrip wat van die biblioteek van die Sint-Nazarius-klooster te Lorsch (naby Mannheim in die Rynvallei) afkomstig was maar ongelukkig later verlore gegaan het. In dié manuskrip was die *De Laude Pisonis* verkeerdelik aan Vergilius toegeskryf, en Sichard het dit in sy Ovidius-uitgawe ingesluit nie omdat hy geglo het dat dit uit Ovidius se pen gekom het nie, maar bloot as 'n toegif ('corollarium') en om só die anonieme, maar *elegantissimum carmen* se voortbestaan te help verseker.<sup>3</sup>

Daar was twee verdere belangrike vroeë edisies, nl. eerstens dié deur Hadrianus Iunius (i.e. Adriaan de Jonge) in 'n boek getitel *Animadversorum Libri Sex*, te Basel in 1556, en wel onder die opskrif *Lucani poema ad Calpurnium Pisonem ex libro Catalecon*; hy het sy teks gebaseer op 'n kodeks afkomstig van Arras (die sg. *Codex Atrebaten*) wat vandag vermoedelik verlore is. En verder is dit uitgegee deur J. Scaliger, Leiden 1573, in sy boek *Virgilii Maronis Appendix*, onder die titel *M. Annaei Lucani ad Calpurnium Pisonem Paneguricum*; die verlore manuskrip waarop hierdie edisie gegrond is, het vermoedelik van die twee wat Sichard en Iunius gebruik het, verskil.<sup>4</sup>

Daar is ongelukkig vandag geen ou manuskripte wat die volledige teks van ons gedig bevat, meer behoue nie,<sup>5</sup> en wat die betrouwbaarheid van die teks van die bogenoemde vroegste gedrukte uitgawes betref, is dit goed om die waarskuwing te onthou wat Baehrens<sup>6</sup> ten opsigte

---

<sup>3</sup>Hy beskryf dit in sy algemene voorwoord as volg: ... *elegantissimum carmen incerti quidem autoris, sed quod extra controversiam sit uetustissimi alicuius: siquidem ad Pisonem id est scriptum, eum opinor, ad quem et Horatii ars poetica extat; quod quamuis ab Ouidii dictione nonnihil abhorreat, et in uetusto codice falso erat Maroni ascriptum, iudicauimus tamen dignum, ut inter Ouidiana locum sortiretur atque hoc demum pacto ab interitu uindicaretur.* (Aangehaal uit Ae. (Emil) Baehrens, *Poetae Latini Minores*, Leipzig 1879, herdruk New York/Londen 1979, vol.1, p.221.)

<sup>4</sup>Volgens Jacqueline Amat, *Calpurnius Siculus, Bucoliques. Pseudo-Calpurnius, Élogue de Pison*, Collection de G. Budé, Parys 1991, 80. Vir 'n (vermoedelik) volledige lys van alle ou gedrukte teksedisies kyk R. Verdière, *T. Calpurnii Siculi De laude Pisonis et Bucolica et M. Annaei Lucani De laude Caesaris (Einsidlensis quae dicuntur carmina)*, Berchem-Brussel 1954, 5-6.

<sup>5</sup>Amat, op.cit.79-80. Die sg. *codex Varsaviensis*, wat Wernsdorf met die oog op sy uitgawe van 1785 deur die Poolse geleerde Martyni-Laguna in Warskou laat kollasioneer het, het maar eers gedurende die Tweede Wêreldoorlog verlore geraak; Amat, op.cit.78.

<sup>6</sup>Op.cit.p.224.

van Sichard se teks uitgespreek het, want dit geld inderdaad in alle dergelike gevalle: *... numquam obliuiscare non ipsum codicem Laurissanum* (i.e. van Lorsch) *nobis praesto esse, sed editionem Sichardi, quem ut errasse interdum ita nonnulla leuiora quae ei uidebantur tacite correxisse probabile est.*

Die tweede hoofbron vir ons moderner teksedisies is manuskripte van die sg. *Florilegium Gallicum*, 'n bloemlesing van poësie- en prosa-uittreksels van klassieke oueurs wat in die middel van die twaalfde eeu te Orléans saamgestel is en waarvan die eerste twee eksemplare maar in 1860 aan die lig gekom het.<sup>7</sup> Die dertien uittreksels uit die *De Laude Pisonis* wat daarin opgeneem is, beslaan darem altesaam 196 van die gedig se 261 verse; sommige uittreksels is egter aan hul begin of einde tekstueel effens gewysig.

Die volgende vyf manuskripte van die *Florilegium* is tans bekend:

- (1) Die *Codex Parisinus Thuaneus* 7647 (einde 12e of begin 13e eeu)
- (2) die *Codex Parisinus Nostradamensis* 17903 (12e eeu?)
- (3) die *Codex Atrebatenensis* 64 (12e tot 14e eeu)<sup>8</sup>
- (4) die *Codex Escorialensis* Q1 14 (13e / 14e eeu)
- (5) die *Codex Berolinensis* Diez. B.60 f. 29 (14e eeu).<sup>9</sup>

Die ontdekking van die *Florilegium*-manuskripte het 'n belangrike bydrae tot die rekonstruksie van die teks gelewer; die *codex Nostradamensis* word as die waardevolste van die kopieë beskou.<sup>10</sup>

---

<sup>7</sup>Gladys Martin, *Laus Pisonis*, diss. Cornell Univ. 1917, 4-5.

<sup>8</sup>B.L. Ullman, 'The Text Tradition and Authorship of the *Laus Pisonis*', *CP* 24 (1929) 113, meen dat hierdie kopie van die *Florilegium* identies is met die *codex Atrebatenensis* wat deur Hadrianus Junius (sien p.3 supra) gebruik is.

<sup>9</sup>Van hierdie kodeks, waarin maar enkele verse van ons gedig bewaar is, is slegs 'n 19e-eeuse kopie behoue; cf. Amat, op.cit.81.

<sup>10</sup>Cf. ook Amat, op.cit.81-82; A.Seel, *Laus Pisonis, Text, Übersetzung, Kommentar*, diss. Erlangen-Nürnberg 1969, 2-4; Verdière, op.cit.69-70. R.H.Rouse se bewering (in L.D.Reynolds [red.], *Text and Transmission*, Oxford 1983, 205) dat 'the *Florilegium Gallicum* ... was the source ... of the texts known to Junius, Scaliger, and Martyni-Laguna' is onverstaanbaar: hoe kon hierdie losse uittreksels – altesaam maar drie kwart van die hele gedig – 'die bron' van die uitgawes van die hele gedig gewees het?

Die belangrikste later edisies van die *De Laude Pisonis* is die volgende:

- J.C.Wernsdorf, ‘Saleii Bassi ad Calpurnium Pisonem poemation Lucano vulgo adscriptum’,  
in: *Poetae Latini Minores*, vol.IV, Altenburg 1785.
- J.Held, *Incerti auctoris ad Calpurnium Pisonem carmen*, Breslau 1831.
- C.Beck, *Statii ad Pisonem poemation*, Ansbach 1835.
- C.F.Weber, *Incerti auctoris carmen panegyricum in Calp. Pisonem*, Marburg 1859.
- Ae. (=Emil) Baehrens, *Incerti Laus Pisonis*, in: *Poetae Latini Minores*, vol.I, Leipzig 1879.

Dan in die twintigste eeu die volgende:

- Gladys Martin, *Laus Pisonis*, diss.(tikskrif, blykbaar ongepubliseer) Cornell Univ., VSA  
1917: Inleiding, teks en kommentaar.
- B.L.Ullman, ‘The text tradition and authorship of the Laus Pisonis’, *CP* 24 (1929) 109-132:  
Slegs ’n rekonstruksie van die *Florilegium*-teks se argetipe.
- J.Wight Duff & A.M.Duff, in *Minor Latin Poets*, The Loeb Classical Library, Londen &  
Cambridge 1935, 289-315.
- R.Verdière, *T.Calpurnii Siculi 'De laude Pisonis' et 'Bucolica' et M.Annaei Lucani 'De laude  
Caesaris'* (*Einsidlensia quae dicuntur carmina*), *Édition, traduction et commentaire*,  
Collection Latomus vol.XIX, Brussel 1954.
- E.Bolisani, ‘Un importante carme anonimo dell’età postaugusteo. La *Laus Pisonis*’, *AI*V 123  
(1964-1965) 89-116: Inleiding, teks,<sup>11</sup> vertaling en enkele aantekeninge.
- A.Seel, *Laus Pisonis. Text, Übersetzung, Kommentar*, diss. (privaat gepubliseer) Erlangen-  
Nürnberg 1969.
- Jacqueline Amat, *Calpurnius Siculus, Bucoliques; Pseudo-Calpurnius, Éloge de Pison. Texte  
établi e traduit*, Collection du G.Budé, Les Belles Lettres, Parys 1991: Ook ’n inleiding  
en beknopte aantekeninge.

---

<sup>11</sup>Bolisani druk Baehrens se teks van 1879 af, wat hy egter verkeerdelik (in 1965!)  
as die jongste teksuitgawe bestempel: ‘... edito ... ultimamente dal Baehrens in *P.L.M*’  
(sy aant.1).

### 1.3 DIE IDENTITEIT VAN DIE GEADRESSEERDE

Vir die identifisering van die geadresseerde verskaf die gedig heelwat gegewens: hy is 'n Calpurnius Piso uit die bekende ou adelgeslag (vv.1-18), kry glo weens die algehele vrede in die Ryk geen kans om militêre louere te verdien nie (25-36), maar is 'n gevierrede advokaat (37-56) en redenaar (57-71; 89 sqq.); hy het die consulskap beklee en die keiser daarvoor in 'n senaatsrede bedank (68-71); verder het hy 'n indrukwekkende voorkoms (100-105) en is hy uiters vrygewig jeens sy vele vriende (109-132); in sy vrye tyd beoefen hy die digkuns en bespeel die lier, maar hy is ook 'n knap beoefenaar van die skermkuns en die balspel en laastens 'n ware kampioen in die *Latrunculi*-bordspel.

Geleerde is dit so te sê eens dat hierdie *laudandus* dieselfde C. Calpurnius Piso is as dié wat uit Tacitus se *Annales* (15.48-73) as 'n leier van die mislukte sameswering teen keiser Nero in die jaar 65 bekend is.<sup>12</sup> Tacitus beskryf hom in sy tipiese styl as volg: ... *claro apud uulgum rumore erat per uirtutem aut species uirtutibus similis. namque facundiam tuendis ciuibus exercebat, largitionem aduersum amicos, et ignotis quoque comi sermone et congressu; aderant etiam fortuita, corpus procerum, decora facies: sed procul grauitas morum aut uoluptatum parsimonia; leuitati ac magnificentiae et aliquando luxu indulgebat, idque pluribus probabatur qui in tanta uitiorum dulcedine summum imperium non restrictum nec perseverum uolunt* (*Ann.* 15.48).

Reeds vóór Tacitus het Martialis na dieselfde Calpurnius Piso verwys toe hy teenoor 'n suinige *patronus* die versugting laat hoor: *Pisones Senecasque ... / ... mihi redde* (12.36.8-9); net so ook Juvenalis met sy stelling: *Nemo petit, modicis quae mittebantur amicis / a Seneca, quae Piso bonus, quae Cotta solebat / largiri; namque et titulis et fascibus olim / maior habebatur donandi gloria* (5.108-111). Laastens is daar ook die volgende interessante,

---

<sup>12</sup>Die enigste uitsonderings waarvan ek weet, is J. Hubaux ('Les Thèmes Bucoliques dans la Poésie Latine', *Mémoires de l'Académie Royale de Belgique*, 2e reeks, 29 (1930) 194 sqq.) en H. Bardon, *Les Empereurs et les Lettres Latines d'Auguste à Hadrien*, Parys 1940 (herdr. 1968) 221, wat hom as L. Calpurnius Piso, consul van die jaar 57, beskou, en A. A. Bell ('A New Approach to the *Laus Pisonis*', *Latomus* 44 (1985) 871-8) wat hom as die consul Calpurnius Piso van die jaar 111 wil identifiseer, en as dieselfde man van wie die Jonger Plinius eenmaal 'n voordrag van sy Griekse poësie gehoor het (*Ep.* 5.17).

waardevolle ou scholion op Juv.5.109:<sup>13</sup> *Piso Calpurnius, ut Probus inquit, antiqua familia, scaenico habitu tragoedias actitauit, in latruncularum lusu tam perfectus et callidus, ut ad eum ludentem concurreretur. Ob haec insinuatus C.Caesari repente etiam relegatus est, quia consuetudinem pristinae uxoris abductae sibi ab ipso, deinde remissae, repetuisse existimabatur. Mox sub Claudio restitutus est et post consulatum materna hereditate ditatus magnificenter uixit meritos subleuare inopes ex utroque ordine solitus, de plebe uero certos quotquot annis ad equestrem censem dignitatemque prouehere.*

Dit is duidelik dat C.Calpurnius Piso 'n heel besondere mens was: 'n gevierrede advokaat, hoogs beskaafd, uiters vrygewig en gewild, en ongetwyfeld invloedryk. Die enkele negatiewe klanke aan die einde van Tacitus se karakterisering is kenmerkend van dié historikus se algemene sinisme oor die leefwyse van sommige lede van die Romeinse elite van hierdie tyd, maar vermoedelik ook reeds gekleur deur sy teleurstelling oor die mislukking van die samecwering teen Nero waar Piso hom aan die einde miskien tog – altans in Tacitus, ons enigste bron, se voorstelling – as 'n swakkeling ontpop.<sup>14</sup> Maar in die *De Laude Pisonis* lees ons dat Piso homself ook met 'n kring van goeie, beskaafde *cultores/amici*, ook uit laer stande, omring het, en dít is die milieu waarin ons ambisieuse jong *laudator* graag opgeneem wil word ten einde as digter vooruit te gaan en beroemd te word.<sup>15</sup>

#### 1.4 DIE IDENTITEIT VAN DIE DIGTER EN DIE DATERING VAN DIE GEDIG

Volgens Sichardus, die uitgewer van die *editio princeps*, was ons anonieme lofdig *in uetusto codice falso ... Maroni* (i.e. Vergilio) *ascriptum*: hyself druk dit in sy Ovidius-edisie

---

<sup>13</sup>G.Valla gee in sy edisie van Juvenalis, Venesië 1486, uittreksels uit 'n (nou verlore) manuskrip van *Probi grammatici in Iuuenalem commentarii*. M.D.Reeve, 'The Addressee of *Laus Pisonis*', *ICS* 9 (1984) 42-48, toon oortuigend die hoë ouderdom en egte waarde van hierdie spesifieke scholion aan.

<sup>14</sup>Cf. *Tac.Ann.* 15.59. R.Syme, *Tacitus*, Oxford 1958, vol.2, 575 se oordeel oor Piso is dan ook verdoemend: '... for all his magnificence he was only a lover of pleasure, a frivolous fellow.' Ek ignoreer hierdie latere, negatiewe, Taciteiese beeld van Piso in my kommentaar op die *De Laude Pisonis* natuurlik heeltemal.

<sup>15</sup>Meer oor Piso in Paulys *Real-Encyclopädie der Altertumswissenschaft*, red. G.Wissowa e.a., Stuttgart 1894-, (voortaan afgekort tot *RE*) 3.1377.50 sqq. (Calpurnius 65). *Kl.P.1.1022.53* sqq. (Calpurnius II.12). Cf. ook E.Champlin, 'The Life and Times of Calpurnius Piso', *MH* 46 (1989) 101-124.

af veral om darem sy behoud te verseker.<sup>16</sup> In die daaropvolgende drie eue het minstens 24 verskillende nuwe edisies van die lofdig die lig gesien,<sup>17</sup> waarin dit dikwels aan Lucanus, maar soms ook aan Ovidius, Statius of selfs ene Saleius Bassus toegeskryf is.<sup>18</sup> Die toeskrywing aan Lucanus is baie oud, want sy naam verskyn reeds op enkele bladsye van die *florilegia*-manuskripte as kolomtitel. Talle ondersoeke van die taal, styl en metriek van die lofdig en vergelykings met ander digters se werke het vanaf die 19e eeu die keuse van moontlike outeurskap grootliks vernou tot Lucanus en Calpurnius Siculus.<sup>19</sup>

Die groot ‘kampvegter’ vir die outeurskap van Calpurnius Siculus was R. Verdière in sy edisie van 1954. Hy grond sy geloof veral op ’n aantal aspekte van sterk ooreenkoms tussen die *De Laude Pisonis* en Calpurnius Siculus se *Eclogae*:<sup>20</sup> (1) dieselfde skaarste aan elisies (4 in eg. se 261 reëls teenoor 13 in lg. se 765); (2) byna dieselfde proporsie t.o.v. die kombinasie van trihemimêre en hephthemimêre sesure (14 teenoor 70); (3) dieselfde neiging tot die gebruik van die futurum participium (5 teenoor 15), enjambement (10 teenoor 32) en ’n aanwysende of vraende voornaamwoord as antecedent van ’n betreklike voornaamwoord (13 teenoor 19); (4) ’n hoë voorkoms van ‘tics de style’ soos *si forte, libet, licet, iuuat, contigit* en *quod si*; (5) twintig imposante woord- of gedagte-parallelle; (6) die identiese temas van armoede en jeugdigheid; (7) dieselfde besondere kennis van die perdrykuns; asook (8) die belangrike feit dat die uittreksels uit die *De Laude Pisonis* in alle *florilegia* direk voor dié uit die *Eclogae* staan.<sup>21</sup>

Verdière se tesis het daarna deurslaggewende steun ontvang uit die resultate van

---

<sup>16</sup>Cf. die aanhaling op p.2 n.3 supra. Sowel Martin, op.cit.22, as Seel, op.cit.139 sê verkeerdelik dat Sichard Ovidius as die outeur beskou; Verdière beweer selfs dat Sichardus die gedig aan Vergilius toeskryf maar Ovidius as die ware outeur beskou (op.cit.27)!

<sup>17</sup>Cf. die volledige (?) lys by Verdière, op.cit.5 sqq.

<sup>18</sup>Martin (op.cit.22-25) bespreek die argumente teen Statius en Saleius Bassus, ’n knap maar arm digter uit die regeringstyd van Vespasianus wat miskien jonk oorlede is.

<sup>19</sup>Sover ek sien, was E. Bolisani, ‘Un importante carme anonimo dell’età postaugustea: *La Laus Pisonis*’, AIV 123 (1964-65) 89-116, die enigste geleerde wat in die 20e eeu nog eens die outeurskap van Saleius Bassus bepleit het.

<sup>20</sup>Op.cit.27-31.

<sup>21</sup>Lg. nuwe punt noem Verdière in sy resensie van Seel se edisie in *Latomus* 30 (1971) 733; cf. ook Amat, op.cit.72. E.J. Kenney, art.cit. (1972) 279, voeg as interessante verdere punt van ooreenkoms die voorliefde vir goue reëls by.

G.E.Duckworth se vergelykende statistiese studies van die metriese patronen in die werke van feitlik alle klassieke digters.<sup>22</sup> Duckworth se bevinding was: ‘If Calpurnius Siculus is not the author of the *Laus Pisonis*, we must then accept the existence of another poet living at the same time who likewise favoured dactyls over spondees in the manner of Ovid to a degree unmatched by any of about twenty-five other hexameter poets in a period of five hundred years. This is most unlikely. In any case, Lucan is excluded as a possible author ... On the basis of the metrical evidence ... there seems no good reason to doubt that Calpurnius is the author of the *Laus Pisonis*.<sup>23</sup>

Die jongste beredeneerde pleidooi vir die erkenning van Lucanus as die outeur kom van A.Seel.<sup>24</sup> Sy hoofargumente is (1) die feit dat ou manuskripte Lucanus as die outeur aangee; (2) sy verbintenis met Piso in die sameswering teen Nero; (3) die datering van die gedig tot die jaar 57/58<sup>25</sup> toe Lucanus 19 jaar oud was (die digter van die LP sê naamlik dat hy nog onder 20 is); (4) ’n lys van byna 50 gevalle van ‘Anklänge’ of parallelle in woordeskat, idiom ens. tussen die *De Laude Pisonis* en die *Pharsalia*; (5) maar hy druk in die kritieke reël 254 in plaas van die eenstemmig oorgelewerde *NOS humilis domus ... celat* Beck se emendasie (gevolg deur Martin) *NON humilis domus ... celat*, wat sy teorie onderskraag want Lucanus kom immers uit ’n familie wat in Rome hoë aansien geniet het.<sup>26</sup> Seel se betoog – hy was natuurlik nog onbewus van Duckworth se studies<sup>27</sup> – het resensente van sy uitgawe nie oortuig nie.<sup>28</sup>

---

<sup>22</sup>G.E.Duckworth, *Vergil and the Classical Hexameter Poetry. A Study in Metrical Variety*, Ann Arbor 1969.

<sup>23</sup>Op.cit.96 sq.

<sup>24</sup>Op.cit.139-179.

<sup>25</sup>Piso was ’n *Arvalis*, maar sy naam ontbreek in die *Acta Fratrum Arvalium* tussen die jare 48 en 57, waaruit afgelei kan word dat hy in dié tyd nie in Rome was nie; cf. Ullman, op.cit.131-133.

<sup>26</sup>Die filosoof Seneca, leermeester van Nero, was sy oom, en die rhetor Seneca sy grootvader.

<sup>27</sup>Duckworth het hierdie spesifieke bevinding die eerste keer in 1967 (dus maar twee jaar vóór Seel se boek) gepubliseer: ‘Five Centuries of Latin Hexameter Poetry. Silver Age and Late Empire’, *TAPA* 98 (1967) 77-150: 83-4.

<sup>28</sup>R.Verdière, *Latomus* 30 (1971) 732-4 (skerp!); E.J.Kenney, *CR* 86 (NS 22) (1972) 279; H.Petersmann, *Gymnasium* 79 (1972) 81-83; H.-O.Kröner, *Gnomon* 49 (1977) 78-80; ook F.Quadlbauer, *Anzeiger AAHG* 28 (1975) 23-25 is skepties.

Daar kan dus m.i. met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat indien die *De Laude Pisonis* inderdaad deur een van ons bekende digters geskryf is – d.w.s. een wie se werke behoue is – dit Calpurnius Siculus is.

In die laaste twee dekades is daar egter meteens weer 'n hele aantal nuwe ondersoek en bespiegelings oor die datering van Calpurnius Siculus gepubliseer. Eerstens was daar 'n poging om die digter na die derde eeu, nl. in die regeringstyd van keiser Severus Alexander, te dateer.<sup>29</sup> Maar kort daarna is daar weens bepaalde historiese verwysings in die *Eclogae* opnuut 'n lans gebreek vir hul datering in die regeringstyd van Nero,<sup>30</sup> en het 'n ander ondersoek hierdie datering ook op grond van prosodiese kriteria verdedig.<sup>31</sup> Hierna was daar nog eens 'n voorstel om Calpurnius Siculus op grond van stilistiese kriteria later te dateer, nl. na die middel van die tweede eeu en as tydgenoot van Cornelius Fronto,<sup>32</sup> sowel as 'n ondersoek na *imitatio* by Silwer-eeuse digters wat bevind het dat Calpurnius Siculus duidelik ná die tyd van Nero moes geskryf het.<sup>33</sup> R.Verdière het hierop in 'n lang artikel al hierdie voorstelle en teorieë krities ondersoek en oorweeg, maar ten slotte – m.i. tereg – aan sy eie 'Neroniese' datering vasgehou,<sup>34</sup> terwyl heel onlangs nog ook N.Horsfall hom opnuut vir die behoud van hierdie 'tradisionele' datering uitgespreek het.<sup>35</sup>

Sekerheid of selfs maar eenstemmigheid oor die datering van Calpurnius Siculus bly steeds onbereikbaar. Ook wat ons lofdig, die *De Laude Pisonis*, betref, is daar onlangs weer 'n klip in die bos gegooi met 'n betoog deur E.Champlin<sup>36</sup> dat Piso se consulaat reeds in die

---

<sup>29</sup>E.Champlin, 'The Life and Times of Calpurnius Siculus', *JRS* 68 (1978) 93-110.

<sup>30</sup>G.B.Townend, 'Calpurnius Siculus and the *Munus Neronis*', *JRS* 70 (1980) 166-174.

<sup>31</sup>R.Mayer, 'Calpurnius Siculus. Technique and Date', *JRS* 70 (1980) 175-176.

<sup>32</sup>D.Armstrong, 'Stylistics and the Date of Calpurnius Siculus', *Philologus* 130 (1986) 113-136.

<sup>33</sup>E.Courtney, 'Imitation, chronologie littéraire et Calpurnius Siculus', *REL* 65 (1987) 148-157.

<sup>34</sup>R.Verdière, 'Calpurnius, en fin d'analyse ...', *Helmantica* 44 (1993) 349-398.

<sup>35</sup>N.Horsfall, 'Criteria for the Dating of Calpurnius Siculus', *RFIC* 125 (1997) 166-196.

<sup>36</sup>E.Champlin, 'The Life and Times of Calpurnius Piso', *MH* 46 (1989) 101-124.

regeringtyd van keiser Caligula moet val, nl. in die jaar 39 of 40, en dat ons gedig deur 'n anonieme jong digter vóór Piso se verbanning in die jaar 40 geskryf is. Weliswaar vereis Champlin se scenario ongelukkig die verwerping van Valla-Probus se getuienis oor Piso se consulaat onder keiser Claudius,<sup>37</sup> maar dit sou verskeie aspekte van die digter se Piso-beeld meer verstaanbaar maak, soos bv. die digter se herhaalde gebruik van die aansprekking *iuvensis*, Piso se gebrek aan militêre ervaring, die digter se stilswee oor 'n eggenote en kinders, of oor die ballingskap of dan ten minste sy dank aan Claudius vir sy herroeping .... Champlin meen ook dat die verbale en inhoudelike eggos van die *De Laude Pisonis* in Juvenalis en Calpurnius Siculus en selfs ook in Lucanus daaraan toe te skryf is dat dié digters ons lofdig geken het.<sup>38</sup>

M.i. bestaan daar nog geen rede om die ou identifisering van die digter as 'n jeugdige Calpurnius Siculus en die tradisionele datering van die gedig tot ongeveer die jaar 57 te betwyfel nie. Ná Verdière hou ook Amat in haar edisie aan hierdie twee uitgangspunte vas.<sup>39</sup>

Ten slotte die vraag: wat weet ons – indien ons ons *incertus auctor* tentatief as Calpurnius Siculus identifiseer – van hierdie digter? Eintlik niks meer nie as wat ons met 'n mate van waarskynlikheid uit sy gedigte kan aflei: As die *De Laude Pisonis* werklik ongeveer in die jaar 59 geskryf is, moet die digter ongeveer in 40 gebore wees (reël 261: hy is nog nie 20 nie); hy kom weliswaar uit 'n *humilis domus* (254), maar het klaarblyklik 'n baie goeie opleiding geniet, is talentvol en het groot selfvertroue en ambisie (250-252; 259); sy lofdig en versoek om hulp aan die edele Piso het klaarblyklik die gewenste effek gehad en Piso het hom sowaar onder sy vlerke geneem: sy eerste, vierde en sewende *eclogae* bevat naamlik lofprysing jeens keiser Nero, en die jong 'Corydon' uit wie se mond die lof kom, is waarskynlik

---

<sup>37</sup>Cf. p.6 supra.

<sup>38</sup>Op.cit.101. Andersyds beskou hy egter ook Lucanus self as 'the safe favourite for those in quest of an author'! (op.cit.102). En T.K.Hubbard, 'Calpurnius Siculus and the unbearable Weight of Tradition', *Helios* 23 (1996) 68, meen weer dat die digter van die *Eclogae* die werk van Lucanus en miskien ook Statius geken het en dus waarskynlik ná Nero geskryf het. (Alii aliter!)

<sup>39</sup>Op.cit.71-79. Ook J.P.Sullivan, *Literature and Politics in the Age of Nero*, Ithaca 1985, 36 sowel as J.Beato, 'Calpurnio Sículo. Um poeta pobre ou um pobre poeta?', *Humanitas* 47 (1995) 618, skryf die *De Laude Pisonis* aan Calpurnius Siculus toe.

Calpurnius Siculus self, terwyl ‘Meliboeus’, sy weldoener<sup>40</sup> sowel as literêre mentor(!)<sup>41</sup> wat sy liedere onder die aandag van die keiser moet bring,<sup>42</sup> vermoedelik niemand anders as Calpurnius Piso is nie ...

Die naam van die digter Calpurnius Siculus word in geen ou bron vermeld nie en is alleen in die ou manuskripte oorgelewer.<sup>43</sup>

### 1.5 DIE LITERÊRE GENRE

As lofdig val die *De Laude Pisonis* onder die genre van die panegiriek, en dit is interessant dat juis hierdie gedig as die tweede-oudste behoue eksemplaar van ’n Latynse lofdig gereken word. As literêre genre het die panegiriek waarskynlik sy oorsprong in die sg. *laudationes funebres*, die lykredes waarin veral oorledenes uit vooraanstaande families se besondere voortreflikehede en prestasies – en waar toepaslik seker ook dié van hulle voorsate – in herinnering gebring en geprys is. In adellike families is sulke lofredes stellig opgeteken en vir die nageslagte bewaar; dikwels is hulle selfs gepubliseer: een voorbeeld van so ’n lofprysing is die sg. *Laudatio Turiae*, waarvan dele in epigrafiese vorm behoue gebly het.<sup>44</sup> Maar daar was natuurlik van vroeg af ook ander private sowel as publieke geleenthede waar lofredes gehou is; uit die

<sup>40</sup>Ecl. 4.31-38: *certe ne fraga rubosque / colligerem uiridique famem solarer hibisco, / tu facis et tua nos alit indulgentia farre; / tu nostras miseratus opes docilemque iuuentam / hiberna prohibes ieunia soluere fago. / ecce nihil querulum per te, Meliboe, sonamus; / per te secura saturi recubamus in umbra / et fruimur siluis Amaryllidos . . .* In 4.152-156 sou die digter egter ook graag nog ’n eie plasie van Meliboeus wil ontvang: *o mihi quae tereti decurrunt carmina uersu / tunc, Meliboe, sonent si quando montibus istis / dicar habere Larem, si quando nostra uidere / pascua contingat! uellit nam saepius aurem / inuida paupertas et dicit: ‘ouilia cura!’*

<sup>41</sup>Ecl. 4.52: *uis, hodierna tua subigatur pagina lima?*

<sup>42</sup>Ecl. 1.94: *forsitan augustas feret haec Meliboeus ad aures. 4.157-159: at tu, si qua tamen non aspernanda putabis, / fer, Meliboe, deo mea carmina: nam tibi fas est / sacra Palatini penetralia uisere Phoebi.*

<sup>43</sup>Cf. RE 3.1401.57 sqq. (oor bespiegelings dat hy moontlik deur Calpurnius Piso geadopteer is of die seun van een van sy *liberti* was, ibid. 1405.19 sqq.); Kl.P.1.1025.59 sqq.; *The Oxford Classical Dictionary*, 3e ed. (voortaan afgekort tot *OCD*), 281 sq.; Verdière, op.cit.15 sqq.

<sup>44</sup>Meer hieroor in *OCD* s.v. ‘laudatio funebris’ en ‘Laudatio Turiae’; Kl.P.3.517.60 sqq.

behoue letterkunde kan voorbeeld soos Cicero se lof vir Pompeius in sy senaatsrede *Pro Lege Manilia* en sy lof-en-dankrede *Pro Marcello* genoem word. Sedert die regeringstyd van keiser Augustus was nuutverkose consuls verplig om aan die gode en die keiser dank te betuig vir hul aanstelling, en hierdie sg. *gratiarum actio* het onder latere keisers geleidelik ontaard in 'n lofrede op die keiser.<sup>45</sup>

Wat lofprysing in digvorm betref, is die vroegste behoue Latynse voorbeeld die sg. *Panegyricus Messallae*, 'n lofdig van 212 verse gerig aan M. Valerius Messalla,<sup>46</sup> die adellike beskermheer van 'n groep digters waartoe Tibullus, Lygdamus, die jong Ovidius, en Messalla se niggie Sulpicia behoort het; dit is vermoedelik kort ná 27 v.C. geskryf. Dit is 'n lofdig waarmee die digter terselfdertyd ook sy bedrevenheid wil demonstreer en homself vir die toekoms as lofdigter aanbied; hy noem egter ook dat hy eens ryk was maar nou arm geword het en gee só te kenne dat hy seker ook maar finansiële steun benodig. Die gedig is as deel van Tibullus se werke oorgelewer (Boek 3.7 = 4.1) maar kom waarskynlik nie uit sy pen nie.<sup>47</sup>

Die tweede-oudste lofdig is dan – soos reeds genoem – ons *De Laude Pisonis* uit die era van die keisers Claudius of Nero, wat eweneens as toonstuk van die oueur se digterlike vermoëns gekomponeer is, maar waar die ambisieuse jong digter dan aan die einde heel prontuit en baie dringend om opname in Piso se vriendekring (en miskien ook om finansiële steun) vra en beloof dat hy hom in sy gedigte as sy 'Maecenas' sal prys en só van ewige roem sal verseker.

Hierná is daar nog twee suiwer lofdigte uit die eerste eeu deur Papinius Statius behoue, die een gerig aan keiser Domitianus by geleentheid van die aanvaarding van sy 17e consulaat (*Silvae* 4.1), die ander aan 'n jong man as gelukwensing met sy aanstelling as militêre tribuun (ib.5.2). Die eerste behoue lofdigte daarná kom uit die vierde eeu en later, nl. dié van Claudius Claudianus, Sidonius Apollinaris, Corippus en Venantius Fortunatus.<sup>48</sup>

---

<sup>45</sup>'n Versameling van sulke lofredes is bewaar onder die titel *XII Panegyrici Latini*; die eerste hiervan is die Jonger Plinius se *gratiarum actio* aan keiser Trajanus uit die jaar 100.

<sup>46</sup>M. Valerius Messalla Corvinus, 64 v.C. - 8 n.C.; cf. *Kl.P.3.1244.11* sqq.; *OCD* p.1580.

<sup>47</sup>Cf. *OCD* s.v. 'Panegyricus Messallae'.

<sup>48</sup>Cf. *OCD* s.v. 'Panegyric, Latin'.

## 2. DIE TEKS

Die teks kom uit die uitgawe van Jacqueline Amat, *Calpurnius Siculus, Bucoliques. Pseudo-Calpurnius, Élogue de Pison*, Parys 1991, pp.88-97.<sup>1</sup>

### DE LAVDE PISONIS

Vnde prius coepti surgat mihi carminis ordo  
quosue canam titulos, dubius feror. Hinc tua, Piso,  
nobilitas ueterisque citant sublimia Calpi  
nomina, Romanas inter fulgentia gentes;  
5 hinc tua me uirtus rapit et miranda per omnes  
uita modos; quae, si deesset tibi forte creato  
nobilitas, eadem pro nobilitate fuisset.  
Nam quid imaginibus, quid auitis fulta triumphis  
atria, quid pleni numeroso consule fasti  
10 profuerint, cui uita labat? Perit omnis in illo  
nobilitas, cuius laus est in origine sola.  
Felix, qui claris animum natalibus aequas,  
et partem tituli, non summam, ponis in illis!  
Ipse canendus eris: nam quid memorare necesse est  
15 ut domus a Calpo nomen Calpurnia ducat  
claraque Pisonis tulerit cognomina prima,  
umida callosa cum pinseret hordea dextra?  
Nec, si cuncta uelim breuiter decurrere, possim!  
Et prius aetheriae moles circumuaga flammae  
20 annua bis senis reuocabit mensibus astra,  
quam mihi priscorum titulos operosaque bella  
contigerit memorare; manus sed bellica patrum

---

<sup>1</sup> My enigste afwykings van Amat se teks is die volgende: in reël 6 het ek die ontbrekende komma ná *quae* aangevul, in 35 twee onnodige kommas weggelaat, in 132 *obsequium* tot *obsequiumque* en in 185 *uolentem* tot *uolantem* gekorrigeer, in 218 *penates* klein geskryf, aan die einde van 241 die foutiewe komma weggelaat en aan die einde van 245 'n uitroepsteken geplaas.

- armorumque labor ueteres decuere Quirites,  
atque illos cecinere sui per carmina uates.  
25 Nos quoque pacata Pisonem laude nitentem  
exaequamus ausi. Tamen, et si bella quierunt,  
non periit uirtus: licet exercere togatae  
munia militiae, licet et sine sanguinis haustu  
mitia legitimo sub iudice bella mouere.  
30 Hinc quoque seruati contingit gloria ciuis,  
altaque uictrices intexunt limina palmae.  
Quin age maiorum, iuuenis facunde, tuorum  
scande super titulos et auitae laudis honores  
armorumque decus praecede forensibus actis.  
35 Sic etiam magno iam tunc Cicerone uigente  
laurea facundis, cesserunt arma togatis.  
Sed quae Pisonum claros uisura triumphos  
olim turba uias impleuerat agmine denso,  
ardua nunc eadem stipat fora, cum tua maestos  
40 defensura reos uocem facundia mittit.  
Seu trepidos ad iura decem citat hasta uirorum  
et firmare iubet centeno iudice causas,  
seu capitale nefas operosa diluis arte,  
laudibus ipsa tuis resonant fora duraque, Piso,  
45 iudicis affectum possessaque pectora ducis  
uictor. Sponte sua sequitur quocumque uocasti:  
flet, si flere iubes, gaudet, gaudere coactus,  
et te dante capit iudex, quam non habet, iram.  
Sic auriga solet feruentia Thessalus ora  
50 mobilibus frenis in aperto flectere campo,  
qui modo non solum rapido permittit habenas  
quadrupedi, sed calce citat, modo succutit arte  
flexibiles rictus et nunc ceruice rotata  
incipit effusos in gyrum carpere cursus.  
55 Quis non attonitus iudex tua respicit ora?  
Quis regit ipse suam, nisi per tua pondera, mentem?  
Nam tu, siue libet pariter cum grandine nimbos  
densaque uibrata iaculari fulmina lingua,

- 60        seu iuuat astrictas in nodum cogere uoces  
          et dare subtili uiuacia uerba catenae,  
          uim Laertiadae, breuitatem uincis Atridae;  
          dulcia seu mauis liquidoque fluentia cursu  
          uerba nec incluso sed aperto pingere flore,  
          inclita Nestorei cedit tibi gratia mellis.
- 65        Nec te, Piso, tamen populo sub iudice sola  
          mirantur fora; sed numerosa laude senatus  
          excipit et meritas reddit tibi curia uoces.  
          Quis digne referat, qualis tibi luce sub illa  
          gloria contigerit, qua tu reticente senatu,  
70        cum tua bis senos numeraret purpura fasces,  
          Caesareum grato cecinisti pectore numen?  
          Quod si iam ualidae mihi robur mentis inesset  
          et solidus primos impleret spiritus annos,  
          auderem uoces per carmina nostra referre,  
75        Piso, tuas; sed fessa labat mihi pondere ceruix  
          et tremefacta cadunt succiso poplite membra.  
          Sic nec olorinos audet Pandionis ales  
          parua referre sonos nec, si uelit improba, possit;  
          sic et aedonia superantur uoce cicadae,  
80        stridula cum rapido faciunt conuicia soli.  
          Quare age, Calliope, posita grauitate forensi,  
          limina Pisonis mecum pete: plura supersunt,  
          quae laudare uelis inuenta penatibus ipsis.  
          Huc etiam tota concurrit ab Vrbe iuuentus  
85        auditura uirum, si quando iudice fesso  
          turbida prolatis tacuerunt iurgia rebus.  
          Tunc etenim leuibus ueluti proludit in armis,  
          compositisque suas exercet litibus artes.  
          Quin etiam facilis Romano profluit ore  
90        Graecia, Cecropiaeque sonat grauis aemulus urbi.  
          Testis, Acidalia quae condidit alite muros,  
          Euboicam referens facunda Neapolis arcem.  
          Qualis, io superi, qualis nitor oris amoenis  
          uocibus! Hinc solido fulgore micantia uerba

- 95 impleuere locos, hinc exornata figuris  
aduolat excusso uelox sententia torno.  
Magna quidem uirtus erat, etsi sola fuisse,  
eloquio sanctum modo permulcere senatum,  
exonerare pios modo, nunc onerare nocentes;
- 100 sed super ista mouet plenus grauitate serena  
uultus et insigni praestringit imagine uisus.  
Talis inest habitus, qualem nec dicere maestum  
nec fluidum, laeta sed tetricitate decorum  
possumus: ingenitae stat nobilitatis in illo
- 105 pulcher honos et digna suis natalibus ora.  
Additur huc et iusta fides et plena pudoris  
libertas animusque mala ferrugine purus,  
ipsaque possesso mens est opulentior auro.  
Quis tua cultorum, iuuenis facunde, tuorum
- 110 limina pauper adit, quem non animosa beatum  
excipit et subito iuuat indulgentia censu?  
Quodque magis dono fuerit pretiosius omni,  
diligis ex aequo, nec te fortuna colentum  
natalesue mouent: probitas spectatur in illis.
- 115 Nulla superborum patiuntur dicta iocorum,  
nullius subitos affert iniuria risus:  
unus amicitiae summos tenor ambit et imos.  
Rara domus tenuem non aspernatur amicum  
raraque non humilem calcat fastosa clientem.
- 120 Illi casta licet domus et sine crimine constet  
uita, tamen probitas cum paupertate iacebit.  
Nullus iam lateri comitem circumdare quaerit,  
quem dat purus amor, sed quem tulit impia merces;  
nec quisquam uero pretium largitur amico,
- 125 quem regat ex aequo uicibusque regatur ab illo,  
sed miserum parua stipe focilat, ut pudibundos  
exercere sales inter conuiuia possit.  
Ista procul labes, procul haec fortuna refugit,
- 130 Piso, tuam, uenerande, domum. Tu mitis et acri  
asperitate carens positoque per omnia fastu

- inter ut aequales unus numeraris amicos,  
obsequiumque doces et amore quaeris amando.  
Cuncta domus uaria cultorum personat arte,  
cuncta mouet studium; nec enim tibi dura clientum  
135      turba rudisue placet, misero quae freta labore  
              nil nisi summoto nouit praecedere uulgo.  
Sed uirtus numerosa iuuat: tu pronus in omne  
pectoris ducis opus, seu te grauiora uocarunt,  
seu leuiora iuuant. Nec enim facundia semper  
140      adducta cum fronte placet, nec semper in armis  
bellica turba manet, nec tota classicus horror  
nocte dieque gemit, nec semper Gnosius arcu  
destinat, exemplo sed laxat cornua ferro,  
et galea miles caput et latus ense resoluit.  
145      Ipsa uices natura subit uariataque cursus  
ordinat, inuersis et frondibus explicat annum.  
Non semper fluidis adopertus nubibus aether  
aurea terrificis obcaecat sidera nimbis.  
Cessat hiems, madidos et siccata uere capillos;  
150      uer fugit aestates; aestatum terga lacessit  
pomifer autumnus, nimbis cessurus et undis.  
Ignea quin etiam superum pater arma recondit  
et Ganymedeae repetens conuiua mensae  
pocula sumit ea, qua gessit fulmina, dextra.  
155      Temporibus seruire decet: qui tempora certis  
ponderibus pensauit, eum si bella uocabunt,  
miles erit, si pax, positis toga uestiet armis.  
Hunc fora pacatum, bellantem castra decebunt.  
Felix illa dies totumque canenda per orbem,  
160      quae tibi, uitales cum primum traderet auras,  
contulit innumeratas intra tua pectora dotes.  
Mira subest grauitas inter fora, mirus, omissa  
paulisper grauitate, lepos. Si carmina forte  
nectere ludenti iuuat fluitantia uersu,  
165      Aonium facilis deducit pagina carmen;  
siue chelyn digitis et eburno uerbere pulsas,

- dulcis Apollinea sequitur testudine cantus  
et te credibile est Phoebo didicisse magistro.  
Nec pudeat pepulisse lyram, cum pace serena  
170 publica securis exsultent otia terris,  
nec pudeat, Phoebea chelys si creditur illis  
pulsari manibus, quibus et contenditur arcus;  
ipse fidem mousisse ferox narratur Achilles,  
quamuis mille rates Priameius ureret heros  
175 et grauis obstreperet modulatis bucina neruis:  
illo dulce melos Nereius extudit heros  
pollice, terribilis quo Pelias ibat in hostem.  
Arma tuis etiam si forte rotare lacertis  
inque gradum clausis libuit consistere membris  
180 et uitare simul, simul et captare petentem,  
mobilitate pedum celeres super orbibus orbes  
plectis et obliquis fugientem cursibus urges;  
et nunc uiuaci scrutaris pectora dextra,  
nunc latus aduersum necopino percutis ictu.  
185 Nec tibi mobilitas minor est, si forte uolantem  
aut geminare pilam iuuat aut reuocare cadentem  
et non sperato fugientem reddere gestu.  
Haeret in haec populus spectacula, totaque lusus  
turba repente suos iam sudabunda relinquit.  
190 Te si forte iuuat studiorum pondere fessum  
non languere tamen lususque mouere per artem,  
callidiore modo tabula uariatur aperta  
calculus et uitreo peraguntur milite bella,  
ut niueus nigros, nunc et niger alliget albos.  
195 Sed tibi quis non terga dedit? Quis te duce cessit  
calculus? Aut quis non periturus perdidit hostem?  
Mille modis acies tua dimicat: ille petentem  
dum fugit, ipse rapit; longo uenit ille recessu,  
qui stetit in speculis; hic se committere rixae  
200 audet et in praedam uenientem decipit hostem;  
ancipites subit ille moras similisque ligato  
obligat ipse duos; hic ad maiora mouetur,

- ut citus ecfracta prorumpat in agmina mandra  
clausaque deiecto populetur moenia uallo.  
 205      Interea sectis quamuis acerrima surgant  
proelia militibus, plena tamen ipse phalange  
aut etiam pauco spoliata milite uincis,  
et tibi captiuia resonat manus utraque turba.  
 Sed prius emenso Titan uersetur Olympo  
 210      quam mea tot laudes decurrere carmina possint.  
 Felix et longa iuuenis dignissime uita  
eximiumque tuae gentis decus, accipe nostri  
certus et hoc ueri complectere pignus amoris:  
quod si digna tua minus est mea pagina laude,  
 215      at uoluisse sat est; animum, non carmina iacto.  
 Tu modo laetus ades: forsan maiora canemus.  
 Et uires dabit ipse fauor, dabit ipsa feracem  
spes animum; dignare tuos aperire penates,  
hoc solum petimus. Nec enim me diuitis auri  
 220      imperiosa fames et habendi saeuia libido  
impulerint, sed laudis amor. Iuuat, optime, tecum  
degere cumque tuis uirtutibus omne per aeuum  
carminibus certare meis. Sublimior ibo,  
si famae mihi pandis iter, si detrahis umbram.  
 225      Abdita quid prodest generosi uena metalli,  
si cultore caret? Quid inerti condita portu,  
si ductoris eget, ratis efficit, omnia quamuis  
armamenta gerat teretique fluentia malo  
possit et excusso demittere uela rudenti?  
 230      Ipse per Ausonias Aeneia carmina gentes  
qui sonat, ingenti qui nomine pulsat Olympum  
Maeoniumque senem Romano prouocat ore,  
forsitan illius nemoris latuisset in umbra  
quod canit, et sterili tantum cantasset auena  
 235      ignotus populis, si Maecenate careret,  
qui tamen haud uni patefecit limina uati  
nec sua Vergilio permisit numina soli:  
 Maecenas tragicō quatientem pulpita gestu

- euexit Varium, Maecenas alta tonantis  
eruit et populis ostendit nomina Graisi.  
Carmina Romanis etiam resonantia chordis  
Ausoniamque chelyn gracilis patefecit Horati.  
O decus, in totum merito uenerabilis aeuum,  
Pierii tutela chori, quo praeside tui  
non umquam uates inopi timuere senectae!  
Quod si quis nostris precibus locus, et mea uota  
si mentem subiere tuam, memorabilis olim  
tu mihi Maecenas tereti cantabere uersu.  
Possumus aeternae nomen committere famae,  
250 si tamen hoc ulli de se promittere fas est  
et deus ulti abest. Superest animosa uoluntas  
ipsaque nescio quid mens excellentius audet.  
Tu nanti protende manum, tu, Piso, latenter  
exere. Nos humilis domus et sincera, parentum  
255 sed tenuis fortuna sua caligine celat.  
Possumus impositis caput exonerare tenebris  
et lucem spectare nouam, si quid modo laetus  
annuis et nostris subscribis, candide, uotis.  
Est mihi, crede, meis animus constantior annis  
260 quamuis nunc iuuvenile decus mihi pingere malas  
cooperit et nondum uicesima uenerit aestas.

### 3. VERTALING

#### OOR DIE ROEM VAN PISO

Wáár die gedig wat ek begin het, verkiekslik sy ordelike aanvang moet neem  
of wáttter eretitels ek moet besing, (daaroor) wik en weeg ek (nog). Aan die een kant,  
Piso, doen jou adellike afkoms en Calpus van ouds se verhewe naam,  
skitterend onder die Romeinse geslagte, 'n beroep op my;

5      aan die ander kant voer jou voortreflikheid my mee, en jou in alle oopsigte  
bewonderenswaardige lewe; en as adellike afkoms jou toevallig by jou geboorte  
sou ontbreek het, dan sou hierdie einste (lewe van jou) jou adel uitgemaak het.  
Want wat sal atriums, 'geskraag' deur voorvaderbeeldie en deur triomfe van voorsate,  
wat sal *Fasti* [i.e. registers] vol van talryke consuls (uit sy familie)

10     iemand baat wie se lewe wankel? Sy hele adel gaan tot niet by dié man  
wie se roem in sy afstamming alleen geleë is.  
Jou gelukkige man, wie se gees jou skitterende afkoms ewenaar  
en wat 'n deel, en nie die geheel nie, van jou roem daarop grond!  
Jy self sal besing moet word: want waarvoor is dit nodig om te verhaal

15     hoe die Calpurniese huis sy naam van Calpus aflei  
en sy beroemde *cognomen* [i.e. familienaam] 'Piso' vir die eerste maal gekry het  
toe ('n voorsaat) met eelterige hand vogtige gars 'fyngestamp' het [*pinseret*]?  
Selfs as ek alles kórtliks wou behandel, sou ek nie daartoe in staat wees nie!  
En die massa van hemelse vuur wat (ons) omsirkel [i.e. die son],

20     sal binne twaalf maande die jaar se sterrebeelde terugbring [nl. om 'n nuwe siklus te  
begin; m.a.w. 'n hele jaar sal omgaan]  
voordat ek dit sal regkry om die roem en die moeitevolle oorloë van die manne  
van ouds te verhaal; maar die kryghaftige hand van die vaders  
en hul wapenwerk het die *Quirites* [i.e. Romeinse burgers] van weleer betaam,  
en hulle eie digters het daardie manne reeds in hul liedere besing.

25     Ék stel ook 'n Piso wat van vredestydse roem skitter  
aan sy grootvaders gelyk. Al het die oorloë tot rus gekom,  
het manlike voortreflikheid tog nie tot niet gegaan nie: 'n mens kan 'krygsdiens'-pligte  
gekleed in 'n toga uitoefen, 'n mens kan ook sonder vergieting van bloed  
geweldlose oorloë aan die gang sit, onder 'n regter benoem deur die wet.

- 30 Ook hier val 'n mens vir die redding van 'n medeburger roem te beurt,  
en versier oorwinningspalms die hoë portale.  
Dus welaan, welspreekende jonge man,  
styg uit bo jou voorouers se eretitels en die eer van voorvaderlike roem,  
en oortref hulle wapenroem deur jou prestasies in die howe.
- 35 Só het ook reeds destyds, toe die grote Cicero in aansien gestaan het,  
die lourierkrans [i.e. die seëvierende veldheer] teruggestaan vir die welspreekendes,  
(en) die wapens [i.e. die leërs] vir die draers van togas.  
Maar die skare wat hoeka in digte geledere die strate vol gestaan het  
om die beroemde triomftogte van die Pisones te sien,  
dié verstop nou die hoë [?] hofgeboue wanneer jou welspreekendheid
- 40 sy stem laat hoor ten einde neerslagtige aangeklaagdes te verdedig.  
Of nou die lans [i.e. hof] van die *decemviri* senuagtige manne met die oog op  
regspraak ontbied en beveel om hul sake voor die honderd regters te bewys,  
en of jy met vlytige bedrewenheid 'n (klag van) halsmisdaad weerlê:  
die forums self weerklink van loftuitinge oor jou, en jy, Piso,
- 45 sleep die regter se onbuigsame gevoel en gesindheid (soos) gevangenes  
seëvierend [i.e. soos in 'n triomftog] mee. Vrywillig volg hy waarheen jy hom ook al  
ontbied het: hy ween as jy hom beveel om te ween, hy is bly as hy gedwing is om bly  
te wees,  
en wanneer jy dit hom ingee, krý die regter die woede wat hy nie (gehad) het nie.  
Aldus is 'n Thessaliese ruiter gewoond om die skuimende bek (van sy perd)
- 50 met behulp van die beweeglike teuels op die oop vlakte te beheer,  
hy wat een maal nie alleen die leisels vir die vinnige viervoeter laat skiet nie,  
maar hom (boonop) met die hakskeen aanpor, en 'n ander maal  
die soepel oop kake styf opruk en dan, nadat hy (die dier se) nek (sywaarts) gedraai het,  
begin om die wilde vaart te verlangsaam (en) tot 'n sirkelrit (oor te gaan).
- 55 Watter regter hou nie stom verbaas jou gesigsuitdrukking dop nie?  
Watter een beheer self sy eie denke, vry van jou gewigtige invloed?  
Want of jy nou graag (as 't ware) tegelyk met die hael (ook) reënbuie  
en, met trillende tong, dig-opeenvolgende weerligstrale wil slinger,  
en of jy (andersyds) lus het om jou uitinge tot 'n gedronge vorm te kondenseer
- 60 en om forse woorde in 'n 'ketting' [*catena*, 'n retoriekterm] in eenvoudige styl te slaan,  
oortref jy die kragtigheid van die seun van Laertes [i.e. Odysseus], (en) die bondigheid  
van die seun van Atreus [i.e. Menelaos];  
of as jy soet woorde verkies wat in 'n helder stroom voortvloeï

en (verkies) om nie met 'n bedekte [beheerste?] nie, maar met 'n openlike [vrye?]  
blomrykheid te versier,  
dan staan die vermaarde bekoorlikheid van Nestor se soete styl vir jou terug.

65 En tog bewonder jou nie alleen die Howe onder hul regters uit die volk nie,  
maar die senaat verwelkom jou met veelvuldige lof  
en die senaatshuis laat jou verdiende toejuiging vir jou weerlink.  
Wie sou na verdienste kon vertel watter roem jou op daardie dag  
te beurt gevall het toe jy voor 'n doodstil senaat,  
70 terwyl (jy, geklee in) jou purper(-versierde toga,) twaalf (liktore met hul) *fasces*  
(by jou) gehad het [m.a.w. terwyl jy consul was],  
met dankbare hart die keiser se goddelike majesteit verheerlik het?  
Wel, as ek alreeds die krag van 'n sterk verstand in my gehad het  
en egte inspirasie my (in my teenswoordige) jong jare gevul het,  
sou ek dit gewaag het om jou woorde, Piso, in my gedigte weer te gee;  
75 maar my nek wankel moeg onder die las  
en my bene sak sidderend neer omdat die kniesenings afgekap is.  
Só waag die klein voëltjie van Pandion [i.e. die swaeltjie] ook nie om die  
klanke van die swaan weer te gee nie, en as hy dit skaamtelos wóú doen, sou hy ook  
nie kon nie;  
só word ook die sonbesies deur die stem van die nagtegaal oortref  
80 wanneer hulle hul tjirrende geskel jeens die versengende son laat hoor.  
En daarom, kom, Calliope, laat staan die waardigheid van die forum  
en kom soek saam met my die drumpel van Piso op: daar's nog meer dinge oor  
wat jy sou wil prys, en wat binne in sy eie huis aangetref word.  
Hierheen stroom ook die jong manne vanaf die hele Stad  
85 om na die man te luister as die onstuimige woordstryd 'n slag stil geword het  
omdat die regter uitgeput was en die hofverrigtinge verdaag is.  
Want dán doen hy as 't ware 'vooroefeninge' in ligte wapenrusting,  
en oefen hy sy vaardighede met behulp van denkbeeldige regsgedinge.  
Ja selfs (die taal van) Griekeland vloei gemaklik uit sy Romeinse mond,  
90 en vir die stad van Cecrops [i.e. Athene] verhef 'n gedugte mededinger sy stem.  
(Hiervan is) welsprekende Napels 'n getuie wat danksy die hulp van die Acidaliiese  
voël [i.e. Venus se heilige duif] sy mure gebou het  
en sy Euboeïese burg [i.e. burg van sy voorouers in Euboeia] laat herrys het.  
Watter glans, o hemelse gode, watter glans het die lieflike uitinge van  
sy mond tog nie! Uit dié (mond) het woorde wat met ware weerlig sprankel, sy 'vaste

- 95 temas' (*loci communes*) gevul, uit dié (mond) kom daar, versier met trope,  
(so te sê) vars uit die draaibank [i.e. splintermuut], vinnig 'n aforisme aangevlieg.  
Dit sou voorwaar 'n groot voortreflikheid gewees het, selfs as dit sy enigste was:  
om met welspreekendheid een maal die eerbiedwaardige senaat te betower,  
'n ander maal regskapenes los te kry, dan weer skuldiges vas te trek;
- 100 maar daarbenewens beïndruk ('n mens) ook nog sy gelaat vol kalme waardigheid,  
en verblind dit 'n mens se oë met sy opvallende aanblik.  
Dit het die soort uitdrukking wat ons nie weemoedig  
en ook nie sag kan noem nie, maar wel statig met 'n vrolike ernstigheid:  
daarin is nog die pragtige sieraad van ingebore adel te sien
- 105 en gelaatstrekke passend by sy afkoms.  
Hierby kom 'n absolute lojaliteit sowel as 'n vrymoedigheid vol van fatsoenlikheid  
en 'n hart vry van bose afguns,  
en sy gees alleen is ryker as (al die) goud wat 'n mens kan besit.  
Wie van jou vereerders, welspreekende jonge man, nader jou
- 110 drumpel as 'n arm man sonder dat (jy met) jou gretige goedigheid die gelukkige kêrel  
verwelkom en hom onverwags met 'n ruim geldgeskenk [censu] help?  
En wat nog veel waardevoller as enige geskenk sal blyk te wees:  
jy respekteer hulle op voet van gelykheid, en die persoonlike omstandighede van  
jou vereerders  
of hul afkoms beïndruk jou nie: (slegs) na hul opregtheid word daar by hulle gekyk.
- 115 Hulle verduur geen woorde van hoogmoedige spottery nie,  
geen belediging van iemand veroorsaak onmiddellike gelag nie:  
'n bestendige gees van vriendskap omsluit die hoogstes en die laagstes.  
Bloedweinig huise verwerp nie 'n arm vriend nie,  
en bloedweinig vertrap nie hoogmoedig 'n *cliens* van nederige afkoms nie.
- 120 Selfs al is sy huis aldeur eerbaar en sy lewenswyse konstant onberispelik,  
sal ordentlikheid, as dit gepaard gaan met armoede, nie in tel wees nie.  
Niemand begeer meer om (op straat) 'n (*cliens* as) metgesel aan sy sy te hê  
wat deur suiwer toegeneentheid aan hom geskenk word nie, maar (liewer) een wat  
deur goddelose loongeld verskaf is;  
en niemand skenk (meer) mildelik 'n geldsom aan 'n ware vriend nie,
- 125 ('n vriend) om op gelyke voet voor te lig en beurtelings deur hom voorgelig te word,  
maar hy hou die arme drommel met 'n klein aalmoes aan die lewe sodat hy gedurende  
partytjies sy vernederende kwinkslae (op hom) kan uithaal.

- Dié skandelike optrede en die pas genoemde ongelukkige lot het ver, ver weggebley van jou huis, eerbiedwaardige Piso. Jy, goedaardig en vry van
- 130 kwetsende ruheid en in alle opsigte sonder hooghartigheid,  
word soos een onder gelyke vriende gereken,  
jy leer hulle lojaliteit en jy strewe na liefde deur (self) lief te hê.  
Die hele huis weerklink van die veelsoortige kunsvaardighede van jou vereerders,  
die hele huis stimuleer tot studie; jy hou immers ook nie van 'n ongevoelige
- 135 of onbeskaafde skare van *clientes* wat afhanklik is van jammerlike arbeid  
en niks anders ken as om (op straat) voor (hulle *patronus*) te stap en die menigte opsy  
te stoot nie.
- Maar jy hou van (*cultores* met) talryke voortreflikhede: jy lei hulle harte graag tot  
enige soort werksaamheid, of dit nou ernstiger dinge is wat jou gelok het  
en of lichter dinge jou geval. Want welsprekendheid met gespanne voorhoof
- 140 verskaf (jou?) ook nie altyd genot nie, en 'n krygsbende bly ook nie altyd onder die  
wapens nie, en die huiweringwekkende krygstrompetsinjaal loei ook  
nie die hele nag en dag nie, en 'n Kretenser mik ook nie altyd met sy boog nie,  
maar hy haal die ysterpuntpyl uit en ontspan die boogente,  
en 'n soldaat ontdoen sy hoof van die helm en sy sy van die swaard.
- 145 Die natuur self ondergaan wisselings en reël sy verloop met telkens veranderde  
voorkoms [*variata*], en sluit die jaar met verkleurde [*inversis*] lower af.  
Nie altyd verberg die hemel, bedek met reënwalke,  
met sy skrikwekkende stortreëns die goue sterrebeelde nie.  
Die winter kry end, en dit droog sy nat hare in die lente;
- 150 die lente vlug vir die somer; kort op die somer se hakke sit  
die vrugtebrengende herfs, bestem om plek te maak vir stormwalke en reëns.  
Ja selfs die vader van die gode bêre syvlammende wapens,  
en terwyl hy weer die tafelgeselskap opsoek wat deur Ganymedes bedien word,  
neem hy die bekers met die einste hand waarmee hy die bliksemkigte gehou het.
- 155 Dit is gepas om jou na die tydsomstandighede te skik: 'n man wat die  
tydsomstandighede met eksakte gewigte afweeg, sal, as die oorloë hom roep,  
'n soldaat wees, (maar) as daar vrede sal wees, sal hy sy wapenrusting aflê en sal  
'n toga hom klee.  
Vir hierdie man sal in vredestyd die howe pas, in oorlogstyd die kamp.
- Daardie was 'n gelukkige dag en waardig om oor die hele aarde besing te word
- 160 wat, toe dit jou jou eerste lewensadem gegee het,  
(ook) ongetelde talente in jou bors geplaas het!

- Jy beskik oor 'n wonderlike erns in die howe, maar ook oor 'n wonderlike geestigheid wanneer jy jou erns 'n kort tyd laat vaar het. As jy toevallig lus gekry het om met speelse verse vloeiende gedigte te skep,
- 165 dan komponeer jy maklik 'n muse-geïnspireerde gedig van bladsylengte; of as jy met jou vingers en 'n speelpennetjie van ivoor op die lier tokkel, dan kom daar soetklinkende musiek uit Apollo se instrument en kan 'n mens glo dat jy onder Phoebus [i.e. Apollo] as leermeester geleer het.
- En moet jou nie skaam dat jy die lier bespeel nie, aangesien (mos) te midde van kalme
- 170 vrede 'n rustige volk [*publica otia*] jubel oor 'n veilige wêrld, en moet jou ook nie skaam nie omdat daar mos gemeen word dat Phoebus se lier met dieselfde hande bespeel word waarmee ook sy boog gespan word, (want) selfs van die onstuimige Achilles word vertel dat hy sy lier bespeel het ofskoon die heldhaftige seun van Priamus [i.e. Hector] besig was om die duisend skepe te probeer verbrand
- 175 en die luide sinjaalhoring teen sy ritmies-getokkelde snaar(klank)e gerumoer het: die held, 'n nasaat van Nereus, het sy soete lied voortgebring met dieselfde duim waarmee gewoonlik die verskriklike (spies) Pelias teen die vyand geslinger is. As jy dalk óók ('n slag) lus gekry het om met jou arms wapens te swaai en om met beskutte ledemate in gevegsposisie te gaan staan
- 180 en jou aanvaller tegelyk te ontwyk en tegelyk te probeer betrapp, laat jy met ratsheid een snelle sirkelbeweging direk op die ander volg en bring jy hom, terwyl hy terugval, met sydelingse (storm)lope in die noute; en nou 'ondersoek' [i.e. tref] jy met jou ratse regterhand sy borskas, en dan weer 'deurboor' [i.e. tref] jy sy onbeskutte sy met 'n onverwagte hou.
- 185 En jy beskik nie oor minder ratsheid nie as dit jou toevallig behaag om óf 'n bal in die lug [*uolantem*] terug te klap[?] óf een wat val te herwin en een wat besig is om te ontsnap met 'n verrassende beweging terug te speel. Die publiek is totaal gefassineer deur hierdie 'skouspele', en die hele skare [nl. die ander spelers], reeds nat van die sweet, laat staan skielik hulle eie spelle.
- 190 As dit jou soms, hoewel moeg van die las van jou studies, behaag om nogtans nie onaktief te wees nie maar om vernuftspele aan te pak, dan word daar op bra geslepe wyse op die oopgevoude tafel 'n steentjie rondgeskuif en met glassoldaatjies oorloë tot die einde toe gevoer, sodat wit die swartes moet vaskeer, en dan weer swart die wittes.

- 195 Maar wie het nie vir jou op die vlug geslaan nie? Watter steen het onder jóú aanvoering teruggeval? Of watter een het nie, op die punt om ten onder te gaan, sy vyand ten onder gebring nie?  
Op duisend maniere veg jou slaglinie: Terwyl daardie een nog vir sy aanvaller vlug, gaps hy sélf die man; daardie een, wat op loer gelê het, kom van sy verafgeleë skuilhoek; hierdie een waag dit om homself in 'n vegparty te verwikkel
- 200 en hy uitoorlê 'n vyand wat kom om hom buit te maak;  
daardie een trotseer aanvalle van twee kante, en skynbaar reeds vasgekeer  
keer hy sélf twéé vas; hierdie een (weer) is onderweg na groter dinge, (naamlik)  
om rats uit 'n bres in die *mandra* te voorskyn te spring, in die digte gelede in,  
en om die (vyand se) 'palissade' omver te werp en die verskanste stad te plunder.
- 205 Ofskoon daar intussen, nadat die (linie van) soldate deurbreek is, die hewigste gevegte ontwikkel, wen jy self nogtans met 'n volledige falanks,  
of dan ook met een wat maar van enkele soldate beroof is,  
en in albei jou hande tinkel daar 'n skare krygsgevangenes.  
Maar die songod [Titan] sou klaar die hemel [Olympus] deurreis het en besig wees  
om om te keer
- 210 voordat my gedig soveel verdienstes (soos wat jý het) sou kon behandel!  
Gelukkige jong man wat 'n lang lewe in die hoogste mate verdien,  
uitnemende sieraad van jou *gens*, (wees) verseker van my (trou, en) aanvaar  
en verwelkom hierdie (gedig) as 'n bewys van ware liefde:  
en indien my geskrif nie heeltemal reg aan jou roem laat geskied nie,
- 215 dan is tog die feit dat ek (dit) wel wóú (doen), (seker verdienstelik) genoeg; ek roem  
op my gesindheid, nie op my gedigte nie.  
Staan jý my tog net welwillend by: miskien sal ek (dan) grootser werke dig.  
En inderdaad sal jou blote toegeneentheid my (reeds) kragte gee, selfs hoop sal my (al)  
'n vrugbare gees gee; verwerdig jou om jou huis (vir my) oop te stel,  
dit is al waarvoor ek vra. Want geen magtige hunkering na kosbare goud
- 220 en geen rasende hebsug motiveer my nie (- dit sal jy sien! -),  
maar die begeerte na roem. Ek het lus, edele heer, om in jou geselskap  
te lewe en vir altyd in my gedigte met jou voortreflike eienskappe  
te wedwywer [i.e. aan hulle reg te probeer laat geskied]. Ek sal hoër aansien geniet  
as jy vir my die pad na roem baan, as jy die skadu wegneem.
- 225 Watter nut het 'n verborge aar van edel metaal  
as daar geen ontginner is nie? Wat rig 'n skip wat in 'n stil hawe gebêre lê, uit  
as dit nie 'n kaptein het nie, selfs al dra dit ál sy tuigasie

- en kan dit ook sy seile, deur (net) 'n tou los te skud,  
laat sak sodat hulle langs die gladde mas fladder?
- 230 Selfs hý wat sy gedigte oor Aeneas by al die Ausoniese [i.e. Italiese] volke  
laat weerklink, wat met sy ontsaglike naam aan die hemel [*Olympus*] raak  
en die Maeoniese ouman [i.e. Homerus] in Romeinse taal uitdaag,  
sou miskien verborge gebly het in die skadu van daardie woud  
wat hy besing, en sou maar net op 'n onvrugbare rietfluit gespeel het,
- 235 onbekend aan die nasies, as hy nie vir Maecenas gehad het nie,  
en dié het egter sy deure nie slegs vir een digter oopgemaak nie  
en sy bomenslike guns [?numina] nie vir Vergilius alléén tot beskikking gestel nie:  
Maecenas het Varius wat die verhoë met tragiese gebarespel laat skud het,  
tot aansien verhef, Maecenas het dié wat verhewe klanke voortgebring het,
- 240 aan die lig gebring en (sodoende) hul name (selfs) aan die Griekse volke bekendgestel.  
Hy het ook die liedere wat op Romeinse snare weerklink [i.e. Latynse liriek]  
en (spesifiek) die Ausoniese lier [i.e. Latynse liriek] van die bekoorlike Horatius  
bekend gemaak.
- O trots (van ons almal), wat tereg tot in alle ewigheid verering verdien,  
beskermer van die Piëriese [i.e. Muse-] koor, (hy) onder wie se hoede digters veilig  
245 (was en) nooit ofte nimmer 'n behoeftige oudag gevrees het nie!  
En as my smeekbedes enige kans het, en my wense  
deurgedring het tot jou hart, sal jy eendag beroemd (wees omdat jy)  
deur my in fyn-afgewerkte verse as my Maecenas besing word.  
Ek kan jou naam aan ewige beroemdheid verbind,
- 250 – altans indien dit vir enige mens behoorlik is om dít van homself te belowe  
en geen straffende god hier teenwoordig is nie. Ek het oorgenoeg onstuimige wil  
en my gees self het die moed tot iets bra uitmuntends.  
Strek jy tog jou hand uit na my wat dobber, Piso, haal jy my tog uit van waar ek  
onsigbaar is. 'n Nederige dog [lett. 'en'] eerbare huis, maar (ook) my ouers se  
255 skraal vermoë verberg my met hul donkerte.  
Ek kan my hoof van die duisternis wat daaroor geplaas is, bevry  
en nuwe lig aanskou as jy net welwillend die een of ander  
vergunning maak en, eerbare (heer), tot my wense toestem.  
Ek het, glo my, 'n gesindheid wat fermer is as my jare,
- 260 al het my jonkmansieraad [i.e. baard] maar so pas begin om my wange  
te kleur en het my twintigste somer nog nie gekom nie.

## 4. DIE STRUKTUUR VAN DIE GEDIG

Die gedig bestaan uit twee hoofdele: reëls 1-210 (4/5 van die gedig) is die eintlike loflied, terwyl reëls 211-261 die jong digter se versoek bevat.

### 1-210 DEEL I: DIE LOFPRYSING VAN PISO

#### 1-13 INLEIDING:

- 1-2a **Ek twyfel waar ek moet begin (Dubitatio):**  
2b-4 (a) by jou *nobilitas*, m.a.w. by jou beroemde Calpurnii-voorvaders?  
5-7 (b) of by jou *virtus* — wat in jou geval aan eg. gelykwaardig is?  
8-11 (**Uitweiding:** Want wat is ware *nobilitas*? Geboorte-adel sonder *virtus* beteken niks nie!)  
12-13 Gelukkige man, jy beskik oor albei in gelyke mate!

#### 14-24 BEPALING VAN DIE TEMA VAN DIE LOFGEDIG:

- 14a **Ek sal slegs jou persoonlik (dus jou *virtus*) moet besing, want:**  
14b-18 (a) dis onnoddig om die herkoms van jou name te vertel, nl. Calpurnius van *Calpus*, Piso van *pinsere*, – en dit sou in elk geval te lank duur.  
19-24 (b) Dit sou ook te lank duur om van jou voorvaders se *tituli* en oorloë te vertel – en hulle is mos klaar deur hul eie digters besing.

#### 25-64 TEMA I: PISO AS ADVOKAAT IN DIE HOWE

##### (Oorgang/Inleiding:)

- 25-31 Ek stel jou vredesroem gelyk aan jou voorvaders se krygsroem, want *virtus (bellica)* kan in vredestyd in die vorm van *togata militia* beoefen word: ook in die geregshof word roem en oorwinnings behaal.

- 32-36     **(Exhortatio:)** Kom oortref jou voorvaders se krygsroem deur jou prestasies in die howe! **(Uitweiding:** Ook in Cicero se tyd het generaals al moes terugstaan vir redenaars!)
- 37-40     Die skares wat vroeër na die triomftogte van Pisos gestroom het, staan nou die howe vol wanneer jy iemand verdedig.
- 41-48     **(Tema:)** Of jy nou in 'n siviele of in 'n kriminele geding optree, wen jy applous, en jy het totale beheer oor die regter(s) se gevoelens:
- 49-54     **(Uitweiding/Simile:** Net so knap beheer 'n Thessaliese ruiter sy perd se spoed en rigting!)
- 55-56     Elke regter hang aan jou lippe en laat hom heeltemal deur jou lei,
- 57-64     want watter spreekstyl jy ook al gebruik, jy oortref 'n Odysseus, Menelaos en Nestor!
- 65-80     TEMA II: PISO AS SPREKER IN DIE SENAAT**
- 65-67     **(Oorgang:)** Nie net die howe nie, maar ook die senaat gee jou applous.
- 68-71     **(Tema:)** Byna onbeskryflik is die roem wat jy met jou dankrede aan die keiser by jou aanvaarding van die consulskap verwerf het.
- 72-76     **(Uitweiding:** As ek reeds meer selfversekerd en ryper was, sou ek dit waag om die inhoud daarvan in gedigvorm weer te gee, maar ek is te swak:
- 77-80     **[Uitweiding op lg. punt: Simile:** Net so kan die swaeltjie nie swanesang weergee nie, en word die sikades oortref deur die nagtegaal se lied.]
- 81-96     TEMA III: PISO AS VOORDRAGREDENAAR IN SY HUIS**
- 81-83     **(Oorgang:)** Daarom, Calliope, kom saam met my na Piso se huis:  
dáár is nog meer dinge wat jy sal wil prys:
- 84-88     **(Tema:)** Hier luister jongmanne soms na hom wanneer hy oefenbetoë lewer.
- 89-92     Piso praat ook gemaklik Grieks, feitlik soos 'n Athener: Napels kan hiervan getuig.

93-96 Watter elegante taalgebruik, skitterende woordkeuses en oorspronklike formulering!

**97-105 TEMA IV: PISO SE INDRUKWEKKENDE VOORKOMS**

97-99 (**Oorgang:**) Om met redevoering die senaat en regters te beïnvloed, sou 'n groot talent wees selfs as dit Piso se enigste was;

100-105 (**Tema:**) maar daarby kom nog sy indrukwekkende gelaat en besondere gesigsuitdrukking: sy ingebore adel is daarin te sien.

**106-163a TEMA V: PISO SE EDEL KARAKTER**

106-108 (**Inleiding/Algemeen:**) Daarby kom sy lojaliteit, eerlikheid, vrygewigheid, en geestelike rykdom.

109-136 (**Spesifieke illustrasie: Piso se edel verhouding met sy *clientes*:**)

109-111 (a) Jy neem nuwe arm *clientes* op en gee hulle ryk geskenke.

112-114 (b) En die waardevolste is dat jy hulle *ex aequo* takseer: nie o.g.v. huislike omstandighede of afkoms nie, maar o.g.v. karakter.

115-117 (c) Daar is geen neerhalende gespot of leedvermakerige gelag nie, maar alleen gelyke vriendskap.

118-127 (**Kontrasterende uitweidings: Hoe ander hulle *clientes* behandel:**)

118-121 (a) Meeste minag arm *clientes* en verneder dié van 'n lae afkoms: 'n eerbare huis en lewe tel nie as mens arm is nie.

122-123 (b) Niemand soek meer 'n ware vriend nie, maar neem liewer 'n 'huurling';

124-125 (c) niemand hef meer 'n *amicus* d.m.v. 'n groot geskenk op en behandel hom dan as sy gelyke nie:

126-127 (d) hy gee hom liewer 'n hongerloon om die spot met hom te kan dryf.)

128-129a (**Oorgang/Terugkeer na tema:**) In jóú huis is die omstandighede totaal anders:

129b-132 (**Tema:**) Jy is vriendelik, 'n vriend onder vriende, jy leer mense lojaliteit, en streef na liefde deur liefde te gee.

- 133-139a **(Oorgang tot volgende tema:)** Jou huis weerlink van allerhande kulturele aktiwiteite van jou *cultores*; want jy het geen sin in onbeskaafde *clientes* nie. Jy hou van veelsydigheid: jy self lei graag jou mense in elke soort aktiwiteit, hetsy *grauiora* of *leuiora*.
- 139b-157 **(Uitweiding:** Ontspanning is nodig en afwisseling is natuurlik – maar mens moet jou ook na omstandighede skik:
- 139b-144 (a) Want ernstige redevoering behaag 'n mens nie altyd nie, en ook krygsmanne (3 voorbeeld) ontspan soms.
- 145-151 (b) Selfs die natuur ondergaan veranderings en elke jaargety doen iets anders.
- 152-154 (c) Ja selfs Juppiter bêre soms sy bliksemkigte en 'hou partytjie'.
- 155-158 (d) Mens moet jou na omstandighede skik: in oorlogstyd soldaat wees, in vredestyd advokaat.
- 159-163a **(Terug tot oorgang tot volgende tema:)** Geseënd is jou geboortedag wat jou soveel talente gegee het: so verbasend soos jou *grauitas* in die howe is jou *lepos* (natuurlik net vir kort rukkies: *paulisper!*) daarbuite:
- 163b-165 TEMA VI: PISO AS DIGTER**  
Jy is 'n baie bedreve digter van ligte poësie
- 166-177 TEMA VII: PISO AS LIERSPELER**
- 166-168 Jy is ook 'n uitstaande lierspeler.
- 169-177 **(Uitweiding:** Jy hoef jou nie hieroor te skaam nie, want:
- 169-170 (a) daar heers vrede en rus in die hele wêrelد,
- 171-173 (b) en Apollo was mos óók lierspeler en boogskutter tegelyk;
- 174-177 (c) selfs die oorlogsheld Achilles het lier gespeel – en dit nogal terwyl Hector die hele Griekse vloot probeer verbrand het!)
- 178-184 TEMA VIII: PISO AS 'N SOORT SWAARDVEGTER**  
178-184 Jy is ook 'n snelvoetige, bedreve en suksesvolle swaardvegter.

**185-189    TEMA IX: PISO AS BALSPELER**

- 185-187    En jy is net so rats in jou balspel.  
188-189    Die publiek, selfs ander spelers, kom om toe te kyk!

**190-208    TEMA X: PISO AS LATRUNCULI-SPELER**

- 190-194    As jy moeg is, maar tog nie wil luier nie, speel jy *Latrunculi*:  
195-196    In hierdie oorlogspiel is jy die kampioen.  
197-208    Jou ‘veldslagtekstiek’ is veelsydig, jou ‘soldate’ dapper, geslepe en  
gemotiveerd, en ten spye van kritieke oomblikke wen jy uiteindelik sonder  
enige, of met slegs geringe, verliese.

**209-210    AFSLUITING VAN DIE LOFPRYSING-GEDEELTE**

- 209-210    Die dag sal óm wees voordat ek ál jou voortreflikhede sou kon prys!

**211-261    DEEL II: DIE DIGTER SE VERSOEK OM HULP**

**211-215    FORMELE AANBIEDING VAN DIE LOFDIG AAN PISO**

- 211-213    Edele heer, neem hierdie gedig aan as ’n bewys van my trou en liefde.  
214-215    (Oorgang/Inleiding:) En indien dit nie goed genoeg is nie, neem dan tog die  
wil vir die daad: want waarmee ek eintlik wil spog, is my gesindheid!

**216-261    VERSOEK OM PISO SE GUNS EN HULP**

- 216-218a    (a) As jy my goedgunstigklik bystaan, sal ek miskien groter werke dig. Reeds  
jou blote guns sal my krag gee, en die hoop moed.  
218b-219a    (b) Verwerdig jou om jou huis vir my oop te stel, dis al wat ek vra.  
219b-221a    (c) Ek streef nie na rykdom of besit nie, maar na erkenning.  
221b-223a    (d) Ek wil graag vir altyd in my poësie probeer reg laat geskied aan jou  
deugde!  
223b-224    (e) Ek sal bekend word as jy vir my die pad oopmaak en die skadu wegneem.

- 225-245 **(Uitweiding: Verborge talente moet ontwikkel word:**  
(i) Watter nut het 'n edelmetaal-aar in die grond as niemand dit delf nie?  
(ii) Watter nut het 'n ten volle toegeruste skip as daar geen kaptein is om daarmee op die see uit te vaar nie?  
(iii) Selfs Vergilius sou miskien 'n minder beroemde bukoliese digter gebly het as hy nie vir Maecenas gehad het nie.
- 236-245 **[Verdere uitweiding op lg. punt: 'n loflied op Maecenas:**  
236-242 Maecenas het nie net Vergilius in sy huis opgeneem en gehelp nie, maar ook Varius en Horatius vooruitgehely en bekend gemaak.  
243-245 Wonderlike Maecenas, beskermheer van digters, wat ook toegesien het dat hulle hulle nooit oor hul oudag sou moes bekommer nie!])
- 246-252 **(Terugkeer tot tema van versoek: beloofde teenprestasie en versekering:)**  
246-248 (a) As jy my versoek inwillig, sal jy eendag in my elegante verse as my Maecenas bekend wees.  
249-252 (b) Ek kán aan jou ewige roem besorg – natuurlik mits die gode dit toelaat – en ek het 'n oormaat aan wil en waagmoed.
- 253-255 **(Hernude versoek:)** Red my, bring my na die lig! My nederige maar eerbare ouerhuis en 'n tekort aan middele verberg my.
- 256-261 **(Hernude versekering:)** Ek kán my uit die donker bevry mits jy 'n toekenning aan my doen en my versoek inwillig. Glo my, my gees is sterker as wat my jare sou laat vermoed: ek is nog nie eens twintig jaar oud nie.

## 5. KOMMENTAAR

**Die titel.** Volgens die getuienis van al die Florilegia sowel as die meeste vroeë edisies is die korrekte vorm van die titel klaarblyklik *De laude Pisonis*, d.w.s. ‘Oor die roem van Piso’, eerder as *Laus Pisonis* (‘Die lofprysing van Piso’), soos dit tot taamlik onlangs nog dikwels gedruk is.<sup>1</sup>

**1-2a.** Die tradisie van die genre vereis dat ’n lofredenaar by die *laudandus* se herkoms en afkoms begin.<sup>2</sup> Ons digter se inleidende erkenning dat hy ‘twyfel’ wáár hy moet begin of wáttter *tituli*, d.w.s. roemryke attribute en prestasies van die man, hy eerste moet besing, is dus enigsins onverwags en trek onmiddellik die leser se aandag. Tegelyk laat die woorde ‘watter attribute ek moet besing’ ’n mens ook dadelik voel dat dié man se *tituli* blykbaar so talryk is dat die digter net ’n seleksie daaruit kan noem: ’n vleiende suggestie. Die beginreël is nogal indrukwekkend, miskien veral weens sy ietwat hoogdrawende en pleonasties-omslagtige formulering – lett. ‘Van waar moet die begonne gedig se struktuur eerder vir my verrys?’ – maar ook weens sy effens talmende DSSDDDS-ritme, met sy swaar lettergrepe huis in die kernwoorde *prius coepti surgat*, en dalk ook weens die seldsame verskynsel dat die reël met vyf tweelettergrepige woorde begin.

1. *Unde prius coepti surgat mihi carminis ordo:* ’n Besonder kunstige eerste sin. Onder *carminis ordo* moet ons sekerlik die ‘opset / skema van die gedig’ verstaan.<sup>3</sup> Vir *surgere* in

---

<sup>1</sup>Cf. Amat, op.cit., app.crit., p.87; J.-P. Dehon, *AC* 61 (1992) 397, kritiseer Amat in sy resensie van haar edisie tereg omdat sy nogtans weer *as kolomtitel* die vorm *Laus Pisonis* gebruik. Seel, op.cit., bespreek die vorm van die titel nêrens nie en gebruik nog die benaming *Laus Pisonis*.

<sup>2</sup>Cf. Quint. *Inst.* 3.7.10: *Ante hominem patria ac parentes maioresque erunt [sc. laudandi], quorum duplex tractatus est: aut enim respondisse nobilitati pulchrum erit aut humilius genus inlustrasse factis.*

<sup>3</sup>Cf. *Oxford Latin Dictionary* (voortaan afgekort tot *OLD*) s.v. *ordo* 13: ‘orderly form or arrangement’, ‘arrangement (of literary material)’.

hierdie konteks en betekenis, cf. Prop.4.1.67: *Roma, faue, tibi surget opus;* Ov.*Am.*1.1.17: *cum bene surrexit uersu noua pagina primo;* *Am.* 1.1.27: *sex mihi surgat opus numeris, in quinque residat;* *Fast.*5.111: *ab Ioue surgat opus.*

*Prius* beteken hier m.i. ‘eerder’ in die sin van ‘liewer’, dus ‘verkieslik’ of ‘liefs’. Ek glo nie dat dit terselfdertyd in die betekenis ‘eerste’ ook *canam* in reël 2 bepaal nie.

Die datief *mihi* is moeilik te etiketteer: dit is beswaarlik ’n dativus ethicus of ’n dativus commodi, eerder dalk ’n dativus sympatheticus,<sup>4</sup> maar aangesien *surgat* hier eintlik gelykstaan aan *incohetur* of *incipiatur*, het *mihi* na my gevoel wesenlik die betekenis van ’n dativus agentis, al sê die grammatici dan ook dat dié slegs saam met passiewe werkwoorde voorkom.<sup>5</sup> Ek dink *mihi* het dieselfde betekenis in die pas genoemde Ov.*Am.*1.1.27: *sex mihi surgat opus numeris.*

2. *quosue canam titulos:* Hierdie tweede vraag verteenwoordig stellig nie soseer ’n tweede probleem van die digter nie, maar presiseer eerder die probleem wat hy in reël 1 genoem het. Seel en Amat<sup>6</sup> se vertaling van -ve met ‘und’ en ‘et’ resp. is natuurlik inkorrekt.

Uit *titulus* se grondbetekenis ‘opskrif, inskripsie’ het die oordragtelike betekenis ‘aanspraak op glorie en faam’ en uiteindelik ‘roem, onderskeiding, eer’ ontwikkel; cf. Ov.*Trist.*1.1.53: *donec eram sospes, tituli tangebar amore;* Juv. 8.240-1: *tantum igitur muros intra toga contulit illi / nominis ac tituli.* Bolisani se weergawe van *quosue ... titulos* as ‘quale argomento’ is onbevredigend.<sup>7</sup>

2. *dubius feror:* Volgens Seel ad loc. ’n hapax legomenon; maar aangesien *feror* dikwels

<sup>4</sup>Cf. E.C.Woodcock, *A New Latin Syntax*, Londen 1959, par.64: ‘The use of the dative instead of a Possessive Genitive ... is usually classed apart from the Dative of Possession and called the Sympathetic Dative’.

<sup>5</sup>E.g. H.Menge, *Repetitorium der lateinischen Syntax und Stilistik*, 14e ed. München 1965, par.64

<sup>6</sup>Seel, op.cit.7; Amat, op.cit.88.

<sup>7</sup>Bolisani, op.cit.99; sy ‘versione metrica’ is maar (deels noodgedwonge) meestal taamlik vry.

‘sig begewe’ beteken,<sup>8</sup> kan dit saam met *dubius* (van \**duhibius*, lett. ‘heen-en-weer-bewegend’<sup>9</sup>) maklik verstaan word as ‘ek begewe my heen en weer’, dus ‘ek hink en pink’, ‘ek wik en weeg’, ‘ek weifel’. Prop.4.7.89, waar Cynthia as ’n skim ‘*nocte uagae ferimur*’ sê, kan dalk as ’n parallel beskou word.

So ’n erkenning deur ’n skrywer dat hy twyfel waar hy moet begin, is deel van die retorikus se repertoire; die terminus technicus hiervoor is *dubitatio*.<sup>10</sup> Verdière<sup>11</sup> vergelyk o.a. Stat. *Silv.*1.3.34: *Quid primum mediumue canam, quo fine quiescam?*

**2b-7.** Die digter verduidelik en veraanskoulik sy toestand van weifeling nou deur die beeld van twee hooftemas wat van weerskante op sy aandag aandring: *hinc ... citant ...;* *hinc ... rapit ...* Elkeen van die twee temas word eers meer abstrak-algemeen aangedui en daarna konkreet-spesifiek genoem: aan die een kant is dit Piso se *nobilitas*, spesifiek sy afstamming van die oeroue, beroemde *gens Calpurnia* (2b-4); aan die ander kant is daar Piso se *virtus*, konkreet sy in alle opsigte bewonderenswaardige lewe (5-6a). Die deftigheid en groot aansien van die ou adel word hier in ’n mate deur die styl (*citant sublimia Calpi nomina*, 3/4) sowel as deur die ‘gewigtige’ metrum van vers 4, nl. DSSSDS, onderstreep; daarby bevat reëls 3 en 4 elk slegs vyf woorde, iets wat hulle besonder welluidend maak.<sup>12</sup> Maar dat Piso se *nobilitas* en *nomina* die digter nogtans minder beïndruk as sy *virtus* en *uita* – die tweé alliterasies is nogal treffend –, laat hy ons dadelik agterkom deur te sê dat eersgenoemdes hom *citant* (3), terwyl laasgenoemde(s) hom inderdaad *rapit* (5). Piso se *virtus / uitा*, beweer die digter egter nou vleiend, sou aan hom in elk geval *nobilitas* verleen het as hy nie reeds

<sup>8</sup>Cf. C.T.Lewis & C.Short, *A Latin Dictionary*, Oxford 1879 (voortaan afgekort tot *L&S*) s.v. I.B.1.β.

<sup>9</sup>Cf. *L&S* s.v.

<sup>10</sup>Cf. Menge, op.cit., par.551.8.

<sup>11</sup>R. Verdière, op.cit., ad loc.

<sup>12</sup>Cf. C.G.Cooper, *An Introduction to the Latin Hexameter*, Melbourne 1952, par.47: ‘Hexameters composed of only five or even four words have a special sonority of which the poet makes use when there is a special elevation or intensity of feeling’.

*nobilitas* deur geboorte gehad het nie: ons merk dat *nobilitas* hier in 'n enger en konkrete sowel as in 'n wyer en abstrakte betekenis gebruik word (6b-7); die herhaling van die welluidende woord *nobilitas* in dieselfde reël en die feit dat die reël weer uit slegs vyf woorde bestaan, verhoog sy indrukwekkendheid.

3-4. *citant sublimia Calpi nomina:* Die plebejiese *gens Calpurnia* was inderdaad een van die beroemdste *gentes* in Rome, bekend sedert die derde en prominent sedert die eerste eeu v.C., en die *Calpurnii Pisones* was ongetwyfeld dié *gens* se belangrikste en invloedrykste tak.<sup>13</sup>

Calpus was glo 'n seun<sup>14</sup> van Rome se tweede koning, Numa Pompilius, na wie die plebejiese *gens Calpurnia* sy oorsprong herlei het; hierdie genealogie word egter vandag as 'n laat verdigsel beskou.<sup>15</sup> Daar is verskeie munte behoue waarop die naam Cnaeus Piso sowel as die bebaarde, bekroonde kop van Numa Pompilius verskyn, e.g. 'n *as* van ca. 9 v.C. toe een Cn. Calpurnius Piso Frugi *tresuir monetalis* was.<sup>16</sup> W.Schulze beskou *Calpurnius* as 'n Etruskies gevormde naam en vind dit dus heeltemal in orde dat dié *gens* sy stamvader *Calpus* noem, want *-urn-* is 'n 'Ableitungssilbe'.<sup>17</sup>

In *citant ... nomina* (soos in *virtus rapit*, reël 5) het ons 'n stylfiguur genaamd *personificatio*, waar dinge soos handelende persone optree.<sup>18</sup>

<sup>13</sup>Der Kleine Pauly. Lexikon der Antike, redd. K.Ziegler & W.Sontheimer (voortaan afgekort tot *Kl.P.*) 1.1018.24 sqq.

<sup>14</sup>Plut.*Numa* 21: Κάλπος; Festus 47: *Calpurni a Calpo, Numae regis filio, sunt oriundi*. Amat, op.cit.123 n.1, noem hom verkeerdelik Numa se kleinseun.

<sup>15</sup>*Kl.P.*1.1018.30.

<sup>16</sup>Cf. H.A.Gruuber, *Coins of the Roman Republic in the British Museum*, vol.2, Oxford 1910, herdruk 1970, p.90; 'n voorbeeld uit die vroeë keisertyd in H.Mattingly, *Coins of the Roman Empire in the British Museum*, vol.1, Londen 1923, herdruk 1976, p.28.

<sup>17</sup>W.Schulze, *Zur Geschichte lateinischer Eigennamen*, 1907, herdruk Göttingen 1964, 138, s.v. 'Calpennius'.

<sup>18</sup>Cf. G.Maurach, *Enchiridion Poeticum. Zur lateinischen Dichtersprache*, 2e ed., Darmstadt 1989; Menge, op.cit., par.151.10.

4. *Romanas inter ... gentes*: Verdière se weergawe hiervan as ‘dans le monde Romain’ is stellig nie wat die digter bedoel het nie.

5-6. *per omnes / ... modos*: Die presiese sin hiervan is moeilik te bepaal, en die frase is miskien maar inherent vaag. Die Duffs se vertaling ‘in every phase’ is stellig verkeerd, Seel se ‘überall und jederzeit’ en Bolisani se ‘in tutti gli aspetti’ dalk reg, maar Verdière en Amat se ‘en tous points’ na my gevoel die beste. Martin en Verdière se verwysing na die enigste parallel, Stat.*Silv.5.2.74-5: pietas ... per omnes / dispensata modos*, help nie huis nie.

6. *creato*: Vir *creare* = ‘geboorte gee’, cf. Hor.*Ep.1.2.44-5: puerisque beata creandis / uxor*; Ov.*Met.11.303: Maia ... creatus (sc. Mercurius)*; *Trist.4.10.9: genito sum fratre creatus*.

6-7. *si deesset ... / fuissest*: Streng gesproke sou *si defuissest ... esset* hier sekerlik ’n logieser opeenvolging van tye gewees het: ‘as adel jou by jou geboorte sou ontbreek het, sou jou *miranda vita* (nou) die plek van jou adel inneem’, d.w.s. ‘nou jou adel uitmaak’. *Deesset* word natuurlik deur sinerese as *desser* gelees en geskandeer.<sup>19</sup>

8-11. In die volgende 2½ versreëls word nou die bewering dat *virtus* die plek van *nobilitas* kan inneem, nie verder toegelig – soos ons dalk op grond van die inleidende voegwoord *nam* sou kon verwag het – of verdedig nie, maar gaan die digter nog ’n tree of twee verder: nie alleen suggereer hy dat selfs die hoogste adellike afkoms sonder persoonlike prestasie waardeloos is nie (8-10a), maar hy beweer nou ook dat in so ’n geval die ‘adellikheid’ selfs verlore gaan (10b-11)! Eersgenoemde gedagte is emfaties geklee in die vorm van ’n retoriiese vraag en gedramatiseer d.m.v. ’n driedubbele anaforiese *quid*, terwyl die hoogdrawende styl en aanskoulike, oordrywende voorbeeld van vv.8-9 – ‘atriums “geskraag” deur beeld en

---

<sup>19</sup>Cf. Cooper, op.cit., par.55a. Behalwe Verdière en Amat druk inderdaad almal *desser*.

triomfe van voorvaders' en 'amptenaar-registers vol menige consuls' – treffend die ryk tradisies, trots, invloed en roem van die ou adel weerspieël. Terloops: Martialis se vers *Atria Pisonum stabant cum stemmate toto* (4.40.1) suggereer dat moontlik huis die paleise van die Pisones by uitstek bekend was om hulle versamelings van voorvaderbeelde.<sup>20</sup>

8-10. *Nam quid ... quid ... quid ... profuerint?*: Retoriese vrae word graag gebruik om 'n stelling met groter nadruk oor te dra deur die leser of toehoorder direk te betrek en die stelling as 't ware vir hom in die vorm van sy eie antwoord in die mond te gee;<sup>21</sup> dit verlewendig die *laudatio* ook deur die kortstondige illusie van 'n dialoog en sorg vir afwisseling.

8-9. *imaginibus (et) ... auitis fulta triumphis / atria*: Die mees voor-die-hand-liggende betekenis hiervan is m.i. dat die mure en pilare van die ou herehuise se atriums met soveel beelde, skilderye en triomfaandenkings versier is dat dit lyk asof dit die struktuur versterk of die dak stut.<sup>22</sup> Met *imaginibus* word vermoedelik veral die ou was- of brons-portretbeelde bedoel, maar die woord kan natuurlik ook ander beelde, soos standbeelde, en skilderye aandui; Martin dink aan die sg. *imagines clipeatae*, beelde op skildvormige silwer- of bronsplate. *Auitis ... triumphis* verwys waarskynlik na beelde, of hier dalk eerder groot skilderye (selfs muurskilderye?), van triomferende generaals. Vir die hele metafoor bied Prop.4,11,32 *domus est titulis utraque fulta suis* 'n mooi parallel, – as dit nie selfs die voorbeeld was nie.

9. *fasti*: Die sg. *Fasti Capitolini* was in Rome op die Forum Romanum te sien, waar dit in die tweede dekade v.C. in opdrag van Keiser Augustus óf op die Augustus-boog óf op 'n muur van die Regia aangebring is: dit het lyste van alle *triumphatores* tot 19 v.C. en alle consuls tot

<sup>20</sup>Aldus Amat, op.cit., ad loc.

<sup>21</sup>Cf. e.g. Menge, op.cit., par.551.6. Ons digter maak ook later herhaaldelik van hierdie stylmiddel gebruik, nl. in reëls 55-56, 68-71, 109-111, 195-196, 225-229.

<sup>22</sup>Cf. J.Wight Duff & A.M.Duff, *Minor Latin Poets*, Loeb Classical Series, Londen 1935, 295 n.b; Martin, Seel, Amat, opp.citt., ad loc.

13 n.C. bevat; die consul-lyste is in die Keisertyd voortgesit.<sup>23</sup> Dergelike *fasti* is ook elders in Italië opgerig: ons besit bv. nog die teks van die *fasti consulares* van Antium uit ongeveer 70 v.C.<sup>24</sup>

10. *cui uita labat*: Die ellips van 'n verboë antecedent was spesifiek 'n verskynsel van die omgangstaal en kom dus veral in ou en dan weer in na-klassieke tekste voor.<sup>25</sup> Die ellips van *ei* hinder hier waarskynlik besonder min omdat die relatiewe voornaamwoord in dieselfde naamval staan.

Die datief *cui* is moeilik om te etiketteer: moontlik is dit ewevel 'n dativus incommodi as 'n dativus possessivus. Cf. Liv.42.50.7 *sicubi populo Romano sua fortuna labet*. Die metaforiese gebruik van *labet* staan in treffende kontras tot die stabiliteit wat *fulta* (8) gesuggereer het.

11. *nobilitas*: Streng gesproke word met *nobilitas* hierdie keer – die woord kom nou al die vierde maal voor, en die derde maal aan die begin van die reël! – natuurlik eintlik die ‘*aansien op grond van adellike afkoms*’ bedoel. Sichard se *editio princeps* het hier inderdaad i.p.v. *nobilitas* die lesing *gentis honos*, wat Martin, die Duffs, Bolisani en Seel dan ook in hulle tekste opgeneem het. Verdière en Amat ag laasgenoemde lesing egter nie eens 'n vermelding in hulle ‘apparati crititici’ werd nie; bes moontlik was *gentis honos* oorspronklik net 'n verklarende glos wat toe by Sichard of een van sy bronne die ouer lesing *nobilitas* verdring het.

Die vraag ‘Wat is ware adel?’ het veral onder Stoïsynse invloed by die sedeprekers

<sup>23</sup>Teksuitgawes: vir die Republikeinse tyd *Corpus Inscriptionum Latinarum (CIL)* 1 (2e ed.), *Inscriptiones Italiae XIII.1*; vir die Keisertyd A.Degrassi, *Fasti consolari dell'impero romano* (30 av. - 631 d.Cr.) 1952.

<sup>24</sup>Cf. *Lexikon der Alten Welt*, Zürich-Stuttgart 1965, s.v. 'Fasti Capitolini'; *OCD* s.v. 'fasti'.

<sup>25</sup>Cf. M.Leumann, J.B.Hofmann & A.Szantyr, *Lateinische Syntax und Stilistik* (in *Handbuch der Altertumswissenschaft, Lateinische Grammatik* vol.II.2.2), 5e ed. 1928, herdr. München 1963, par.298.b.α (p.555 sq.).

onder die Romeinse skrywers 'n gewilde *topos* geword: Amat haal in hierdie verband gepas Sen.*Ep.* 44.5 aan: *non facit nobilem atrium plenum fumosis imaginibus ...: animus facit nobilem*, en sy verwys ook na Juv.8.1-9 wat nie net inhoudelik nie maar ook formeel ('n driedubbele retoriiese vraag gevvolg deur 'n bysin) treffende ooreenkoms met ons reëls 8-10 toon: *Stemmata quid faciunt? quid prodest ...? quis fructus ..., si ... male uiuit?* Dit herinner duidelik aan ons teks se *quid ... quid ... quid ... profuerint, cui uita labat?* Wat die hele argument betref, vergelyk Martin ook tereg Juv.8.19-20: *tota licet ueteres exornent undique cerae / atria, nobilitas sola est atque unica uirtus*, maar sonder om daarop te wys dat Juvenalis die punt daar heeltemal op die spits dryf omdat hy *uirtus* tot die enigste soort *nobilitas* hoegenaamd verhef.<sup>26</sup>

**12-13.** In kontras met die direk voorafgaande scenario (10b-11) prys ons digter nou Piso as *felix* omdat sý *animus* – waarmee hier natuurlik weer sy *uirtus* / *uita* bedoel word – inderdaad sy *natales* ewenaar. Die belangrikheid van hierdie kompliment word onderskraag deur die ‘gewigtinge’ versmaat: die twee reëls bevat elk vier spondeë.

12. *Felix, qui claris animum natalibus aequas:* Martin vergelyk gepas Ov.*Pont.* 2.3.1-2: *Maxime, qui claris nomen uirtutibus aequas, / nec sinis ingenium nobilitate premi.*

**14-24.** *Ipse canendus eris:* Die digter het ons in reëls 5-11 reeds duidelik laat verstaan dat vir hóm Piso se *uirtus* / *uita* eintlik veel swaarder weeg as sy afstamming, en hieraan doen die pas uitgespreekte kompliment, nl. dat Piso se persoonlike prestasies sy hoë afkoms ewenaar, natuurlik geen afbreuk nie. Nogtans kom die bondige, forse, selfs geesdriftige

---

<sup>26</sup>Oor Juvenalis se Satire 8, wat die aard van ware adel as hoof tema het, cf. S.H.Braund, *Beyond Anger. A Study of Juvenal's third Book of Satires*, Cambridge 1988, p.77 sqq., veral p.86 sq. en die insiggewende aanhangsel met antieke bronne oor die tema op pp.122-129.

aankondiging van sy beslissing, nl. ‘Ek sal *moet* jou *self* besing’ (m.a.w. jou *uirtus* en *uita* eerder as jou afkoms), hier amper te skielik op die leser af, asof daar ’n oorgang vanaf die vorige sin, dalk bloot ’n voegwoord of ’n enkele bywoord, ontbreek. Die woorde herinner ’n mens aan die begin van die *Panegyricus Messallae* (Tib.3.7 = 4.1):<sup>27</sup> *Te, Messalla, canam, quamquam me cognita uirtus / terret.*

Die digter gaan onmiddellik voort en verduidelik taamlik breedvoerig waarom hy die ander tema, nl. Piso se afkoms en voorsate, nou heeltemal sal oorslaan: hy verklaar eerstens – weer eens in die vorm van ’n retoriiese vraag – dat dit ‘onnodig’ (*sic!*) is om te vertel hoe die name Calpurnius en Piso ontstaan het, m.a.w. om die familiegeskiedenis van die vroegste tyd af te behandel (14b-17), tweedens dat hy die volledige geskiedenis nie eens opsommenderwys sou kon uiteensit nie (18), derdens dat hy ’n hele jaar nodig sou hê om Piso se voorsate se roem en oorlogsprestasies te verhaal (19-22a), en laastens dat krygsdade gepas was vir die Quirites van ouds, wat in elk geval reeds deur hulle eie digters besing is (22b-24). Twee reëls van net vyf woorde (16, 23) en twee *uersus aurei*, ‘goue versreëls’(17, 20),<sup>28</sup> help om aan die passasie besondere deftigheid en gewigtigheid te verleen.

Die reeks verskonings wat die digter hier aanbied, is natuurlik terselfdertyd deel van die lofprysing: dat Piso se *gens* van ’n prins uit die vroegste koningstyd afstam, word in die vorm van ’n ‘praeteritio’<sup>29</sup> meegedeel, terwyl ook die res van die betoog dit baie duidelik maak dat daar inderdaad ’n ware magdom van stof oor die roemryke krygsdade van Piso se voorvaders beskikbaar is, en daarbenewens blykbaar ook ou lofdigte.

Seel se vertolking van verse 1-24 is vir my totaal onoortuigend: reëls 1-14 bestempel hy as ‘gleichsam nur Gliederung und Inhaltsverzeichnis’,<sup>30</sup> en as inleiding tot 15-24 beweer hy: ‘Nach dem kurzen dispositionsartigen Überblick’ – hiermee verwys hy terug na reëls 1-

<sup>27</sup>E.g. in *Albii Tibulli aliorumque Carminum Libri tres*, red. F.W.Lenz & G.C.Galinsky, 3e ed., Leiden 1971.

<sup>28</sup>Met ‘goue versreëls’ kan ’n Latynse digter dramatiese effekte skep wat in ander tale a.g.v. beperkte woordplatingsopsies onmoontlik is; vgl. Cooper, op.cit., par.47.

<sup>29</sup>Cf. Menge, op.cit., par.551.17.

<sup>30</sup>Op.cit.42.

14 (!) – ‘beginnt der Dichter nun gleichsam von vorne: Herkunft des Namens und Taten der Ahnen.’<sup>31</sup>

15-16. *ut ... ducat ... tulerit:* Verdière, Seel, Bolisani en Amat vertaal al vier hierdie *ut* as ‘dat’: hulle moes tog seker gesien het dat ons hier met ’n indirekte vraag – *ut = quomodo* – te make het?

16. *claraque Pisonis tulerit cognomina prima:* *prima* kongruueer m.i. met *domus*, maar gaan predikatief saam met *tulerit* sodat dit ‘vir die eerste maal’ (d.w.s. = *primum*) beteken; ’n goeie parallel<sup>32</sup> vir hierdie seldsame gebruik is stellig Verg.*Aen.*11.573-4: *utque pedum primis infans uestigia plantis / institerat* (waar *ut ... primis = ut primum*).

17. *umida callosa cum pinseret hordea dextra:* Die grammatische onderwerp van *pinseret* is klaarblyklik die *domus Calpurnia*, d.w.s. ‘dit’, maar ’n mens sal hier *ad sensum* moet vertaal en as onderwerp ‘iemand’ of ‘een van hulle’ moet gebruik. Duff & Duff sowel as Amat omseil die probleem enigermate deur te vertaal met ‘for pounding the moist barley etc.’ en ‘pour avoir pilé etc.’; Seel se vertaling met ‘er’, asof Calpus die onderwerp is, is sekerlik nie korrek nie.

Die etimologiese verbinding van *Piso* met *pi(n)so* word ook by die Ouer Plinius aangetref, waar hy daarop wys dat die vroegste familiename uit die taal van die boerdery afkomstig is: *cognomina etiam prima inde: Pilumni, qui pilum pistrinis inuenerat, Pisonis a pisendo ...* (*N.H.* 18.3.10). Ongelukkig word hierdie verklaring – wat nogal een van die beter Romeinse etimologiese pogings is<sup>33</sup> – nie deur moderne navorsers aanvaar nie: W.Schulze beskou die naam as van Etruskiese herkoms, verwant aan die pleknaam *Pisae* en verdere

<sup>31</sup>Op.cit.40.

<sup>32</sup>Wat Weber, Martin en Seel glo nie kon vind nie; cf. Martin en Seel, opp.citt., ad loc.

<sup>33</sup>Afgesien van die werkwoord *pinso* of *piso* was vermoedelik ook die selfstandige naamwoord *piso pisonis* m = ‘vysel’ in gebruik, hoewel ons vroegste *locus* hiervoor Marcellus Empiricus (fl. 400 n.C.) se *De medicamentis* 8 is.

*cognomina* soos *Pisenus*, *Pisinius*, en *Pisurius*.<sup>34</sup> Verdière vermoed dat die etimologiese detail hier sowel as by Plinius oorspronklik van die ou annalis L. Calpurnius Piso Frugi afkomstig is.<sup>35</sup> 'n Ander moontlike oorsprong van die naam Piso is natuurlik die woord *pisum* = 'ertjie'.<sup>36</sup>

Seel se idee dat die digter hier met die verwysing na die fynstamp van gars 'mit ziemlicher Sicherheit' wil sinspeel op ene Calpurnius Piso wat in 186-4 v.C. 'n oorwinning en triomf behaal het oor die gars-verbouende Lusitaniërs en Celtiberiërs, is alte vergesog.<sup>37</sup>

Ek dink ook dat Amat dit totaal mis het as sy, in navolging van Verdière, uit die gebruik van die woord *callosa* in reël 17 konkludeer dat die digter die naam *Calpus* van dié woord wil aflei!<sup>38</sup>

Wat in hierdie verband wel interessant is, is dat die digter glad nie skroom om die voorsate van die edele Calpurnius Piso – nasate van koning Numa! – hier met eelterige hande die nederigste soort arbeid te laat verrig nie.<sup>39</sup>

17. *umida ... hordea*: Dit is baie gepas dat die digter die Calpurnii van ouds huis hierdie graansoort in hulle vysels laat stamp, want ook die Ouer Plinius beweer dat dit die oudste menslike voedsel is: *Antiquissimum in cibis hordeum*.<sup>40</sup> Maar gars is ook later nog veel gebruik, nie net as veevoer nie, maar ook fyn gemaal vir die maak van 'n pap genaamd *polenta*, en dis in dié verband dat Plinius ons meedeel dat die Romeine in teenstelling tot die

<sup>34</sup>Op.cit.210; I.Kajanto, *The Latin Cognomina*, Helsinki 1965, behandel nie die naam Piso nie; Seel en Amat ad loc.

<sup>35</sup>R.Verdière, 'Autour d'un nouveau fragment des Annales de L.Calpurnius Frugi, source du De Laude Pisonis de Titus Calpurnius Siculus', *Latomus* 29 (1970) 134-6.

<sup>36</sup>Cf. Bolisani, op.cit., ad loc.

<sup>37</sup>Op.cit.41-2. Om nie eens daarvan te praat nie dat Seel deur hierdie gewaagde gedagtesprong na Spanje selfs nog tot 'n verdere verbeeldingsvlug verlei word, naamlik na Gibraltar, destyds genaamd 'Calpe' (vandaar *Calpus*?), geleë langs die see (*umida!*) ... !

<sup>38</sup>Beide Amat en Verdière, opp.citt., ad loc.: '(le poète) ... tire Calpus de *callosus*'.

<sup>39</sup>Cf. Amat, loc.cit.

<sup>40</sup>N.H.18.72; cf. ook *Kl.P.* 2.774 s.v. 'Gerste'.

Grieke die gars nie bevogtig het voordat hulle dit gerooster en gemaal het nie: *Graeci perfusum aqua hordeum siccant nocte una ac postero die frigunt, dein molis frangunt. ... Italia sine perfusione tostum in subtilem farinam molit.*<sup>41</sup> Daarom is die lesing *umida* herhaaldelik gewantrou: Maehly het die emendasie *horrida* voorgestel,<sup>42</sup> maar ek vind ook Scaliger s'n baie aantreklik: *magis placeret 'fumida'*, *nam prius torrebantur: deinde saxo frangebantur.*<sup>43</sup> Die Duffs, Bolisani, Seel en Amat druk nogtans *S* se lesing (*h*)*umida*;<sup>44</sup> in die Florilegia is die teks van 14-26 nie opgeneem nie.

18. *Nec, si cuncta uelim breuiter decurrere, possim!*: Amat en Verdière sluit die sin met 'n uitroepsteken, Verdière begin by reël 19 selfs met 'n nuwe paragraaf. Martin, die Duffs, Bolisani en Seel sluit die sin met 'n kommapunt en verbind dit dus nouer met reëls 19-24. Na my gevoel sou 'n mens na *possim* selfs 'n komma kon plaas en *Nec ... et ... as* korrelatiewe voegwoorde verstaan: 'Ek sou ook nie ... kon ... as ek wou nie, en (inderdaad) sal die sirkelende massa ...'.<sup>45</sup>

18. *breuiter decurrere*: 'kortliks behandel', kom reeds by Cicero so voor, *De Or. 1.32.148: quae abs te breviter de arte decursa sunt*; ons vind die woord (maar sonder *breuiter*) ook weer in reël 210 van ons gedig, en in *Stat.Silv. 5.3.149: equos pugnasque uirum decurrere uersu.*

19-20. *Et prius aetheriae moles circumuaga flammae / ... reuocabit ... astra, / quam ...:* lett. 'En (inderdaad) sal die omsirkelende massa van hemelse vuur (i.e. die son) binne tweemaal ses maande die jaarlikse sterrebeelde laat terugkom (i.e. 'n nuwe jaarsiklus laat

<sup>41</sup>*N.H. 18.72-74.*

<sup>42</sup>J.A. Maehly, 'Zur Literatur des Panegyricus in Pisonem', *Fleckens. Jahrb.* 85 (1862) 290.

<sup>43</sup>Cf. Martin, op.cit., ad loc.

<sup>44</sup>Amat beweer op.cit.123 n.5 sonder verdere toelighting: 'on humidifiait l'orge avant de la piler'. Dit stem in elk geval nie ooreen met wat die hierbo aangehaalde Plinius-passasie oor die Italiaanse praktyk vermeld nie.

<sup>45</sup>Cf. *L&S* s.v. *neque* II.B.4.a. Aldus e.g. *Ov.Met.2.42: 'Nec tu meus esse negari / dignus es, et Clymene ueros' ait 'edidit ortus.'*

begin) voordat ek ...'. Deur hierdie grootse, geleerde omskrywing van die gedagte 'n hele jaar sal omgaan' word natuurlik ook die besondere grootsheid en omvang van die Calpurnii se geskiedenis onderstreep.

Seel wil *reuocabit* verstaan as 'terugroep' in die sin van 'laat *omkeer*', 'laat agteruitloop', en vertolk die passasie dus as 'n 'Vergleich mit einem Adynaton',<sup>46</sup> m.a.w. 'Eerder sal ná 'n jaar iets onmoontlik gebeur as dat ek ...'. Alhoewel so 'n vertaling vanuit 'n grammatische oogpunt moontlik sou wees, is Seel se vertolking nie die voor-die-hand-liggende nie en in die konteks minder gepas: ná die woorde 'Ek sou nie eens 'n opsomming kon gee nie' (reël 18), is dit stellig veel meer logies om te lees: 'en 'n hele jaar sal omgaan voordat ek sal kan klaar wees met ...'.

Amat wys i.v.m. die metaforiese omskrywing van die son, wat 'n mens aan die Stoïsynse fisika laat dink, gepas op die digter se 'allure scientifique'.

19. *circumuaga*: Die woord kom elders slegs eenmaal by Horatius voor (*Epod.* 16.41), en dan weer by Prudentius (*Psych.* 814). Seel vertaal dit hier inkorrekt as 'rondswerwend' ('umherschweifend').

20. *bis senis*: Dit is die normale digterlike omskrywing van die metries onbruikbare *duodecim*; cf. *bis senos* in reël 70.

21. *priscorum titulos operosaque bella*: Met *priscorum* word natuurlik in die konteks spesifiek die Calpurnii Pisones bedoel. 'n Blik in die derde volume van die *RE* bevestig duidelik genoeg dat hierdie uitgebreide *gens* veral vanaf die laat derde eeu v.C. op baie terreine 'n beduidende rol gespeel het.<sup>47</sup>

---

<sup>46</sup>Seel se kommentaar by reël 19. Hy oorweeg hierdie meer voor-die-hand-liggende vertolking nie eens nie, ofskoon hy in sy kommentaar by reël 21 'n aanhaling gee waarin daarna verwys word: '(Pisonum) enim res gestas nec toto anno vertente se enarraturum assentatur'. Bolisani se vertaling 'e i dodici astri avrebbe l'eterea fiamma percorsi, corrispondenti ai mesi' is onbevredigend.

<sup>47</sup>Cf. ook Amat, op.cit., ad loc.

22-23. *manus sed bellica ... ueteres decuere Quirites:* Die sin is ietwat ongemaklik omdat *patrum* oorbodig voorkom;<sup>48</sup> vermoedelik is met die teks nie alles pluis nie. Die herkoms van die ou benaming ‘Quirites’ – ’n outydse, deftig-formele sinoniem vir *ciues Romani* – is effens onseker: tradisioneel is dit verbind met die *Collis Quirinalis*, die ou Sabynse stadjie *Cures* of met *cūris*, ’n Sabynse woord vir ‘spies’; ’n moderne teorie glo dat dit van \**co-uīrites* (*co+* *uir*) kom en moontlik verwant is aan *cūria* (een van die 30 afdelings waarin burgers eens ingedeel was).<sup>49</sup>

24. *illos cecinere sui per carmina uates:* Hier word vermoedelik verwys na die ou heldeliedere waarvan ook in Cicero se *Tusc.*4,2, *Brut.*19.75 en elders sprake is.<sup>50</sup> *Vates* was glo die oudste Latynse woord vir ‘digter’, maar is later deur die Griekse woord *poeta* verdring totdat Vergilius dit in ere herstel het.<sup>51</sup>

**25-36.** In die eerste 24 verse het die digter ter inleiding Piso se ‘dubbele *nobilitas*’ uitgelig en verduidelik waarom hy een komponent daarvan, nl. sy afkoms en familiegeschiedenis, nie sal besing nie: maar nou gaan hy werklik oor tot ‘Piso self’. Nadat hy so pas nog verwys het na die krygsroem van vorige geslagte Pisones wat deur hul eie digters besing is (21-24), verklaar hy nou dat hy ook ’n Piso wat van ‘vredesroem’ skitter, totaal op een lyn met sy voorvaders plaas (*exaequamus*) (25-26a); die belangrikheid van hierdie verklaring word deur die swaar metrum DSSSDS van vers 25 benadruk. Onmiddellik volg ook die nodige verduideliking: by gebrek aan oorloë kan *uirtus* – en hy bedoel hier klaarblyklik spesifiek die krygsmans-*uirtus* – ewe goed uitgeleef word deur ‘krygsdiens’ in siviele drag te doen, want daar kan ‘onbloedige veldtogte’ in die hof gevoer word, en ook hier word op grond van die redding van ’n medeburger of weens ’n oorwinning roem verwerf (26-31); die essensiële laaste

<sup>48</sup>Cf. Martin, op.cit., ad loc.

<sup>49</sup>Cf. *Kl.P.*4.1315.55 sqq.

<sup>50</sup>Cf. Duff & Duff en Amat, opp.citt., ad loc.

<sup>51</sup>Cf. *L&S* s.v.

punt betreffende roem word in 30-31 weer duidelik onderstreep: eerstens deur die swaar versmaat, nl. twee maal DSSSDS, tweedens deur met 'n goue versreël, en wel een van vyf woorde, af te sluit (31). Daar is 'n netjiese progressie in die metafore van 27b-31: waar die eerste *licet*-sin nog na 'n 'siviele krygsdiens' in algemene terme verwys, spesifiseer die anaforiese tweede *licet*-sin die 'strategie', die 'aanvoerder' en die 'strydperk', terwyl reëls 30-31 dan as hoogtepunt die 'prestasies' spesifiseer waardeur *gloria* verwerf kan word, nl. die redding van 'n medeburger deur 'n oorwinning in 'n hofsaak. Die gelykstelling van die werk van 'n soldaat met dié van 'n advokaat is in algemene terme beskryf: *licet ... licet ... contingit ... intexunt*, maar uit die konteks is dit vir die hoorder of leser van die lofdig reeds vanself-sprekend dat dít juis die gebied moet wees waar Piso sy *pacata laus* (25) verwerf het.

Die digter spreek vervolgens – die eerste maal sedert reël 14 – Piso weer direk aan en wel as *iuumis facunde* (32): want sy welsprekendheid is immers die bedrewenheid en die aktiwiteit waarop hy in die voorafgaande sewe reëls gesinspeel het. Hy spoor Piso aan om sy voorvaders – *maiorum ... tuorum* klink spesiaal deftig weens die binnerym<sup>52</sup> – se eretitels, hulle eervolle onderskeidings en krygsroem te oortref deur sy eie prestasies in die howe (32-34); reël 34, die eintlike hoogtepunt, is weer 'n pragtige vyf-woorde-reël. Ten slotte suggereer die digter vleiend dat Piso dit die grote Cicero moet nadoen: ook dié se invloed, beweer hy, was toentertyd so groot dat gevierrede veldhere moes terugstaan vir redenaars, en die manne onder wapens vir draers van die toga (35-36); hierdie stelling word weer eens deur die laaste reël, 'n vyf-woorde-reël,<sup>53</sup> se swaar versmaat DSSSDS benadruk.

25-26. *Nos quoque pacata Pisonem laude nitentem / exaequamus aus:* Duff & Duff se vertaling begin met 'We too can praise ...', Amat (naastenby soos Verdière) s'n met 'Nous aussi, nous chantons ...'. Vir my gevoel beklemtoon *quoque* hier egter nie *Nos* nie, m.a.w. is dit nie 'Ek óók, net soos die *vates* van ouds' nie, maar beklemtoon *quoque* eerder die hele

<sup>52</sup>Ook genoem 'Leoniese heksameter'; cf. Cooper, op.cit., par.48.

<sup>53</sup>Ek huiwer om reël 36 'n *uersus aureus* te noem omdat *laurea* weliswaar formeel 'n adjektief (*laurea: sc. corona*), maar tog in funksie 'n substantief is.

voorwerp *pacata Pisonem laude nitentem*, d.w.s. ‘Ek prys ’n skitterende vredesheld van ’n Piso óók’. Vir hierdie seldsamer gebruik van *quoque* met die krag van *etiam*, cf. e.g. Calp.*Ecl.3.61-63: formosior illo dicor ... Sum quoque diuitior;* Tac.*Ann.2.19: diligunt locum ... siluis clausum, arta intus planitie ...: siluas quoque profunda palus ambibat.*

Seel se vertaling ‘Wir wollen (*sic!*) nun (*sic!*) ... gleichordnen’ laat hier nie reg aan die teks geskied nie.

25. *pacata laude*: Die frase is bes moontlik na analogie van die bekende uitdrukking *bellica laus* gevorm;<sup>54</sup> *pacatus* kom ook meermale in ander tekste só in die sin van *pacalis* voor.<sup>55</sup>

26. *exaequamus*: Die posisie van die woord in die reël sowel as die konteks suggereer dat die voorvoegsel *ex-* hier wel intensiverende krag het: ‘ons stel volkome gelyk’.<sup>56</sup>

26. *bella quierunt*: Miskien was daar op die tydstip toe die gedig geskryf is, werklik nêrens in die Ryk ’n oorlog aan die gang nie, maar waarskynlik wil die digter net aandui dat dit in hierdie opsig in die algemeen stiller geword het as vroeër; daar is immers minstens onder keiser Claudius nog oorloë in Mauretanië (41-42) en Brittanie (43-52) gevoer, en onder Nero in Armenië (55-60) en Judea (vanaf 66).<sup>57</sup> Vir *quiescere* in so ’n konteks cf. Liv.6.36.1: *alia bella opportune quieuere*; Verg.*Geor.4.87: certamina ... compressa quiescent*; Stat.*Theb.10.897: quierant iurgia*.

27/8. *togatae munia militiae*: Die oksimoron<sup>58</sup> *togata militia* kom ook by Val.*Max.7.7.1* voor: *coactus est in foro togatam ingredi militiam* (sc. om ’n stryd te voer *apud centumuiros*).

<sup>54</sup>Cf. Martin en Seel, opp.citt., ad loc.

<sup>55</sup>Cf. *OLD* s.v.3. N.Horsfall, art.cit.268, se voorgestelde emendasie *pacifica* is m.i. nie alleen onnodig nie maar sou die teks eerder verswak.

<sup>56</sup>Cf. *Thesaurus Linguae Latinae* (voortaan afgekort tot *ThLL*) 5.1141 sqq.

<sup>57</sup>Cf. M.Cary & H.H.Scullard, *A History of Rome*, 3e ed., Londen 1975, 366 sqq.

<sup>58</sup>Meer oor hierdie stylfiguur in Menge, op.cit., par.551.12; Maurach, op.cit., par. 138 sqq.

Die vergelyking van die werk van 'n siviele amptenaar of 'n advokaat met die krygsdiens is nie ongewoon nie, cf. e.g. Cic. *Mur.*9.19 *hanc urbanam militiam*, en Val.*Max.*8.5.5 *forensi militia*. Die alliterasie in *munia militiae* val op.

30. *seruati gloria ciuis*: Die roem wat 'n advokaat verwerf as hy 'n onskuldig aangeklaagde vrygespreek kry, word hier vergelyk met die *corona ciuica ob ciuem seruatum* wat aan 'n soldaat toegeken word wat 'n kameraad se lewe gered het.<sup>59</sup>

31. *uictrices ... palmae*: Advokate wat 'n belangrike hofsaak vir hulle kliente gewen het, is dikwels deur die kliënt en sy vriende triomfantelik huis toe begelei, en palmtakke is bokant hul voordeure gehang; cf. Mart.7.28.5-6: *sic fora mirentur, sic te palatia laudent, / excolat et geminas plurima palma fores*, ook Juv.7.117-118: *ut tibi lasso / figantur uirides, scalarum gloria, palmae*. Palmtakke het ook tradisioneel 'n rol as 'erepalms' vir oorwinnaars e.g. by die *ludi Romani* gespeel, en natuurlik by triomftogte; cf. ook die met palmtakmotiewe geborduurde *tunica* en *toga palmata* van die *triumphator*.<sup>60</sup>

32-34. *Quin age ... forensibus actis*: Die kombinasie *quin age*, gevvolg deur 'n imperatief, word gebruik om 'n besonder sterk aanmoediging in te lei, cf. e.g. Verg.*Geor.*4.329: *Quin age et ipsa manu felicis erue siluas*.

Die aansporing om voorgangers of voorouers se prestasies verby te streef, is 'n vaste bestanddeel van panegiriese werke; cf. e.g. *Pan.Mess.* (Tib.3.7 = 4.1) 31-2: *sed generis priscos contendis uincere honores, / quam tibi maiores maius decus ipse futuris*.<sup>61</sup> Maar dit is opvallend hoe dik die digter dit hier aanmaak wanneer hy na die roem van Piso se voorouers verwys: *maiorum ... tuorum ... titulos, auitae laudis honores, armorumque decus*: dat hy van hom verwag om dit alles te kan *oortref* bloot met sy *forensibus actis* kom weer neer op 'n groot kompliment.

---

<sup>59</sup>Cf. hieroor V.A.Maxfield, *The Military Decorations of the Roman Army*, Londen 1981, 70 sqq.

<sup>60</sup>Cf. *Kl.P.*4.801, s.v. 'Phoinix 8' ('die Dattelpalme').

<sup>61</sup>Cf. Amat, op.cit., ad loc.

32. *iuuenis facunde*: Ook in reëls 109 en 211 sal die digter Piso as *iuuenis* aanspreek, 'n benaming wat normaalweg 'n man van ongeveer tussen 20 en 40 jaar aandui, maar wat natuurlik ook vleiend van 'n ietwat ouer maar nog baie aktiewe man gebruik kan word.<sup>62</sup>

33. *scande super*: Cf. Tac.*Hist.*4.8: *suadere etiam Prisco ne supra principem scanderet*; die saamgestelde vorm *superscandere* kom by Liv.1.32.8 in 'n letterlike betekenis voor.

34. *armorumque decus*: Vir *decus* in die sin van 'roemryke daad', cf. Liv.2.23.4: *militiae decora*; 6.20.7: *decora belli*.

34. *forensibus actis*: Met 'handelinge van die Forum' word natuurlik in die konteks 'prestasies in die howe' bedoel; die woord *acta* is hier nogal besonder gepas: cf. juridiese uitdrukings soos *causam agere*, *agere cum aliquo*, *agere ad/apud iudicem* ens. Hofsake het van oudsher in die Forum Romanum plaasgevind, later ook in die keiserlike Fora, en soms in geboue soos bv. die Basilica Julia.<sup>63</sup>

35-36. *Sic etiam magno iam tunc Cicerone uigente / laurea facundis, cesserunt arma togatis: iam tunc* bepaal sekerlik nie *uigente* nie – Amat se onnodige kommas voor en na die abl.abs. is hier inderdaad verwarring – maar wel *cesserunt*. Om te suggereer dat die jong Piso die grote Cicero tot sy voorbeeld moet neem en dat hy hom dit kan nadoen, is natuurlik implisiet weer eens 'n groot kompliment.

36. *laurea ... arma ...*: Die lourierkrans (*laurea*: sc. *corona*) dien nie slegs as 'n ornament vir Apollo, vir digters en selfs vir voorvaderbeelde nie, maar ook vir seëvierende generaals gedurende hul triomftog,<sup>64</sup> sodat *laurea* hier deur sinekdogee ('pars pro toto') 'die groot veldhere' beteken; net so word met *arma* so te sê 'die manne in uniform' bedoel.

<sup>62</sup>Oor die moontlike betekenis van hierdie aanspreekvorm vir die datering van die gedig, sien p.10 supra.

<sup>63</sup>Cf. *Kl.P.*1.836 s.v. 'Basilica'.

<sup>64</sup>Vir die lourier en sy gebruikte cf. *Kl.P.*3.763 sq.

36. *laurea facundis, cesserunt arma togatis*: Hier het ons natuurlik 'n verwerking van die bekende *Cedant arma togae, concedat laurea laudi* (of *linguis*) wat Cicero in sy *Off.1.22.77* aanhaal.<sup>65</sup> Ons digter beweer dus dat in die grote Cicero se glorietyd 'bekranste veldhere' moes terugstaan vir 'welsprekendes', en 'gewapendes' vir 'siviele amptenare' (35-36). Presies waarop sou hy hier sinspeel? Vermoedelik wil hy in die eerste plek aandui dat Cicero as redenaar en staatsman selfs groter aansien geniet het as die gevierrede generaals van sy tyd, te wete Pompeius, Caesar, en dalk ook Antonius. Maar dit mag ook wees dat hy met die tweede helfte van die sin, d.w.s. met *cesserunt arma togatis*, nog na iets anders verwys:

Cicero gebruik naamlik sy versreël in die *De Officiis* in 'n hoofstuk waar hy die verbreide siening dat *res bellicas maiores esse quam urbanas* (1.22.74) probeer weerlê deur 'n aantal historiese voorbeeldte noem waar staatsmanne se bydraes belangriker, of minstens ewe belangrik, as dié van generaals was; een van sy argumente is: *parui enim sunt foris arma, nisi est consilium domi* (1.22.76). Kort daarna sluit hy sy argumentasie vir eers af met sy bogenoemde heksametervers, maar voeg dan tog nog 'n persoonlike voorbeeld by: *Vt enim alios omittam, nobis rem publicam gubernantibus nonne togae arma cesserunt?* en hy maak van die kans gebruik om sy onderdrukking van die Catilinariese sameswering as consul weer 'n slag in herinnering te bring – nie huis 'n ideale voorbeeld nie want uiteindelik moes teen Catilina tog maar wapengeweld ingespan word. Maar wat interessant is, is dat in die pas aangehaalde sin die woorde *togae arma cesserunt* voorkom, met die indikatief aoristus presies soos in ons lofdig: dit laat 'n mens wonder hoe goed ons jong digter sy geskiedenis en die *De Officiis* geken het, en of hy daarvan bewus was dat hy hier op die groot redenaar-staatsman se onderdrukking van Catilina se gewapende opstand gesinspeel het.

Martin se bewering dat ons digter 'wishes to emphasize ... that the achievements of peace are even more important (*sic!*) than those of war',<sup>66</sup> is m.i. totaal uit die lug gegryp. Al wat die digter tot dusver beklemtoon het, is dat 'n man sy *virtus* ook in vredestyd kan beoefen en dat hy as advokaat net soveel – en Piso (soos Cicero?) dalk selfs *meer* – roem daarmee kan verwerf as die ou krygsmanne met hulle militêre prestasies.

---

<sup>65</sup>Cf. sy *Phil.2.8.20*: *Cedant ... togae*.

<sup>66</sup>Martin, op.cit. 63 sq.

37-56. Nadat die digter in verse 27b-31 eerstens in algemene terme die werk en potensiële belonings van 'n voortreflike advokaat met dié van 'n generaal vergelyk het, het ons daarna in 32-34 in die *exhortatio* tot Piso die eerste aanduiding gekry dat hy 'n groot redenaar is (*facunde* 32), en ten slotte die bevestiging dat hy inderdaad reeds as advokaat op die Forum optree (*forensibus actis* 34).

Reël 37 sluit nou egter weer by reël 31 aan, want die digter hervat sy vergelyking van die aktiwiteite van veldhere – hy praat nou selfs spesifiek van die Pisones – met dié van Piso die advokaat. In aansluiting by *uictrices palmae* van reël 31 kom nou die hoogtepunt van die twee loopbane, nl. die triomf: dieselfde reuse-skare wat eens na die Pisones se triomftogte kom kyk het, staan nou die howe vol wanneer hierdie Piso aangeklaagdes welsprekend verdedig (37-40). Die reël oor die triomfe (37) word deur die besonder statige metrum SSSSDS treffend uitgelig<sup>67</sup>, die grootte van die toeskouerskare by beide skouspele deur sterk bewoording beklemtoon (*turba uias impleuerat agmine denso / ... eadem stipat fora* 38-9), en reël 40, waar Piso se ‘welsprekendheid sy stem laat hoor’, is baie gepas weer eens 'n welluidende vyfwoorde-reël.

Nie alleen as hy aangeklaagdes in die Centumvirale Hof verdedig nie (41-42), maar ook as hy iemand op 'n klag van *capitale nefas* vrygespreek kry (43), weerklink die howe (nl. nes die strate tydens 'n triomftog) van lofprysinge op Piso (44a) – die snelle versmaat DDDDDS (44) boots dalk as 't ware die geesdriftige applous na – en Piso voer seëvierend (nl. soos by 'n triomftog) die regter se hardhoofdigheid en vooringenomenheid (as 't ware as buit of as gevangenes) mee (45b-46a); die regter volg uit vrye wil: hy ween, lag, of word toornig nes Piso hom beveel (46b-48).<sup>68</sup>

Met die laaste 2½ reëls het die digter ons blik spesifiek op die 'triomferende' Piso se gesag en mag (*iubes, coactus*) gerig, en hy illustreer sy totale houvas op die regter nou met 'n baie treffende vergelyking: só beheer immers op die oop vlaktes 'n Thessaliese ruiter sy

---

<sup>67</sup>Dié seldsame patroon kom in die hele gedig slegs twee maal voor, nl. hier en in vers 183.

<sup>68</sup>Miskien is die enerse, effe swaar versmaat van reëls 47 en 48, nl. albei SDSSDS, bedoel om die reëlmataige 'gehoorsaamheid' van die regters te benadruk.

vurige perd as hy hom een maal die vrye teuels gee vir 'n volle galop, en hom selfs nog die spore gee, en 'n ander maal die leisels kort vat en hom in 'n sirkelbaan indwing (49-54); die skielike stadiger versmaat van 53-54, nl. DSSSDS, pas weer baie goed by die spoedvermindering wat in dié reëls beskryf word.

Na die aanskoulike, ses reëls lange ruiter-simile benadruk die digter ten slotte nog eens d.m.v. twee anafories ingeleide retoriiese vrae, gerig tot Piso, sy totale emosionele (55) en intellektuele (56) oorheersing van die regters: watter regter hang nie stomverbaas aan jou lippe nie? watter een is nog in beheer van sy eie denke en is nie onder jou 'gewigtige' invloed nie? (55-56). Die laasgenoemde vraag sinspeel met die woorde *regit* en *tua pondera* en met sy opvallende, 'galopperende' DDDDS-versritme miskien nog eens op die voorafgaande ruiter-simile: Piso is as 't ware 'in die saal'.

37. *Sed quae Pisonum claros*: Weber het die ongewone gebruik van *sed* hier op die volgende twee maniere probeer verklaar: '*Sed* quid te exhortor, ut superes res bellicas maiorum forensibus tuis actis, cum eloquentia tua in foro iam notissima sit; nam populus iam stipat fora etc.; vel: *Sed* iam antecessisti titulos maiorum tuorum; nam populus, qui olim impleverat vias, triumphos maiorum tuorum visurus, nunc stipat eadem fora te dicentem auditurus.'<sup>69</sup> Seel stel as derde moontlikheid 'n direkte aanknoping by die voorafgaande reël voor: 'Die Waffen sind der Toga gewichen, aber die, die sich früher an den Triumphen deiner Vorfahren begeistert haben, strömen jetzt um deiner Beredsamkeit willen auf die Straßen (*sic!*)'.<sup>70</sup> Ek stel as vierde moontlikheid voor: '*Sed* – ut reuertar ad comparisonem oratoris cum duce, quam interruperam exhortatione (vv.32-36) – ea turba quae olim Pisonum uisura triumphos impleuerat vias, eadem nunc stipat fora ...'.<sup>71</sup>

Hunt se argumente ten gunste van die Florilegia se lesing, nl. *quaeque patrum claros*

<sup>69</sup>C.F. Weber, *Commentarii de panegyrico in Calpurnium Pisonem, Indices lectionum*, Marburg 1860/61, 6.

<sup>70</sup>Seel, op.cit., ad loc.

<sup>71</sup>Vir hierdie 'hervattende' betekenis van *sed*, cf. *OLD* s.v. 2 b/c.

*quondam uisura triumphos / omnes,*<sup>72</sup> het klaarblyklik geen indruk op Amat gemaak nie. Die voegwoord *-que* sou hier waarskynlik ook nog minder van pas wees as die Sichard-edisie se *sed*.

37/40. *uisura ... defensura*: Die predikatiewe gebruik van die toekomende deelwoord ten einde 'n doel uit te druk, het eers sedert Livius, Vergilius en Ovidius in die mode gekom;<sup>73</sup> net so *auditura* in 85 hier onder.

39. *ardua nunc eadem stipat fora*: Die vertolking van *ardua* is baie omstrede. Weber het gemeen dat dit *turba* in die voorafgaande reël bepaal en die opmerksame houding van die mense beskryf wat 'erecta cervice' staan; hy het as parallelle Verg.*Aen.*9.53 aangehaal, waar Turnus te perd *campo sese arduus infert*, en Hor.*Carm.*1.2.89 (*equi*) *ardua ceruix*.<sup>74</sup> Martin verkieë om dit saam met *fora* te neem, 'since *fora* probably refers to the imperial *fora* and these, unlike the forum Romanum, were enclosed by walls and colonnades, each forming an architectural unit. Being such, the adjective *ardua* might be applied to them as to magnificent and lofty public buildings.'<sup>75</sup> Ook Duff & Duff neem dit saam met *fora*, maar vertaal dit as 'laborious law-courts'; vir Verdière is dit 'plus plausible' dat *ardua* die *turba* beskryf wat bo-op die kolonnades rondom die *fora* sit (!).<sup>76</sup> Bolisani vertaal dit eenvoudig as 'l'alto foro', maar Seel sluit hom aan by Weber, stel *arduus* gelyk met *erectus* en vertaal met 'mit gereckten Hälsen'. En laastens meen Amat weer dis 'plus plausible' dat *ardua* na die feit verwys dat die *fora* moeilik toeganklik én stampvol was en dat dit vir die massas baie eng geword het: sy vertaal dit dus met 'forums encombrées'. Inderdaad: soveel hoofde, soveel sinne! Slegs Weber en Martin se vertolkings klink vir my enigsins voor-die-hand-liggend en ongedwonge, maar Weber se aangehaalde 'parallelle' oortuig nie, en ek vind ook geen steun in die *ThLL* vir sy idee dat *ardua turba* deur enige Romein as gelykbeduidend met *turba ceruicibus arduis*

<sup>72</sup>J.M.Hunt, 'Notes on the *Laus Pisonis*', *Latomus* 29 (1970) 478 sq.

<sup>73</sup>Cf. L.R.Palmer, *The Latin Language*, 3e ed. Londen 1961, 326 sq.

<sup>74</sup>Op.cit.6.

<sup>75</sup>Martin, op.cit., ad loc.

<sup>76</sup>Verdière, op.cit., ad loc.

verstaan sou kon word nie. M.i. is dus Martin se vertolking die waarskynlikste, nl. dat *ardua fora* ‘die (keiserlike) forums met hulle hoë geboue/fasades’ bedoel; vir *arduuus* in die betekenis ‘hoog’, cf. Verg.*Aen.*3.665: *necdum fluctus latera ardua tinxit (sc. PolypheMI)*; Val.*Fl.*3.462: *ardua celsis / insternunt tabulata (i.e. die roeibanke) toris*; Sil.14.634: *ardua primus / ad muros dux signa rapit*; Prud.*Ham.*368: *ardua securis scandit proscaenia plantis*.<sup>77</sup>

Omdat regsgleging tradisioneel in geboue rondom die *fora* plaasvind – waarvan daar in die vroeë Keisertyd reeds drie is, nl. die ou *Forum Romanum*, die *Forum Iulium* (of *Caesaris*) en die *Forum Augustum*<sup>78</sup> – is *forum* ook die normale woord vir ‘geregshof / hof’.

39-40. *tua ... uocem facundia mittit*: Weer ’n mooi personifikasie; net so *citat hasta* in die volgende reël.

41-42. *ad iura decem citat hasta uirorum / ... centeno iudice*: Die *decemviri (st)litibus iudicandis* was in die tyd van die Republiek die regters in hofsake betreffende persone se *status libertatis*, maar Keiser Augustus het hulle hierdie bevoegdheid ontneem en hulle tot voorsitters van die afsonderlike kamers (*consilia*) van die Centumvirale Hof gemaak. Die Centumviri, ’n regbank wat in die tyd van die Republiek 105 lede getel het (drie uit elke *tribus*) en 180 in die tyd van die Jonger Plinius, het as regters in die Centumvirale Hof se vier kamers gedien; hierdie hof het waarskynlik hoofsaaklik gedinge i.v.m. eiendom en erfenisse gehanteer. By sittings van die Centumvirale Hof – net soos by publieke verkope, veilings en verpagtings – is daar gereeld as simbool van *iustum dominium*<sup>79</sup> ’n spies in die grond gesteek, en daarom word *hasta* by wyse van metonimie (‘pars pro toto’)<sup>80</sup> dikwels eenvoudig as benaming vir die Centumvirale Hof self gebruik.<sup>81</sup> *Citare* is in hierdie konteks ’n terminus technicus.

<sup>77</sup> *ThLL* 1.495.16 sqq.; *ThLL* 1.492.82 fouteer m.i. deur die woord in ons passasie as gelykbeduidend met *accliuis* te beskou.

<sup>78</sup> Meer hieroor in *OCD* s.vv.; *Kl.P.*2.601.19 sqq.

<sup>79</sup> Cf. Gaius, *Inst.* 4.16.

<sup>80</sup> Cf. Maurach, op.cit., par.98 sqq.

<sup>81</sup> Cf. *OCD* s.vv. ‘Decemviri stlitibus iudicandis’, ‘Centumviri’; *Kl.P.* s.vv. ‘Decemviri’, ‘Centumviri’, ‘Hasta’; W.Kunkel, *An Introduction to Roman Legal and Constitutional History*, Oxford 1966, 82.

42. *firmare ... causas*: ‘om hulle sake op ’n vaste basis te stel / te versterk / verstewig’.<sup>82</sup>

43. *seu capitale nefas ... diluis*: *nefas diluere* is hier – hoewel ietwat onlogies – in die plek van die meer gewone *crimen diluere* gebruik; Seel meen miskien tereg dat *nefas* as ’n meer digterlike woord beter by die styl van ’n lofdig pas.

Waar in 41-42 na siviele gedinge verwys is, kom in 43 kriminele sake ter sprake. Sulke hofsake het sedert die laat Republiek meestal voor een van die permanente *quaestiones* gedien, wat uit ’n jurie met ’n *iudex quaestionis* of *praetor* as voorsitter bestaan het. Vanaf die vroeë Keisertyd is van die belangriker kriminele sake ook d.m.v. *cognitiones extra ordinem* voor ’n jurie van senatore onder die voorsitterskap van die *praefectus urbi* of die *praefectus vigilum* behandel.<sup>83</sup>

Ek beskou Seel se kommentaar op hierdie reël as deels ongeregverdig (ek kursiveer die betrokke woorde): ‘Der Vers selbst nimmt inhaltlich den Gedanken von V.30 und auch den von V.40 wieder auf, wo *beide Male* davon die Rede ist, daß *Piso* einem Angeklagten zum *Freispruch verhilft*. Überhaupt ist es ja *kennzeichnend* für den Verfasser, daß er eine gewisse inhaltliche Dürftigkeit durch *häufige Paraphrasen des selben Details* auszugleichen und zu überspielen sucht.’ M.i. beweer die digter in reël 30 bloot in algemene terme (*licet*) dat ’n man met sy *virtus* in die hof roem kan verwerf deur ’n medeburger te red; in reëls 37-40 gaan dit om die reuse-skare wat saamdrom wanneer *Piso* welsprekend aangeklaagdes verdedig (*defensura*); in reëls 41-42 is hy eenvoudig ’n verdediger (*firmare ... causas*) in ’n siviele saak, en slegs in reël 43 weerlê hy ’n kriminele aanklag en ‘help hy ’n aangeklaagde aan ’n vrysspraak’. Ek kan hier werklik geen ‘parafrase van dieselfde detail’ sien nie.

44b-46a. *duraque, Piso, / ... ducis / uictor*: Die tekstradisie is hier besonder onseker. Om net die belangrikste variasies te noem: Sichard se *dura Piso nam* is metries verkeerd, die Florilegia lees *tu ... Piso* met ’n lakune tussen die twee woorde, Iunius en Scaliger druk *tu*

<sup>82</sup>Cf. *OLD*, s.v. *firmo*, 5.a., waar ons teks aangehaal word.

<sup>83</sup>Cf. Kunkel, op.cit. 63 sqq.

*quoque Piso;* in plaas van *ducis* het Sichard *tentas*, en i.p.v. *uictor* lees twee bronne *uictus*. Van die moderne uitgewers druk Martin *tu quoque Piso / ... ducis / uictor*, maar Duff & Duff verkieë *dum rapis una* ('n emendasie van Baehrens) */ ... temptas, / uictus ...*; Seel skryf *tu quoque Piso / ... temptas, / uictus ...*.<sup>84</sup> Amat beskou haar eie teks, nl. *duraque, Piso, / ... ducis / uictor* (afkomstig uit die verlore *codex Varsaviensis*)<sup>85</sup>, ten spyte van die 'rudesse de la construction *duraque possessaque pectora*' miskien tereg as 'la moins improbable', en sy vertolk dit as 'en jy, Piso, lei die wil van die regter en sy verharde hart, wat jy bemagtig het, as oorwinnaar'.<sup>86</sup> Amat se teks stem met dié van Verdière ooreen.

In die twee sinne *laudibus ipsa tuis resonant fora* (44) en *duraque, Piso, / ... ducis, / uictor* (44b-46a) word m.i. die gelykstelling van Piso se optrede as welsprekende advokaat met 'n triomftog voortgesit: dit is nog 'dieselbde' *turba* van die voorafgaande sin wat nou die *fora* laat weergalm van loftuitinge, en *ducis uictor* beteken m.i. 'jy lei - m.a.w. jy vertoon - seëvierend (nl. soos in 'n triomftog)'.<sup>87</sup> Vir hierdie gebruik van *ducere* in die sin van 'in 'n triomftog vertoon', cf. Liv.33.23.4-5: *C.Cornelius ... triumphauit. ... multi nobiles Galli ante currum ducti;* Liv.10.46.2-4: *Triumphauit ...; nobiles aliquot, clari suis patrumque factis, ducti.* Plin.N.H.7.43.135: *eundem in triumpho ... duxit puerum.*

44b-45. *duraque, Piso, / iudicis affectum possessaque pectora ducis:* *dura* moet seker *affectum* sowel as *pectora* bepaal, terwyl *possessa* – in die betekenis van *captiua* – dan predikatief saam met *ducis* gaan. Die taal en die woordorde bly maar taamlik ongemaklik.

Martin wys tereg daarop dat *affectus* meer op die emosies dui, en *pectora* op die intellek. Sy verskaf in haar verhandeling geen vertaling van die gedig nie, maar uit die kommentaar tot haar teks, wat *tu quoque* i.p.v. *duraque* lees, wil dit voorkom asof sy *possessa* as 'vooringenome' of 'partydig' vertolk. T.o.v. die gedagte verwys sy na Quint.*Inst.6.2.6*:

---

<sup>84</sup>Cf. Seel se bespreking, op.cit.57-58.

<sup>85</sup>Cf. p.2 n.5 supra.

<sup>86</sup>‘... et tu mènes, Pison, la volonté du juge et son cœur endurci dont tu t'es emparé en vainqueur.’

<sup>87</sup>Aldus ook Martin, op.cit., ad loc.

*ita omnem ueritatis inquirendae rationem iudex omittit occupatus adfectibus: aestu fertur et uelut rapido flumini obsequitur.*

45. *iudicis*: Die woord kom sewe maal in die gedig voor, en wel uitsluitlik in die enkelvoud:<sup>88</sup> in die meeste gevalle suggereer die konteks dat eintlik 'n meervoud bedoel word, d.w.s. 'regters' in die sin van 'jurielede', of 'die voorsitter én lede van die jurie', maar soms dink die digter stellig spesifiek aan die voorsitter (dalk 'n *iudex quaestionis*), soos bv. in reël 29. Ek vertaal dit eenvoudigshalwe oral as 'n enkelvoud.

47-48. *flet, si flere iubes, gaudet, gaudere coactus ...*: Diewoordherhalings en die parallelle struktuur van die twee sinne beklemtoon die inhoud baie effektief. Die belangrikheid van 'n advokaat se vermoë om regters en juries se emosies en gedagtes te manipuleer, word in verskeie werke oor die redenaarskuns benadruk; cf. e.g. Cic.*Or.* 131: ... *mens iudicum permouenda est ... ut irascatur iudex mitigetur, inuideat faueat, contemnat admiretur, oderit diligat, cupiat fastidiat, speret metuat, laetetur doleat.* Cf. ook id.*Brut.* 168-188; *De Or.* 2.185-188. Verder Quint.*Inst.* 6.2.3: *qui uero iudicem rapere et in quem uellet habitum animi posset perducere, quo dicto flendum irascendum esset, rarus fuit.*

Seel wil uit *capit iudex ... iram* aflei dat Piso, wat sover slegs as advokaat vir die verdediging voorgestel is, ook as advokaat vir eisers optree, want 'n toornige regter impliseer na sy mening 'n skuldigbevinding. Hierdie argument hou nie noodwendig steek nie, want Piso kan mos ook as advokaat vir die verdediging by die regter woede jeens die aanklaer aanblaas, wat dan tot die vryspreek van die beskuldigde mag lei.

49-54. *Sic auriga solet ... Thessalus ...*: Om Piso se beheer oor die regter te vergelyk met dié van 'n Thessaliiese ruiter oor sy perd, is 'n besondere kompliment: Thessaliiese ruiters was by uitstek befaamd om hulle vaardigheid én hulle perde.<sup>89</sup> Keiser Claudius het byvoorbeeld

---

<sup>88</sup>nl. in reëls 29, 42, 45, 48, 55, 65, 85.

<sup>89</sup>Kl. P.5.758, s.v. 'Thessalien'.

in die Circus Maximus vertonings aangebied waar Thessaliese ruiters *feros tauros per spatia circi agunt insiliuntque defessos et ad terram cornibus detrahunt*.<sup>90</sup> Seel lei uit die digter se beskrywing van die perdry-tegnieke in hierdie verse seker tereg af dat hy 'n goeie kenner van die rykuns moes gewees het.<sup>91</sup>

49. *auriga*: Die digter se gebruik van *auriga* is hier natuurlik baie misleidend, want drie reëls later lees ons hoe ons 'wadrywer' sy *quadripes* meteens *calce citat* – wat natuurlik beteken dat hy stellig 'n ruiter moet wees! Hoewel die woord glo etimologies bloot 'leisel-hanteerder' beteken,<sup>92</sup> word dit blykbaar tog nêrens elders in die behoue letterkunde in die betekenis 'ruiter' aangetref nie.<sup>93</sup> Het lesers deur die eeue heen dalk almal by die lees van *calce citat* daar vreemd van opgekyk, maar niemand dit ooit nodig geag (of reggekry) om die 'glips' te emendeer nie, of was dit miskien vir die antieke lesers minder vreemd omdat die woord na hulle gevoel eintlik basies 'bestuurder' (en nie 'wa-drywer' nie) beteken het?<sup>94</sup>

49. *feruentia ... ora*: Sinekdogee ('pars pro toto').

50. *mobilibus frenis*: *Frenum* kan óf die hele toom óf die teuels óf bloot die gebit beteken.<sup>95</sup> Duff & Duff vertaal eenvoudig met 'mobile bit', maar Verdière en Amat meen dalk tereg dat die digter met *mobile frenum* spesifiek na 'n sogenaamde 'trens' verwys, wat 'n mens as 'n

<sup>90</sup>Suet.*Claud.*21.3.

<sup>91</sup>Op.cit.61 n.2. Cf.ook Calp.Sic.*Ecl.*6.52-55, waar die digter duidelik as 'n perdekenner voorkom.

<sup>92</sup>Festus 8: *Aureax. Auriga. Aureas enim dicebant frenum quod ad aures equorum religebatur*. Cf.*L&S* s.v. *auriga*: \* *aurea-ago* 'he that handles the reins'.

<sup>93</sup>*ThLL* 2.1499.45 sê: 'nota: ipse eques accipiens uidetur' en haal dan as enigste geval reëls 49-50 van ons gedig aan.

<sup>94</sup>Seel, op.cit.61, bestempel die gebruik van *auriga* hier as 'n 'Inkonsequenz', maar wil dit nie aan nalatigheid toeskryf nie.

<sup>95</sup>*OLD* s.v. *frenum* 1: 'including the reins and bit'.

‘skarniervormige skakelgebit’ kan beskryf.<sup>96</sup> Martin bespreek die punt nie, en Seel vertaal dit met ‘mit nachgiebigem Zügel’.

50. *flectere*: Seel wys tereg op die gepaste woordkeuse in hierdie konteks, omdat juis *flectere* ook baie gereeld in ’n oordragtelike sin vir die ‘buig’ van mense se gevoelens of opinies gebruik word.

*Flectere* is natuurlik ook die belangrikste van die drie take van die *orator*; cf. Cic. *Or. 21.69*: *Erit igitur eloquens ... is qui in foro causisque ciuilibus ita dicet ut probet, ut delectet, ut flectat. Probare necessitatis est, delectare suavitatis, flectere uictoriae: nam id unum ex omnibus ad obtinendas causas potest plurimum.*

51-53. *modo ... modo ... et nunc ...*: Die versoeking is groot om hier ’n progressie na ’n bepaalde doelwit toe te wil sien, m.a.w. ‘eers ..., dan ..., en ten slotte ...’, m.a.w. asof hier aangetoon word hoe Piso die regters as ’t ware met ’n slenter onder sy beheer kry, en Seel vertaal dit ook inderdaad so.<sup>97</sup> Maar dit is hier waarskynlik nie so bedoel nie aangesien die vergelyking veronderstel is om die situasie van reëls 46-48 te illustreer, waar daar geen sprake van ’n stapsgewyse oorhaling van die regter was nie, maar eenvoudig van die absolute beheer oor hom en sy emosies: nou laat hy hom huil, dan lag, dan weer woedend word.

51. *permittit habenas*: Dieselfde frase kom in ’n soortgelyke konteks in die *Panegyricus Messallae* 91-94 voor: *aut quis equum celeremue (sic!) arto compescere freno / possit et effusas tardo permettere habenas / inque uicem modo directo contendere passu, / seu libet, curuo breuius conuertere gyro.* Daar bestaan inderdaad soveel inhoudelike en taalkundige

<sup>96</sup>Cf. F.F.Odendaal e.a., *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, s.v. So ’n gebit verminder die gevær dat die bek beseer word wanneer die dier skerp opgeruk word. Alles oor antieke gebitte, insluitend illustrasies, is te vinde in C.Daremberg & E.Saglio, *Dictionnaire des Antiquités Grecques et Romaines*, Parys 1896, vol.2.2.1337 sqq.

<sup>97</sup>Seel praat van die ‘Wagenlenker’ (*sic!*) wat sy wil aan sy ‘Rosse’ (*sic!*) opdwing ‘indem er sie zunächst frei laufen lässt und sie sogar noch anstachelt, um sie dann geschickt in die von ihm gewünschten Bahnen zu lenken’; op.cit.61 met n.2.

ooreenkoms tussen die *Panegyricus Messallae* en ons lofdig dat veelal aangeneem word dat ons oueur dié gedig moes geken het.<sup>98</sup>

51/52. *rapido ... quadrupedi*: Hoewel die woord *quadrupes* enige dier kan beskryf, is dit natuurlik by epiese digters, vermoedelik veral weens sy klanknabootsende en metriese waarde, gewild as omskrywing van *equus*; cf. Ov. *Met.* 2.84-86: *nec tibi quadripedes animosos ... in promptu regere est.*

52. *calce citat*: Die alliterasie illustreer as 't ware die aksie. *calce*: 'met die hakskeen'. Duff & Duff sê 'spurring his rapid steed', Verdière en Amat gebruik 'talon' wat blykbaar sowel 'hak' as 'spoor' kan beteken, en Bolisani en Seel vertaal die woord met 'spore': *calce* kan natuurlik metonimies vir *calcari* instaan, maar dit is nie nodig om outomaties aan te neem dat Thessaliiese ruiters wel spore gebruik het nie. Spore is wel by die Griekse vanaf die vyfde eeu v.C. bekend, maar blykbaar in die antieke wêreld glad nie algemeen gebruik nie.<sup>99</sup>

52-53. *succutit arte / flexibiles rictus*: Martin verstaan *arte* as 'n bywoord en vertaal: 'tightly he reins up the sensitive mouth'; sy verwys hiervoor na *Pan.Mess.* 91, waar die uitdrukking *equum celerem ... arto compescere freno* voorkom; ook Bolisani verstaan dit so: 'in alto'. Verdière, Seel en Amat daarenteen verkies om *arte* as 'n s.nw. te vertolk. Ek vind die eersgenoemde vertolking om twee redes verkieslik: eerstens omdat die woord *artus* blykbaar tog in die vaktaal van die rykuns gebruiklik is – soos te sien uit die pas aangehaalde

<sup>98</sup>Aldus e.g. A.Salvatore, 'De Laudibus Pisonis cum Panegyrico Messallae atque Calpurni Bucolicis comparatis', *RFIC* 27 (1949) 177-190; A.La Penna, 'Dal *Panegyricus Messallae* alla *Laus Pisonis*. Trasformazione di modelli etici', in M.Pani (red.), *Continuità e trasformazione fra Repubblica e Principato*, Bari 1991, 182. Oor die *Panegyricus Messallae* self, sien nou ook D.Esteñanía Álvarez, 'El panegírico poético latino a partir de Augusto. Algunas calas', *Myrtia* 13 (1998) 156 sqq.; ongelukkig bespreek sy nie die *De Laude Pisonis* nie.

<sup>99</sup>Kl. P.5.321, s.v. 'Sporn'. Verg. *Aen.* 11.714 gebruik *calx ferrata* as sinoniem vir *calcar*. Vir Romeinse spore, ook afbeeldings, sien Daremburg & Saglio, op.cit. I.2, 814 s.v. 'Calcar'.

frase uit *Pan.Mess.* – en tweedens omdat na my gevoel by die kragtige, aanskoulike werkwoord *succutit* hier 'n meer spesifieke bepaling soos 'stif/vas/hard' meer gepas is as die algemene beskrywing 'met vaardigheid'.<sup>100</sup>

54. *effusos in gyrum carpere cursus*: Die ekspressiewe herhaling van die r-klank val nogal op. *Carpere* (basies 'pluk, bietjie-bietjie wegneem, verminder, verklein') word by objekte soos *uiam, iter, fugam, uolatum*, en selfs *aethera*, weergegee as 'aflê/deurreis'. Martin meen dat *cursus in gyrum carpere* hier eenvoudig dieselfde beteken as *gyrum carpere* in Verg.*Geor.*3.191: *carpere mox gyrum incipiat* (*sc.* 'n jong perd), d.w.s. 'om in 'n kring of sirkel te hardloop'. Duff & Duff gee ons frase weer as 'to pull its wild rush into a circle', Bolisani as 'in cerchio ne inizia la corsa impetuosa'. Maar Seel skryf 'um ... so den gestreckten Galopp im Zirkel abzufangen' en Amat verstaan dit as 'om die onbeteuelde vaart te verlangsaam ten einde 'n draai (of kringrit?) te maak':<sup>101</sup> hulle voeg dus albei die idee van 'spoedvermindering' by, waarvoor ek egter geen enkele parallel kan vind nie.<sup>102</sup> Maar andersyds impliseer die konteks self dat die ruiter, wat éérs sy perd tot die grootste spoed aangepor het, seker met *succutit arte / flexibiles rictus* reeds die spoed wil verminder, en dat die spoed vir 'n kringrit uiteraard verlangsaam moet word. Ek vind ten slotte dat ook die skielike 'trae' metrum van reëls 53 en 54, nl. DSSSDS, die gevoel laat ontstaan dat dit stadiger gaan. Ek verkieks en steun dus Amat se vertolking van ons versreël.<sup>103</sup>

Vir *in gyrum* cf. Ov.*A.A.*3.384: *in gyros ire coactus equus*.– *Effusus* kan benewens die betekenis 'oor 'n wye gebied' ook die konnotasies 'onbeheersd' of 'wanordelik / ongedissiplineerd' dra.<sup>104</sup>

<sup>100</sup>Cf. ook *ThLL* 2.724.65 waar ons teks inderdaad s.v. *artus* aangehaal word.

<sup>101</sup>'à ralentir la course effrénée pour décrire une volte'.

<sup>102</sup>Maar wel vir 'aftakel, verswak', e.g. Verg.*Geor.*3.215-216 *carpit ... uires*; Ov.*Pont.*1.4.21: *corpus ... carpit ... labor*; Sen.*Ep.*26.4: *non ... subito impulsi ac prostrati sumus: carpimur*; Octav.*550*: *florem decoris singuli carpunt dies*.

<sup>103</sup>*ThLL* 3.494.13 is blykbaar nie heeltemal seker hoe om ons reël te verstaan nie, want dit word aan die einde van die artikel *carpere* onder 'nota de actione' aangehaal.(?)

<sup>104</sup>Vir 'n *effusus cursus* in laasgenoemde sin, cf. Liv.2.50.6 *cum improuidi effuso cursu insidias circa ipsum iter locatas superassent*.

56. *nisi per tua pondera*: ‘behalwe deur jou gewig’, d.w.s. ‘sonder jou sterk beïnvloeding’; cf. Prop.3.7.44: *si ... / uerba ... duxisset pondus habere mea*; Cic.*De Or.*2.73: *omnium uerborum pondere est utendum*; Ov.*Her.*3,98: *et mea, pro! nullo pondere verba cadunt*; Val.*Fl.*1.39: *fictis dat uultum et pondera dictis*.

57-64. Nadat in die voorgaande seksie Piso as die triomferende advokaat verheerlik is, en daar getoon is hoe hy die regters totaal in sy greep het, word in die volgende agt reëls die kollig geplaas op die grondliggende rede vir sy geweldige invloed op die regters, te wete sy uitmuntendheid as redekunstenaar. Met *Nam tu* (57) word hierdie deel as redegewend besonder nou aan die voorafgaande verbind en terselfdertyd Piso onmiddellik weer sterk as onderwerp van die lofdig uitgelig. In besonder beeldryke taal beskryf die digter die drie basiese spreek-style waarin Piso uitblink, en laat hy sy *laudandus* dan in elkeen bo die betrokke ‘klassieke’ Griekse meester uitblink: (eerstens) as Piso hael, reën en stringe bliksemstrale tegelyk wil uitstuur, m.a.w. as hy sy toehoorders werklik ‘oordonderend’ wil beïndruk (57-58) – hier is reël 58 tegelyk ’n vyf-woorde- én ’n goue versreël – of (tweedens) as hy intendeel lus het om ’n gedronge – kan reël 59 se metrum DSSSDS dít enigsins weerspieël? – en eenvoudig gestruktureerde styl te gebruik (59-60), dan oortref hy respektiewelik Odysseus in krag en Menelaos in bondigheid (61); lg. reël is ’n vyf-woorde-reël. Of (derdens) as Piso dalk ’n aangenaam vloeiende, blomryke styl verkies, oortref hy weer die soete bekoorlikheid van Nestor (62-64); die slotreël 64 is ’n deftige *uersus aureus*.

57-58. *cum grandine nimbos ... fulmina*: Vir hierdie metaforiese gebruik van hael, reën en bliksemstrale om ’n kragtige redevoering te beskryf, cf. Aus.(ed.Green) *Ep.*9.13: *qui grandines Vlxei (superat)*; Cic.*Fam.*9.21.1: *uerborum meorum fulmina*; *id.Or.*70.234: (*Demosthenis*) *non tam uibrarent fulmina illa*; Val.*Max.*5.3.3: *quo nimbo, qua procella uerborum impium Sextili caput obrui meretur*.

Dit gaan hier natuurlik om een van die drie *genera dicendi*, nl. die *genus grande* (ook genoem *graue*, *sublime*, *uehemens*): Cicero onderskei e.g. in *Or.*21.69 die drie soorte soos volg: *Sed quot officia oratoris, tot sunt genera dicendi: subtile in probando, modicum in*

*delectando, uehemens in flectendo; in quo uno uis omnis oratoris est.* Van hierdie laaste redenaarstyl sê hy verder in *Or.28.97*: *Huius eloquentiae est tractare animos, huius omni modo permouere. Haec modo perfringit, modo inrexit in sensus; inserit nouas opiniones, euellit insitas.*<sup>105</sup>

'n Mens wonder of die woord *grando* se gebruik i.v.m. die beskrywing van die *genus grande loquendi* nie dalk oorspronklik ook aan die klankverwantskap tussen die twee woorde te danke was nie.

58. *densa que uibrata iaculari fulmina lingua:* Aangesien *uibrare* sowel transitief as intransitief gebruik kan word, beteken *lingua uibrata*, 'die tong wat in trillende beweging geplaas is', in hierdie konteks seker nouliks iets anders as *lingua vibrans*, 'die trillende tong' nie; cf. *Verg.Aen.2.211*: *angues ... linguis uibrantibus*; *Luc.9.631*: *angues ... uibratis ... linguis.*<sup>106</sup>

59. *astrictas in nodum cogere uoces:* 'n Kragtige, byna aanskoulike uitdrukking omdat *astrictas*, *in nodum* en *cogere* al drie die begrip 'kondenseer' bevat: lett. 'om gedronge uitinge tot 'n knoop byeen te bring', waarby *nodus* miskien 'n formulering moet aandui wat so gedronge of beknop is dat dit moeilik te verstaan is. 'n Te woordelikse vertaling, soos 'le sentenze serrare in un nodo' (Bolisani), 'verschlungene (*sic!*) Sätze zu einem Knoten zu flechten' (Seel), of die vertaling van *in nodum* met 'in a period' (Duff & Duff) of 'en un noeud' (Verdière en Amat) bevredig egter nie.

Wat die herkoms van die uitdrukking *in nodum cogere* betref, lyk Martin se verklaring dat dit 'n figuurlike aanwending is van die gebruik om bv. hare in 'n 'knoop' of 'bolla' te bind, nogal aanneemlik; cf. *Ov.Met.3.170*: *capillos colligit in nodum*; verder *Tac.Germ.38*: *insigne gentis ... crinem nodo substringere*. *Quint.Inst.9.4.127* gebruik die woord *nodus* in

<sup>105</sup>Cf. A.D.Leeman, *Orationis Ratio*, Amsterdam 1963, 29 sqq.

<sup>106</sup>Cf. ook Martin en Seel, opp.citt., ad loc.; Seel, op.cit.158, gebruik die feit dat *uibratus* slegs in ons gedig en by Lucanus as sinoniem van *vibrans* voorkom as een van die argumente ten gunste van sy teorie dat Lucanus die outeur van ons lofdig moet wees.

'n konteks wat nogal aan ons s'n verwant is: *membratim plerumque narrabimus, aut ipsas periodos maioribus interuallis et uelut laxioribus nodis resoluemus*. Die *OLD*, s.v. *nodus* 3, neem ons passasie ook in dié sin op. Ek vind geen parallelle wat *nodus* spesifiek as 'n terminus technicus in die retoriek uitwys nie, maar die woord kom natuurlik wel in die sin van 'moeilikheid' of 'probleem' voor.

Vir *astrictus* in die betekenis 'gedrongo/beknop', cf. *Cic.Brut.*90.309: *dialectica quasi contracta et astricta eloquentia putanda est*; *Quint.Inst.*10.1.106: *ille concludit astrictius, hic latius*.

60. *dare subtili uiuacia uerba catenae*: Die vertolking van die woord *catena* is problematies. Martin meen dat *dare ... catenae* gemodelleer is op die letterlike 'aan 'n ketting lê' of dan liever 'in kettings slaan', soos in *Hor.Carm.*1.37.20-21: *daret ut catenis fatale monstrum (sc. Cleopatram)*, m.a.w. dat ons hier met 'n metafoor te make het: sy dink die digter verwys na 'concise and simple diction, none the less powerful'. Duff & Duff se vertaling lui: 'and lend enduring words to the graceful texture of your speech', Verdière skryf 'et à emprisonner d'une chaîne subtile l'impétuosité de ton éloquence', Bolisani 'e le fortí parole sottoporre a sottile catena', Seel 'und feurige Worte an feingliedrige Ketten zu legen', en Amat 'et enchaîner subtilement des paroles fougueuses (i.e. vurige woorde)'. Martin en Verdière verwys ook na *Quint.Inst.*5.14.32: *in catenis ligant et inexplicabili serie conectunt*, waar uitgerekte, breedvoerige argumentasie bedoel word. Al die vertalings klink eenvoudig vaag en onbevredigend. Daarenteen beskou die *ThLL*<sup>107</sup> *catena* in ons passasie as 'n *terminus technicus rhetorum* en haal daarmee saam ook die volgende twee ander *loci* aan: Isid. *Orig.*2.21.4 *hanc figuram* (climacem i.q. gradationem) *nonnulli catenam appellant, propter quod aliud in alio quasi nectitur nomine e.q.s.*; cf. *Rut.Lup.*1.13 *quem ad modum catenam ... circuli ... uinciunt, sic huius schematis (i.e. ἐπιπλοκῆς) utilitatem complures sententiae inter se conexae continent*. Die *ThLL* verstaan *subtilis catena* dus as 'n 'gradatio in onopgesmukte styl', wat m.i. in die konteks die voor-die-hand-liggende vertolking is: die *laudandus*,

---

<sup>107</sup> *ThLL* 3.606.64 sqq.

'n groot redenaar, sou dit nie anders verstaan het nie.<sup>108</sup> 'n Mooi voorbeeld van 'n kort *gradatio* is Auct.Her.4.25.34: *Africano uirtutem industria, uirtus gloriam, gloria aemulos comparauit.*

Die b.nw. *subtilis* verwys in hierdie konteks vermoedelik na die eenvoudige, onversierde, meer beknopte styl van redevoering, die sg. *genus subtile* (ook genoem *simplex/humilis/adtenuatum*).<sup>109</sup>

Die alliterasie in *uiuacia uerba* is besonder welluidend.

61. *uim Laertiadae, breuitatem uincis Atridae:* Antenor verwys na Odysseus, seun van Laertes, se redenaarsvermoë in Hom.*Ilias* 3.221-223 soos volg: ἀλλ᾽ ὅτε δὴ ὅπα τε μεγάλην ἐκ στήθεος εἴη / καὶ ἐπεια νιφάδεσσιν ἔοικότα χειμερίησιν, / οὐκ ἀν ἐπειτ· 'Οδυσῆτ γ' ἐρίσσειε βροτὸς ἄλλος. Quint.*Inst.* 12.10.64 gee die essensie daarvan so weer: *sed (Homerus) summam expressurus in Vixe facundiam et magnitudinem illi uocis et uim orationis niuibus hibernis et copia uerborum atque impetu parem tribuit.* Ook Cic.*Brutus* 10.40 verwys na Odysseus se *in dicendo ... uim*.<sup>110</sup>

'n Paar verse vroeër in Homerus se *Ilias*, nl. in 3.213-215, staan Antenor se beskrywing van die redekuns van Menelaos, seun van Atreus: ἡτοι μὲν Μενέλαος ἐπιτροχάδην ἀγόρευε, / παῦρα μέν, ἀλλὰ μάλα λιγέως, ἐπεὶ οὐ πολύμυθος / οὐδ' ἀφαμαρτοεπής. Hier is Quint.*Inst.* 12.10.64 se weergawe: *Nam et Homerus breuem quidem cum iucunditate et propriam (id enim est non deerrare uerbis) et carentem superuacuis eloquentiam Menelao dedit.*

62-63. *dulcia seu mavis ... uerba nec incluso sed aperto pingere flore:* Op die gevaar van pedanties te wees: die gebruik van die voegwoord *nec* (in teenstelling met die bywoord *non*)

<sup>108</sup>Vir *gradatio* = *climax* = *catena* cf. Menge, op.cit., par.551.16; H.Lausberg, *Elemente der literarischen Rhetorik*, 3e ed., München 1967, par.256.

<sup>109</sup>E.g. Cic.*Or.* 21.69 (cf. aant. by reël 57 supra). Cf. ook Leeman, op.cit. 29.

<sup>110</sup>Ook in *Pan.Mess.* 48sqq. en 81 word die *laudandus* ten opsigte van sy redenaarsvermoë kortlik met Odysseus en Nestor vergelyk.

beteken m.i. dat *mauis* hier met twee objekte gekonstrueer is, m.a.w. ‘Of as jy (eerstens) soet woorde ... verkies *en* (tweedens verkies) om nie ... maar ... te skilder’. Duff & Duff, Seel en Amat vertaal naamlik *uerba* asof dit die sintaktiese objek van *pingere* is.

63. *nec inclusus sed aperto pingere flore*: *Flos* beteken in die redenaar se vaktaal ‘bloemrykheid, versiersel, versiering’, maar blykbaar sonder die nuanse van oordrewenheid soos wat die Afrikaanse woord ‘bloemryk’ wel kan hê; cf. Cic.*De Or.*3.25.96: *ut porro conspersa sit (oratio) quasi uerborum sententiarumque floribus*; id.*Parad.*2: *Cato ... in ea est haeresi, quae nullum sequitur florem orationis*; id.*Brutus* 87.298: *nihil (Catonis) lineamentis nisi ... florem et colorem defuisse*; Quint.*Inst.*8.3.87: *(Oratio) floribus laeta*.

Streng gesproke kan *inclusus* nie ‘geslote’ beteken nie, maar wel ‘weggesteek, verborge, bedek’, en so verstaan ook die *ThLL* dit klaarblyklik in ons passasie.<sup>111</sup> Daarom is dit m.i. beter om *nec inclusus sed aperto ... flore* soos Martin as ‘not with restrained but with free ornamentation’ te vertolk of om dit soos Duff & Duff met ‘with no concealed but with open flowers of speech’ te vertaal as om metafories van ‘geslote’ en ‘oop bloeisels’ te praat, soos Verdière wat sê: ‘fleurs non point fermées, mais ouvertes’, of Seel: ‘in gleitendem (*sic!*) Lauf fließende Worte in lieblicher Weise (*sic!*), nicht mit geschlossener, sondern mit offener Blüte zu malen’, en Amat skryf selfs: ‘en les ornant de fleurs qui ne se ferment pas mais restent grandes ouvertes’.

Die werkwoord *pingere* word in die konteks van die stylteorie gereeld metafories in die betekenis ‘versier/opsmuk’ gebruik; cf. Cic.*Brutus* 37.141: *Σχήματα enim ... non tam in uerbis pingendis habent pondus quam in inluminandis sententiis*; cf. id.*De Or.*3.100: *quamuis claris sit coloribus picta uel poesis uel oratio*,<sup>112</sup> Petr.118.2: *controversiam sententiolis uibrantibus pictam*.

<sup>111</sup>*ThLL* 7.957.20.

<sup>112</sup>*Color* is eweneens ’n element van *ornatus* in die redenaarskuns; cf. Leeman, op.cit.124: ‘a general quality of style’.

**64.** *Nestorei ... gratia mellis:* Nestor se veelgeprese styl, wat glo ‘soeter as heuning’ was, word die eerste keer in Hom.*Ilias* 1.247-249 vermeld: *τοῖσι δὲ Νέστωρ / ἡδυεπής ἀνόρουσε λιγὺς Πυλίων ἀγορητής, / τοῦ καὶ ἀπὸ γλώσσης μέλιτος γλυκίων ρέεν αὐδῆ.* Quint.*Inst.*12.10.64 vertel: *Homerus ... ex ore Nestoris dixit dulciorem melle profluere sermonem, qua certe delectatione nihil fingi maius potest.* Ook Plin.*Ep.*4.3.3. praat van *Homerici senis mella*.

Gellius 6.14.1-7 handel ‘de tribus dicendi generibus’ en verwys in par. 7 eweneens na die drie Homeriese redenaars: *Sed ea ipsa genera dicendi iam antiquitus tradita ab Homero sunt tria in tribus: magnificum in Vlixe et ubertum, subtile in Menelao et cohbitum, mixtum moderatumque in Nestore.*

**65-80.** Die lofprysing van Piso as redekunstenaar (57-65) het die voorafgaande behandeling van sy roem spesifiek as advokaat in die howe (37-54) netjies geskei van die behandeling van ‘n tweede spesifieke bron van ‘publieke’ roem, wat nou volg (65-80): Piso geniet naamlik nie slegs bewondering in die howe nie, maar ook in die senaat word hom veel welverdiende lof toegeswaai (65-67). Die digter beweer dat niemand na verdienste die roem kan beskryf wat Piso te beurt geval het op dié dag toe hy voor die senaat as consul die keiser (vir sy aanstelling) gedank en hom geprys het nie (68-71); die digter vier as ’t ware hierdie hoogtepunt in Piso se loopbaan deur somaar twee goue versreëls namekaar te skryf (70 en 71), die tweede ‘n ‘perfekte’ van net vyf woorde. En tog sou hyself, sê die digter, as hy reeds verstandelik en geestelik ryper was (73 is weer ‘n goue versreël), dit gewaag het om Piso se toespraak van dié dag in gedigvorm weer te gee (72-75a), en hy beklemtoon hierdie versekering duidelik deur die ongewoon swaar versmaat van reël 74 (SSSDDS);<sup>113</sup> maar, sê hy in ‘n beeld wat eerder in ‘n epiiese gevegsbeskrywing sou pas, sy ‘nek’ en ‘bene’ is vir so ‘n gewigtige taak veels te swak (75b-76). Net soos die lofprysing van Piso se forensiese prestasies hierbo, sluit

---

<sup>113</sup>SSSDDS kom in die hele gedig slegs hierdie een keer voor, SSSDS twee maal (nl. in reëls 37 en 183).

ook hierdie deel oor sy senaatstoesprake met 'n simile af; maar terwyl die eerste simile (49-54) Piso se 'mag' geïllustreer het, belig hierdie tweede simile – nou in beeld – wat aan pastorale poësie herinner – ons jong digter se eie 'onmag': die swaeltjie waag dit nie, en sou dit ook nie vermag, om die sang van die swaan na te boots nie, en net so munt ook die stem van die nagtegaal uit bo dié van die raserige sonbesies wat die skroeiende middagson uitskel (77-80); die vergelyking word weer deftig met 'n *uersus aureus* afgesluit.

65-67. *Nec te, Piso, tamen populo sub iudice sola / mirantur fora; sed numerosa laude senatus / excipit et meritas reddit tibi curia uoces:* Die kommapunt na *fora*, wat in al my beskikbare uitgawes staan, is m.i. heeltemal onvanpas: dit skei nie net verkeerdelik *Nec ... sola* van sy logiese voortsetting *sed ...* nie, maar maak dit vir die leser ook moeiliker om by *excipit* in reël 67 nog geredelik die *te* van reël 65 as sy grammatiese objek te onthou.

Die digter skandeer die *-o* van *Piso* as 'n kort vokaal, nes Ovidius sy naam *Naso*. Verdière bestempel dit m.i. sonder rede as 'incorrect'.

65. *Nec ... tamen populo sub iudice sola / ... fora:* Die beskrywing 'forums onder die volk as regter' of 'howe waar die volk regspreek' sinspeel maar net daarop dat die voorsittende amptenare en jurielede die volk verteenwoordig – selfs al is die praetors sedert die dae van Keiser Tiberius nie meer deur die volk verkies nie, maar deur die senaat.<sup>114</sup> Duff & Duff vertaal met 'courts before a citizen jury', Seel met 'die Fora mit dem Volke als Richter', Amat sê (dubbelsinnig?) 'les forums avec leur jugement populaire'.

Die feit dat *fora* hier so pertinent deur die bepaling *populo sub iudice* gespesifiseer word, wek moontlik by die leser vir 'n oomblik die verwagting dat die *sed-sin* wat nou volg en waarin dit om die *senatus* en die *curia* gaan dalk oor hofsake in die senaat sal handel;<sup>115</sup>

<sup>114</sup>OCD s.v. 'comitia' (ad fin.).

<sup>115</sup>Gedurende die vroeë keisertyd was daar immers – benewens die gewone openbare juriehowe onder voorsitterskap van 'n praetor, en verhore voor die praefectus urbi of praefectus uigilum en 'n senatore-*consilium* – sedert keiser Tiberius ook verhore voor die senaat, veral as die aangeklaagdes lede van die senatorestand was, en dan veral sedert Claudius selfs verhore voor die keiser en sy *consilium*. Cf. Kunkel, op.cit.63-69.

eers in reëls 70-71 verneem ons dat dit hier om iets heel anders, en wel klaarblyklik om 'n eenmalige okkasie, gaan.

66. *numerosa laude*: N.Horsfall bestempel die feit dat *numerosus* drie maal in hierdie gedig voorkom (reëls 9, 66, 137) sekerlik ten onregte as een van die digter se 'tedious tricks (or tics)'.<sup>116</sup> Dis maar net 'n eerste-eeuse modewoord met 'n wye aanwendingsveld, soos maklik uit *L&S* en *OLD* se voorbeelde gesien kan word.

Ek kan nie met Seel saamstem nie wat beweer dat hier bedoel word 'daß eine große Zahl von Senatoren sein Konsulat begrüßte (*sic!*)'. Ek dink dat *sed ... senatus (te) excipit et ... reddit ... curia uoces*, met die werkwoorde nog steeds in die praesensvorm, duidelik as 'n algemeen geldige stelling geformuleer is waaruit ons moet aflei dat Piso gereeld met applous in die senaat gehoor word, en dat eers reëls 68-71 na die spesifieke geleenthed verwys.

67. *excipit*: *sc. te* (wat wel nog uit reël 65 onthou kan word): 'ontvang / verwelkom jou'. Cf. Ov.*Pont.4.4.35*: *curia te excipiet, patresque e more uocati / intendent aures ad tua uerba suas*. Seel se vertaling 'vernimmt dich' is m.i. inkorrekk.

67. *meritas reddit tibi curia uoces*: Martin meen dat die vertolking hiervan as 'die senaat gee jou jou verdiende toejuicing' – soos inderdaad Duff & Duff, Verdière, Seel en Amat die sin opneem – neerkom op 'a repetition of the thought in the preceding clause', en daarom verkies sy om die sin te vertaal met 'the curia echoes with the applause thou hast rightly won'. Ek vind haar vertolking in elk geval meer voor-die-hand-liggend omdat dit ook die normale onderskeid tussen *senatus* en *curia* in ag neem, al lyk *tibi* dan ook by hierdie vertolking moontlik effens oorbodig. Aan die ander kant: indien die alternatiewe vertolking verkies word, hoef sy inhoud darem ook nie noodwendig as 'n herhaling van die vorige sin se gedagte beskou te word nie: die eerste sin kan mos na Piso se binnekoms verwys en die tweede na die applous ná of gedurende redevoerings.

---

<sup>116</sup>Art.cit.268.

Vir *uoces* verwys Martin gepas na Cic.*De Or.*3.26.101 waar mooi uitroepe soos die volgende genoem word: *bene! praeclare! belle! festiue! non melius potest!*

68-69. *Quis digne referat, qualis tibi ... gloria contigerit:* Die vleiende implikasie van hierdie retoriiese vraag is natuurlik dat dié roem onbeskryflik groot is. Uit die konteks is dit duidelik dat die *gloria* wat die digter hier bedoel, nie uit sy consulskap self voortspruit nie, maar uit sy skitterende dankrede vir sy benoeming tot hierdie amp.

68. *luce sub illa:* Dit kan niks anders as ‘op daardie dag’ beteken nie, hoewel so ’n gebruik van *sub* uiters ongewoon is; die naaste parallelle wat ek kan vind, is dalk Ov.*Met.*1.603: *sub nitido ... die;* Stat.*Theb.*2.318: *per noctem ac luce sub omni.*<sup>117</sup>

70. *cum tua bis senos numeraret purpura fasces:* Die ietwat kriptiese ‘toe jou purper twee maal ses *fasces* getel het’ beteken natuurlik ‘toe jy, gekleë in ’n toga met ’n *purper* soom, deur twaalf *fasces*-draende liktore vergesel is’. Dis ’n geval van veelvoudige sinegdogee en metonimie: ‘purper’ = *toga praetexta* = curuliese amptenaar; twaalf *fasces* = twaalf liktore = dus: toe Piso consul was.

70. *tua ... purpura:* Dat Duff & Duff, Verdière en Amat dit eenvoudig met ‘purper’ vertaal, is misleidend, Bolisani se ‘di porpora ornato’ is beter, maar Seel se vertaling as ‘dein Purpurgewand’ is seker foutief: Piso het as consul in die senaat beslis nie ’n purper kleed gedra nie maar natuurlik die normale ampsdrag van alle *magistratus curules*, t.w. die *toga praetexta* met sy prominente purper soom.<sup>118</sup> Vir die gebruik van *purpura* in hierdie sin, cf. e.g. Ov.*Fasti* 1.81: *iamque noui praeunt fasces, noua purpura fulget;* Ov.*Pont.*4.4.25:

<sup>117</sup>OLD s.v.12 haal ons locus aan. Die temporale betekenis van *sub* met die abl. is gewoonlik ‘pas vóór’, soos in Verg.*Geor.*4.490: *Eurydicenque suam iam luce sub ipsa / ... respexit;* of in Plin. *N.H.*8.115: *ideo sub ista die quam maxime inuia petunt* (wat Martin soutiewelik as parallel vir ons onderhawige passasie noem).

<sup>118</sup>Cf. Kl.P.5.880.36.

*purpura Pompeium summi uelabit honoris;* Stat.Silv.4.1.1: *Laeta ... accedit purpura fastis;*  
*Mart.8.8.4: (licet) purpura te felix ... colat.*<sup>119</sup>

70. *bis senos ... fasces*: 'n Consul is in die openbaar gereeld vergesel deur sy twaalf liktore, assistente wat elkeen as simbool van sy mag oor lewe en dood die sg. *fasces* gedra het, 'n bondel bestaande uit 'n aantal stokke en (buite die stad) 'n byl.<sup>120</sup>

Sedert Tiberius is consuls deur die senaat gekies, sedert Nero meestal ná *commendatio* deur die keiser. Hulle pligte het al hoe meer seremonieel van aard geword, en hulle ampstyd was gewoonlik slegs maar vier maande: die eerste consul-paar van die jaar was die sg. *consules ordinarii*, die lateres die *consules suffecti*.<sup>121</sup> Indien ons Piso inderdaad, soos wat algemeen vermoed word, die latere samesweerde teen Nero is, moes hy een van die baie *consules suffecti* gewees het van wie se aanstellings en/of aanstellingsdatums ons onbewus is omdat hulle name nie almal in die behoue *fasti consulares*<sup>122</sup> oorgelewer is nie.

Martin verwys as parallel vir *bis senos fasces* na Ov.Pont.4.9.4: (*Aurora illa,) / bis senos fasces quae tibi prima dabit.*

70. *numeraret*: Vir hierdie betekenis, nl. 'om ('n aantal van iets) te hê', cf. e.g. Ov.Tr. 1.9.5: *donec eris felix, multos numerabis amicos;* Tac.Ann.1.35.2: (*ueterani) tricena aut supra stipendia numerantes.*

71. *Caesareum grato cecinisti pectore numen*: Is hierdie volmaakte 'versus aureus' dalk geskep om die perfeksie van Piso se destydse dankrede te suggereer? Alle kommentatore is dit eens dat hier na Piso se formele dankbetuiging vir sy aanstelling as consul verwys word,

<sup>119</sup>Cf. *OLD* s.v. *purpura* 3.c, waar ook ons reël aangehaal word. Seel se verwysing na Dio 49.16.1, waar keiser Augustus almal behalwe senatore en amptenare verbied om purper te dra, is irrelevant.

<sup>120</sup>*OCD* s.v. 'fasces.'

<sup>121</sup>*OCD* s.vv. 'lictores', 'commendatio', 'consul'; *Kl.P.1.1293.32 sqq.*

<sup>122</sup>Cf. aant. by reël 9 supra.

hoewel Amat tog wonder of dit nie dalk 'n dankrede na aanleiding van sy herroeping uit die ballingskap kon gewees het nie.<sup>123</sup> Maar die konteks maak die eersgenoemde aanname tot die meer logiese opsie – wat natuurlik nie die moontlikheid uitsluit dat hy tegelyk ook vir sy herroeping dankie gesê het nie, veral as dié taamlik onlangs gebeur het. Reeds onder Keiser Augustus is daar 'n *senatusconsultum* uitgevaardig wat bepaal het dat 'n nuutverkose consul op die dag van sy ampsaanvaarding sy *gratiarum actio*, wat vroeër altyd tot die senaat en volk gerig was, nou tot die gode en die keiser moes rig.<sup>124</sup>

71. *Caesareum numen*: Die woord *numen*, afgelei van *nuere* = 'om te knik', kom uit die sfeer van die godsdiens en beteken gewoonlik óf 'goddelike wil of mag', óf 'godheid, goddelikhed, goddelike majesteit'. Dit is blykbaar eers sedert die begin van die Keisertyd dat dit soms gebruik word om ook die wil of gesag van magtige persone te beskryf, soos e.g. in Liv.7.30.20: *Adnuite, patres conscripti, nutum numenque uestrum inuictum Campanis*, of in Ov.Tr.5.3.45: *flectere tempta / Caesareum numen numine, Bacche, tuo.* In 'n tydvak waarin die keisers, aanvanklik nadoods, maar geleidelik ook gedurende hulle lewe, goddelike verering begin geniet het, was dit seker natuurlik dat die woord *numen* ook gebruik sou word om hulle mag te beskryf, en wel nie slegs vleiend soos Ovidius in die pas aangehaalde passasie nie.<sup>125</sup>

72. *Quod si*: Martin, Duff & Duff, Bolisani en Seel druk hier *quodsi* aaneengeskryf, maar in reël 246 *quod si*. Ek kan aan geen logiese rede vir so 'n onderskeid of vir die behoud van die aaneengeskreve vorm dink nie. Verdière en Amat druk op albei plekke *quod si*.<sup>126</sup>

<sup>123</sup>Op.cit. 83/84. In haar n.23 op p.125/6 aanvaar sy egter wel dat dit hier om die gebruiklike dankrede na aanvaarding van die consulamp gaan.

<sup>124</sup>Cf. *OCD* s.v. 'panegyric'; cf ook p.12 supra.

<sup>125</sup>Cf. *OCD* s.v. 'ruler-cult, II.Roman'. Vir *numen*, sien *Kl.P.* 4.188.35 sqq.

<sup>126</sup>R.Kühner & C.Stegmann, *Ausführliche Grammatik der lateinischen Sprache* (voortaan afgekort tot *K&S*), 3e ed. 1955, II.p.321.3, sowel as *L&S* en *OLD* ken geen aaneengeskreve woord *quodsi* nie.

73. *et solidus primos impleret spiritus annos:* Duff & Duff vertaal *solidus spiritus* ietwat vaag met ‘solid force’, Bolisani praat van ‘un forte vigore’, maar Verdière en Amat se weergawe met ‘un souffle puissant’ (i.e. kragtige besieling) en Seel se ‘ein kräftiger Sinn’ lyk meer aanvaarbaar. Miskien is eenvoudig ‘onwankelbare moed’ bedoel, want dit is wat die digter nodig het om iets moeiliks te waag (*auderem* 74); cf. Caes.B.C.3.72.1: *tantum fiduciae ac spiritus Pompeianis accessit*; Quint.*Inst.*1.8.5 *ex magnitudine rerum spiritum ducat*. Die attribuut *solidus* laat my twyfel of *spiritus* hier ‘inspirasie’ kan beteken, soos e.g. in Cic.*Arch.*8.18: *poetam quasi diuino quodam spiritu inflari*; Hor.*Carm.*2.16.38: *mihi ... spiritum Graiae tenuem Camenae Parca non mendax dedit*; id.ib.4.6.29: *spiritum Phoebus mihi, Phoebus artem carminis nomenque dedit poetae*.

73. *primos ... annos:* Metonimie. Dit is die eerste maal dat die digter sy jeugdigheid te kenne gee. Hy doen dit om sy kamtige ontoereikendheid of onervarenheid as digter te verklaar, en gebruik dit ook implisiet as verskoning om die tema ‘Piso die openbare spreker’ nou kort te knip en die eerste deel van die loflied te begin afsluit.

74-75. *uoces per carmina nostra referre / Piso, tuas:* Dit beteken natuurlik dat die digter in dié geval Piso se dankrede, of ten minste dele daarvan, in hierdie (of dalk ’n ander?) gedig sou weergegee het; so vertolk ook Verdière en Amat dit. Duff & Duff se vertaling ‘to recount your eloquence, Piso, in lays of mine’ is m.i. enigsins vaag, en Bolisani se ‘nei miei versi emular le tue voci’ sowel as Seel se ‘deine Arten der Rede in meinen Versen zu beschreiben’ sekerlik verkeerd.

Die digter gebruik *uoces* ook in reëls 59 en 94 vir ‘woorde’ in die sin van of ‘uitlatings’ (in 63 was dit ‘uitroepe’, ‘toejuicing’); dit wil voorkom asof met *uoces* soms spesifiek na langer uitlatings verwys word as met *uerba* (wat slegs drie maal voorkom, nl. in 60, 63 en 94).

75-76. *sed fessa labat mihi pondere ceruix / et tremefacta cadunt succiso poplite membra:* Die blote idee om Piso se heerlike toespraak in verse te wil weergee, laat die digter reeds

'ineensak': dit is die hoogste vleiery en terselfdertyd die grootste selfkleinering.<sup>127</sup> Die beeld en die taal is pseudo-pateties oordrewe, in die konteks inderdaad ironies-komies, en seker bedoel om die hoorder of lesor te laat glimlag.

Ter illustrasie van 'n te moeilike taak is die beeld van 'n las wat te swaar vir 'n mens se skouers is, stellig in meeste tale gebruiklik; *L&S* meen dat dit van die dra van 'n juk afkomstig is.<sup>128</sup> Die tweede metafoor, nl. dié van die afgekapte kniesening, het sy oorsprong in 'n wrede oorlogspraktyk en is as illustrasie van die jong digter se onvermoë om Piso se toespraak in verse weer te gee nog meer oordrewe as die eerste. Martin is van mening dat 'n mens hier eerder *succiduo* as *succiso* ('afgekap') sou verwag het, en vergelyk Ov. *Met.* 10.458: *at illi / poplite succiduo genua intremuere*, maar ek wil intendeel beweer dat Ovidius in die pasgenoemde *locus* 'n dinkfout begaan het: logies pas *succiduus* ('ineensakkend') natuurlik net by 'knieë', en *succisus* ('afgekap') net by 'kniesenings'.<sup>129</sup> Maar Martin het gelyk as sy vóór *succiso poplite* graag die woord *uelut* wil verstaan, want die digter se metafoor is inderdaad erg oordrewe.

77-78. *olorinos ... sonos*: Die swaan se sang word in die antieke literatuur gereeld hoog geprys; gewoonlik word daar geglo dat hy slegs kort voor sy dood sing, cf. e.g. Ov. *Met.* 14.430: *carmina iam moriens canit exequalia cycnus*; Sen. *Phaedra* 302: *dulcior uocem moriente cycno*; Plin. *N.H.* 10.23.32 § 63: *olorum morte narratur flebilis cantus*.<sup>130</sup> Reeds die Griekse het gemeen dat hy as die heilige voël van Apollo die gawe van profesie van hom ontvang het. Dit verbaas dus nie dat die swaan ook gereeld as simbool van die *uates* /

<sup>127</sup> Vir hierdie topos van beskeidenheid cf. *Pan. Mess.* 2-3 waar die oueur somaar reeds aan die begin van sy gedig onopgewasse vir sy taak voel: *ut infirmae nequeant subsistere uires, / incipiam tamen.*

<sup>128</sup> *L&S* s.v. *cervix* I.B.1.

<sup>129</sup> Aldus e.g. Ov. *Her.* 13.24: *succiduo dicor procubuisse genu*, en vir die werkwoord Curt. 9.5.7: *continuo labore grauia genua succiderant*; en Liv. 22.51.7: *quosdam ... uiuos succisis feminibus poplitibusque inuenerunt*; Verg. *Aen.* 10.699 sq.: *poplite Palmum / succiso uolui segnem sinit*.

<sup>130</sup> Meer hieroor by J. Pollard, *Birds in Greek Life and Myth*, Plymouth 1977, 144 sqq.

digter (en wel glad nie slegs van die bejaarde digter nie) en van die hoë digterlike kuns gebruik word nie.<sup>131</sup>

77-78. *Pandionis ales / parua*: ‘Pandion se klein (vroulike) voël’ beteken ‘Pandion se dogter wat in ’n voëltjie verander is’. Die mees bekende vorm van die legende lui as volg: Koning Pandion van Athene gee sy dogter Procne aan koning Tereus van Thrakië tot vrou; uit die huwelik word ’n seun, Itys, gebore. Tereus verkrag Procne se suster Philomele, waarop die twee susters Itys doodmaak en hom aan sy vader as maaltyd voorsit. Nadat hy oor die gruweldaad ingelig is, agtervolg hy in rasende woede die vlugtende susters, maar net voor hy hulle inhaal, verander Zeus al drie in voëls: Tereus in ’n hoepheop, Philomele in ’n swaeltjie, en Procne in ’n nagtegaal wat voortaan vir ewig ’n klaaglied oor die dood van Itys sing. Om die een of ander rede is by die Romeinse digters egter gewoonlik Philomele die een wat die nagtegaal word, en word *philomela* dus dikwels as ’n woord vir ‘nagtegaal’ gebruik,<sup>132</sup> sinoniem met die gewone benaming *luscinia*. In elk geval kan die omskrywing *Pandionis ales* dus óf die nagtegaal óf die swaeltjie beteken.

Duff & Duff is seker dat die digter hier die swaeltjie bedoel;<sup>133</sup> insgelyks Verdière, wat ook na Lucr.3.6 as ’n parallel verwys waar die digter huis die swaeltjie en die swaan as voorbeeld gebruik as hy homself met die grote Epicurus vergelyk: *quid enim contendat hirundo / cycnis*. Daarenteen glo Martin en Seel dat die nagtegaal bedoel moet wees aangesien huis dié voëltjie twee reëls later met die sonbesies vergelyk word, of soos Martin dit stel: ‘The poet says: as the nightingale is to the swan, so the cicada is to the nightingale.’ Ook Amat glo dat die nagtegaal bedoel is:<sup>134</sup> häár argument is dat reël 79 dan huis die voël by name as

<sup>131</sup>Cf. *RE* 26.785.1 sqq., 787.50 sqq.; *Kl.P.5.42.15* sqq.

<sup>132</sup>E.g. Verg. *Geor.*4.511; ’n opvallende uitsondering is Verg. *Ecl.*6.78. Vir bronne en verdere literatuur kyk H. Hunger, *Lexikon der griechischen und römischen Mythologie*, 5e ed. Wenen 1959, s.v. ‘Prökne’; ook *Kl.P.4.1162.58* sqq.; 3.1555.14 sqq.; J. Pollard, op.cit. 164-6.

<sup>133</sup>Op.cit.301, nota d., maar sonder toelighting.

<sup>134</sup>Op.cit. 126 n.24, waar *Pandonius ales* egter ’n drukfout i.p.v. die korrekte *Pandionis ales* is.

nagtegaal identifiseer (*aedonia uoce*) omdat die gekwetter van die swaeltjie hoegenaamd nie melodieus is nie.

Met die eerste oogopslag lyk albei ‘partye’ se vertolkings ewe aanvaarbaar. Tog moet ons aanneem dat die antieke hoorder of leser direk verstaan het watter een die digter hier bedoel het. Wat m.i. dadelik teen die identifikasie van *Pandionis ales* as nagtegaal tel, is dat dit sou impliseer dat die digter homself, vergeleke met Piso, op ’n betreklik hoë vlak van bekwaamheid takseer, wat ná sy dramatiese selfkleinering in reëls 72-76 seker baie onwaarskynlik is; die nagtegaal is immers een van die beroemdste sangvoëls. Daarenteen het die swaeltjie glad nie eers vir ’n sangertjie deurgegaan nie, maar is eerder ’n geselser of kletser genoem,<sup>135</sup> cf. e.g. Verg.*Geor.*1.377: *arguta lacus circumuolitauit hirundo*; Avien.*Arat.*1701: *si crebro garrula hirundo stagna adeat*; Isid.*Orig.*12.7.70: *garrula auis*. Verder voel ek dat die epiteton *parua* (78) help suggereer dat hier die swaeltjie bedoel word want lg. is inderdaad die kleiner een van die twee kandidate, al benadruk die woord natuurlik veral die ‘ontoe-reikendheid’ van hierdie voëltjie in vergelyking met die grote swaan. En derdens kan ook die woorde *nec, si improba uelit, possit* (78) op die swaeltjie sinspeel omdat dié voëltjie, soos reeds vermeld, glad nie as ’n sanger bekend gestaan het nie.

As ons dan bereid is om die *Pandionis ales parua* as die swaeltjie te eien, lees ons reëls 77-78 en 79-80 as parallelle vergelykings wat by wyse van herhaling dieselfde gedagte beklemtoon, nl. dat Piso as woordkunstenaar net so ver verhewe bo die digter is as wat die twee beroemdste sangvoëls twee van die bekendste musikale ‘rasers’ oortref.

78. *nec, si uelit improba, possit*: ’n Mens kan hierdie woorde as blote ‘reëlvolging’ beskou, maar aan die ander kant kwalifiseer dit darem *audet* deur by te voeg dat dit hier nie uitsluitlik ’n saak van moed is nie maar ook van vermoë. (Cf. reël 18: *Nec, si cuncta uelim breviter decurrere, possim!*)

---

<sup>135</sup>Die gekwetter van die swaeltjie word in die Griekse letterkunde aan geklets in barbaretaal gelykgestel; cf. e.g. J.Pollard, op.cit. 32; sien ook *RE* 26.769.19 sqq., 773.47; *L&S* s.vv. χελιδών en χελιδονίζω.

79. *aēdonia superantur uoce*: Die nagtegaal (in Grieks ἀηδών) was beroemd vir die skoonheid en groot verskeidenheid klanke wat hy voortbring sowel as vir sy uithouvermoë as sanger: Sen.*Ep.* 76.9 prys sy *uox dulcis mobilisque*, in *Ag.* 670 noem hy hom *tristis aedon*, want sy sang het vir baie mense weeklaend geklink; Calp.*Sic.Ecl.* 6.8 noem hom *uocalem aedona*, die Ouere Plinius bespreek sy sang breedvoerig in *N.H.* 10.81 sq. en elders. Die nagtegaal is in baie huise in koutjies aangehou.<sup>136</sup>

Ook oor Aedon bestaan daar natuurlik 'n Griekse legende: Aedon (lett. 'Sangeres') was getroud met Zethus by wie sy 'n enkele seun, Itylos, gehad het. Uit afguns teenoor haar skoonsuster Niobe, wat sewe seuns en sewe dogters gehad het, wou sy in die nag 'n seun van Niobe vermoor, maar dood toe per abuis haar eie seun. Zeus het haar in 'n nagtegaal verander, en sedertdien treur sy in haar sang nog steeds oor haar dooie seun.<sup>137</sup>

*Aedon* = 'nagtegaal' kom in die Latynse literatuur eers vanaf die Neroniese tyd voor; die adjektief *aedonius* word luidens *ThLL* 1.935 ná ons passasie eers weer in (Pseudo-) Lactantius se *De Aui Phoenice* 47 aangetref.

79-80. *cicadae, / stridula cum rapido faciunt conuicia soli*: Die getjir van die sikade word meestal as hees, geselserig of raserig bestempel, cf. e.g. Verg.*Ecl.* 2,12: *raucis ... cicadis*, Mart. 11.18.5: *argutae ... cicadae*, id. 10.58.3: *inhumanae* (sic!) ... *cicadae*, Calp.*Sic.Ecl.* 5.56: *simul argutae nemus increpuere cicadae*.

Martin wys egter daarop dat Romeinse digters die getjir van sonbesies blykbaar nie so onaangenaam gevind het as ons nie en dat Griekse digters dit selfs metafories vir soet klanke gebruik, sodat ons digter se vergelyking van homself met 'n sonbesie miskien minder self-kleinerend is as wat dit vir ons klink.<sup>138</sup>

Sikades (sonbesies) raas gewoonlik die hardste wanneer die son die warmste skyn. Ook

<sup>136</sup>Cf. *RE* 3.1854.14 sqq.; *Kl.P.* 3.1555.14 sqq.

<sup>137</sup>Vgl. Hunger, op.cit., s.v. 'Prokné'; *Kl.P.* 1.85.21 sqq.

<sup>138</sup>Martin, op.cit., ad loc. Sy haal Verg.*Geor.* 3.327 aan: *et cantu querelae rumpent arbusta cicadae*, en verwys na Hom.*Il.* 3.151; Hes.*Op.* 580 en *Scutum* 393.

Phaedrus 3.16.3 gebruik die aantreklike idee dat hulle geraas teen iemand gemik is: *Cicada acerbum noctuae conuicium / faciebat*. Die woord *rapidus* word ook elders gebruik om versengende hitte aan te dui, e.g. Verg.*Ecl.*2.10 met *aestus*; id. *Geor.*1.92 en Gell.5.14.18 met *sol*; Ov.*Met.*7.326 met *ignis*.<sup>139</sup>

'n Laaste gedagte oor die twee vergelykings. Aangesien Piso tot dusver net as 'n redenaar en glad nie as 'n 'sanger', d.w.s. digter, voorgestel is nie, klink die twee vergelykings eintlik tans in essensie meer selfvernederend vir ons digter as wat hulle werklik vleiend vir Piso is: dat die *laudatus* ook 'n skrander digter is, sal ons eers later verneem, in reël 163 sqq.

**81-96.** Nadat ons digter so pas breedvoerig verskoning gemaak het vir sy onvermoë om Piso se *gratiarum actio* in verse weer te gee (72-80), kom hy onverwags ook nie meer terug na die tema van Piso as senator en consul nie, maar nooi hy nou Calliope, sy muse, om van die waardige forum afskeid te neem – die verspatroon DDDDS kan dalk sy haas om te vertrek suggereer – en saam met hom na Piso se huis te gaan waar sy nog meer fasette van die man kan leer ken en prys (81-83). Met hierdie 'gesellige' oorgang het die digter ons feitlik fisies na die volgende terrein of tema van die gedig geleei, nl. dié van Piso se private lewe. Maar ons merk dadelik dat ons nog nie met Piso die redenaar klaar is nie: wanneer die regsgedinge vir 'n reses verdaag is en die howe stil geword het, kom daar naamlik van oral in die stad jong manne na Piso se woonhuis om na hom te luister (84-86), waar hy – nes 'n soldaat wat in ligte wapenrusting oefen – sy vaardighede aan die hand van fiktiewe hofsake vertoon, m.a.w. besig is om *controversiae* te deklameer (87-88); die twee reëls waarin hofgedinge ter sprake is (86 en 88) is op suggestiewe wyse weer perfekte goue verse. Dit is in hierdie konteks van deklamasie by sy huis dat Piso nou ook geprys word vir die groot gemak waarmee hy Grieks praat (89-90), iets waarvan Napels glo kan getuig: die digter

---

<sup>139</sup>N.Horsfall, art.cit.268, se versoek 'rabido for rapido please' kan dus gerus geïgnoreer word.

sinspeel vermoedelik daarop dat Piso in dié Griekssprekende stad aan 'n redenaarskompetisie deelgeneem het (91-92). Hy roep vervolgens selfs die gode tot getuies van die onbeskryflike skoonheid van Piso se stem en taal, en hy prys sy briljante, kragtige uitdrukkings, en sy sierlike *impromptu* aforismes (93-96); die laaste twee reëls – 95 en 96 is vyf-woorde-reëls – se welluidende statigheid (oorwegend spondeë) is weer besonder vanpas.

Nadat die lofprysing van Piso se spreekstyl in 93-96 klaarblyklik net op sy deklamasies (of dalk slegs op sy Griekse voordragte te Napels?) gemik was, kyk die digter in die daaropvolgende drie reëls – voordat hy tot 'n volgende aspek oorgaan – nog eens waarderend terug na die belangrike rol van Piso as redenaar: sy voortreflike talent (*magna uirtus*) om met sy welsprekendheid die senaat te betower, en om eerlike mense vrygespreek te kry en skurke vas te trek ... (97-99).

81. *Quare age, Calliope, ... pete:* Terwyl die toedeling van bepaalde kunste en literêre genres aan bepaalde muses in die bloeityd van die Griekse kultuur nog ietwat vaag was, was daar teen die vroeë Romeinse keisertyd eindelik redelike vastigheid. Calliope was die hoofmuse van die nege, en haar portefeuilje was benewens die epiëk ook die musiek op snaarinstrumente.<sup>140</sup> En omdat die lofdig of *panegyricus* as verwant aan – of selfs as 'n subgenre van – die epos beskou is, en omdat Piso mos in elk geval as 'n kryger (in siviele drag) aan ons voorgestel is, is Calliope vir die digter die aangewese muse om hier aan te roep.<sup>141</sup> Met sy uitnodiging aan Calliope om as 't ware saam met hom van die forum na Piso se huis te stap, verleen die digter aan sy oorgang tot 'n volgende tema 'n mooi humoristiese noot.

Vir *age* = 'komaan/welaan', gevvolg deur 'n imperatief, cf. 32-33 supra: *Quin age ... scande.*

---

<sup>140</sup>Oor die muses sien *Kl.P.3.1475.44* sqq.; *OCD* s.v. 'Muses'; twee pragtige gediggies oor die nege muses (die een toegeeskryf aan Florus, die ander aan Cato) is te vind in J.W.Duff & A.M.Duff, *Minor Latin Poets*, Loeb Classical Library, pp.434 en 634.

<sup>141</sup>Vir apostrof, die regstreekse aanroeping van 'n afwesige persoon, cf. Maurach, op.cit. § 54 sqq.; Menge, op.cit., par.551.10.

83. *penatibus ipsis*: Die woord *penates*, wat die naam van die Romeinse ‘huisgode’ is,<sup>142</sup> word in die letterkunde dikwels by wyse van sinekdogee vir *domus* gebruik, e.g. Verg. *Aen.* 8,121: *nostris succede penatibus hospes*; Mart. 8.75.1: *repetit ... conductos ... penates*; Verg. *Aen.* 1.704 gebruik dit selfs as sinoniem vir ‘vuurherd’: *flammis adolere penates*.

*Ipsis* beklemtoon *penatibus*, dus eintlik ‘reg in sy eie huis’.

84. *Huc etiam tota concurrit ab Vrbe iuuentus*: *Etiam* kan natuurlik (met ’n tikkie humor) aandui dat die *tota iuuentus* ‘eweneens’, d.w.s. net soos die digter en sy muse (*mecum pete* 82), onderweg na Piso se huis is, maar waarskynlik bepaal *etiam* eerder die woord *Huc*, d.w.s. ‘hierheen ook, nes na die howe toe’ (cf. *posita grauitate forensi* 81).

*tota ... ab Vrbe*: Die formulering suggereer vleiend dat dit seker ’n groot skare is. Romeinse herehuise het in die Keisertyd ongetwyfeld ook groot onthaalvertrekke bevat.

*concurrit ... iuuentus*: Dit beteken sekerlik nie dat sy huis vir almal oopstaan nie, al mag dit dan ook so klink. In werklikheid nooi hy seker maar sy vele vakgenote, vriende en *clientes*, in elk geval seker almal mense met opleiding<sup>143</sup> en belangstelling in die redenaarskuns, na sy voordragte. Die woord *iuuentus* dui aktiewe jong manne in die kleur van hulle lewe aan.<sup>144</sup>

85-86. *si quando iudice fesso / turbida prolatis tacuerunt iurgia rebus*: *res proferre* is die tegniese term waarmee die verdaging tot ná ’n vakansiereses aangedui word, cf. Plaut. *Capt.* 78: *ubi res prolatae sunt, quom rus homines eunt, / simul prolatae res sunt nostris dentibus*; Cic. *Mur.* 28: *prudentia quae ... neque Romae rebus prolatis quicquam ualet*; Sen. *Brev. Vit.* 7.8: *Quando, inquit (magistratus), res proferentur?* Martin beweer ‘*iudice fesso* points to the fact (*sic!*) that it is the *feriae aestivae* which the poet has in mind’. Ek sien geen

<sup>142</sup>Cf. hieroor *Kl.P.* 4.610.53; *OCD* s.v. ‘Penates, di’.

<sup>143</sup>Oor opleiding in die retoriek kyk e.g. *Kl.P.* 5.39.29 sqq.; *OCD* s.v. ‘education, Roman’.

<sup>144</sup>Cf. aant. by reël 32 supra.

dwingende rede waarom sy so dogmaties hieroor is nie, veral waar sy direk daarna noem dat die howe ook gedurende die *feriae uindemiales*, d.w.s. die wynoesvakansie teen die einde van die somer, gesluit was, waarvoor sy gepas na Stat.*Silv.* 4.4.39-41 verwys: *certe iam Latinae non miscent iurgia leges, / et pacem piger annus habet messesque reuersae / dimisere forum.* Verdière en Amat doen eweneens aan die hand dat ons in hierdie verse 'n verwysing na 'les vacances judiciaires' moet sien, maar hulle bind hulself nie tot 'n bepaalde resesperiode nie. Verdière sê die howe het in die lente en die herfs 'gerus', Amat noem dat daar veral gedurende oestye 'vacances'<sup>145</sup> was, en albei verwys ook daarna dat keiser Claudius jurielede toegelaat het om in die winter en aan die begin van die jaar 'prendre des vacances'.<sup>146</sup> Daar was dus klaarblyklik meerder tye wanneer die howe stil was.

Ek beskou die vertolking van Seel, wat meen dat hierdie sin nie op resestye nie, maar eerder op 'die allgemeine freie Zeit' van Piso betrekking het, in die konteks as minder waarskynlik.<sup>147</sup> Verder is ook sy vertolking van *prolatis rebus* as 'durch die vorgebrachten Argumente' m.i. onmoontlik.

*tacuerunt* word hier natuurlik in die sin van *conticuerunt* gebruik, m.a.w. 'hulle het stil geword'.

87. *leibus ueluti proludit in armis:* 'n Vergelyking uit die soldatelewe: 'hy oefen as 't ware in ligte wapenrusting'. *proludere* beteken altyd 'oefen as voorspel of voorbereiding'; cf. Verg.*Geor.* 3.234: (*taurus*) *sparsa ad pugnam proludit harena;* Ov.*A.A.* 3.515: *Sic ubi*

<sup>145</sup>Sy het dit egter m.i. verkeerd as sy dit sonder meer met *iustitium* gelykstel: sien L&S s.v. *iustitium*; RE 10.1340 s.v.; Kl.P.3.24.37 sq.

<sup>146</sup>Verdière en Amat verwys albei foutiewelik na Suet.*Cal.* 14.7 pleks van Suet.*Gal.* 14.3. Vir meer oor resesse in die Romeinse howe, sien J.P.V.D.Balsdon, *Life and Leisure in Ancient Rome*, Londen 1969, 79-81.

<sup>147</sup>Ook Seel (op.cit., ad loc.) se interpretasie na aanleiding van *iudice fesso* oortuig my nie: 'Ein Prozeß endet nach Aussage des Dichters immer mit der Erschöpfung des Richters. Piso wird also so dargestellt, als ringt er die Richter während einer Verhandlung gleichsam niedrig und der Sieg in einem Prozeß sei für ihn gleichbedeutend mit einem Sieg über die Richter.'

*prolusit, ... / spicula de pharetra promit acuta sua.* Die beeld is besonder gepas omdat dit 'n vertoning voor toeskouers suggereer. Martin, wat *leibus armis* wil gelykstel met *rudibus*, die houtstokke of houtswarde wat deur gladiatore en soldate by oefeninge gebruik is, het blykbaar die krag van die voorsetsel *in misgekyk*. Seel se vertaling, 'Da nun tritt er hervor mit leichten Waffen, so als sei es gleichsam ein Spiel', is stellig foutief.

88. *compositis ... litibus*: 'met behulp van versonne regsgedinge'. Hoewel *componere* wel 'besleg' of 'tot 'n einde bring' kan beteken<sup>148</sup> – Verdière vertolk ons frase inderdaad as 'wanneer die hofsake afgesluit is'<sup>149</sup> – sou so 'n vertolking hier net 'n gedagte uit reël 72 herhaal. Maar 'n Romeinse leser sou in hierdie konteks, nl. waar Piso sy kuns tuis oefen, die woorde *compositis litibus* sekerlik dadelik as 'met gekonstrueerde / uitgedagte geskille' verstaan het; cf. Plaut.*Amph.*214: *compositis mendaciis / aduenisti, ... consutis dolis*; Prop.2.9.31: *sed uobis facile est uerba et componere fraudes*; Tac.*Dial.*12.5: *si haec fabulosa nimis et composita uidetur*.

Hierdie soort 'oefentoesprake', genaamd *declamationes*, waarin denkbeeldige of reële probleme of geskille as modelle behandel is, was 'n deel van die hoogste sport van opleiding in die retoriek, maar het vanaf die vroeë Keisertyd geleidelik in die vorm van publieke voordragte so gewild geword dat dit, soos die *Kleine Pauly* dit noem, mettertyd 'zu einem internationalen Virtuosentum von "Konzertrednern" ausartete'.<sup>150</sup> Die behoue *Controversiae* en *Suasoriae* van die Ouer Seneca en die Pseudo-Quintiliaanse *Declamationes* is waarskynlik tipiese voorbeeld van sulke komposisies.<sup>151</sup> Uit ons passasie blyk dit dat ook groot redenaars soos Piso sulke modeltoesprake – dié oor regsgedinge is *controversiae* genoem – privaat voor gaste aangebied het.

<sup>148</sup>Cf. e.g. Caes.*B.C.*3.109: *controversias componere*; Verg.*Ecl.*3.108: *componere lites*; Tac.*Hist.* 50.15: *discordias componit*.

<sup>149</sup>'quand les procès sont réglés'.

<sup>150</sup>Cf. *Kl.P.*4.1405.30 sq.

<sup>151</sup>Cf. *Kl.P.*1.1412.39 s.v. 'Declamationes'; *OCD* s.v. 'declamation'.

89. *Quin etiam facilis Romano profluit ore / Graecia ...: quin etiam impliseer 'n 'bejahende Steigerung'*<sup>152</sup> teenoor die voorafgaande, d.w.s. Piso deklameer nie net nie, maar hy deklameer selfs op Grieks, en uit die konteks – nl. dat die stelling direk op 81-88 volg – is dit m.i. duidelik dat die toneel hiervoor nog steeds Piso se huis is.<sup>153</sup>

*Graecia* in die betekenis van *lingua Graeca* is nogal 'n taamlik 'verregaande' geval van sinekdogee of metonimie;<sup>154</sup> vergelykbaar is Prop.3.7.40: *naufraga ... uasto Graecia tracta salo est*, waar *Graecia* vir *classis Graeca* staan.

*facilis* is hier 'n geval van *adiectivum pro adverbio*,<sup>155</sup> dus 'maklik/gemaklik vloei die Griekse taal uit sy Romeinse mond'; cf. e.g. Cat.64.119: *deperdita laetabatur*; Ov.Am. 2.4.25: *Haec quia dulce canit flectitque facillima uocem*; Prop.4.8.49: *rauci sonuerunt postes*. Seel se vertaling 'Ja aus römischem Munde fließt das ganze leichtbeschwingte (*sic!*) Griechenland' is natuurlik inkorrekt; maar ook Verdière se vertaling van *facilis* as 'avec une facile abondance' en Amat se vertolking as 'éloquente' bevredig nie heeltemal nie.

90. *Cecropiaeque sonat grauis aemulus urbi:* lett. 'n gewigtige/ernstige mededinger vir die Cecropiese stad laat sy stem hoor'; die datief is nie ongewoon by *aemulus* nie, maar dit kan hier seker ook as 'n *dativus incommodi* by *sonat* verstaan word. Die 'slangmens' Cecrops was die mitologiese stigter en eerste koning van Athene.<sup>156</sup>

Die digter beweer heel vleiend dat Piso *byna* so goed Grieks praat soos die Grieke in Athene. Tweetaligheid was onder die hoër sosiale klasse in Rome reeds sedert die laat-Republikeinse era die norm,<sup>157</sup> maar perfekte vaardigheid in Grieks was klaarblyklik tog iets besonders.

<sup>152</sup>Cf. Menge, op.cit., par.483.11; *L&S* s.v. *quin* II.C.1.

<sup>153</sup>So verstaan ook La Penna dit, op.cit. (1991) 183.

<sup>154</sup>Maurach, op.cit., par.96, praat in sulke gevalle van metonimie in die vorm van 'Inhärenzvertauschung'.

<sup>155</sup>Die digters gaan in hierdie opsig verder as die prosaskrywers; cf. *K&S* vol. 1, par.63c (p.237).

<sup>156</sup>Cf. *Kl.P.3.175.19* sqq.; *OCD* s.v. 'Cecrops'.

<sup>157</sup>Cf.. *OCD* s.v. 'bilingualism'.

Athene was nie alleen die tuiste van meeste van die beroemde groot Attiese redenaars van weler nie, maar het ook in die tyd van Romeinse oorheersing nog beroemde leermesters in die retoriek opgelewer. En huis vanaf ongeveer die regeringstyd van Nero het die Griekse redenaarskuns 'n hermude sterk opbloei beleef en het deklamasie vir byna twee eue die toonaangewende literêre bedryf in die Griekse wêrelde geword.<sup>158</sup> Die Attiese Grieks wat in Athene geleer en gepraat is, het klaarblyklik nog steeds die hoogste standaard verteenwoordig.

91-92. *Testis ... facunda Neapolis*: '(Hiervan is) welsprekende Napels getuie', te wete van die feit dat Piso se Grieks feitlik van 'Atheense standaard' is. Napels se epiteton *facunda* herinner die hoorder of lesor natuurlik eerstens aan die Napolitane se besondere bedrevenheid in Grieks (en dus hulle bevoegdheid om Piso se Grieks te beoordeel), maar tweedens seker veral aan die Griekse redenaarskompetisies in dié stad, waaraan Piso vermoedelik – *Testis (est) Neapolis!* – deelgeneem het: reeds in die jaar 2 n.C. is naamlik in Napels ter ere van keiser Augustus vierjaarlikse spele ingestel, genaamd *Augustalia*, waar as deel van die afdeling ἀγῶνες μουσικοί stellig ook kompetisies vir redenaars plaasgevind het.<sup>159</sup> Bes moontlik was Piso daar selfs 'n pryswenner.

Napels was 'n ou Griekse kolonie wat reeds in ca.600 v.C. gestig is. Sedert die tyd van die oorloë teen die Samniete was die stad 'n getroue bondgenoot van Rome maar het eers in 89 v.C. 'n *municipium* geword. Napels was klaarblyklik bekend as 'n kultuurstad: Verg.*Geor.*4.564 noem haar *studii florentem*, Mart.5.78.14 *docta*, en Sil.12.31-2 praat van die stad se *hospita musis / otia*. Die stad het tot in die derde eeu nog sy Griekse kultuur, taal en selfs benamings van amptenare behou.<sup>160</sup>

---

<sup>158</sup>Cf. *OCD* s.vv. 'rhetoric Greek' en 'Second Sophistic'.

<sup>159</sup>Cf. R.M. Geer, 'The Greek Games at Naples', *TAPhA* 66 (1935) 208-221; *OCD* s.v. 'Neapolis'; *Kl.P.*1.137.2 sqq.; *Stat.Silv.*2.2.6; 3.5.92; 5.3.113.

<sup>160</sup>Oor die sosiale en kulturele lewe in Napels in die vroeë keisertyd, sien A. Hardie, *Statius and the Silvae. Poets, Patrons and Epideixis in the Graeco-Roman World*, Liverpool 1983, 2-5.

91. *Acidalia ... alite*: *Acidalia* is een van die vele epiteta van die godin Venus: dit is van die naam van 'n fontein in Boeotia afgelei waar die godin glo graag saam met die Grasieë gebad het.<sup>161</sup> Die benaming is hier op Venus se heilige voël, die duif, oorgedra.<sup>162</sup> Volgens Statius het oorspronklik Apollo met behulp van 'n duif die area aangetoon waar die stad Napels later gebou is.<sup>163</sup>

Vell.Pat.1.4 vermeld 'n tradisie dat 'n duif die koers aangewys het vir die skepe van die Griekse setlaars wat Cumae gestig het; Martin vermoed dat Napels, wat histories eers veel later, maar dan huis deur setlaars vanaf Cumae, gestig is, die storie van die duif uit die stigtingslegende van Cumae oorgeneem het.

*Acidalia alite* is klaarblyklik na analogie van *bona alite, secundis auibus* (dus met verwysing na die *augurium*) geformuleer en kan dus as 'danksy die hulp van Venus se heilige voël (d.w.s. die duif)' vertolk word. Duff & Duff se weergawe 'under Acidalian auspices', Verdière se 'grâce à l'oiseau d'Acidalie' en Amat se 'sous les auspices de l'oiseau acidalien' is natuurlik almal net so raaiselagtig soos die Latynse oorspronklike; Seel se vertaling 'unter dem Zeichen der Venus' is m.i. misleidend.

92. *Euboicam referens ... arcem*: 'terwyl dit die Euboeïese burg reprodueer', m.a.w. weer 'n burg bou soos dié van sy voorsate in Euboea'. Die eerste Napolitane was afkomstig uit Cumae, en Cumae se stigters het op hulle beurt uit die stad Chalcis op Euboea gekom.<sup>164</sup>

Slegs 'n kenner van Napels se geskiedenis sou reëls 91-92 geredelik verstaan het. Die legendaries-historiese verwysings is m.i. bedoel om Napels se eg-Griekse oorsprong en

<sup>161</sup>Cf. *Kl.P.1.218.18* sqq. en *Serv.ad Aen.1.720*, waar Amor gedagtig is aan die opdrag van sy *matris Acidaliae*. Die seldsame woord kom elders slegs voor in *Mart.6.13.5 ludit Acidalio ... nodo* en *9.13.3 Acidalia ... harundine pingi*.

<sup>162</sup>Maurach, op.cit., par.80 (met n.39) noem hierdie soort omskrywing 'Mehrstufen-periphrase': Acidaliese voël = Venus se voël = duif.

<sup>163</sup>*Stat.Silv.3.5.79-80: Parthenope, cui mite solum trans aequore uectae / ipse Dionaea monstrauit Apollo columba* (*Dionaea* = *Veneris*).

<sup>164</sup>Ov.*Met.14.155* verwys na Cumae as *Euboicam urbem*; *Stat.Silv.3.5.12* noem sy geboortestad Napels *Euboicos penates*.

karakter te beklemtoon en sodoende sy geloofwaardigheid as *testis* van Piso se meesterskap in die Griekse retoriek te onderskraag.<sup>165</sup>

93-94. *Qualis, io superi, qualis nitor oris amoenis / uocibus!* Die herhaling ('geminatio'<sup>166</sup>) van *qualis*, onderbreek deur die aanroeping van die gode, help mee om die hoogste graad van opgewonde bewondering uit te druk. Die gode word hier as 't ware tot getuies geroep, en die vreugdevolle, oorspronklik Griekse tussenwerpsel *io!* mag dalk aandui dat die digter hier spesifiek oor Piso se Griekse voordragkuns gaande is.

Die presiese vertolking van die sin is egter problematies. Martin verstaan *nitor oris* as 'elegance of speech': vir die uitdrukking vergelyk sy Cic. *Or.* 32.115: *quidam orationis nitor*,<sup>167</sup> en vir *os* in die betekenis 'redevoering' Verg. *Aen.* 2.423: *ora sono discordia signant*; sy sê nie hoe sy *amoenis uocibus* verstaan nie. Verdière volg Martin in sy vertaling van *nitor oris*, maar vertolk (vir my onoortuigend) *amoenis uocibus* as 'en watter betowering in die klank'.<sup>168</sup> Daarenteen neem die Duffs en Amat *oris* saam met *amoenis uocibus* en verstaan die sin wesentlik as 'watter glans is daar op die lieflike woorde van sy mond'.<sup>169</sup> Die keuse is moeilik, maar ek vind dit tog enigsins natuurliker om *oris* as 'mond' saam met *amoenis*

<sup>165</sup>Bolisani se verklaring van reëls 91-92 slaan die bal totaal mis: 'Forse l'autore vuol semplicemente dire, che, come Pisone si mostrò emulo dei Greci nella facondia, così Napoli si mostrò emula dei Beoti nel costruire le sue mura, a somiglianza di quelle di Calcide ...' (op.cit., ad.loc). Ewe onoortuigend is Seel se vertolking: 'Der Vergleich zwischen Griechenland und Rom wird nun auf die Städte übertragen, wobei die enge Beziehung zwischen beiden gerade durch Neapel, das seit jeher als Griechenstadt galt, unterstrichen wird. Die Nennung Neapels dient also sicherlich nur dazu, die in den vorhergehenden Versen angesprochene Gegenüberstellung Griechenland-Rom weiter fortzuführen...' (op.cit., ad loc.).

<sup>166</sup>Cf. Menge, op.cit., par.551.7.d.

<sup>167</sup>Vir *nitor* as 'n kenmerk van goeie toesprake, cf. verder Tac. *Or.* 20.3: *aut nitore aut cultu descriptionum inuitatus et corruptus*; Quint. *Inst.* 10.1.24: *scripsit non sine cultu ac nitore*; cf. ook Cic. *Brut.* 67 § 238: *non ualde nitens, non plane horrida oratio*.

<sup>168</sup>'et quelle séduction dans le timbre!'

<sup>169</sup>In Seel se vertaling 'Welch ein Glanz der Sprache ist den lieblichen Worten dieses Mundes zu eigen!' kry *oris* somaar al twee rolle, een maal met *nitor* en een maal met *amoenis uocibus*!

*uocibus* te verstaan as om 'n ietwat abstrakte *nitor oris* aan Piso se *amoenis uocibus* toe te ken;<sup>170</sup> *amoenis uocibus* is stellig 'n *dativus possessivus*, en *est* word veronderstel.

Reëls 91-94 vertoon al vier dieselfde metriese patroon (nl. DDSDDS), wat in hierdie gedig des te meer opvallend is omdat die oueur origens 'n patroon nooit meer as twee maal na mekaar gebruik nie (maar dít wel altesaam 22 keer).<sup>171</sup> Dit laat 'n mens wonder of ons hier nie dalk 'n aanduiding het dat reël 93 in die oueur se eie manuskrip nie direk op reël 92 gevvolg het nie, d.w.s. dat daar miskien verse kon uitgeval het.

94-95. *Hinc ... hinc ...*: Ek vind in *ThLL, L&S, OLD* geen bewyse vir die korrektheid van Martin se stelling dat dit gelykstaan aan *modo ... modo ...* en 'n 'post-classical usage' is nie, maar Amat vertaal dit tog as 'soms ... soms ...'; Verdière vertolk dit as 'aan die een kant ... aan die anderkant',<sup>172</sup> Duff & Duff skryf 'here ... here ...'. Bes moontlik het Seel met sy vertaling 'Von hier ausgehend ... hier ...' gelyk, en bedoel die digter met *hinc ... hinc ...* inderdaad 'uit hierdie mond ... hiervandaan ...', m.a.w. *ex hoc ore*.

95. *impleuere locos*: Verdière meen dat *impleuere* 'n aoristiese perfektum is en dat die digter hier nog na Piso se optrede te Napels verwys. Martin en Duff & Duff verstaan die woord egter as 'n egte perfektum, m.a.w. dat dit maar net beteken dat die *loci* 'vol is'; lg. vertolking is ook verkiekslik met die oog op die praesens *aduolat* in die volgende reël. Seel en Amat vertaal *impleuere* dan ook sonder meer as 'n praesens.

*locos* word deur Seel vertaal as 'Räume'. Ek dink die konteks – hier word immers ook van *figurae* en *sententia* gepraat – maak dit meer waarskynlik dat *loci* hier 'n vaktaal-betekenis het en vir *loci communes* staan, d.w.s. 'repertoire-argumente', 'vasstaande temas':<sup>173</sup> Duff & Duff vertaal *locos* as 'choice passages', Verdière en Amat as 'thèmes'.

<sup>170</sup>Die teks is moontlik korrup: reeds Maehly (sien Seel se app.crit.) wou *oris* emendeer tot *est in.-* Ek vind ook *nitOR ORis* ietwat onelegant.

<sup>171</sup>Duckworth het dit in sy ondersoek van die metriek van ons gedig (op.cit.96-97) blykbaar nie bemerk nie.

<sup>172</sup>'D'une part ... d'autre part ...'.

<sup>173</sup>Cf. *L&S* s.v. II.A.; *OLD* s.v. 23 & 24. Sien ook *OCD* s.v. 'communes loci', waar o.a. gesê word dat die ouer Seneca dit dikwels kortweg *loci* noem (en, terloops, dat die woord 'gemeenplaas' in die antieke tyd geen pejoratiewe konnotasie gehad het nie).

95-96. *exornata figuris / aduolat excusso uelox sententia torno*: Wat word hier bedoel? Ek vermoed geen Romein sou in hierdie konteks *exornata figuris* as ‘ontdaan van alle stylfigure’<sup>174</sup> of *sententia* as ‘gedagte’ verstaan het soos Verdière en Amat dit doen nie. *Aduolat* en *uelox* suggereer sekerlik dat dié *sententia* ’n betreklik kort item is en *excusso torno* miskien dat dit *ex tempore* of impromptu gekomponeer is. ’n *Sententia* is ’n treffende gedagte, netjies geformuleer in ’n kort sin, en *sententiae* was veral geskik om ’n toespraak mee af te sluit, soos dit waarskynlik ook in ons konteks bedoel is.<sup>175</sup> Duff & Duff noem dit ‘epigram’, Seel praat van ’n ‘Gnome’: ek wil dit vertaal met ‘aforisme’.

*Velox* is weer *adiectivum pro adverbio*; cf. Ov. *Met.* 4.352-3: *ille ... uelox ... / desilit in latices*; Hor. *Carm.* 4.12.21-2: *cum tua / uelox merce ueni*. Eintlik impliseer *aduolat* self ook reeds ’n spoedige aankoms.

*aduolat*: sc. *ad aures*, metafoor; cf. e.g. Pl. *Amph.* 325: *uox mi ad auris aduolauit*.

96. *excusso ... torno*: Die vertolking hiervan is nogal problematies. Martin, wat *tornus* verkeerdelik as ’n pottebakkerswiel pleks van ’n draaibank beskou het, wou *excusso* verstaan as ‘equivalent to *agitato*, set in motion’. Verdière en Amat het dié idee klaarblyklik oorge- neem en verstaan reël 96 ongeveer as volg: ‘sy snelle gedagte kom aangevlieg sodra die skyf in beweging bring is’.<sup>176</sup> Daarenteen vertaal die Duffs *excusso torno* as ‘from the freed lathe’, met die ietwat gedwonge maar seker nie onmoontlike verduideliking: ‘The *tornus* is “shaken free” of its epigram, as the ship in Verg. *Aen.* 6.353 is *excussa magistro*.’

Seel gee die effe vreemde vertaling ‘vom Meißel hervorgetrieben’, maar verduidelik *excusso torno* in sy kommentaar met: ‘das Drechselwerkzeug wird beiseite gelegt’. Dit blyk inderdaad so te wees dat *tornus* nie net ‘draaibank’ kan beteken nie, maar ook ‘beitel’, of lg.

<sup>174</sup> Alhoewel *exornare* volgens L&S s.v. III wel een maal in Tert. *Cult. Fem.* 2.9 in so ’n betekenis voorkom.

<sup>175</sup> Cf. *OCD* s.v. ‘sententia’.

<sup>176</sup> E.g. Verdière: ‘sa pensée rapide vole à tire d'aile, une fois que le tour a été mis en branle’.

nou vir draaibankwerk of vir gewone houtsneewerk gebruik word.<sup>177</sup> Dít is klaarblyklik ook die betekenis van *tornus* in die bekende passasie Verg.*Ecl.3.36-9*: *pocula ponam / pagina ... , / lenta quibus torno facili superaddita uitis / diffusos hedera uestit pallente corymbos.*<sup>178</sup> As *torno excusso* dan lett. ‘nadat die beitel afgeskud/eenkant gegooi is’ beteken, kan ons die frase as ‘vars uit die draaibank’ of as ‘so pas klaar afgewerk’ of eenvoudig as ‘splinternuut’ vertaal.<sup>179</sup>

Die gebruik van *tornus* = ‘draaibank’ en die bypassende *tornare* as ‘n metafoor vir die digter se skeppende intellek en die kreatiewe proses is natuurlik welbekend: cf. Prop.2.34.43: *incipit iam angusto uersus includere torno;* Hor.A.P. 441: *et male tornatos incidi reddere uersus;* Gell.9.8: *hanc sententiam memini a Fauorino ... detornatam.*

**97-99.** Om met sy welsprekendheid die senaat te kalmeer en in die Howe onskuldiges te red en skuldiges veroordeel te kry, sou ’n groot *uirtus* gewees het selfs as dit Piso se enigste was, sê die digter. Sodoende vat hy afsluitend die betekenis van Piso se redenaarswerk vir die staat en vir sy medeburgers treffend saam, maar prikkel hy ook terselfdertyd ons nuuskierigheid deur te impliseer dat die *laudandus* oor verdere *uirtutes* beskik wat hy aanstons sal besing: reël 98 is weer ’n deftige vyf-woorde-reël, en reël 99 val op deur die mooi iterasie van die stamwoord *onerare* sowel as sy vlot DDDDDS-ritme wat Piso se flinkheid of dan die maklike vloei van sy redevoering kan versinnebeeld. Die drie reëls vorm die oorgang of aanloop tot die volgende tema.

97. *Magna quidem uirtus erat, etsi sola fuisse:* Deur hier preteritum-tye te gebruik, gee die

<sup>177</sup>Aan *L&S*, *ThLL* en *OLD* is hierdie betekenis ‘beitel’ egter nog onbekend.

<sup>178</sup>Aldus nou ook W.V.Clausen, *A Commentary on Vergil, Eclogues*, Oxford 1994, ad 3.38: ‘apparently a woodcarver’s chisel’; cf. R.A.B. Mynors, *A Commentary on Vergil, Georgics*, Oxford 1990, ad 2.449.

<sup>179</sup>L. De Biasi, ‘L’excussus tornus di *Laus Pisonis* 96’, *AAT* 121 (1987) 73-86, is egter van mening dat *tornus* eintlik ‘n soort boor (‘trepano’) is wat beeldhouers gebruik het.

digter te kenne dat sy lofprysing van hierdie spesifieke *virtus* van Piso, nl. sy redenaarsgawe, afgehandel is, m.a.w. dat dié tema nou so te sê in die verlede lê. Die indikatief in die hoofsin (*erat*) beklemtoon die feitlikheid van sy inhoud, onafhanklik van wat die *etsi-sin* sê:<sup>180</sup> ‘Dít wás nou inderdaad ’n groot *virtus* – (en sou ook groot gewees het) selfs as dit sy enigste sou gewees het, nl. . . .’

98. *sanctum ... senatum*: ‘die eerbiedwaardige senaat’; cf. *Enn. Ann. 238: sanctoque senatu*; *Cic. Deiot. 3 ad fin.: ordinem ... grauissimum sanctissimumque*; *Verg. Aen. 1.426: iura magistratusque legunt sanctumque senatum*. Ná Augustus kom die woord ook as benaming vir die keisers voor; e.g. *Ov. Fast. 2.127: sancte pater patriae*.

99. *exonerare pios ... onerare nocentes*: ‘ontlas’ in die sin van ‘verontskuldig’ of ‘vrypleit’, en ‘belas’ in die betekenis ‘oorlaai/oorstelp met beskuldigings’.<sup>181</sup> Paronomasia, veral met werkwoorde van dieselfde stam,<sup>182</sup> is ’n gewilde en treffende stylfiguur; cf. ook e.g. *Auct. ad Her. 4,29: Deligere oportet, quem uelis diligere*; *Cic. Div. in Caecil. 26: Siculorum causam recepi, populi Romani suscepi*.

100-105. Nadat die formulering van reël 97 reeds die vermelding van verdere *virtutes* voorspel het, gaan die digter nou egter oor tot ’n kort beskrywing en tipering van Piso se gelaatsuitdrukking en voorkoms: klaarblyklik val uiterlike kenmerke dus vir die digter ook onder die rubriek *virtutes*. Die waardige, aanskoulike beskrywing laat voor die hoorder of leser se geestesoog nou ’n imposante en eerbiedwekkende persoonlikheid verryk.

100. *sed super ista*: *super* is meer emfaties as *praeter*, dus eintlik = ‘maar boonop nog’ of ‘maar daarenbowe’.

---

<sup>180</sup>Cf. Woodcock, op.cit., par.200.ii.fin.

<sup>181</sup>Die *OLD* verwys na ons versreël onder *onerare* 6.b, ‘shower with accusations’.

<sup>182</sup>Cf. Menge, op.cit., par.538.3.b.Anm.3; H.Lausberg, op.cit., par.277 sqq.

100-1. *mouet ... uultus*: ‘Sy gelaat beïndruk (’n mens)’; vir *mouere* in hierdie sin, cf. Cic.*De or.*3.20.2: *commoratio ... permultum mouet*; Liv.1.59.4: *Mouet ... patris maestitia*; id.3.18.6: *Auctoritas uiri mouerat*.

101. *praestringit ... uisus*: ‘verblind (’n mens se) oë’; cf. Cic.*Vat.*10.25: *cuius dignitas et splendor praestringebat oculos Vatini*; Luc.1.154: *obliqua praestringens lumina flamma (sc. fulmen)*; Sen.*Dial.*11.12.3: *fulgor eius (sc. Caesaris) illos, ut nihil aliud possint aspicere, praestringet*; vir *uisus* in die betekenis ‘blikke’, cf. e.g. Sen.*Ag.*874: *imago uisus dubia non fallit meos*; in die betekenis ‘oë’, Stat.*Theb.* 6.277: *spectat inocciduis stellatum uisibus Argum.*

Die Duffs se vertolking van *uisus* as die subjek (‘his look’) van *praestringit* is m.i. minder waarskynlik, want sover ek sien, word die werkwoord in sy betekenis ‘verblind’ in die reël met ’n objek ‘oë’ (of iets dergeliks) gebruik. Seel se vertaling ‘verschließt sein Gesicht mit einem ganz besonderen Ausdruck’ is onmoontlik.<sup>183</sup>

102. *Talis inest habitus*: sc. *in uultu*; cf. Ter.*And.*857: *tristis seueritas inest in uoltu*; Sall.*Cat.*15.5: *prorsus in facie uoltuque uecordia inerat*; Liv.2.61.6: *idem habitus oris*; Juv.9.19-20: *sumit utrumque / inde habitum facies*; Val.*Max.*69.1: *uultum in eodem habitu continuit*.

103. *fluidum*: ‘slap’ of dalk liewer ‘sag’; vir die beskrywing van gelaatstrekke is dit hier ’n hapax legomenon;<sup>184</sup> Livius 34.47.5 praat wel van die *mollia et fluida Gallorum corpora*, Ov.*Met.*15.230 van *fluidos pendere lacertos*.

103. *laeta ... tetricitate decorum*: ‘Vrolike erns’ is nie net ’n prikkelende oksimoron nie,

---

<sup>183</sup>Ook gekritiseer in die resensies van Kenney, art.cit.279, en F.Quadlbauer, art.cit.23.

<sup>184</sup>Cf. *ThLL* 6.953.67.

maar *tetricitas* is daarby nog 'n hapax legomenon. Die formulering *nec dicere ... nec ... sed ... possumus* onderstreep die 'oorwoenheid' van die digter se kensketsing.

Verdière en Amat wys daarop dat hierdie soort 'vrolik-ernstig-statige' gelaatsuitdrukking moontlik as tipies van vooraanstaande aanhangers van die Stoïsisme of selfs die Christelike geloof beskou is. Amat noem egter ook die moontlikheid dat ons digter dalk sy held as 'n tipe van *homo diuinus* wil voorstel, soos bv. Cicero, *Rep.*6.12 vir Scipio as *leniter arridens* voorstel, en soos die Jonger Plinius, in *Ep.*6.16.12 sy oom as *hilaris* te midde van die uitbarsting van Vesuvius beskryf.

104-5. *ingenitae stat nobilitatis in illo / pulcher honos*: Ek dink dis veral die pregnante gebruik van *stat*<sup>185</sup> in die sin van *extat*, *constat* of *perstat*<sup>186</sup> en die mooi, eenvoudige frase *pulcher honos* wat aan hierdie sin sy besondere (amper argaïese?) klank of kleur gee. Die Duffs en Amat vertaal *in illo* as 'in hom', m.a.w. in Piso, maar Verdière en Seel meen dat dit spesifiek na Piso se gesigsuitdrukking verwys en vertolk *stat in illo* as 'daarin kan 'n mens lees / daarin staan geskryf', m.a.w. 'daarin bestaan ... voort'. Myns insiens is lg. die voor-die-hand-liggende vertolking omdat Piso se gesigsuitdrukking in die laaste twee sinne die subjek was; buitendien verwys die digter ook nêrens elders in die gedig na Piso met die woord *ille* nie, en derdens verwys *ille* in die betekenis 'laasgenoemde' in ons gedig uitsluitlik na iemand/ iets in die onmiddellik voorafgaande reël (cf. vv.13, 24, 114, 120, 125).<sup>187</sup>

**106-108.** Ná die lofprysing van Piso se imposante uiterlike – wat saam met sy voortreflikheid as redenaar so te sê sy 'openbare beeld' uitmaak – wend die digter hom nou tot die

<sup>185</sup>Vir 'simplex pro composito' as 'n geval van 'pregnante' gebruik van werkwoorde, sien Maurach, op.cit., par.206.

<sup>186</sup>Cf. e.g. Verg.*Aen.*4.539: *bene apud memores ueteris stat gratia facti*; Prop.3.2.26: *ingenio stat sine morte decus*; Ov.*Pont.*2.3.10: *cum fortuna statque caditque fides*.

<sup>187</sup>Die enigste ander gebruik van *ille* in hierdie gedig is as antecedent van 'n betreklike bysin (in reëls 10, 68, 159, 171, 176, 233), en as korrelatief met *hic* (in reëls 197, 198, 201).

*laudatio* van ‘addisionele’ voortreflikhede (*Additur huc ...*), naamlik eerstens sy edel karakter. In besonder keurige taal noem hy vier uitmuntende karaktereienskappe van Piso op: *iusta fides, plena pudoris libertas, animus mala ferrugine purus, ipsa possesso mens opulentior auro*: hulle is nie alleen progressief woordryker (2, 3, 4, 5 woorde resp.) en aanskoulike geformuleer nie, maar vermoedelik ook gerangskik in die stygende rangorde waarin die digter hulle waardeer.

106-107. *plena pudoris / libertas*: Die kombinasie van *libertas*, ‘openhartigheid/rondborstigheid’ met *pudor*, ‘beskeidenheid/fatsoenlikheid’ kan byna weer as ’n oksimoron beskou word.

107. *mala ferrugine*: *Ferrugo* (lett. ‘ysterroes’) beteken hier ongetwyfeld dieselfde as *aerugo* (lett. ‘koperroes’) wat in die poësie meermale in die oordragtelike betekenis ‘kwaadwilligheid’, en veral ‘afguns’ en ‘hebsug’, voorkom.<sup>188</sup> *Ferrugo* vind ons egter in hierdie betekenis slegs hier en in Ov.*Met.*2.798: *pectusque manu ferrugine tincta / tangit (sc. Inuidia dea)*. Martin en Verdière verstaan die woord hier as ‘gierigheid’ (‘avarice’), die Duffs vertaal dit as ‘malicious envy’, maar ek dink die digter bedoel eintlik ‘vrekkerigheid/suinigheid’ omdat hy direk hierna, in verse 109-111, Piso se besondere vrygewigheid prys.<sup>189</sup> Ek beskou ‘afguns’ hier as die mees voor-die-hand-liggende vertaling.<sup>190</sup>

108. *ipsaque possesso mens est opulentior auro*: Ek stem met Martin en Seel saam dat die digter met *possesso auro* natuurlik die besit van groot rykdom in die algemeen bedoel, en nie

<sup>188</sup>E.g. Hor.*A.P.*330: *haec animos aerugo et cura peculi / cum semel imbuerit*; Mart.2.61.5: *nimiaque aerugine captus / allatras nomen quod tibi cumque datur*.

<sup>189</sup>Die vertalings van Seel, ‘vom Roste der Bosheit’, en Amat, ‘mauvaise rouille’ (‘slegte roes’!) is onbevredigend.

<sup>190</sup>Insgelyks J.J. Moore-Blunt, *A Commentary on ‘Metamorphoses II’*, Uithoorn 1977, ad 2.798 met verwysing na ons passasie: ‘envy’.

Piso se persoonlike goudbesit soos die Duffs, Verdière en Amat dit vertaal nie.<sup>191</sup> Ek dink 'n antieke hoorder of leser sou dit ook so verstaan het omdat 'n verwysing na Piso se rykdom waarskynlik as taktloos beskou sou word; ons digter maak ook nêrens elders 'n toespeling daarop nie: rykdom is klaarblyklik nie 'n item vir lofprysing nie.

**109-117.** Nadat hy in die vorige drie reëls eenvoudig vier edel karaktereienskappe van Piso in opvallend mooi formulering opgenoem het, word die digter nou in sy lofprysing weer breedvoeriger en meer 'konkreet': in die volgende 28 reëls sal hy die *laudandus* se uitsonderlike mensliwendheid illustreer deur spesifiek sy houding teenoor sy *cultores* te beskryf. En terwyl hy in reëls 84-108 deurgaans na Piso in die derde persoon verwys het, sodat 'n hoorder of leser eintlik onder die indruk kon wees dat die digter heeltyd as 't ware nog met die muse Calliope oor die man gepraat het (kyk reëls 81-3), spreek hy hom nou meteen vir die eerste maal weer direk aan. Die eerste punt wat hy noem, is die gulhartige manier waarop Piso sy *cultores* huis ontvang: deur middel van 'n retoriiese vraag, gerig tot Piso (*Quis ... , quem non ...*), laat die digter hom as 't ware self bevestig dat hy inderdaad elke arm *cultor* wat na sy huis kom, hartlik ontvang en onverwags ryklik begiftig (109-111). En wat volgens die digter nog waardevoller as enige geskenk sal blyk te wees – die futurum exactum toon dat hy van 'n bewese feit praat – is dat Piso almal gelyk respekteer, ongeag hulle finansiële posisie of afkoms: al wat by hom tel, is *probitas*, 'ordentlikheid' (112-114). Die praktiese implikasies van hierdie houding word dadelik en met sterk nadruk (*Nulla ... / nullius ... / unus ...*) en selfs twee perfekte 'goue verse' (115, 116) geïllustreer: niemand hoef neerhalende grappe te verduur nie, niemand se vermedering word onmiddellik met gelag begroet nie: een hegte band van vriendskap verbind die hoogstes en die laagstes (115-117).

109. *cultorum ... tuorum*: *Cultor* is 'n effe keuriger woord as *cliens* – P. White noem dit 'a less bald-sounding equivalent'<sup>192</sup> – en behoort dus nie sonder meer (soos Martin en die Duffs

---

<sup>191</sup>Die Duffs: 'the gold he owns', Verdière en Amat: 'l'or qu'il possède'; ook H. Leppin, 'Die *Laus Pisonis* als Zeugnis senatorischer Mentalität', *Klio* 74 (1992) 224 vertolk dit as 'das Gold, das Piso besitze'.

<sup>192</sup>P. White, 'Amicitia and the profession of poetry', *JRS* 68 (1978) 81.

dit doen) as ‘*client*’ vertaal te word nie; Seel vertaal dit as ‘deine Anhänger’, Verdière as ‘ceux qui te fréquentent’, Amat m.i. minder gepas as ‘tes protégés’. Weens sy duidelike verband met *colere* suggereer die woord *cultores* sekerlik ’n wyer betekenis as *clientes* – in ’n religieuse konteks kan dit immers selfs ‘aanbidders’ beteken – en kan dit in ’n lofdig, uit die mond van die lofdigter, seker as Piso se ‘vereerders’ verstaan word; cf. e.g. Liv.9.46.13: *populus, fautor et cultor bonorum (sc. hominum)*; 26.32.4: *rex Hiero fidissimus imperii Romani cultor*; Petr.*Sat.*127: *ne fastidias hominem peregrinum inter cultores admittere*; en effens anders Mart.9.84.4: *(ego) ille tuae cultor notus amicitiae*.

Om sy *clientes* – as hier inderdaad *clientes* in die tegniese sin bedoel word – as *cultores* te bestempel, is natuurlik ook ’n kompliment jeens Piso omdat dit sy besondere eerbiedwaardigheid suggereer. In 113 sal die digter die participium *colentes* gebruik, en in 133 nog eens *cultores*, maar die gewone, en vermoedelik ietwat kleinerende woord *cliens* gebruik hy uitsluitlik as hy na die afhanklikes van die ander, meer ‘normale’, herehuise verwys: *humilem ... clientem* in 119, en *dura clientum / turba rufisue* in 134-5.<sup>193</sup> In 118 en 124 verkies hy, waarskynlik veral ter wille van variasie, die woord *amicus*, en in 122 baie gepas en spesifiek die woord *comes*.

Aangesien Romeinse taalkundiges klaarblyklik geglo het dat *cliens* van *colere* aangeleid is,<sup>194</sup> is dit nogal interessant dat die digter al hierdie woorde in dieselfde passasie gebruik, maar dit beteken m.i. nie dat hy sodoende op die etimologiese verwantskap van hierdie woorde wil sinspeel nie.<sup>195</sup>

---

<sup>193</sup> OCD s.v. ‘*cliens*’ sê: ‘In authors such as Martial ‘*cliens*’ is a pejorative term, effectively meaning parasite.

<sup>194</sup> R.Maltby, *A Lexicon of Ancient Latin Etymologies*, Leeds 1991, gee s.v. *cliens* die volgende ou bronre: Serv.*ad Aen.*6.609: *clientes quasi colentes sunt, patroni quasi patres*. Lydus *Mag.*1.20 p.23,20 W: κλιέντης ἀντὶ τοῦ κολιέντης ... ἐκάλουν. Isid.*Orig.*10.53: *clientes prius colientes dicebantur, a colientis patronis*. Moderne etimoloë verbind *cliens* met die stam *klei-* soos in *clino*; sien A.Walde & J.B.Hofmann, *Lateinisches Etymologisches Wörterbuch*, 4e ed. Heidelberg 1938, s.v.

<sup>195</sup> R.Mayer (in S.H.Braund [red.], *Satire and Society in Ancient Rome*, Exeter 1989, 18) beweer naamlik dat ons digter ‘indeed ... points to its [sc. *cliens*] supposed derivation from the word *colo*, ‘cultivate’, at 109 and 113’.

Die Romeinse patronaatstelsel is baie oud. *Cientes* was vrye mans wat van 'n (gewoonlik) adellike *patronus* afhanklik was. Hulle het hom op verskillende maniere in sy politieke sowel as private lewe ondersteun en het in ruil sekere gunste, voordele en dienste (soos regadvies en -hulp wanneer nodig) van hom ontvang. Een van die pligte van *clientes* was om hulle here soggens by hulle huis te kom groet (*salutatio*) en hulle te vergesel wanneer hulle op besigheid ens. uitgaan. Hoe meer afhanklikes 'n heer gehad het en hoe beter die 'kwaliteit' van sy *clientes* was – baie van hulle was self welopgevoed en welgesteld – hoe groter was ook sy eie aansien. Die benaming *patronus* is in die Keisertyd blybaar slegs nog gebruik om die voormalige eienaar van 'n vrygelate slaaf, 'n *libertus*, aan te dui; daar word ook vermoed dat teen hierdie tyd die meeste *clientes* inderdaad *liberti* was.<sup>196</sup> Van die meer bekende voordele wat *clientes* in die Keisertyd van hulle *domini* of *reges* – soos die here nou aangespreek is<sup>197</sup> – ontvang het, was 'n daaglikse toelae (*sportula*) in die vorm van voedsel of geld.<sup>198</sup>

Piso moes seker honderde *clientes* in en om Rome en elders gehad het – *clientela* was immers ook oorerflik – en daarom kan wat die digter nou alles in reëls 109 sqq. sal sê, natuurlik slegs waar wees t.o.v. 'n geselekteerde groep van sy *clientes*, nl. verdienstelike manne van besondere inbors en beskaafdheid, wat, hoewel hulle waarskynlik merendeels uit 'n laer sosiale milieu as hyself kom, tog tot sy meer intieme vriendekring behoort. Onder hierdie *cultores* is waarskynlik ook mense wat glad nie eers in die ou wetlike sin sy *clientes* is nie.

109. *iuenis facunde:* Waar die digter in hierdie reël sy direkte aanspreking van die

---

<sup>196</sup>Cf. White, art.cit.79 n.12.

<sup>197</sup>Cf. White, art.cit.81. Volgens *RE* 4.53.61 sqq. was die twee benamings reeds vanaf die vroeë Keisertyd gebruiklik.

<sup>198</sup>Meer hieroor e.g. in *OCD* s.vv. 'patronage, non-literary', *cliens*, *patronus*; *Kl.P.1.1224.20* sqq.; J.P.V.D.Balsdon, op.cit.21-24; R.Saller, *Personal Patronage under the Early Empire*, Cambridge 1982; A.Wallace-Hadrill, *Patronage in Ancient Society*, Londen 1989.

*laudandus* hervat, is 'n vokatief soos *iuuenis facunde* ná die inleidende *tua* nodig om die geadresseerde onmiddellik te identifiseer; vgl. die identiese woorde in 'n soortgelyke situasie in reël 32: *quin age maiorum, iuuenis facunde, tuorum ...*

110-111. *animosa ... indulgentia*: Die sterk hiperbaton<sup>199</sup> en die personifikasie val op. *Animosus*, wat gewoonlik 'trots', 'hoogmoedig' beteken, het hier natuurlik sy seldsamer betekenis 'gretig' en is dus 'n keurige woorde; cf. ook *animosa ... uoluntas* in reël 251; verder Plin.*N.H.10.43.83: certant inter se (sc. aues cantu) palamque animosa contentio est.*

110. *beatum*: Die woorde is prolepties gebruik, want eintlik kan die man natuurlik eers ná sy opname of ontvangs as gelukkig bestempel word. Seel se weergawe 'wie einen Mann im Wohlstand' is egter seker nie heeltemal wat die digter wil sê nie.

111. *iuuat indulgentia censu*: *Census* beteken in 'n tegniese sin die registrasie van burgers, die burgerregister self, of die vereiste eiendomskwalifikasie vir opname in die *equites*- of senatoreregister, maar die woorde word ook dikwels in 'n algemene sin gebruik om eenvoudig 'vermoë/eiendom' of selfs 'rykdom' aan te dui, e.g. Hor.*Ep.7,56: homo tenui censu;* Ov.*Met.9.671-2: nec census in illo / nobilitate sua maior.* Maar nou vermeld die alreeds genoemde scholion op Juv.5.109 dat Piso inderdaad mense uit die gewone volk finansieel gehelp het om die *census* en *dignitas*, m.a.w. die eiendomskwalifikasie en sosiale status, van *equites* te bereik: *meritos subleuare inopes ex utroque ordine solitus, de plebe uero certos ... ad equestrem censum dignitatemque prouehere.*<sup>200</sup> Ons kan dus waarskynlik wel aanvaar dat ons digter hier met die woorde *iuuat censu* spesifiek na dié soort weldade van Piso verwys.<sup>201</sup>

Lidmaatskap van die *equites*-stand het heelwat voorregte en voordele meegebring, o.a.

<sup>199</sup>M.a.w. die groot afstand tussen woorde wat bymekaar hoort; cf. Menge, op.cit., par.538.1; Lausberg, op.cit., par.331.

<sup>200</sup>Cf. p.6 supra.

<sup>201</sup>So verstaan ook White, art.cit.90 n.62, ons passasie.

die reg om bepaalde gereserveerde poste in die leér en die staatsdiens te beklee en goeie salarisse te ontvang. Daarbenewens het navorsers ook bereken dat eiendom ter waarde van 400 000 *sestertii* – want dít was die eiendomskwalifikasie vir die ‘ridderstand’ – waarskynlik genoeg inkomste (e.g. rente- of huurinkomste) kon genereer om enigermate gerieflik in Rome te kon leef.<sup>202</sup> Deur sy *cultores* (waar nodig) tot so ’n ekonomiese situasie te ‘bevorder’, het Piso hulle eintlik eers werklik instaat gestel om sy *cultores* en, soos ons netnou sal sien, sy *amici* te wees en hulle tyd in sy geselskap deur te bring.

Met *subito iuuat indulgentia censu* cf. *Calp.Ecl.4.33: tua nos alit indulgentia farre.*<sup>203</sup>

112. *Quodque magis dono fuerit pretiosius omni:* Die pleonastiese *magis* by ’n komparatief kom uit die volkstaal en word veral in voor- en ná-klassieke tekste aangetref,<sup>204</sup> maar die jong digter het dit stellig nie uit onoplettendheid laat ‘inglip’ nie, want *magis* help in ons versreël baie treffend mee – saam met die beklemtoonde posisie van *omni* – om aan die digter se geesdriftige waardering uiting te gee.

Die futurum exactum *fuerit* beklemtoon m.i. die waarheid van hierdie bewering: die digter suggereer daarmee dat wanneer ’n *cultor* eendag sal terugdink aan hierdie geskenk, hy *sal* sê dat Piso se onvoorwaardelike liefde nog veel waardevoller *was*. (?)

113. *diligis ex aequo:* Martin en Seel vertaal dit as ‘jy ag jou *cultores* almal ewe hoog’, die Duffs, Verdière en Amat daarenteen as ‘jy waardeer jou *cultores* as jou gelykes’. Omdat *ex aequo* hier inderdaad albei hierdie betekenisnuanses kan hê, is ’n neutrale vertaling soos ‘op voet van gelykheid’ verkiekslik. In die volgende paar reëls word dit dan in elk geval duidelik dat die digter albei betekenissoorte bedoel het.

<sup>202</sup>Cf. *OCD* s.v. ‘*equites*, imperial period’; White, art.cit.88 sq.; *Kl.P.2.340.29* sqq.

<sup>203</sup>By Statius is *indulgentia* al ’n tipiese kenmerk van die keiser: cf. e.g. *Stat.Silv.1.2.174-5: sic indulgentia pergat / praesidis Ausonii;* 5.2.125: *ducis indulgentia pulsat* (sc. *te*).

<sup>204</sup>*K&S* vol.2,464, Anm.8., waar uit die klassieke periode slegs voorbeeldde uit Vitr. en Val.Max. aangehaal word; Leumann-Hofmann-Szantyr, op.cit., par.99.a, p.166-7. *OLD* noem vir die klassieke era slegs *B.Afr.* 54.5: *ut ... magis ... fueritis studiosiores.*

113. *nec te fortuna colentum / natalesue mouent*: 'n Mens kan hier moontlik van 'n 'pregnante gebruik' van die voegwoord *nec* praat,<sup>205</sup> want die betekenis van hierdie sin is tog seker 'want die geldelike posisie of die afkoms van jou vereerders maak geen indruk op jou nie'.

114. *probitas spectatur in illis*: '(slegs) na regskapenheid word daar by hulle gekyk' of '(maar) wat by hulle getoets word, is hul opregtheid'. Vir die sentiment cf. e.g. Ov.*Pont.* 1.9.39-40: *non census nec clarum nomen auorum / sed probitas magnos ingeniumque facit*; Sen.*Ben.*3.18.2: *uirtus non eligit domum nec censum*.

115-117. *Nulla ... nullius ... unus*: 'n Treffende emfatiese tricolon van volsinne, met anafoor en die telwoorde in die mees beklemtoonde posisie.

Waar reëls 112-113 nog meer op die verhouding tussen Piso en sy *cultores* gerig was, word in 115-116 reeds die ongewoon aangename verhoudings en atmosfeer in Piso se huis aangedui, en sal ons dan in 117 merk dat dié 'vriendekring' blykbaar ook ander 'baie hoës' (*summos*) benewens Piso self insluit.

115. *superborum ... dicta iocorum*: dalk 'woorde van hoogmoedige spottery'. Martin wys egter tereg daarop dat ons hier 'n geval van 'transferred epithet' het, dus 'n 'enallagē',<sup>206</sup> want *superborum* bepaal eintlik die sprekers eerder as die grappe.

116. *nullius ... iniuria*: Die natuurlikste vertolking hiervan is m.i. om *nullius* as 'n genitivus objectivus te verstaan omdat sodoende die fokus, soos ons dit verwag, op die arme *cultor* gerig bly. Die Duffs verkies egter om dit as 'No man's grievance' te verstaan.<sup>207</sup>

117. *unus amicitiae summos tenor ambit et imos*: lett. 'een koers van vriendskap omring ...',

<sup>205</sup>Cf. Maurach, op.cit., par.214, p.147: 'Prägnanz der Kopula'.

<sup>206</sup>Cf. Maurach, op.cit., par.63, p.47 sq.: 'Personifizierende Enallagē'.

<sup>207</sup>Seel se weergawe van die reël as 'keiner verletzt einen anderen mit plötzlichem, höhnischen Gelächter (*sic!*)' is m.i. inkorrekt.

d.w.s. ‘n voortdurende stemming / ’n bestendige gees van vriendskap omsluit ...’. *Amicitia, amicus, amor* en *amare* is die belangrikste woorde om gehegtheid tussen persone te beskryf, of die ‘vriende’ nou van gelyke of van verskillende sosiale stand is.<sup>208</sup>

*Vir unus tenor* cf. e.g. Plin.N.H.14.2.4.27: *unus tenor algoris aestusue*; Cic. *Or.6.21: isque (sc. stilus medius) uno tenore, ut aiunt, in dicendo fluit*; Liv.22.35.16: *uno et perpetuo tenore iuris semper usurpato, numquam intermisso*.

**118-127.** Die uitsonderlikheid van hierdie situasie word nou behoorlik onderstreep deur dit te kontrasteer met die hoogmoed, vrekkerigheid en gemeenheid wat *clientes* in die meeste ander herehuise ervaar. Baie min (*Rara ... / rara ...*) ander huise, sê die digter, verwerp nie ’n arm vriend of vertrap nie ’n laaggebore *cliens* nie (118-119); hy illustreer hierdie algemene stelling deur drie van hulle ‘gedragspatrone’ aan die kaak te stel: al kom ’n man uit ’n eerbare huis en lei ’n onbesproke lewe, sal sy ordentlikheid hom niks baat as hy arm is nie (120-121); voorts soek niemand meer ’n *cliens* wat werklik van hom hou nie, maar hy gaan liewer en ‘huur’ as ’t ware een vir ’n ‘loon’ (122-123); en derdens skenk niemand meer ’n ordentlike bedrag aan ’n ware vriend nie – ’n vriend om op gelyke voet mee te verkeer en mekaar te lei –, maar hy hou die arme drommel liewer met ’n aalmoesie net-net aan die lewe om dan op partytjies die spot met hom te kan dryf (124-127). Hierdie byna emosionele betoog eindig weer met ’n gewigtige vyf-woorde-reël.

118-119. *Rara domus ... / raraque ... clientem:* Die anafoor, die byna eenderse sinsbou en die identiese versmaat DDSSDS van die twee reëls, met die ‘haatlike’ handelinge in swaar spondeë (*spernatur* en *calcat fastosa*), help mee om die stelling wat hier gemaak word, sterk te beklemtoon en die inhoud daarvan as ’t ware as ‘die vaste reël’ voor te stel.

Martin bestempel reël 119 as ‘a mere repetition of the thought of the preceding’ en meen ‘*tenuem amicum* and *humilem clientem* do not refer to two different persons, or classes of persons, but to one and the same person. It is the lot of the poor client in general of which

<sup>208</sup>White, art.cit.80-82, behandel die woordeskat i.v.m. vriendskap.

he is speaking.' Hierdie beskouing is wesenlik korrek, maar antisipeer eintlik 'n insig wat ons eers later sal kry: voorlopig sal die leser of hoorder van die gedig immers nog voel dat dit om twee aspekte gaan: want eerstens merk hy dat *tenuem* en *humilem* van reëls 118 en 119 respektiewelik weer *fortuna* en *natales* van reëls 113 en 114 opneem – die twee kwalifikasies waarteenoor Piso onverskillig staan – en tweedens kan die effense graadverskil tussen *aspernatur* en *calcat fastosa* boonop suggereer dat lae geboorte in die oë van bose *domini* selfs nog veragteliker as armoede is. Maar in 120-127 sal dit dan wel duidelik word dat die digter eintlik maar net die lot van die *arm* afhanglike – of liever die vrekkerigheid en gemeenheid van die meeste ander *domini* – bekla.

Wat *rara* betref, het Martin dit m.i. verkeerd as sy beweer dat dit hier as ekwivalent van die bywoord *raro* gebruik word. *Raro domus ... non aspernatur* sou immers beteken: 'n Huis verag selde nie ...', d.w.s. 'Huise verag meestal ... (maar maak soms 'n uitsondering)'; daarenteen beteken *Rara domus ... non aspernatur*: 'Uiters min huise verag nie ...', m.a.w. 'Verreweg die meeste huise verag...'.<sup>209</sup>

120. *Illi casta licet domus et sine crimine constet / uita:* Die datief *illi* is m.i. die sleutel tot die korrekte vertolking van *constet*, naamlik 'konstant/onveranderlik by iemand teenwoordig wees': cf. Liv.39.34.7: *adeo perturbauit ea uox regem, ut non color, non uultus ei constaret*; Suet.*Cal*.50.2: *Valitudo ei neque corporis neque animi constitit*; Tac.*Hist*.2.96: *unius legionis eam seditionem (sc. esse), ceteris exercitibus constare fidem*; Quint.*Decl*.336: *mihi ne mentem quidem satis constare credo*. Ek dink Verdière en Amat se vertolking in die sin van 'n bekende feit wees' is waarskynlik inkorrekk.<sup>210</sup>

121. *probitas:* 'n Eerbare huis en 'n onberispelike leefwyse is dus die twee basiese kenmerke

<sup>209</sup>Vergelykbaar met ons passasie is Phaedrus 4.2.5-7: *decipit / frons prima multos: rara mens intellegit / quod interiore condidit cura angulo.*- Seel se bewering dat *rara domus* 'inhaltlich und grammatisch' slegs korrek is as 'n mens *quae* bydink, is m.i. onwaar.

<sup>210</sup>Verdière: 'on a beau lui connaître une maison probe et ...' (d.w.s. 'Selfs al ken 'n mens sy ...'), Amat: 'il est évident que ... est ...'. OLD s.v.5 lys ons passasie onder die betekenis 'to exist, esp. under specified conditions or circumstances'.

van ‘regskapenheid’; dit herinner aan Horatius se woorde aan Maecenas in *Sat.* 1.6.62-4: *magnum hoc ego duco, / quod placui tibi, ... / non patre paeclaro, sed uita et pectore puro.*

121. *probitas cum paupertate iacebit:* ’n Mooi alliterasie. Duff & Duff, Verdière en Amat verbind *cum paupertate* met *iacebit* en verstaan die sin as ‘his probity will rank as low as his poverty’ (die Duffs);<sup>211</sup> ek dink dis natuurliker om soos Martin en Seel *cum paupertate* aan *probitas* te koppel en dit te vertolk as ‘ordentlikheid gepaard met armoede sal geen waarde hê nie’. Vir *cum* in hierdie funksie, cf. Liv.2.12.1: *frumenti cum summa caritate inopia;* id.5.30.5: *orare cum lacrimis coepere.* Martin vergelyk ook gepas Cicero (*Sest.* 45.98) se beroemde *id quod est praestantissimum ..., cum dignitate otium.* Vir *iacere* = ‘geen aansien geniet nie’, ‘nie in tel wees nie’, cf. e.g. Ov.*A.A.* 3.411: *Nunc ederae sine honore iacent;* id.*Am.* 2.2.30: *ille potens; alii, sordida turba, iacent;* en tegelyk vir die sentiment: Ov. *Fast.* 1.217-8: *dat census honores, / census amicitias: pauper ubique iacet.*

122-127. Terwyl die pas afgelope reëls 118-121 (verwerping van *probitas* in geval van *paupertas*) die teehanger tot die kern van reëls 112-114 (onvoorwaardelike aanvaarding van *probitas* deur Piso) was, sal reëls 122-127 (suinigheid en gemeenheid) nou die teenprentjie tot 109-111 (vrygewigheid) en 115-117 (vriendelikheid) skilder.

122. *lateri comitem circumdare:* ‘om iemand as metgesel aan sy sy te plaas’. Wanneer vername here die huis verlaat het, is hulle gereeld deur ’n groep *clientes* vergesel; cf. reëls 134-6 infra.

Vir die uitdrukking cf. e.g. Liv.30.19.8: (*Consul*) *hinc patre hinc Catulo lateri circumdatis ... Romam rediit;* vgl. ook die uitdrukings *latus tegere / claudere / dare*, wat almal ‘om te vergesel’ beteken.

122. *circumdare quaerit:* Slegs digters en sommige later prosaskrywers gebruik *quaerere*

<sup>211</sup>Na aanleiding van lg. vertolking haal Verdière die volgende heerlike sin – vermoedelik spreekwoordelik – uit Petr.84.4 aan: *Nescio quomodo bonae mentis soror est paupertas.*

in die betekenis ‘begeer, daarna streef’ met die infinitief (na analogie van die Griekse ζητεῖν);<sup>212</sup> cf. Hor. *Carm.* 1.37.21: (*Cleopatra*) ... *generosius / perire quaerens*; Ov. *Her.* 12.176: *stultae dum te iactare maritae / quaeris*; Plin. *H.N.* 8.93.79: *e monte aliquo in alium transilire quaerens*.

123. *quem dat purus amor*: m.a.w. ‘iemand wat deur opregte liefde/vriendskap gemotiveer is’; *dat* impliseer natuurlik ‘gratis’ en ‘spontaan’: dit gaan om die soort *cliens* wat in die volgende versreël ’n *uerus amicus* genoem sal word.

123. *purus amor ... impia merces*: Die keurige adjektiewe, met hul byna religieuse konnotasies, help om die kontras tussen die ideale vriendskaplike verhouding van weleer (reël 122: *Nullus iam*) en die ‘huurkontrak’ van vandag, wat hoofsaaklik op die heer se voordeel gerig is, nog skriller te maak: *impia* druk die sterkste afkeer uit. *Merces* verwys natuurlik na die *sportula* wat ’n arm *cliens* soggens tydens sy *salutatio* by sy *dominus* se huis ontvang.<sup>213</sup>

124-125. *nec quisquam uero pretium largitur amico, / quem regat ex aequo uicibusque regatur ab illo*: M.a.w. niemand anders maak vandag meer soos Piso nie: *pretium largitur* weerspieël duidelik *iuuat ... censu* van reël 111, maar die ideale verhouding vervat in *quem regat ex aequo uicibusque regatur ab illo* gaan natuurlik nou heelwat verder as die basiese *diligis ex aequo* in 113.

Verdière wys tereg daarop dat soortgelyke sentimente oor die essensie van ware vriendskap ook in Seneca se geskrifte gevind word,<sup>214</sup> maar ek glo nie (soos hy) dat ons passasie bewys dat ons digter juis Seneca se geskrifte moes geken het nie.

124. *pretium largitur*: Die woord *largitur* suggereer spesifiek ’n vrygewige, selfs kwistige

<sup>212</sup>Menge, op.cit., par.418.6.

<sup>213</sup>Cf. my aant. by reël 109 supra.

<sup>214</sup>Verdière, op.cit.228, n.90.

skenker. *Premium* in die betekenis ‘geld’ of ‘rykdom’ is ’n keurige digterlike gebruik; cf. Hor. *Carm. 3.16.8*: *conuerso in premium deo*; Ov. *Fast. 1.217-218*: *in pretio premium nunc est: dat census honores, / census amicitias*. Ek vind Amat se vertaling van *premium* met ‘récompense’ in die konteks totaal onvanpas.

125. *quem regat ex aequo uicibusque regatur ab illo*: Die tweede helfte van die sin pas nie by die konstruksie waarmee die sin begin het nie; ons het hier dus ’n sintaktiese ‘non-sequitur’: Sou ’n mens so ’n ‘fout’ dalk (soos in die geval van *magis ... pretiosius* in 112 supra) aan nalatigheid of die invloed van die ‘volkstaal’ kon wyt? Of kan dit wees dat die digter met so ’n ooglopende ‘glips’ ’n bepaalde effek beoog? Soos om sy emosie te demonstreer, wat so sterk is dat dit hom selfs oor sy sintaksis laat struikel?<sup>215</sup> Verontwaardiging oor die beroerde situasie wat hy skets, of opwinding oor die ideale beeld wat hom skielik te binneskiet: ’n heer wat deur sy *cultor* ‘gelei word’? ... Andersyds is die ‘glips’ van so ’n aard en in so ’n emosionele konteks dat dit seker ook menige hoorder en leser se aandag kan ontglip.<sup>216</sup>

Die meeste vertalers gee hierdie sin eenvoudig as ’n doelsin weer,<sup>217</sup> maar ’n byvoeglike *qui-finales*-bysin beteken nie heeltemal dieselfde as ’n bywoordelike *ut/ne*-doelsin nie.<sup>218</sup> Ek verstaan die sin soos volg: ‘(’n vriend) om op gelyke voet te adviseer en om beurtelings deur hom geadviseer te word’.

125. *regat ... regatur*: Dat die digter hier huis die werkwoord *regere* gebruik, sou ’n Romeinse hoorder of leser seker dadelik<sup>219</sup> as ’n sinspeling op die woord *rex* verstaan het wat deur *clientes* waarskynlik gereeld as benaming vir hulle *domini* gebruik is; cf. e.g. Hor.

<sup>215</sup>Vir ‘non-sequitur’ of ‘anakoluthon’ kyk K&S vol.2, par.244; Menge, op.cit., par.547.4.

<sup>216</sup>Van die kommentatore neem slegs Martin notisie van die onreëlmatigheid.

<sup>217</sup>Seel ignoreer ongelukkig die konjunktiewe en vertaal die sin met ‘den er dann noch als Gleichrangigen lenkt ...’.

<sup>218</sup>Vir ’n goeie verduideliking van die verskil, sien Woodcock, op.cit., par.147.

<sup>219</sup>Martin ad loc.: ‘perhaps’.

*Ep. 1.17.43-44: Coram rege sua de paupertate tacentes / plus poscente ferent;*  
*Sen. Dial. 2.15.1: non accipiet contumeliam ... si in conuiuio regis recumbere infra mensam*  
*... iubebitur? Mart. 2.18.5: sum comes ipse tuus tumidique anteambulo regis; 3.7.5: regis*  
*superbi sportulae.*

Vir *regerē* in die betekenis ‘morele rigting gee / leiding gee / voorlig’, cf. e.g. Cic.  
*Att. 10.6.2: uellem suscepisses iuuenem regendum;* Ov. *Met. 15.834: exemplaque suo mores*  
*reget;* Plin. *Ep. 10.19.1: domine, consilio me regas haesitantem.*

125. *ex aequo:* ‘op voet van gelykheid’, ‘op gelyke voet’; cf. dieselfde frase in reël 113 supra. Oor die voorskrif om vriende as jou gelykes te behandel, cf. Cic. *De Am. 9.32: ut ... (amici) sint ... pares in amore et aequales;* 19.69: *Sed maximum est in amicitia parem esse inferiori.*

125. *uicibus:* Nie ‘umgekehrt’ (Seel) nie, maar ‘om beurte / beurtelings / by afwisseling’; vir hierdie seldsame abl. i.p.v. die meer gewone *per uices*, cf. Scrib. 245: *quod superest aceti uicibus cum oleo adicitur;* Sen. *Ep. 36.11: uidebis nihil in hoc mundo extingui sed uicibus descendere ac surgere;* CIL 13.5708.2.12: *uicibus ex se curatores ad hoc officium nominent.*

126. *miserum:* Na my gevoel is ‘*die arme drommel*’ (die Duffs en Seel) hier tog ’n effens natuurliker vertolking as ‘*n arme drommel*’ (Verdière en Amat): die digter bedoel vermoedelik eenvoudig ‘*die normale, arme cliens*’ van die ‘normale’ *dominus*.

126. *fōcīlat:* Terwyl *L&S* nog *fōcīl(l)are* (glo van die stam *fōc-* soos in *fōcūs*) geskryf het, gee die *OLD* (in navolging van *ThLL* 6.1.987) *fōcīlare* (van *fōculum*, *\*fouiculum*) met die betekenisse ‘aan die lewe hou’ en ‘koester’; cf. Sen. 13.14: *Pudet me ... tam lenibus te remediis fōcīlare;* Plin. *Ep. 3.14.4: Ipse paucis diebus aegre fōcīlatus ... decessit;* Suet. *Aug. 17.1: M. Antoni societatem semper dubiam et incertam reconciliationibusque uariis male fōcīlatam abruptit tandem.*

126-127. *ut pudibundos / exercere sales inter conuiua possit:* Die meeste vorige vertalers vertaal *pudibundos* soos 'n sinoniem van *pudendos*,<sup>220</sup> en Martin en Seel praat boonop (soos *L&S*) van 'n 'passiewe betekenis'. Hierdie interpretasie is natuurlik onmoontlik, want 'n adjektief op *-bundus*, wat immers in funksie verwant is aan 'n aktiewe praesens participium, kan eenvoudig nie gelykbeduidend met 'n passiewe gerundivum wees nie.<sup>221</sup> *Pudere* is 'n transitiewe werkwoord wat 'beskaam / skaam maak' beteken,<sup>222</sup> en *pudibundus* is dus eenvoudig 'beskamend', d.w.s. 'skaam-makend', wat dan na gelang van die konteks óf 'skaam' kan beteken, (as iemand homself skaam) óf 'skaamtewakkend'(as iemand/iets iemand anders skaam maak): en dít is dan inderdaad ook presies die betekenissoorte wat die *OLD* nou aanbied.<sup>223</sup> *Pudibundi sales* is dus 'spot wat die bespotte persoon laat skaam kry', of 'sy eer aantast': dalk is 'vernederende spot' 'n aanvaarbare vertaling.

Verdière verwys hier gepas na Juv.3.152-153: *Nil habet infelix paupertas durius in se / quam quod ridiculos homines facit.* Sedert die komste van die Prinsipaat en die agteruitgang van die mag van die ou adel het die politieke funksie van die *clientela*-stelsel verval. Dit het wel sy sosiale en ekonomiese rol behou, maar gewone *clientes* is van nou af blykbaar veelal deur hulle *domini* swak behandel en uitgebuit.<sup>224</sup> Oor die wedervaringe van arm *clientes* by 'n feesmaal, sien byvoorbeeld die (uiteindelik oordrewe) beeld in die vyfde satire van Juvenalis, wat waarskynlik onder die keisers Domitianus, Trajanus en Hadrianus geskryf het.

<sup>220</sup>Martin: 'disgraceful', Duff & Duff: 'shameful', Verdière: 'infâmes', Bolisani: 'indecenti'; maar Seel: 'schmählich-beißend' (*sic!*) en Amat: 'honteuses' ('haatlik').

<sup>221</sup>Nie een van die ruim 100 ander adjektiewe op *-bundus* in *L&S* word ooit in 'n gerundivum-betekenis gebruik nie.- 'n Volledige (?) lys kan gesien word in O. Gradenwitz, *Laterculi Vocabulum Latinarum*, Leipzig 1904, cap.2, waar die woorde van *agter af gelees* alfabeties georden is: daar is ca. 150 sulke woorde bekend.

<sup>222</sup>Cf. e.g. Ter. *Ad. 4.7.36*: *non te haec pudent?* Liv. *8.4.3*: *si consanguineos ... esse, quod olim pudebat, nunc gloriari licet;* Luc. *8.495*: *semper metuet, quem saeva pudebunt.*

<sup>223</sup>*OLD* s.v.1: 'filled with shame, shame-faced; (transf., of a flower) blushing'; 2: 'that causes one to blush, shaming, dishonouring'.

<sup>224</sup>Vir ontwikkelings in die *clientela*-stelsel in die Keisertyd, kyk ook *RE*, s.v. 4.51.29 sqq.

**128-132.** Na hierdie kort uitweiding hervat die digter sy direkte lofprysing van Piso deur eers kategories te beklemtoon (*procul ... procul ...*) dat die pasgenoemde ewuels nie in sy huis bestaan nie (128-129a) en dan sy edele, mensliewende houding teenoor sy *cultores* te beskryf: Piso is vriendelik en saggeard; hy is nie hoogmoedig nie maar hy gedra hom soos 'n vriend onder gelyke vriende; hy demonstreer *obsequium* en trag om 'liefde te wen deur liefde te gee' (129b-132). Martin haal hier baie gepas die waarderende oordeel van H.E.Butler aan: 'Any great man might be proud to receive such a tribute.'<sup>225</sup> Die essensie van Piso se verhouding met sy *cultores/clientes*, nl. liefde/vriendskap en gelykheid, word deur die lofdigter opvallend sterk benadruk: *diligis ex aequo* 113, *amicitiae* 117, *amicum* 118, *amor* 123, *amico* 124, *ex aequo* 125, *aequales* en *amicos* 131, *amorem* en *amando* 132.

128. *Ista procul labes, procul haec fortuna refugit:* Met *ista labes*, lett. 'daardie smet/skandvlek', m.a.w. 'skandelike optrede', spreek die digter treffend sy verdoemende oordeel uit oor die materialistiese, mense-veragtende houding van al die ander here, soos geskets in reëls 118-127; met *haec fortuna*, 'hierdie lot',<sup>226</sup> vat hy vermoedelik die bejammerenswaardige omstandighede van *clientes* oor die algemeen saam, nie net dit wat pas in reëls 126-127 genoem is nie.<sup>227</sup> Die iterasie (hier spesifiek 'geminatio') van *procul* het 'n mooi emfatiese effek. Die gebruik van *refugit* kom weer op personifikasie neer: soos lewende wesens het *ista labes* en *haec fortuna* ver van Piso se huis 'weggevlug' of 'weggebly'.

130. *positoque per omnia fastu:* *posito* is weer 'n geval waar ter wille van effek die onsaamgestelde i.p.v. 'n saamgestelde werkwoord, nl. *deposito*, gebruik word.<sup>228</sup>

<sup>225</sup>H.E.Butler, *Post-Augustan Poetry from Seneca to Juvenal*, Oxford 1909, 158. Ek kan nie anders as om hier ook Butler se pragtige vertaling van reëls 129-132 weer te gee nie: 'Mild is thy temper and free from sharp harshness. Thou layest aside thy pride in every act, and among thy friends thou art counted a friend and equal, thou teachest men to follow thee and seekest to be loved by loving.'

<sup>226</sup>Seel se vertaling van *fortuna* as 'Verhalten' is natuurlik verkeerd.

<sup>227</sup>Martin meen *ista labes* verwys na 118-123, *haec fortuna* na 124-127.

<sup>228</sup>Cf. aant. by reël 104-105 supra.

130. *per omnia*: ‘in elke opsig’, ‘heeltemal’; cf. Quint.*Inst.*5.2.3.: *uix autem ulla (sc. causa) est per omnia alteri similis*; Vell.*Pat.*2.33.1: *L.Lucullus ... alioqui per omnia laudabilis et bello paene inuictus*. Die Duffs se vertaling ‘everywhere’ pas m.i. nie. Bes moontlik beteken die frase dieselfde as *per omnes modos* in reël 5/6 supra.

131. *inter ut aequales unus numeraris amicos*: ‘jy word soos een onder gelyke vriende gereken’. Verdière se interpretasie van *aequales* as ‘van jou ouderdom’ is onwaarskynlik, te meer na die tweemaalige *ex aequo* (113,125). Seel se beskouing van hierdie sin as ‘offenbar ... eine Paraphrase der Formel “primus inter pares”’, is totaal ontoortuigend.<sup>229</sup>

132. *obsequiumque<sup>230</sup> doces*: Ek dink die Duffs se vertaling ‘you teach obedience’ en Seel se ‘du lehrst Rücksichtnahme’ (d.w.s. ‘konsiderasie’) pas nie in die konteks nie; Verdière en Amat se vertolking as ‘tegemoetkomendheid’ (‘complaisance’) is sekerlik beter. Maar waar dit in hierdie geïdealiseerde beeld tog basies steeds om die verhouding tussen *patronus* en *cliens* gaan en *obsequium* in dié verband histories ook iets soos ‘leendiens’ of ‘leenmanstrou’ beteken het,<sup>231</sup> is ‘n vertolking van die woord as ‘aanhanglikheid’ (‘allegiance’) of ‘lojaliteit’ waarskynlik die beste.

132. *amorem quaeris amando*: ‘n Besonder welluidende formulering; vir die sentiment cf. e.g. Ov.*A.A.*2.107: *Ut ameris, amabilis esto*; Sen.*Ep.*9.6: *Hecaton ait, ‘... si uis amari, ama’*; Plin.*Pan.*85.2: *habes amicos, quia amicus ipse es*.

<sup>229</sup>Seel se kommentaar: ‘Du bist zwar der Eine und Einzige, aber du läßt dich doch nur als Gleicher unter Gleichen zählen.’ Sy vertaling: ‘(du) wirst nur als der Eine unter gleichgestellten Freunden gezählt’. Hy is klaarblyklik deur Verdière se voetnoot 92 op hierdie dwaalspoor gebring: ‘La pensée ... n'est pas loin de l'adage *primus inter pares*.’

Ook Verdière se bewering dat die vorm van reël 131 ‘sans doute’ (*sic!*) deur Ov.*Trist.*1.9.51: ... *multos numerabis amicos* beïnvloed is, is baie aanvegbaar. (Buitendien is daar ook nog Ov.*Pont.*4.9.35: *hic ego praesentes inter numerarer amicos!*)

<sup>230</sup>Die *-que* van *obsequiumque* het in Amat se teks (en dus ook in haar vertaling) uitgeval.

<sup>231</sup>Cf. *Kl.P.*1.1224.33 s.v. ‘Clientes’; Verdière se n.86.

133-139a. Ná die lofprysing van Piso se houding jeens sy *cultores/clientes* verwys die digter nou ook kortliks na hulle aktiwiteite in sy huis. Hy beklemtoon (anafoor aan die begin van opeenvolgende reëls: *Cuncta domus ... / cuncta ...*) die feit dat sy hele huis weerklink van sy *cultores* se verskillende kunsaktiwiteite en dat sy hele huis studie bevorder (133-134a); want Piso hou nie van 'n horde van onbeskaafde *clientes* wat hom net op straat kan vergesel en beskerm nie (134b-136): daarenteen hou hy van mense met veelsoortige vaardighede, en hy lei hulle ywerig tot alle soorte van aktiwiteite, of dit nou van ernstiger of van ligter aard is (137b-139a). Dit word vir die eerste keer duidelik dat Piso se huis ook kultureel 'n opwindende plek is, maar die hoofklem val hier natuurlik op Piso se veelsydigheid.

133-134. *Cuncta domus uaria cultorum personat arte, / cuncta mouet studium:* Aangesien Piso 'n beroemde redenaar is, sal die woord *personat* ons hier waarskynlik outomaties laat dink aan begaafde *cultores* se deklamasie van betoë soos *suasoriae* en *controversiae*, aan elokusie-oefeninge, miskien ook aan voordragte van ander soorte literêre skeppings (hetsy hul eie of ander s'n), regswetenskaplike en filosofiese diskussies en dies meer. Martin wys hier op die wedersydse stimulering wat die *cultores* in so 'n milieu moes ervaar het, en sy haal hiervoor baie gepas Ov.*Pont.4.2.35-36* aan: *excitat auditor studium, laudataque uirtus / crescit, et immensum gloria calcar habet.*

134. *cuncta mouet studium:* Die hele huis, d.w.s. die hele gees wat daarin heers, motiveer mense tot ywer of studie. Martin vergelyk gepas Ov.*Am.3.12.16*: *ingenium mouit sola Corinna meum*. Die Duffs se vertaling, 'Zeal is the motive force everywhere', d.w.s. met *cuncta* as objek van *mouet*, is natuurlik moontlik, maar seker nie die voor-die-hand-liggende vertolking nie omdat die toehoorder of leser *cuncta* in die anafoor eerder weer as *cuncta domus* sal wil verstaan.

135. *misero ... freta labore:* Hierdie 'laagste' soort *cliens* is vir sy lewensoronderhoud 'afhanklik van werk': die digter verwys hier dus weer na die soort *clientes* waarmee ander *domini* hulself omring, die *comitem ... quem tulit impia merces* van reëls 122-123 supra.

In reëls 134b-136 kom duidelik genoeg Piso sowel as die digter se geringskatting van hierdie klas onopgevoede *clientes* na vore – *dura, rudis, nil nouit*, en die verwysing na hulle armoede (*freta labore*) – hoewel daar in die woord *misero* darem ook 'n bietjie deernis opklink.(?)

Ek dink Seel het dit mis waar hy in sy kommentaar op hierdie reëls aan die digter 'n 'Abneigung gegen das Klientenwesen (*sic!*)' toeskryf: ek sou dit eerder as 'n aanduiding van die by hoër klasse 'normale' minagtig van onopgevoede armes beskou.

136. *summoto ... praecedere uulgo:* Eintlik vind die twee handelinge natuurlik eerder gelyktydig plaas: 'voor (Piso) loop en die gepeupel uit die weg stoot'. Die woord *summouere* word ook gereeld gebruik wanneer die *lictores*, die assistente van hoë amptenare, vir dié here 'n weg deur die strate van Rome moet baan.

136. *nouit praecedere:* Die infinitief as objek van *nouisse* (meer dikwels van *scire*) kom hoofsaaklik by digters voor; cf. Verg.*Aen.*8.316-7: *nec iungere tauros / ... norant*; Prop. 2.15.30: *uerus amor nullum nouit habere modum*; Hor.*Carm.*3.7.25: *flectere equum sciens*.

137. *Sed uirtus numerosa iuuat:* Verdière en Amat se interpunksie, nl. ... *uulgo*. *Sed ... iuuat: tu ... ,* is vir my minder natuurlik as dié van Martin, die Duffs en Seel, nl. ... *uulgo*; *sed .... iuuat. Tu ... .* Eintlik sou ek na *uulgo* selfs 'n komma eerder as 'n kommapunt verkies het, want vir my lyk *sed ... iuuat* na die logiese, positiewe voortsetting ná die negatiewe *nec enim ... placet ... .*

Vir *numerosa* cf. die aantekening by reël 66 supra.

137-138. *tu pronus in omne / pectora ducis opus:* Twee van die vertalers verstaan onder *pectora* die harte van Piso se *cultores*, maar die ander vier meen dat dit sy eie hart moet wees;<sup>232</sup> ons digter gebruik inderdaad die meervoudsvorm *pectora* nog op drie ander plekke,

---

<sup>232</sup>Naamlik Verdière en Seel teenoor Martin, die Duffs, Bolisani en Amat.

en telkens in die enkelvoud-betekenis ‘hart/bors’.<sup>233</sup> Wat my egter laat huiwer, is die woord *ducere*: kan ’n mens werklik jou eie hart *ducere*? of slegs jou volgelinge se harte? Ook die konteks – die *cultores se uaria ars* (133), die beklemtoning van hulle beskaafdheid (134-136) en die feit dat Piso van *numerosa uirtus* hou (137) – suggereer m.i. eerder dat Piso hier die *pectora* van sy *cultores*-vriende ‘aanvoer’.

*Pronus* word deur alle vertalers absoluut verstaan, d.w.s. in die sin van ‘uit natuurlike geneigdheid/ywerig/gretig’, met die uitsondering van Verdière wat dit met *in omne opus* verbind. Laasgenoemde opsie lyk aantreklik, eerstens omdat *pronus* baie gereeld met *in* verbind word, e.g. Hor.*Ep.*1.18.10: *in obsequium*; Suet.*Caes.*50: *in libidines*; Flor.4.12: *in omnia mala*; en tweedens omdat ons by *ducere* in elk geval eerder die preposisie *ad as in* sou verwag het, cf. e.g. Cic.*Off.*1.6: *omnes trahimur et ducimur ad cognitionis et scientiae cupiditatem*; *Tusc.*2.18: *ita me ad credendum tua me dicit oratio*. Nogtans dink ek dat dit hier miskien tog natuurliker is om *pronus* adverbiaal te verstaan en om *in omne opus* met *ducere* te verbind.

138-139. *seu te grauiora uocarunt, / seu leuiora iuuant:* Aangesien ons ons steeds in die redenaar *se* huis bevind, sal ons by *grauiora* natuurlik dadelik weer aan deklamasie en ander ‘retoriiese’ aktiwiteite dink – wat in die volgende sin dan ook bevestig word – terwyl ons onder *leuiora* waarskynlik poësie, musiek en dies meer sal verstaan: cf. e.g. Cic.*De or.*1.212: *atque, ut iam ad leuiora artium studia ueniam, si musicus, si grammaticus, si poeta quaeratur*; Cic.*Sen.*50: *quid in leuioribus studiis, sed tamen acutis? Quam gaudebat Bello suo Punico Naeuius*; Sen.*Cons.Helv.*20.1: *animus ... modo se leuioribus studiis oblectat, modo ad considerandam suam uniuersique naturam ueri auidus*.

Vir *uocare* = ‘roep, nooi, lok’ met ’n lewelose of abstrakte subjek, cf. *eum si bella uocabunt* in reël 156 infra; ook Liv.28.15.12: *fessos nox ... ad necessariam quietem uocabat*;

---

<sup>233</sup>Cf. reël 45: *iudicis affectum possessaque pectora ducis* [maar hier is die teks verdag], r.161: *contulit innumeras intra tua pectora dotes*, en r.183: *uiuaci scrutaris pectora dextra*. Ook ander digters: cf. Verg.*Aen.*8.29: *Aeneas, tristi turbatus pectora bello*; Ov.*Pont.* 1.6.18: *adloquo iuua pectora nostra tuo*; Stat.*Silv.* 5.1.77: *succincta pectora curis* (*sc. Abascanti*).

Ov. Pont.4.8.69: *nisi te nomen tantum ad maiora uocasset; Phaedr.3 pr.9: uenient feriae quae me soluto pectore ad studium uocent.*

**139b-158.** Hier begin nou een van die langer uitweidings, waarin die digter na aanleiding van sy verwysing na Piso en sy *cultores* se *leuiora (opera)* in besonder mooi verse die nodigheid van ontspanning en veral die natuurlikheid van afwisseling vir ons sal bewys. Ernstige redevoering verskaf nie altyd genot nie, sê die digter, en ook soldate – en hier vergelyk hy nou implisiet weer die redenaar Piso met 'n krygsman<sup>234</sup> – bly nie altyd onder die wapen nie, die krygstrompet raas nie dag en nag nie, die boogskutter mik nie altyd nie, maar hy 'ontspan' sy boog ook weer, en die soldaat haal soms sy wapenrusting af (139b-144). Deur die anaforiese *nec ... semper ... , nec semper ... , nec tota ... , nec semper ... – met semper* (drie maal) en *tota* telkens in beklemtoonde posisies van homodiniese versvoete,<sup>235</sup> en die werkwoorde elke keer aan die einde van die sin – word die waarheid van die stelling as 't ware ingehamer; en waar aan die begin die woorde *adducta cum fronte* (140), *bellica turba* (141) en *classicus horror ... gemit* (141-2) duidelik spanning gesuggereer het, veraanskoulik daarná die werkwoorde *exempto ... laxat* (143) en *resoluit* (144) baie gepas die gedagte van 'ontspanning' (in die ware sin van die woord); dit val ook op hoe in die spondeeryke reël 143 (DSSSDS) by *exempto sed laxat* skielik die spoed saam met die spanning verminder. Wat laastens nog lof verdien, is die goedgekose verskeidenheid van subjekte in hierdie vier sinne: eers die abstrakte *facundia* (in stede van *causas dicere*), dan die meervoudsbegrip *turba*, derdens die klank-en-gevoel-kombinasie *classicus horror*, en laastens 'n individu, *Gnosius*.

Terwyl die digter in reëls 139-144 aan die hand van militêre voorbeeldé getoon het dat 'ernstige' aktiwiteité noodwendig die een of ander tyd *beëindig* word, toon hy vervolgens aan die hand van die voorbeeld van die natuur – ons beweeg dus ná die 'epiese' taal van die vorige

<sup>234</sup>Cf. reël 25 sqq.

<sup>235</sup>I.e. waar diewoordaksent en die vers-ictus saamval. (Eng. 'homodyne' teenoor 'heterodyne'; cf. L.P. Wilkinson, *Golden Latin Artistry*, Cambridge 1963, 127; ook Duckworth op.cit. gebruik hierdie *termini* gereeld.)

reëls vir 'n wyle na 'n byna 'bukoliese' atmosfeer – dat (af)wisseling van aktiwiteite, van 'ernstiger' en 'ligter', ook iets *natuurliks* is: Selfs die natuur, sê die digter, ondergaan immers wisselinge en verander reëlmaticig van voorkoms (145-146). Ook maak die hemel, bedek met swaar reën wolke, nie áltyd met sy verskriklike stortbuie die goue sterre onsigbaar nie (147-148), maar op die winter volg die droër lente wat gou reeds vlug vir die somer, en op dié se hakke volg die herfs wat weer sal padgee voor die winter met sy reënbuie en oorstromings (149-151) – 'n volle siklus dus: die natuur se 'weersaktiwiteite' wentel van 'grauiora' na 'leuiora' en terug na 'grauiora'. Die inleidende, emfatiese *non semper* koppel hierdie argument pertinent aan die vorige reeks *nec semper*'s, en die besonder aanskoulike beskrywing van die reënerige Italiaanse winterweer (147-148) eindig met 'n indrukwekkende *uersus aureus* van vyf woorde (vir die eerste maal sedert 116); daarteenoor is die behandeling van die ander drie seisoene betreklik bondig, en laat die suggestie dat hulle mekaar 'jaag' (*fugit, laccessit*) byna die indruk ontstaan dat die natuur haastig is om weer by die winter, sy 'ernstige besigheid', uit te kom.

Maar die digter kom met 'n derde, en nog meer gesaghebbende, voorbeeld: selfs Juppiter bêre gereeld sy 'vurige wapens', keer terug na die godegeselligheid waar Ganymedes die tafelbediende is, en lig sy beker met dieselfde hand waarmee hy bliksemkigte geslinger het (152-154) – hier het ons dus werklik die hoogste voorbeeld vir die 'normaliteit' van ontspanning.

As die digter aan die einde van hierdie voorbeeld nou voortgaan met die stelling: "'n mens moet jou na die omstandighede skik', verwag ons seker dat dit die begin is van 'n slotsom in die trant van '... maar daar moet ook tyd vir ontspanning wees'. Wat egter volg, is iets heeltemal anders, en eintlik totaal onvanpas: hy verklaar naamlik dat iemand wat 'die situasies korrek oorweeg', in oorlogstyd 'n soldaat sal wees en in vredestyd die toga sal dra, en sê dit dan emfaties (DSSSD) nog eens presieser: vir hom sal in vredestyd die howe, in oorlogstyd die kamp die regte plek wees (155-158)!

Seel is sover ek sien die enigste skrywer wat ook bedenkings oor hierdie vier reëls

opper:<sup>236</sup> hy is van mening dat hier ‘in gewisser Weise ein Knick in der Überleitung’ is, dat die *arma-toga*-tema hier nie meer ter sake is nie, en dat die digter eerder verder moes gesprok het oor die nodigheid om aanpasbaar te wees, om op meer as een gebied bedreve te wees en ook nog tyd te hê vir dinge wat nie direk relevant is nie.<sup>237</sup>

Terwyl Seel hier bloot ’n ‘kinkel in die oorgang’ wil sien, beskou ek reëls 155-158 op hierdie plek eenvoudig totaal onvanpas. As ’n mens die struktuur, die logiese gedagteloop en goeie oorgange van die lofdig as geheel in ag neem, is dit vir my totaal ongelooflik dat ons digter hier so ’n ooglopende *lapsus mentis* kon gepleeg het en kan ek nie anders nie as om te aanvaar dat hierdie vier versreëls (wat immers weer oor *grauiora*-aktiwiteite handel) uit ’n ander konteks hierheen verdwaal het en dalk oorspronklik tussen reëls 31 en 32 of dan tussen reëls 36 en 37 gestaan het waar hulle tematies tuishoort en heel goed sou inpas.

139-140. *facundia ... adducta cum fronte*: ‘Welsprekendheid met gefronsde voorhoof’: die ‘frons’ is ’n tipiese teken van die redenaar se erns, konsentrasie en spanning. Ek dink dit is natuurliker om die abstrakte *facundia* as gelyk aan ’n konkrete *facunde loqui* te verstaan as om aan ’n verpersoonlike ‘fronsende welsprekendheid’ te dink. Vir die betekenis van *cum* hier, cf. die aantekening by *probitas cum paupertate* in reël 121 supra. Vir die idioom cf. e.g. Sen.*Ben.*1.1.5: *quis non ... frontem adduxit?*; Suet.*Tib.*68.3: *adducto fere uultu*, Quint. 10.3.13: *Secundum ... tristem ... interrogavit quae causa frontis tam adductae*.<sup>238</sup>

141-142. *classicus horror ... gemit*: ’n Baie verbeeldingryke, suggestiewe kombinasie: ons het hier ’n digterlike omruiling (‘enallagê’) van woordkategorieë, nl. van adjektief en

<sup>236</sup> Maar eers nadat hy die hele passasie m.i. totaal verkeerd vertolk het: hy meen naamlik (1) dat ons in 139-144 weer ’n vergelyking en kontrastering van ‘Kriegshandwerk und friedlicher Beschäftigung’ het; (2) dat die versreëls oor die veranderings in die natuur (145 sqq.) impliseer dat daarmee saam ook die eise van die natuur aan die mens verander: dáárom nou die sinspreuk *temporibus seruire decet* (155a); en (3) dat die laaste verse 155b-158 wil sê: ‘unsere Zeit will nicht *arma*, sondern die *Toga*’ (op.cit.85-6).

<sup>237</sup> Seel p.86-7.

<sup>238</sup> *Obducere* word blykbaar in dieselfde betekenis gebruik: cf. e.g. Juv.9.2: *fronte obducta*.

substantief, want wat die digter eintlik meen, is natuurlik nie ‘die trompetsinjaals-verskrikking’ nie, maar ‘die verskriklike trompetsinjaal’, m.a.w. die *classicum horrendum*.

Die substantief *classicum* beteken ‘n ‘horing- of trompetsinjaal’, hoewel sommige latere grammatici beweer dat die woord ook vir die blaasinstrument self gebruik is;<sup>239</sup> die instrumente wat ons bronne in hierdie verband noem, is meestal die *cornu* en die *tuba*;<sup>240</sup> die woord *horror* in ons teks suggereer dat die digter dalk spesifiek aan die luider *tuba* gedink het, waarvan die klank in die bronne as *terribilis*, *terrisonus*, *horridus* beskryf word.<sup>241</sup> Die adjektiefvorm *classicus*, soos ons digter dit hier gebruik, is volgens *OLD* en *ThLL* 3.1280.27 ‘n hapax.

*Gemere* word ook elders deur digters gebruik om die blykbaar effens kermende, treurige klank van militêre blaasinstrumente te beskryf: cf. e.g. Juv.2.90: *nullo gemit hic tibicina cornu*; 7,69: *surda nihil gemeret graue bucina (sc. Vergili)*; Claudianus 3 (= *In Rufinum I*) 218: *classica non gemerent*.

143. *Gnosius*: Eintlik ‘n inwoner van Knossos, die eertydse hoofstad van antieke Kreta, maar die woord is konvensioneel ‘n digterlike ekwivalent van *sagittarius* = ‘boogskutter’, omdat Kretensers veral sedert die Hellenistiese tyd in baie state se leërs as boogskutterhuursoldate gedien het: hulle trefsekerheid was spreekwoordelik; as kompromis tussen die obskure ‘Knossiër’ en die prosaïese ‘boogskutter’ is ‘Kretenser’ seker ‘n gepaste vertaling.<sup>242</sup>

142-143. *arcu destinat*: Vir die frase cf. Ps.-Ov.*Nux* 168: *oculis plагae destinat ante locum*; Stat.*Theb.* 8.438-40: *Phaedimon lasiden arcu Dircaeus Amyntas / destinat: heu celeres Parcae! Iam palpitat aruis / Phaedimus*. Maar *destinare* = ‘mik op’ sonder ‘n uitdruklike objek is baie ongewoon, indien nie uniek nie.

<sup>239</sup>Cf. Schol.Hor.*Epod.*2.5: *Classicum proprie sonitus tubae; ponitur et pro ipsa tuba;* Serv.Verg.*Aen.*7.637: *nam classicam dicimus et tubam ipsam et sonum.*

<sup>240</sup>G.Wille, *Musica Romana. Die Bedeutung der Musik im Leben der Römer*, Amsterdam 1967, 78-100, handel breedvoerig oor die Romeine se militêre musiek en musiekinstrumente. Vir afbeeldings, kyk Fleischhauer, op.cit.

<sup>241</sup>Cf. Wille, op.cit.83.

<sup>242</sup>Aldus ook al die vertalers behalwe Seel, wat ‘Gnosier’ skryf.

143. *exempto ... ferro*: Wat hier ‘uitgeneem/verwyder’ word, is stellig die pyl: sy ysterpunt<sup>243</sup> staan by wyse van sinekdogee (‘pars pro toto’) vir die hele pyl; cf. Verg. *Aen.*5.509: *auem contingere ferro*; Sil.2.128: *excutere in uentos resoluto pollice ferrum*. Martin, die Duffs, Bolisani en Seel druk in hulle tekste i.p.v. die Florilegia se *ferro* Sichard se lesing *neruo*: maar afgesien van die hoër ouerdom en aansien van die Florilegia se teks, is *ferro* m.i. ook logies verkiekslik omdat ná *arcu destinat* in die eerste plek die pyl opsy gesit moet word, terwyl *exempto neruo* in elk geval naas *laxat cornua* byna toutologies sou wees.

143. *laxat cornua*: ‘hy ontspan sy boog’; *cornua*, die boogente, staan weer by wyse van sinekdogee vir die hele boog; cf. Ov.*Met.*1.455: *uiderat adducto flectentem cornua neruo*; 5.56: *lenta manu flectentem cornua Perseus / stipite ... perculit*; vir *laxare* cf. e.g. Phaedrus 3.14.10-11: *cito rumpes arcum, semper si tensum habueris; / at si laxaris, cum uoles, erit utilis*.

Vir afbeeldings van boë, wat ook die gepastheid van die term *cornua* vir die boogpunte illustreer, en vir die tegniek van boogskiet, sien e.g. Daremburg & Saglio, op.cit.1.1.388 sqq.; verder *Kl.P.*5.903 s.v. *Toxon*. Volgens die *OCD*<sup>244</sup> het boogskutters in die Grieks-Romeinse krygwese – in teenstelling tot dié van die ou Perse en die later Parthe – maar ’n geringe rol gespeel.

144. *et galea miles caput et latus ense resoluit*: Dit sou vir ons seker meer ‘logies’ geklink het om te sê dat die helm van die kop en die swaard van die sy losgemaak word, maar cf. Sen.*Q.N.*2.59.4: *ut corpus ab animo resoluant*.

145-156. Martin se bewering dat ‘these verses imitate freely Hor.C.4.7.1-12’ is m.i. ’n bietjie oordrewe gestel, maar daar is ongetwyfeld ooreenkomsste: albei digters gebruik die woord *uices* en die uitdrukking *pomifer autumnus* (Hor.7 en 11), by albei verdring die seisoene mekaar en

<sup>243</sup>Die metaalpunt was volgens *Kl.P.*4.1498.50 sqq. tussen 60 en 100 mm lank.

<sup>244</sup>S.v. ‘archers (Greek and Hellenistic)’.

albei gebruik in die konteks 'n toekomende deelwoord (Hor.9-10: *uer proterit aestas / interitura*). Maar hoewel ons digter natuurlik sy Horatius goed sou geken het, mag ons hier ook met 'n heeltemal toevallige of 'onbewuste' eggo te doen hê; buitendien was Horatius seker nie die eerste of enigste digter wat ooit iets oor die wisselende seisoene te sê gehad het nie.

**145-6. *uariataque cursus / ordinat:*** Die beknopte formulering 'orden in-veranderde-vorm sy gang' beteken natuurlik 'verander in die loop van die jaar reëlmotig van voorkoms';<sup>245</sup> dit is moontlik dat hier met *uariata* spesifiek reeds op die kleurverandering gesinspeel word wat in die volgende sin ter sprake kom; cf. ook Plin.N.H.17.22.35.189: *uariante se uua*; Col. *Arb.*12.1: *simulatque uua uariari cooperit*.

**146. *inuersis et frondibus explicat annum:*** Die Duffs vertaal hierdie sin as 'unfolding the year with the change of the leaf', Amat vertolk dit net so,<sup>246</sup> en Seel skryf selfs 'und mit wachsenden und vergehenden Blättern entfaltet sie das Jahr'.<sup>247</sup> Ek verstaan die sin anders, nl. as 'en sluit die jaar af nadat die lower verkleur het / met verkleurde lower': vir *explicare* in die betekenis 'volbring / afhandel', cf. e.g. Nep.pr.8: *ut ea explicarem quae exorsus sum*; Mart.14.22: *uersibus explicitumst omne duobus opus*,<sup>248</sup> Luc.7.201: *dissimilem certe cunctis quos explicat egit / Thessalicum natura diem*; Plin.Ep.8.1.1: *Iter commode explicui*; CIL 10.6090: *explicito quod promiserat*. En vir *inverttere* in die sin van 'om iets te kleur/verkleur', cf. Silius 16.568-9: *serua, albentes inuertere lanas / murice Gaetula docta*; in hierdie

<sup>245</sup>H.Galinsky, *Naturae Cursus. Der Weg einer antiken kosmologischen Metapher von der Alten in die Neue Welt*, Heidelberg 1968, 19-20, bespreek ons versreëls veral t.o.v. die idee van die natuur se 'geregelte zyklische Veränderung'; op p.40 beweer hy egter verkeerdelik dat ons passasie op 'den zyklischen Lauf der Gestirne' betrekking het.

<sup>246</sup>'et elle déroule l'année en changeant de frondaisons'.

<sup>247</sup>Martin, Verdière en Bolisani verkies i.p.v. *frondibus* die konjektuur *frontibus*, wat die interpretasie egter nie makliker maak nie.

<sup>248</sup>Cf. ook die afkorting *explicit* (vir *explicitum est*) aan die einde van boeke in ou manuskripte.

betekenis is egter die blote stamwoord *uertere* meer gebruiklik: cf. Hor.*Sat.*2.8.35: *uertere pallor / tum parochi faciem*; Prop.2.18.28: *quae mentita suas uertit* (m.a.w. ‘kleur’) *inepta comas*.

Hierdie sin sê nou duideliker waarop die voorafgaande *uariataque cursus ordinat* gesinspeel het, net soos ’n mens lg. sin op sy beurt as ’n uitbreiding op die eerste sin *Ipsa uices natura subit* kan beskou.

147. *fluidis adopertus nubibus aether*: ‘Bedeck met reënwalke’.<sup>249</sup> Die *ThLL* lys ons passasie onder *sensu strictiore, de rebus liquidis, i.q. fluens, liquidus*,<sup>250</sup> maar het geen parallelle vir die gebruik van die woord saam met wolke nie. Vermoedelik suggereer *fluidis* nattigheid sowel as beweging; cf. Ov.*Met.*5.570-1: *sol, qui tectus aquosis / nubibus ante fuit.* (In reël 103 supra het ons *fluidum* in die sin ‘slap’ teëgekom.)

148. *terrificis obcaecat sidera nimbis*: Die sterk bewoording plaas die winter se aktiwiteite duidelik op dieselfde vlak van intensiteit as die voorafgaande drie militêre voorbeelde (140-143): ook die natuur het dus sy *grauiora* aktiwiteite. Vir *obcaecare* in hierdie konteks cf. Pac.ap.Cic.*De Or.*3.39.157: *noctisque et nimbū occaecat nigror*; Liv.33.7.2: *densa caligo occaecauerat diem*.

Ná *nimbis* sou ek ’n dubbelpunt (soos in Martin, die Duffs, Bolisani en Seel se tekste) verkie, aangesien reëls 149-151 stellig die ‘maar’-sin is wat op 147-148 se *Non semper ...* (d.w.s. die winterweer) moet volg.

149. *madidos et siccat uere capillos*: ’n Verbeeldingryke manier om die lente as ’n droër en warmer seisoen te kenmerk! Die subjek is die winter, wat deur Ovidius as ’n ou man met onversorgde wit hare voorgestel word: hierop sinspeel ons digter natuurlik; cf. Ov.*Met.*2.30: *et glacialis hiems canos hirsuta capillos*; 15,212: *inde senilis hiems tremulo uenit horrida passu, / aut spoliata suos, aut, quos habet, alba capillos*.

<sup>249</sup>Seel vertaal *adopertus* per abuis as ‘steht ... offen’ (!).

<sup>250</sup>*ThLL* 6.1.952.66

150. *aestates; aestatum*: Die herhaling illustreer en beklemtoon die onmiddellike opeenvolging; die onverwagse meervoudsvorm, wat hier seker net om metriese redes gebruik is, doen egter vreemd aan.

150. *aestatum terga lacessit*: Hierdie beeld uit die krygwese suggereer dat die herfs die somer soos 'n vlugtende vyand agtervolg; cf. Tac.*Ann.*1.56: *non auso hoste terga abeuntium lacessere*; Stat.*Theb.*6.523 gebruik *terga lacessere* in 'n meer letterlike sin i.v.m. strydwarries: *uerberibusque iubas et terga lacessit habenis*.

151. *nimbis ... et undis*: 'Onweerswolke en reën', m.a.w. weer die winter. Met die herhaling van *nimbis*,<sup>251</sup> wat ook aan die begin (148) as 'n kenmerk van die winterweer genoem was, word die jaarsiklus netjies afgesluit. Vergeleke met die voorbeeld uit die soldatelewe (139-144) en van Juppiter (152-154) is die voorbeeld van die natuur uiteraard effens anders omdat dit 'n kringloop illustreer: so te sê van *grauiora* na *leuiora* en dan weer terug na *grauiora*.

*Undis* is vermoedelik as digterlike sinoniem vir *aquis* gebruik,<sup>252</sup> d.w.s. 'watermassas', of dalk eenvoudig 'reëns'; cf. Ov.*Met.*1.266: *barba (sc. Noti) grauis nimbis, canis fluit unda capillis*. Duff & Duff vertolk *undis* nie as 'reën' nie, maar as 'flood', dus as sinoniem vir *inundationes*, wat seker 'n moontlike interpretasie is, veral as 'n mens daaraan dink hoe gereeld juis die Tibervallei oorstromings beleef het.<sup>253</sup>

152. *quin etiam*: Nadat die eerste voorbeeld van 'n 'hoër rang', nl. die universele voorbeeld van die natuur, in reël 145 met *ipsa* ('selfs') ingelei is, word die derde en 'hoogste' *exemplum*, nl. die 'vader van die gode', nou met *quin etiam* aangekondig. Cf. ook *quin etiam* in reël 89.

---

<sup>251</sup>Die Duffs, Bolisani en Seel druk i.p.v. *nimbis* Sichard se lesing *niuibus*.

<sup>252</sup>Aldus ook Martin, op.cit., ad loc.

<sup>253</sup>Cf. *OCD* s.v. 'Tiber'.

152. *superum pater*: ‘die vader van die hemelse gode’; *pater* is ’n algemene eretitel van gode, maar veral van die oppergod Juppiter; cf. *Enn.ap.Macr.Sat.6.1*: *pater optime Olympi*; *Hor.Carm.4.6.22*: *diuom pater*; *Verg.Aen.10.875*: *pater ille deum*.<sup>254</sup>

152. *ignea ... arma recondit*: Juppiter se ‘vlammende wapens’ word twee reëls verder gespesifieer as sy *fulmina*, ‘bliksemkigte’. Vir diebeeld cf. *Ov.Trist. 2.179*: *parce, precor, fulmenque tuum, fera tela, reconde*; *Calp.Ecl.4.93-5*: *Iuppiter ipse parens ... / ... posito paulisper fulmine saepe / Cresia rura petit*.

153. *Ganymedae ... conuiua mensae*: Homerus vertel dat die gode Ganymedes, seun van Tros (die eponimiese koning van die Trojane), ontvoer het om hom tot hulle tafelbediende op Olympus te maak;<sup>255</sup> volgens later bronne was Zeus self die ontvoerder van die skone jongeling.<sup>256</sup>

155. *Temporibus seruire decet*: ‘n Mens behoort jou te skik na die tyd / jou by die omstandighede aan te pas’. ’n Bekende spreekwoordelike sentiment: cf. e.g. *Cic.Att.10.7.1*: *tempori seruiendum est*; *Nep.Alc.1.3*: *temporibus callidissime seruiens*; *Sen.Med.175*: *tempori aptari decet*.<sup>257</sup>

155-156. *qui tempora certis ponderibus pensavit*: ‘Met betroubare gewigte weeg’ is ‘noukeurig afweeg’, dus in oordragtelike sin ‘sekuur beoordeel’. Die ‘figura etymologica’<sup>258</sup> met

<sup>254</sup> Seel haal verkeerdelik *Verg.Aen .6,779-780*: *uiden ut ... pater ipse suo superum iam signat honore?* as ’n parallel aan, waar *superum* egter stellig ’n akkusatief is.

<sup>255</sup> *Il.5.266* en *20.231-5*.

<sup>256</sup> Cf. *Kl.P.2.695.10* sqq.; Hunger, op.cit. en *OCD*, s.v. ‘Ganymedes’.

<sup>257</sup> H.G. Reichert, *Unvergängliche lateinische Spruchweisheit*, 2e ed. München 1965, 113. Meer parallelle by Verdière ad loc.; cf. ook A.Otto, *Die Sprichwörter und sprichwörtlichen Redensarten der Römer*, Leipzig 1890, herdr. Hildesheim 1962, 342.3. Dit is stellig ook die voorouer van die Engelse woord ‘timeserver’.

<sup>258</sup> Cf. Menge, op.cit., par.29.b.

sy alliterasie verleen nadruk aan die gedagte. Vir die metafoor, cf. Cic. *Verr.4.1*: *rem uobis proponam, uos eam suo non nominis pondere penditote; Planc.79*: *ego haec meis ponderibus examinabo, ... quid cuiusque intersit; Hor.Ep.2.1.29*: *si ... Romani pensantur eadem scriptores trutina.*

Vir die perfectum in ‘veralgemenende’ bysinne, kyk Woodcock, op.cit., par.217.2.c.; Martin noem dit ’n ‘gnomic perfect’.

158. *Hunc fora pacatum, bellantem castra decebunt:* *Hunc* verwys natuurlik na die pas genoemde<sup>259</sup> tipe man, die een wat hom na die omstandighede skik, en nie, soos Verdière en Amat dit vertaal (“Quant à Pison, ...”), spesifiek na Piso nie: die digter rig hom in sy *laudatio* immers deurentyd direk tot sy *laudandus* (behalwe in reëls 81 sqq. waar hy met sy Muse Calliope praat en twee maal [vv.87,88] in die derde persoon na Piso verwys), en as hy dus hier na Piso persoonlik wou verwys het, sou hy stellig *Te i.p.v. Hunc* gesê het. Aan die ander kant gaan dit hier duidelik om die tipe man van Piso se stand, sodat die digter natuurlik by implikasie wel Piso self bedoel.

Met hierdie mooi simmetries geboude sin vat die digter die ‘les’ van die voorafgaande drie reëls nog eens emfaties saam; die slotwoord *decebunt*, ’n eggo van die inleidende *decet* in reël 155, beklemtoon pertinent die belangrikheid van ‘gepastheid’ in hierdie verband.

*Pacatum*, wat in reël 25 (*pacata laus*) in die sin van ‘in vredestyd verwerf’ voorgekom het, word hier in die meer gewone betekenis ‘in vredestyd lewend’ gebruik; cf. hiervoor Prop.3.13.25: *felix agrestum quondam pacata iuuentus*.

**159-163a.** Ná die vreemde slotsom (?) van reëls 155-158 kom die digter nou terug tot die onderwerp waarheen hy met sy betoog van reëls 139-154 oor die nodigheid en natuurlikheid van ontspanning heel duidelik onderweg was, nl. Piso se ontspanningsaktiwiteite, waarop hy

<sup>259</sup>Die pronomen *hic* verwys in hierdie gedig gereeld terug na iemand of iets wat *pas genoem* was, nl. in reëls 128, 188, 213, 219, 250, behalwe waar dit in die kombinasie *ille ... hic ...* in die betekenis van ‘die een ... die ander ...’ (reëls 199 en 202) gebruik word.

reeds in reël 139 met die woorde *seu leuiora iuuant* gesinspeel het. Maar ter inleiding prys hy eers weer 'n keer in vleiende taal Piso se veelsydigheid deur – heel vindingryk – die *laudandus* se geboortedag 'n 'geluksdag' te noem wat verdien om wêreldwyd (!) besing te word as dié dag wat aan hom 'ontelbare gawes' in sy hart geplaas het (159-161), en hy beklemtoon ook dadelik dat Piso se *lepos* op hierdie 'ligter' terrein net so verbasend is as sy *grauitas* in die howe (162-163a). Die herhalings *mira ... mirus* en *grauitas ... grauitate*, die emfatiese posisies van *mira* en *mirus*, en die plasing van *lepos* heel aan die einde verleen aan hierdie begrippe besondere nadruk.

159. *Felix*: 'n Baie voor-die-hand-liggende en algemene epiteton in 'n *laudatio*; cf. ook reeds reël 12 supra: *Felix, qui claris animum natalibus aequas e.q.s.*, en reël 211 infra: *Felix et longa iuuenis dignissime uita e.q.s.* As bepaling van *dies* beteken die woorde vermoedelik 'geseënd' of 'gelukbrengend'. Verdière vergelyk ook Ps.-Verg.*Ciris* 27: *felix illa dies, felix et dicitur annus*, en *Aetna* 634: *felix illa dies, illa est innoxia terra*.

160. *uitales cum primum traderet auras*: Weens die konj. imperfectum *traderet* kan 'n mens *cum primum* hier sekerlik nie as 'sodra (as)' verstaan nie<sup>260</sup> maar moet *primum* m.i. as 'aan die begin/oorspronklik' en dus as feitlik gelykbeduidend met *primas* vertaal word.<sup>261</sup>

Vir die mooi frase *uitales aurae* cf. Lucr.3.405: *uiuit et aetherias uitalis suscipit auras*; Verg.*Aen.*1.387: *haud inuisus caelestibus auras / uitales carpis*.

162. *Mira subest grauitas*: Ek verstaan *subest* hier in die sin van 'dit is onderliggend/basis aanwesig', met *tibi* daarby veronderstel, dus basies = 'jy het altyd', 'jy beskik oor';<sup>262</sup>

<sup>260</sup>Die Duffs skryf naamlik 'so soon as' en Verdière 'dès que'. *Cum primum* in die betekenis 'sodra' word gereeld deur 'n ind.perf. gevvolg; cf. K&S vol.2, par.206.2a; Menge, op.cit., par.366.

<sup>261</sup>Cf. die omgekeerde geval in reël 16 supra, waar die adjektief *prima* in die betekenis van die bywoord *primum* gebruik is.

<sup>262</sup>Hierdie spesifieke gebruik staan nie in *L&S* nie, maar wel in *OLD* s.v. 4.a ad fin.: 'of resources or expedients'.

cf. Quint.*Inst.* 12.2.12: *ut subsit copia illa, ex qua unum aut alterum ... efficiant*. Die vertaling van Seel, ‘die du ... zu zeigen gewohnt bist’, en Verdière en Amat se vertolking as ‘jy lewer bewys van ...’<sup>263</sup> is onbevredigend, terwyl Duff & Duff se ‘A wondrous dignity upholds you’ sekerlik verkeerd is.

162-163. *mirus, omissa / paulisper grauitate, lepos*: Hierdie sin kan op twee verskillende maniere verstaan word. Daar bestaan naamlik eerstens so iets soos ‘oratorius lepos’, d.w.s. geestigheid in die vorm van humoristiese opmerkings of uitweidings wat ‘n redenaar in sy betoog invleg ten einde bepaalde effekte te bereik. Vir die jubstaposisie van sulke ‘oratoriese’ *lepos* en *grauitas*, cf. Cic.*Rep.* 2.1.1: *tantus erat in homine (sc. Catone) ... grauitate mixtus lepos*; *Brut.* 38.143: *erat (sc. in L. Crasso oratore) summa grauitas, erat cum grauitate coniunctus facetiarum et urbanitatis oratorius, non scurrilis, lepos*; *Cluent.* 51.141: *hominem ... non solum ... eloquentia uerum etiam ... lepore et ... facetiis praeditum*. En ‘n goeie redenaar soos Piso gebruik hierdie oratoriese hulpmiddel slegs matig, *paulisper* (in ‘n emfatische versposisie) – anders as e.g. die grote Cicero, by wie daar volgens Quint.*Inst.* 6.3.2-3 *defuisse huius rei ... modum*, en wat *non solum extra iudicia, sed in ipsis orationibus habitus est nimius risus adfectator*.<sup>264</sup> (!) Mens kan hierdie sin dus so verstaan dat die digter eers vir ‘n oomblik na ‘n ‘ligtere’ sy van Piso as advokaat wil terugverwys. Geeneen van die ses uitgawes tot my beskikking bespreek hierdie sin nie, maar te oordeel na hulle vertalings verstaan waarskynlik minstens die Duffs en Verdière die sin so.<sup>265</sup>

Die tweede manier om die sin te verstaan – en dié vertolking word m.i. dadelik gesuggereer deur die direk daarop volgende sin, waar ons besef dat ons natuurlik nog steeds

<sup>263</sup>Verdière: ‘Tu fais preuve d’une merveilleuse gravité ...’; Amat: ‘Merveilleuse est la gravité dont tu fais preuve ...’.

<sup>264</sup>Oor die plek en rol van humor in die redenaarskuns handel veral Cic.*De Or.* 2.54.216 sqq. en Quint.*Inst.* 6.3.78-112.

<sup>265</sup>Hulle vertalings van *paulisper* en *lepos* lui as volg: die Duffs: ‘for the moment’ en ‘wit’; Verdière: ‘un instant’ en ‘enjouement’ (d.w.s. ‘opgeruimdheid’); maar Martin: ‘for a little’ en ‘charme’; Bolisani: ‘per un po’ en ‘la grazia’; Seel: ‘einmal ein Weilchen’ en ‘anmutiger Charme’; Amat: ‘pour un temps’ en ‘enjouement’.

in Piso se huis is – is dat *paulisper* oordrywend moet aandui dat Piso hom maar min tyd vir ontspanning gun en dat *lepos* hier in sy alledaagse betekenis eenvoudig Piso se ‘opgeruimdeheid’ of ‘sjarme’ buite sy ‘werksfeer’ aandui:<sup>266</sup> dít is vermoedelik die interpretasie van die orige vertalers en uitdruklik dié van La Penna<sup>267</sup> en Leppin.<sup>268</sup>

**163b-165.** Die eerste spesifieke gawe van Piso wat nou kortliks geprys word, is nog eens ‘n ‘verbale’ talent, nl. sy bekwaamheid as digter: as Piso ‘n slag lus het ‘om met speelse verse vloeiende gedigte te vleg,’ sê ons digter, ‘dan spin ’n bladsy maklik ’n Muse-gedig’ (163b-165). Die besonder beeldryke taal en opvallende versbou – reëls 164 en 165 bestaan elk uit slegs vyf woorde, en reël 165 is boonop ’n goue vers – is sekerlik bedoel om die poëtiese gehalte van Piso se komposisies te weerspieël, en die woordkeuse (veral *ludenti*, *fluitantia*, *facilis*) suggereer ook duidelik die gemak waarmee hy dig.

163-164. *Si carmina forte / nectere ludenti iuuit fluitantia uersu:* Vir *nectere* (eintlik = ‘vleg’) in die sin van ‘komponeer’, cf. Ov. *Pont.* 4.2.30: *nec numeris nectere uerba iuuat*; Sen. *Ben.* 1.4.5: *dulcem fabulam nectere*; Stat. *Theb.* 5.36: *quid longa malis exordia necto?*

*ludenti ... uersu* suggereer ligte, miskien selfs liriese poësie. Die natuurlikste vertolking van *fluitantia* is m.i. ‘vloeiend’ t.o.v. styl (cf. *fluentia uerba* in die konteks van retoriese prosa, reël 62 supra), al is dit dan ook in dié betekenis hier moontlik ’n hapax legomenon.<sup>269</sup> Verdière se vertolking as ‘plein d’abandon’ is sekerlik minder voor-die-hand-liggend, en die Duffs se weergawe as ‘unpremeditated’ stellig verkeerd.

<sup>266</sup> So verstaan ook *ThLL* 7.22.1176.82 dit; lg. beskryf *lepos* inderdaad as die teenoor-gestelde van *grauitas*, *seueritas*, *dignitas*, *auctoritas* (1176.24).

<sup>267</sup> Art.cit.186: ‘la *gravitas* la dimostra nel Foro, il *lepos* soprattutto nella poesia ...’.

<sup>268</sup> Art.cit.225: ‘Seine *grauitas* auf dem Forum sei ebenso bewundernswert wie der *lepos* bei anderen Gelegenheiten. Das erste Beispiel für eine Betätigung, in der sich *lepos* ausdrückt, ist das Lyra-Spiel.’

<sup>269</sup> So verstaan ook *OLD* s.v. 1.b dit. Seel, op.cit., ad loc. haal egter verkeerdelik Quint. *Inst.* 7.pr.3: *oratio carens hac uirtute (sc. ordine) tumultuetur necesse est et sine rectore fluitet* as ’n parallel aan.

*iuuit:* In die lig van *si forte ... iuuat* in 185-186 en *si forte iuuat* in 190 sou 'n mens kon dink dat die effe ongemaklike perfektum *iuuit* in hierdie reël dalk die gevolg van 'n vroeë verskrywing is.

Sowel retoriek as poësie was natuurlik deel van die normale opvoeding van 'n Romein uit die hoër stande, sodat Piso se bedrewenheid in die digkuns nie iets buitengewoons is nie. Die Jonger Plinius raai 'n jong advokaat in 'n brief aan om in sy vrye tyd gerus ook ter ontspanning lichte poësie te skryf en wys hom daarop dat *summi oratores, summi etiam uiri sic se aut exercebant aut delectabant, immo delectabant exercebantque.*<sup>270</sup>

165. *Aonium facilis deducit pagina carmen:* ‘Sy pagina spin ‘n gedig’ is nogal opvallende beeldspraak i.p.v. ‘hy skep ‘n pagina-lange gedig’. Hoe *deducere* = ‘spin’ ook die oordragtelike betekenis ‘uitspin/komponeer’ verkry het, is mooi te sien in Hor.*Ep.2.1.225: tenui deducta poemata filo;* cf. ook Hor.*Sat.2.1.4: mille die uersus deduci posse;* Col.10.40: *quo sidere ... nascantur flores ... tenui deducite carmine.*

'n *Aonium carmen* is 'n 'deur die Muses geïnspireerde gedig', m.a.w. 'n gedig van die hoogste standaard. Ons het hier weer 'n voorbeeld van wat Maurach 'n 'Mehrstufen-Periphrase' noem:<sup>271</sup> die *Aones* was glo oer-inwoners van Boeotia, en omdat die berg Helicon, een van die geliefde verblyfplekke van die Muses, in dié landstreek geleë is, word die adjektief *Aonius* deur digters (veral Ovidius) gebruik om na die Muses of iemand/iets onder hulle beskerming te verwys; cf. Ov.*Trist.4.10.39-40: Aoniae suadebant tuta sorores / otia;* Am.1.1.12: *Aoniam Marte mouente lyram;* A.A.3.547: *Vatibus Aoniis faciles estote, puellae.* Ek twyfel of Amat se vertolking as 'digne des Muses' moontlik is.

Vir *facilis* = 'geredelik/gemaklik', adjektief i.p.v. adverbium, cf. *facilis Romano profuit ore / Graecia* in reël 89-90 supra.

<sup>270</sup>Plin.*Ep.7.9.9-14.* Oor die verwantskap tussen retoriek en poësie, sien W.J. Dominik, 'Roman Poetry and Rhetoric. A Reminder of the Affinity between the two Arts', *Akroterion* 37 (1992) 61-67.

<sup>271</sup>Maurach, op.cit., par.80.

**166-177.** Die volgende gawe van Piso wat die digter nou prys, is sy musikale talent en vaardigheid: Wanneer hy sy lier bespeel, sê die digter, kom daar lieflike musiek uit dié aan Apollo gewyde instrument: die twee versreëls se identiese, daktielryke ritmes DDDSDS klink byna soos 'n nabootsing van vlot lierspel, en die hoofsin (reël 167) is weer eens 'n emfatiese perfekte *uersus aureus*; die digter maak hierna vleiend die stelling dat Piso waarskynlik by Phoebus Apollo self geleer speel het (166-168). Dit is besonder hoë lof, maar andersyds kan die beoefening van hierdie kuns blykbaar tog ook 'n bietjie embarasserend wees, want die digter verseker Piso onmiddellik dat hy hom nie hieroor hoef te skaam nie (*Nec pudeat ...*) aangesien dit mos vredestyd is en alle mense vry van sorge en uitgelate is (169-170); hierdie argument is beklemtoon deur 'n besonder indrukwekkende formulering en weer eens 'n deftige goue versreël. En onmiddellik volg nog 'n tweede, meer breedvoerige verskoning: Piso hoef hom nie te skaam nie (anafoor: *nec pudeat ...*) as hy soos Phoebus Apollo sy hande sowel vir lierspel as vir boogskiet gebruik (171-172) want selfs Achilles het dan glo gaan sit en lier speel terwyl Hector die Griekse skepe probeer verbrand het en die geskal van die krygstrompette sy snaarklanke oorskreeu het, en ook hý het met die einste hand gespeel waarmee hy sy verskriklike spies geslinger het (173-177).<sup>272</sup> Duideliker kan die boodskap nie wees nie: as Achilles selfs onder sulke omstandighede kon speel, hoef Piso – die kryger in siviele drag (27-28) – hom natuurlik nie te skaam as hy dit in vredestyd doen nie.

Dat die digter dit nodig ag om Piso se lierspel nogal betreklik breedvoerig te verskoon, toon duidelik dat dié spesifieke aktiwiteit – in teenstelling met dig (163b-165), skerm (178-184), balspeel (185-189) of *latrunculi*-speel – in die geval van 'n man soos Piso moontlik in konserwatiewe kringe as skandelik beskou is.

166. *chelyn*: Die lier, meestal *lyra* of *fides* genoem, was 'n eenvoudige snaarinstrument met 'n egte skilpaddop of 'n namaaksel daarvan van hout (met skilpad bedek) as resonansruimte, vandaar ook, by wyse van sinekdogee, sy benaming *chelys* (χέλυς) of *testudo*; dit is

---

<sup>272</sup>Oor Achilles as musiserende held in die Latynse letterkunde sien Wille op.cit. 537 sqq.

interessant dat ons digter in die loop van reëls 164-173 inderdaad al vier pasgenoemde benaminge van die lier gebruik. Die ‘horings’ van die lier was van egte antiloophorings of van hout gemaak, en die instrument het gewoonlik sewe snare van gelyke lengte gehad.<sup>273</sup> Die woord *chelys* kom in Latyn een maal by Ovidius voor en daarna by post-Augusteïse digters.<sup>274</sup> Die lier was veral ’n instrument vir tuisgebruik en vir die begeleiding van sang; daarenteen is vir virtuose solomusiek veral die *cithara* gebruik, wat ’n soortgelyke, maar groter, hoekige, en kunstig verfraaide houtinstrument was.<sup>275</sup>

Afgesien van beroepsmusikante – vryes en slawe, mans en vrouens – wat by publieke sowel as private funksies opgetree het en oor die algemeen maar ’n lae sosiale status geniet het,<sup>276</sup> was sang en lierspel minstens sedert die Laat-Republikeinse tyd ook wel ’n belangrike bestanddeel van die opvoeding van Romeinse dogters uit die hoër stande.<sup>277</sup> Maar dis duidelik dat ook sommige digters en ander welopgevoede mans kon lier speel; van Horatius word dit byvoorbeeld sterk vermoed, van Ovidius weet ons dit met sekerheid.<sup>278</sup>

166. *digitis et eburno uerbere pulsas*: Die digter gebruik *uerber* (eintlik = ‘sweep/roede’ of oordragtelik ‘slag/hou’) hier as sinoniem vir *plectrum*, d.i. die stokkie of plaatjie waarmee op die snare getokkel word; dit is interessant dat Seneca een maal die werkwoord *uerberare* as ‘tokkel’ gebruik, nl. in *Tro.321: leui canoram uerberans plectro chelyn*. Die plektrum was dikwels van ivoor gemaak: cf. e.g. *Tib.3.4.39: plectro modulatus eburno;* *Verg.Aen.6.647: eadem ... pectine pulsat eburno;* *Mart.14.167: candida plectra.*

Die snare is met die linkerhand met die vingers of met die plektrum getokkel, maar in

<sup>273</sup>Cf. Wille, op.cit.212.

<sup>274</sup>Ov.*Her.15.181: inde chelyn Phoebo, communia munera, ponam.* L&S s.v. sê die woord kom die meeste by Statius voor: volgens Martin, op.cit., ad loc. 26 keer.

<sup>275</sup>Wille, op.cit.212; *Kl.P.3.828.25 sq.*; volgens Wille is die benamings *lyra* en *cithara* in die Romeinse tyd egter blykbaar dikwels as sinonieme gebruik.

<sup>276</sup>Wille, op.cit.306.

<sup>277</sup>Wille, op.cit.217.

<sup>278</sup>Wille, op.cit.218, 234 sqq.

die geval van sangbegeleiding is die snare glo met die linkerhand gepluk terwyl die regterhand hulle met behulp van die plektrum tot die gewenste toonhoogtes gespan het.<sup>279</sup>

*Pulsare* (166 en 172) en *pellere* (169) is die normale woorde vir ‘tokkel’ en kom minstens vanaf Cicero so voor; Ovidius gebruik egter ook *impellere* en *increpare*.

167. *dulcis Apollinea sequitur testudine cantus*: Vir *cantus* in die betekenis ‘klank/melodie/musiek’ wat deur instrumente voortgebring is, cf. Cic. *Ver.* 5.31: *cantuque symphoniae*; Verg. *Aen.* 9.618: *biforem dat tibia cantum*; Hor. *Carm.* 3.1.20: *auium citharaeque cantus*; Stat. *Silv.* 4.3.119: *chely, iam repone cantus*. Cf. ook *fidibus cantare*, die normale uitdrukking vir ‘lier speel’.

Apollo word gereeld met lierspel geassosieer sedert hy deur die Griekse ook as god van die kunste, veral die musiek, vereer is. Volgens die Homerieuse *Himne aan Hermes* het die god sy lier van Hermes (i.e. Mercurius), die uitvinder daarvan, ontvang.<sup>280</sup> In die *Ilias* speel Apollo op sy lier tydens die feesmaal van die gode, terwyl die Muses onder sy leiding sing.<sup>281</sup>

Die ablatief *Apollinea ... testudine* is moeilik om presies te etiketteer: miskien duït dit eerder die bron of oorsprong dan die instrument/middel aan.<sup>282</sup> Martin<sup>283</sup> vergelyk m.i. baie gepas Claud. 17.252: *uel quis non sitiens sermonis mella politi / deserat Orpheos blanda testudine cantus?*<sup>284</sup> Dit is sekerlik meer voor-die-hand-liggend om *Apollineus* eenvoudig as ‘deur Apollo geliefd’ of dalk ‘aan Apollo gewy’ te verstaan as om daarin ’n verwysing na die hoë kwaliteit van die instrument te sien soos die Duffs dit doen in hulle vertaling ‘on a harp worthy of Apollo’.

<sup>279</sup> Wille, op.cit.213. Vir illustrasies van lierspelers, liere en plektrums kyk e.g. Daremburg & Saglio, op.cit., vol.3.2, 1437-1451.- Verdière se vertaling van reël 166: ‘Ou, si tu fais résonner sous tes doigts la lyre et le plectre d’ivoire ...’ is ongelukkig foutief.

<sup>280</sup> *OCD* s.v. ‘Apollo’.

<sup>281</sup> Hom. *Il.* 1.603 sq.; Pind. frg. 116 Sn.; Paus. 5.18.4.

<sup>282</sup> Martin, op.cit. 102 ad loc. noem dit ’n abl.instr.

<sup>283</sup> Op.cit., ad loc.

<sup>284</sup> Hoewel die vertaler van die Loeb-edisie (Claudianus vol.2, Londen 1956) dit (vry?) as ‘the lyre-accompanied song of tuneful Orpheus’ weergee.

*sequitur* beteken hier ‘die gevolg wees’, m.a.w. ‘te voorskyn kom’; cf. Verg.*Aen.* 12.51: *et nostro sequitur de uolnere sanguis*; Plin.*H.N.*27.127: *si deuoretur (sc. proserpinaca), uomitionem sequi salutarem*; Stat.*Theb.*11.602: *nec uerba diu temptata sequuntur*.

Dat hier nie uitdruklik na gepaardgaande sang verwys word nie, beteken m.i. óf dat Piso werklik ’n solo-virtuoos op sy lier was óf dat die antieke leser of hoorder outomaties aanvaar het dat Piso saam met sy lierspel ook sing, moontlik selfs sy eie gedigte: want ook in die twee verdere voorbeelde van lierspelers wat netnou in reëls 171-175 genoem sal word, Apollo en Achilles, word daar nie uitdruklik na sang verwys nie alhoewel ons ten minste van Achilles weet dat hy wel lier gespeel en terselfdertyd gesing, m.a.w. homself begelei het.<sup>285</sup> Ook Seel aanvaar eenvoudig (sonder verduideliking) dat Piso homself op sy lier begelei.<sup>286</sup>

168. *credibile est*: Hierdie uitdrukking met ’n Acl-konstruksie beteken nie, soos Seel en Amat dit vertolk, ‘’n mens *sou kon glo dat ...*’ nie,<sup>287</sup> maar ‘’n mens *kan glo dat...’*: dit is gelykbeduidend met ons bywoord ‘waarskynlik’.<sup>288</sup> Ons het hier ’n besonder vleiende kompliment. In *credibile est* het ons die laaste van die vier elisies wat in die gedig voorkom: die ander was *necessse est* (14), *atque illos* (24) en *Quare age* (81).

168. *Phoebo didicisse magistro*: *Phoebus* (Φοῖβος), ‘die Skitterende’,<sup>289</sup> is ’n tradisionele bynaam van Apollo.

<sup>285</sup>Cf. Hom.*Il.*9.186 sqq.

<sup>286</sup>Op.cit.93: ‘sein begleitendes Spiel’; cf.p.96 oor reëls 165-166: ‘Schilderung der Begleitmelodien’. Alle ander kommentare en vertalings tot my beskikking praat slegs van lierspel. In die passasie in Tac.*Ann.*15.65: *ut Nero cithara, ita Piso tragico ornatu canebat* word Piso nie as sanger nie, maar as dramatiese voordraer in ’n tragedie bedoel; cf. N.P.Miller, *C.Taciti Annalium liber XV*, London 1973, ad loc.

<sup>287</sup>Seel: ‘man könnte glauben’, Amat: ‘l’on croirait que’.

<sup>288</sup>Soos goed geïllustreer in *ThLL* 4.1126.24-51. Die Duffs en Verdière is noukeuriger: ‘well may we believe that’, en ‘l’on peut croire que’.

<sup>289</sup>Ander voorgestelde etimologiese verklarings is ‘die Reine/Reinigende’ of ‘die Verskriklike’; kyk *Kl.P.*1.442.12 sqq.

169. *Nec pudeat pepulisse lyram:* Die *p*-alliterasie, en ook *pepulisse* alleen, suggereer klanknabootsing van die getokkel op die lier.

By *pudeat* word natuurlik as voorwerp *te* veronderstel.<sup>290</sup> *Pepulisse* kan hier werklik bedoel wees om na die verlede te verwys, d.w.s. ‘dat jy gespeel het’, maar digters gebruik die perfektum infinitief soms ook eenvoudig as ekwivalent van die praesens infinitief, oorspronklik waarskynlik in nabootsing van die Griekse aoristus infinitief, maar seker ook weens sy welluidendheid en omdat dit dikwels makliker in die heksameterversmaat pas;<sup>291</sup> cf. Hor.*A.P.* 168: *commisisse cauet quod mox mutare laboret*; Hor.*Ep.* 1.17.4-5: *tamen adspice siquid / et nos quod cures proprium fecisse loquamur*; Verg.*Aen.* 6.78: *magnum si pectore possit / excussisse deum*. Ons digter verkies dit hier moontlik ook ter wille van variasie bo *pulsare* aangesien hy dié werkwoordstam reeds in 166 (*pulsas*) en 172 (*pulsari*) gebruik.

Die beoefening van musiek deur persone van die hoër stande, veral van sang en dans, en veral in die openbaar, is tradisioneel deur die Romeine as onvanpas beskou omdat dit glo nie met hulle ideaal van *grauitas*, die waardige optrede wat van mense op daardie sosiale vlak verwag is, versoenbaar was nie.<sup>292</sup> So sê byvoorbeeld Cornelius Nepos in sy *Epaminondas* 1.2: *Scimus enim musicen nostris moribus abesse a principis [i.e. 'n leier se] persona, saltare uero etiam in uitiiis ponit: quae omnia apud Graecos et grata et laude digna ducuntur*.

Amat misgis haar as sy beweer dat Piso ‘en public’ optree;<sup>293</sup> in die konteks van ons gedig bespeel hy sy lier klaarblyklik in die teenwoordigheid van vriende en *cultores*, en vanselfsprekend in sy eie huis, waar ons onself reeds sedert reël 82-3 bevind.

169-170. *cum pace serena / publica securis exsultent otia terris:* ’n Baie gedronge digterlike formulering. Ek verstaan die sin so: ‘aangesien temidde van rustige vrede die volk se ledigheid

<sup>290</sup>Seel se vertaling ‘Man (sic!) braucht sich auch nicht ... zu schämen’ is m.i. inkorrekt; buitendien spreek die digter tog Piso in sy lofdig deurgaans (behalwe in reëls 81 sqq., wat formeel aan Calliope gerig is) direk aan.

<sup>291</sup>Cf. Menge, op.cit., par.417.1.b; *K&S* vol.1, par.33.10.

<sup>292</sup>Vir verdere bronne asook ’n bespreking van die wyer problematiek by die Romeine, sien Wille, op.cit.19-20. Hy wys tereg daarop dat hierdie gevoel geensins slegs by die ou Romeine bestaan het nie.

<sup>293</sup>Amat, op.cit.128 n.42.

(d.w.s. mense in hul vrye tyd) jubel oor die veilige wêreld'. Die Duffs se interpretasie van *cum* as 'n preposisie en *exsultent* as 'n hortatiewe konjunktief – 'mid peace serene let national tranquillity rejoice in a carefree world' – is na my gevoel nie wat die digter wil sê nie,<sup>294</sup> maar ook die ander vier vertalings, wat deels baie vry is, toon dat die oueurs die vertolking van hierdie sin moeilik gevind het.<sup>295</sup>

*publica ... exsultent otia* (personificatio) is m.i. 'n spitsvondig digterlike omvorming van die gedagte *populus otiosus exsultet*. Vir *exsultare* met 'n abstrakte subjek, cf. Lucr.3.141: *hic (sc. in pectore) exsultat pauor et metus*; Cic.Leg.2.15.39: *illa theatra (i.e. spectatores) exsultant*; Stat.Silv.4.1.5: *exsultent leges Latiae*.

*Securis terris* is waarskynlik eerder 'n kousale ablative by *exsultent* as 'n lokale ablative: cf. Cic.Cat.1.23: *exulta impio latrocinio*; Ov.Am.1.10.29: *spoliis exsultat ademptis*; Sen.Contr.10.1.6: *nimum funere nostro exsultat*.

Vir *terrae* in die sin van 'die wêreld', cf. Hor.Ep.2.2.157: *uiueret in terris te si quis auarior uno*; Plin.H.N.3.53: *Roma, terrarum caput*; Tac.Hist.3.53: *Gallias Hispaniasque, ualidissimam terrarum partem*. Die emfatiese verwysing na die teenswoordig wêreldwye vrede bevestig wat 'n vorige maal (reël 26: *si bella quierunt*) bloot kortlik aangedui was.

Ook in die anonieme *Elegiae in Maecenatem* (1.49-52) vind ons die verduideliking dat die komste van vrede dit vir die krygsman (in dié geval Maecenas) 'betaamlik' maak om hom aan die kunste te wy: *pax erat: haec illos laxarunt otia cultus: / omnia uictores Marte sedente decent. / Actius* (i.e. Apollo) *ipse lyram plectro percussit eburno, / postquam uictrices conticuere tubae*. M.Brožek, wat ook ander inhoudelike ooreenkoms tussen hierdie elegie en die *De Laude Pisonis* gevind het, meen dat ons oueur dié elegie klaarblyklik geken het.<sup>296</sup>

<sup>294</sup>en strook eintlik ook nie met die interpunksie in sy teks nie.

<sup>295</sup>Verdière: 'puisque tout à la sérénité de la paix, l'empire s'abandonne à la tranquillité en un monde d'où la crainte est bannie'; Bolisani: 'se in pace serena il mondo intero riposa (*sic!*) tranquillo e sicuro'; Seel: 'wenn in den gesicherten Landen bei heiterem Frieden allenthalben frohlockender Müßiggang herrscht'; Amat: 'puisque la joie publique éclate avec les loisirs dans un monde plein de quiétude.'

<sup>296</sup>M.Brožek ('Broscius'), 'De Elegia in Maecenatem Laudi Pisonis praevia', *Eos* 78 (1990) 172: *Est igitur Piso non solum suis a laudatore depictus coloribus, sed etiam elegiae in Maecenatem adumbratus lineis*.

171-172. *nec pudeat, Phoebea chelys si creditur illis / pulsari manibus, quibus et contenditur arcus:* Die digter se basiese gedagte is eintlik: ‘Moenie jou skaam as/dat mense dink dat hier iemand lier speel wat tog eintlik ’n kryger is nie’,<sup>297</sup> maar deurdat hy die instrument weer ‘Phoebus (Apollo) se lier’ noem en die krygsman as boogskutter voorstel, suggereer hy terselfdertyd dat Piso maar net soos Apollo maak, of selfs soos Apollo is: dit is dus weer ’n implisierte, vleiende kompliment. Die onverwagse hernude suggestie dat Piso wesenlik tog maar ’n deur die tydsomstandighede verydelde kryger is (cf. reëls 25 sqq.), sal netnou verder gevoer word wanneer die digter hom implisiet met die held Achilles sal vergelyk en daarna op sy verdere ‘vryetydsaktiwiteite’ sal ingaan wat ook weer oorwegend militêr-kompeterend van aard is.

Die basiese gedagtegang van reëls 171-177 verloop soos dié van reëls 169-170:

- (a) ‘Moenie jou skaam nie’, (b) dit waaroor jy jou nie moet skaam nie, nl. dat ... / as ...,
- (c) die rede waarom nie, nl. want dis mos vrede / want selfs Achilles het mos ....

Die *si-sin* moet hier natuurlik eerder redegewend as voorwaardelik verstaan word: ‘as dit so is dat’ / ‘as daar dan...’, d.w.s. ‘gesien die feit dat ...’. Cf. Cic.*De Or.*2.170: *non si Opimum defendisti, idcirco te isti bonum ciuem putabunt; N.D.* 1.21: *non enim, si mundus nullus erat, saecla non erant.*<sup>298</sup>

171-172. *illis / ... manibus, quibus:* *illis*, hier pregnant in die sin van *isdem illis*, word ook deur sy posisie in die vers beklemtoon.

172. *contenditur arcus:* *contendere* is in hierdie letterlike betekenis baie minder gebruiklik as *tendere* en *intendere*, maar cf. Verg.*Aen.*12.815: *ut contenderet arcum* Ov.*Met.*6.286: *sonuit contento neruus ab arcu;* Ov.*Rem. Am.*435: *adtrahet ille puer contentos fortius arcus.*

<sup>297</sup>So vertolk ook Martin ad loc. die sin. Die Duffs druk in hulle uitgawe Baehrens se emendasie *ne pudeat: ... sic;* Verdière druk *nec pudeat: ... sic.* Martin, Seel en Amat druk almal *nec pudeat ... si*, maar Amat se vertaling berus duidelik nie op haar eie teks nie, maar op die Duffs se teks *ne pudeat: ... sic:* ‘non, ne rougis pas: c'est ainsi, croit-on, que ...’. Seel se voortgesette onpersoonlike formulering ‘zu schämen braucht man (*sic!*) sich auch dann nicht, wenn man (*sic!*) glaubt, daß ...’ mis m.i. die kern van die sin.

<sup>298</sup>Cf. K&S vol.2, par.219.6.

173. *ipse fidem mouisse ferox narratur Achilles*: *ipse* het hier sy emfatiese funksie: ‘selfs’; cf. *Ipsa ... natura* in 145, *Ipse ... Aeneia carmina ... qui sonat* in 230.<sup>299</sup>

Die kombinasie *fidem mouere* is moontlik uniek,<sup>300</sup> maar cf. Ov. *Am.* 1.1.12: *Aoniam Marte mouente lyram*; *Met.* 5.112: *(tu) qui ... citharam cum uoce moueres*. Meer natuurlik is die gebruik van *mouere* met *fila*, *neruos* of *plectrum*, e.g. Ov. *A.A.* 2.494: *Apollo / mouit inauratae police fila lyrae*; *Mart.* 12.94.5: *fila lyrae moui*; Stat. *Silv.* 1.2.2: *Cui noua plectra moues ... ?*

Die digter verwys hier na die bekende incident in Homerus se *Ilias*, waar Achilles geweier het om verder aan die oorlog deel te neem nadat koning Agamemnon sy liefde slavin, die krygsgevangene Briseis, van hom afgeneem het: die held het hom in sy tent teruggetrek en homself met sy lierspel getroos.<sup>301</sup>

174. *quamuis mille rates Priameius ureret heros*: Die Duffs vertaal *ureret* met ‘burned’, Seel en Amat gee dit weer met ‘aan die brand steek’, maar ’n Romein sou *ureret* stellig as ‘imperfectum de conatu’ verstaan het, m.a.w. as ‘ofskoon die man ... probeer verbrand het’.<sup>302</sup>

174. Die *Priameius heros* is Hector, seun van koning Priamus van Troje. Gedurende Achilles se ‘staking’ het die Trojane onder leiding van Hector die Griekse laer binnegedring en na ’n harde stryd daarin geslaag om een (!) van die skepe aan die brand te steek.<sup>303</sup> Die adjektief *Priameius* word ook deur Vergilius en Ovidius gebruik.

<sup>299</sup>Martin, die Duffs, Verdière en Seel druk in reël 173 almal die Sichard-edisie se teks, nl. *sic mouisse fides saeuus narratur Achilles*, wat ook deur J.M.Hunt, art.cit.(1970) 480-481 as die oorspronklike lesing verdedig word.

<sup>300</sup>Aldus Hunt, art.cit.481 n.3.

<sup>301</sup>*Ilias* 9.186.

<sup>302</sup>Cf. Menge, op.cit., par.321; Anm.1 verwys in die besonder na die imperfektum konjunktief ‘de conatu’; *K&S* vol.1, par.31.8.

<sup>303</sup>Hom. *Il.* 16.124-5.

174. *mille rates*: Om te sê dat Hector ‘duisend skepe’ wou verbrand – *ratis* is ’n ou digterlike sinoniem vir *nauis* – is ’n hiperbool om die omstandighede waaronder Achilles sy lier bespeel, so kritiek en dramaties as moontlik te probeer voorstel. Maar ‘duisend skepe’ is natuurlik ook ’n tradisionele omskrywing vir ‘die hele Griekse vloot’ by Troje: cf. Varr. *R.R.2.1.26* (i.v.m. die gebruik van ‘ronde getalle’): *dicimus mille naues isse ad Troiam*; Verg. *Aen.11.148-149*: *non mille carinis / est opus in Teucros*; Ov. *Met.12.6-7*: *coniurataeque sequuntur / mille rates gentisque simul commune Pelasgae*.<sup>304</sup> Daarbenewens word *mille* natuurlik ook soos in ons moderne tale in die sin van ‘n baie groot getal’ of selfs ‘ontelbare’ gebruik, cf. reël 197 infra: *Mille modis acies tua dimicat*.

175. *gravis obstreperet ... bucina*: Die beeshoringvormige *bucina* was oorspronklik ’n blaasinstrument van die Romeinse herder.<sup>305</sup> Dit is later van metaal gemaak en in die leër blykbaar veral vir sinjale in die laer gebruik, dus vir die aanduiding van nagwake, opstaantyd en alarm, maar in later eeue ook buite die laer en vir ander doeleinades, selfs in die ruitery.<sup>306</sup>

Die presiese betekenis van *gravis* is moeilik te bepaal. Dalk is dit weer ’n geval van *adjectivum pro aduerbio* en is die Duffs se vertaling ‘harshly’ inderdaad wat die digter bedoel het. Die woord kan egter ook op die relatiewe ‘ernstigheid’ van die klanke van die sinjaalhoring vergeleke met dié van die lier sinspeel: Verdière praat van ‘les graves accents’ en Amat van ‘le son grave de la trompette’. ’n Ander moontlikheid is dat dit op die *bucina* se relatief lae toonhoogte<sup>307</sup> sinspeel: cf. Varr. *R.R.2.9.4*: (*canes debent esse*)... *latrato graui*,

<sup>304</sup>Cf. Marlowe, *Doctor Faustus*, toneel 14: ‘Was this the face that launch’d a thousand ships?’ Baie van die antieke lesers of hoorders van ons gedig het seker van hulle skooljare onthou dat die ‘korrekte’ getal inderdaad 1186 was: cf. die uitvoerige katalogus van die Griekse strydskragte in Hom. *Il.2.484* sqq.

<sup>305</sup>*Bucina*, volgens A. Walde-J.B. Hofmann, op.cit., s.v., afkomstig van \**bou-canā* (*bōs bouis* + *cānere*), is die voorsaat van die Afrikaanse woord ‘basuin’; cf. ook *Duden*, Band 7, *Etymologie*, Mannheim 1963, s.v. ‘Posaune’.

<sup>306</sup>Cf. *Kl.P.1.962.10* sqq., meer besonderhede in Wille, op.cit. 80 sqq., 97 sqq.; afbeeldings in Daremberg & Saglio, op.cit., vol. 1, 753 sq.

<sup>307</sup>Cf. Wille, op.cit. 479.

*hiatu magno;* Sen.Thy.574: *murmur graue classicorum;* Sil.2.545: *grauior sonuit ... fluctus.* Seel vertaal dit m.i. minder bevredigend as ‘gellend’ (i.e. deurdringend skril).<sup>308</sup> Die *bucina* word elders ook as ‘hees’, ‘trillend’ en ‘skrikwekkend’ beskryf; e.g. Verg.*Aen.*11.474: *bello dat signum rauca cruentum / bucina;* Cor.*Ioh.*2.250: *bucina saepe ciens tremulo gemit horrida cantu;* 6.263-264: *tunc raukos bucina cantus / aere gemit.*

Vir *obstrepere* cf. Prop.1.16.46: *matutinis obstrepit alitibus;* Ov.*Met.*11.17-18: *tympanaque et plausus ... / obstrepere sono citharae;* Stat.*Silv.*3.2.4: *et lenis non obstrepat unda precanti.*

175. *modulatis ... neruis:* eintlik ‘die ritmies bespeelde snare’, m.a.w. ‘sy ritmiese spel op die snare’; cf. Hor.*Carm.*1.32.3-5: *Age dic Latinum, / barbite, carmen, / Lesbio primum modulate ciui;* Tib.3.4.39: *hanc (sc.lyram) ... plectro modulatus eburno.* Die Duffs se ‘well-tuned strings’ kan nouliks korrek wees.

176-177. *illo ... pollice:* Deur sy versposisie sowel as deur die besonder groot afstand van sy substantief (hiperbaton) word die pronomen hier besonder sterk beklemtoon; bowendien staan *illo* ook weer pregnant vir *eodem illo;* cf. *illis ... manibus* in reëls 171-172.

176. *Nereius ... heros:* Achilles se moeder, die seenimf Thetis, was ’n dogter van die seegod Nereus; Ov.*Met.*13.162 gebruik *genetrix Nereia* om na Achilles se moeder te verwys.

Na *mille rates Priameius ureret heros* van net twee reëls tevore klink die formulering *dulce melos Nereius extudit heros* soos ’n opsetlike nabootsing, miskien om die kontras tussen wat die twee helde doen, te onderstreep.

176. *dulce melos ... extudit:* In hierdie konteks is die Griekse woord *melos* ( $\muέλος$ ) natuurlik besonder gepas; dit word egter reeds sedert die voorklassieke periode in Latyn gebruik en kom ook in Horatius, Persius en Ausonius voor.

<sup>308</sup>Teen Seel se ‘gellend’ maak ook F.Quadlbauer, art.cit.23, beswaar omdat *grauis* vir hom eerder ‘einen tiefen (dumpf dröhnen) Ton suggeriert’.

*extudit* moet weens die bepaling *pollice* waarskynlik eenvoudig fisies as ‘uitgetokkel’ of ‘laat hoor’ verstaan word. Ek vind geen goeie parallelle vir die onderhawige konteks nie: ander skrywers gebruik die woord eerder in die sin van ‘skep’, ‘uitdink’, cf. e.g. Verg.*Geor.* 1.133: *ut uarias usus meditando extunderet artis;* 4.315: *quis deus hanc, Musae, quis nobis extudit artem?* Tac.*Or.9:* *unum librum extudit et elucubrauit.* Sou ons digter met *extudit* moontlik wou aandui dat Achilles sy liedere self ‘uitgedink’, dus geïmproviseer het?

177. *pollice:* In reël 166 het Piso *digitis et eburno uerbere* gespeel, in 172 Phoebus Apollo bloot *manibus*, hier doen Achilles dit nou *pollice*; cf. Ov.*Fast.2.108:* *reddidit icta suos pollice chorda sonos;* A.A.2.494: *Apollo / mouit inauratae pollice fila lyrae;* Stat.*Silv.5.5.31:* *nec eburno pollice (i.e. plectro) chordas pulso.*

177. *terribilis ... Pelias:* Die eshoutskag van Achilles se beroemde spies is, soos ons in die *Ilias* lees,<sup>309</sup> oorspronklik afkomstig van die piek van die Peliongebergte en is deur die beroemde medikus Chiron aan Achilles se vader, Peleus, geskenk. Die spies is so swaar dat slegs Achilles self dit kan hanteer, dit is ‘bedoel vir die doodmaak van helde’<sup>310</sup> en is ook die wapen waarmee hy ten slotte Hector dood: Homerus noem dit altyd Πηλιάς μελίη (= ‘eshout[lans] van Pelion’); in Ovidius vind ons vier keer *Pelias hasta*. Ons digter gebruik hier klaarblyklik *Pelias* (wat eintlik ’n vroulike adjektief is) asof dit die naam van Achilles se spies is. Hierdie gebruik is ’n hapax legomenon, maar volgens Hesychius (5/6e eeu n.C.) se leksikon is die woord blykbaar inderdaad op een of ander stadium só in Grieks gebruik, en wel nie slegs vir Achilles se spies nie maar selfs vir enige spies.<sup>311</sup>

Homerus noem die wapen een maal δεινήν,<sup>312</sup> vandaar vermoedelik ook ons digter se adjektief *terribilis*.

<sup>309</sup>Hom.*Il.16.143-4.*

<sup>310</sup>Hom.*Il.16.140* sqq.

<sup>311</sup>s.v. Πηλιάς: τὸ δόρυ, ἴδιως τὸ τοῦ Ἀχιλλέως, καταχρηστικῶς δὲ καὶ πᾶν. Meer hieroor by Martin, op.cit., ad loc.

<sup>312</sup>Hom.*Il.22.134.*

177. *pollice, ... quo ibat in hostem:* Dit mag wees dat die digter die duim hier bloot ter wille van variasie inspan – want in 166 is die lier reeds *digitis* en in 172 *manibus* bespeel – maar andersyds het die duim inderdaad by die gooie van 'n werpspies 'n spesifieke rol te speel. Wanneer 'n spiesgooier sy werpspies slinger, steek hy gewoonlik sy wysvinger en middelvinger deur die slingerriem (*ammentum/ἀγκύλη*) wat aan die middel van die spies vasgemaak is: met hierdie vingers 'lanseer' hy die spies, terwyl hy dit tegelykertyd met sy duim en die res van die vingers in 'n effens roterende beweging plaas.<sup>313</sup>

*quo* staan hier kortweg vir *quo missa* = 'waarmee gegooi'. Vir *ire* in die betekenis 'vlieg', cf. Lucr. 1.970-973: *uolatile telum / ... ire / quo fuerit missum mauis ...?*

**178-184.** Met die laaste paar verse, waar Piso met Apollo en Achilles vergelyk is en sodoende implisiet van lierspeler tot lierspelende kryger 'bevorder' is, het die digter 'n natuurlike aanloop of oorgang geskep tot die lofprysing van Piso se verdere 'gawes' wat naamlik nou inderdaad op die gebied van militêre en ander mededingende soorte van sport en spel beoefen word. En deurdat hy ná ... *terribilis quo Pelias ibat in hostem* onmiddellik voortgaan met *arma tuis etiam si forte rotare lacertis ...* (178), suggereer hy selfs dat ons Piso ook verder wesenlik as 'n kryger soos Achilles moet beskou – 'n idee wat miskien deur die 'eggō' in die verspatroon (177 = 178) gesteun word. Reeds in die volgende reël sien ons egter dat dit hier nie om spiesgooi gaan nie, maar om 'n soort skermkuns, waar die twee opponente blykbaar elk tot 'n klein, afgebakte area of 'veld' beperk is en mekaar met een of ander wapen moet probeer raaksteek of tref (178-180): in hierdie sportsoort lê Piso besondere ratsheid – geïllustreer deur reël 181 se styl en verspatroon DDDDDS – en behendigheid aan die dag (181-182) en wen hy ook blykbaar gereeld (183-184): reël 183 se swaar SSSSDS-ritme (daar is slegs twee in die hele gedig!<sup>314</sup>) onderstreep treffend sy frontale raakhoue.

<sup>313</sup>Cf. Kl.P.1.302.7 sqq., s.v. 'Ammentum'; Daremburg & Saglio, op.cit.1.1.227 sqq. en RE Suppl.1.68.62 sqq. sê egter niks oor 'n besondere rol van die duim nie.

<sup>314</sup>Die ander plek is reël 37.

178. *Arma tuis etiam ...*: Die duidelike beklemtoning van hierdie drie woorde deur hulle vroeë plasing suggereer m.i. dat die digter hier wil sê: ‘As jy óók (nes die pasgenoemde kryger Achilles) met jóú arms wapens wil swaai ...’.<sup>315</sup>

178. *Arma ... rotare*: Die aktiwiteit of sport wat in die volgende reëls beskryf word en waarin Piso so uitblink, is waarskynlik ’n soort swaardvegteroefening. Nie alleen krygsgevangenes, misdadigers, slawe, en later ook vry mans is in spesiale swaardvegerskole (*ludi gladiatori*) opgelei nie, maar baie van die jonger en middeljarige mans (m.a.w. die *iuanes*) uit vooraanstaande families, selfs uit die keiserlike families, het ook vrywillig opleiding in swaardvegtery ondergaan en dit as ’n soort sport beoefen: Caligula, Titus, Hadrianus en ander keisers was glo goeie swaardvegters.<sup>316</sup>

Die *arma* waarvan hier gepraat word, is vermoedelik die *rudis*, ’n swaard of rapier van hout, wat tradisioneel deur soldate en gladiatore vir oefendoeleindes gebruik is,<sup>317</sup> moontlik ook die *clava* of skermstok.<sup>318</sup> Dit is nie duidelik waar Piso hierdie sport beoefen nie: op grond van die laaste aanduiding (133 sqq.) moet ons nog steeds aanneem dat hy hierdie oefeninge met sy *cultores* en ander vriende in sy eie groot herehuis doen, maar dalk was dit tog in ’n nabij geleë *ludus gladiatori*.

Vir die kragtige uitdrukking *arma rotare*, vgl. Verg.*Aen.*9.441-442: *rotat ensem / fulmineum*; Sil.4.207: *aduersumque uiro rotat obuius ensem*.

<sup>315</sup>Slegs Seel verstaan dit ook so.

<sup>316</sup>Oor die gewildheid van hierdie swaardvegtery by amateurs, kyk e.g. Daremburg & Saglio, op.cit.2.2.1583 onder die opschrif ‘Les amateurs au ludus’; J.P.V.D.Balsdon, op.cit.163.

<sup>317</sup>E.g. Ov.*Am.*2.9.22: *tutaque deposito poscitur ense rudis*. Cf. ook RE 25.1179.52 sqq.

<sup>318</sup>E.g. Cic.*Sen.*16.57: *Sibi igitur habeant (sc. iuanes) arma, sibi equos, sibi hastas, sibi clavam et pilam, sibi natationes atque cursus*. Die *clava* is hoofsaaklik bekend as die stok waarmee jong weermagrekrute teen ’n houtpaal (*palus*) geoefen het (cf. e.g. Veg.1.11), maar daar word vermoed dat dié soort oefening ook elders gewild was (aldus W.A.Becker, *Gallus, or Roman Scenes of the Time of Augustus*, 2e ed., Londen 1895, 405).

179. *inque gradum clausis ... consistere membris*: Die woord *gradus* beskryf die posisie van 'n vegter se voete terwyl hy veg, nl. een voet skuins voor die ander, dus asof hy 'n tree gee. Vir *consistere in* plus akk., cf. Caes.*B.G.*5.33.3: *ut ... in orbem consisterent*; Tib. 4.1.101: *seu sit opus quadratum acies consistat in agmen*.

Die frase *clausis membris* is sekerlik ongewoon, maar Martin se kommentaar en vertolking klink oortuigend: 'The body is held in readiness covered by the shield'; sy verwys ter vergelyking o.a. na Stat.*Theb.*4.350: *umeros clipeo clausisse paterno*. Seel vertaal dit m.i. aanvaarbaar as 'mit gerüsteten Gliedern' (i.e. 'geharnaste ledemate') en verwys ook na Servius se uitdrukking *post scutum se clausit* in sy kommentaar op *Aen.*10.412: *seque in sua colligit arma*. Minder waarskynlik klink m.i. die Duffs se vertaling 'limbs fixed in taut position' (soortgelyk Verdière en Bolisani), en Amat se 'les membres enfermés dans ta garde'.

Daar was verskeie tipes swaardvegters met verskillende monderings, wapens en vegstyle, soos e.g. die *Thraeces*, *Galli*, *Mirmillones*, *Samnites*,<sup>319</sup> maar ons gedig verstrek te min inligting om enige afleiding te maak oor Piso se besondere soort swaardvegtery.

180. *petentem*: 'sy aanvaller', gesubstantiveerde participium; net so in reël 197 infra.

181-182. *celeres super orbibus orbes / plectis*: Piso beweeg vinnig in sirkels om sy teenstander; vir die uitdrukking cf. Verg.*Aen.*5.584-5: (ruitery-afdelings) *alternosque orbibus orbis / impediunt*; 12.742-3: *nunc huc, inde huc* (sc. die vlugtende Turnus) *incertos implicat orbis*.

Die allitererende verdubbeling *super orbibus orbes* suggereer Piso se behendigheid en ratsheid, net soos *simul, simul* in die vorige reël.<sup>320</sup> Die ablatief by hierdie spesifieke gebruik van *super* is uiters seldsaam: die *OLD* noem as enigste ander voorbeeld Ps.-Verg.*Culex* 248: *alias alio ... super agmine turmas*; die normale naamval is die akkusatif: cf. Plaut.*Ps.*948: *sauia super sauia*; Livius 22.54.9: *uolnus super uolnus*; Plin.*Ep.*7.8.1: *aliis super alias epistulis*; Suet.*Nero* 41.2: *aliis super alios nuntiis*.

182. *obliquis fugientem cursibus urges*: Aangesien die digter besig is om die behendigheid

<sup>319</sup>Cf. e.g. *OCD* s.v. 'gladiators, combatants at games'.

<sup>320</sup>Martin en Seel, opp.citt., ad loc.

en taktiek van Piso te illustreer, moet ons aanneem dat *obliquis ... cursibus* eerder as 'n bepaling by *urges* as by *fugientem* bedoel is en dat *cursibus* dan hier in die sin van *incursibus* gebruik is; daarom vertaal ook die Duffs dit as 'with slantwise rush you press...', Bolisani as 'con obliqua corsa' en Seel as 'durch seitwärts ausgeführte Sprünge bedrängst du ...'. Daarenteen verkies Verdière en Amat om *obliquis cursibus* met *fugientem* te verbind: Verdière verstaan dit as 'met sigsag-lope', Amat as 'sywaarts', en inderdaad verstaan ook *ThLL* 11.101.37 sowel as *OLD* s.v. *obliquus* 3 die adjektief hier as *flexuosus* en 'zigzag' respektiewelik.

183. *scrutaris pectora*: 'n Ongewone gebruik van *scrutari*, maar Martin vergelyk heel gepas Luc.8.557: *quid uiscera nostra / scrutaris gladio?* Die uitdrukking klink m.i. soos 'n eufemisme uit die soldate- of swaardvegertaal vir 'doodsteek'. Hoewel dit hier bloot om 'n skyngeveg gaan, gebruik die digter die woordeskat van 'n werklike geveg: cf. *percutis* in die volgende reël.

**185-189.** *Mobilitas*, behendigheid, wat so pas kennelik 'n belangrike aspek van Piso se talent as 'skermer' was (*mobilitate* 181), is volgens die digter ook sy sterk punt as balspeler (185-187): die spoed van die spel is weer eens duidelik in die daktielryke verspatrone gereflekteer (185: DDDSDS, 186: DDDDDS). Die digter noem slegs kortlik drie speelhandelinge wat Piso uitvoer, en neem dan somaar as 't ware die hele Romeinse publiek tot getuies van sy *laudandus* se absolute meesterskap in hierdie spel: dit is naamlik so 'spektakulêr' dat daar altyd 'n skare toeskouers teenwoordig is en dat selfs ander spelers onmiddellik hulle spel staak en *en bloc* by hom kom toekyk! (188-189).

185-187. Balspel was by die Romeine, net soos by die Griekse, altyd besonder gewild en is deur mans van alle ouerdomme, ook uit die hoogste stande, beoefen; dit is ook beskou as 'n goeie middel om fiks te bly.<sup>321</sup> Ons vind baie verwysings na balspel in die letterkunde, en daar

---

<sup>321</sup>Van die beroemde medikus Galenus (2e eeu n.C.) is selfs 'n pamflet getitel *De pilae paruae exercitio* nagelaat waarin hy die voordele van balspel vir liggaam en gees behandel.

is ook heelwat voorstellings van balspelers op vase en reliëfbeelde behoue. Die bal is klaarblyklik by alle soorte balspel slegs met die hande gehanteer.<sup>322</sup> Ons weet van verskillende soorte balle, soos bv. die groterige, met lug gevulde *follis* en 'n kleiner bal, genaamd *harpastum*, wat met hare opgestop was en gebruik is in 'n spel genaamd *harpastum* (of *harpasta*); dieselfde soort bal is miskien in die gewilde *trigon*-spel gebruik. Daar was balspele vir spanne sowel as spele waaraan net 'n paar individue deelgeneem het, maar ons kennis oor besonderhede soos spelreëls, speelvelde, aantal spelers ens. is deurgaans uiters gebrekkig.<sup>323</sup>

Dit is onmoontlik om uit ons kort passasie, waarin slegs twee of drie speelhandelinge beskryf word en boonop die presiese betekenis van *geminare* omstrede is, met sekerheid af te lei of dit nou die *trigon*- of die *harpastum*- of enige ander spel is wat Piso hier speel.<sup>324</sup> Maar waarskynlik was dit inderdaad óf *trigon* óf *harpastum*, wat blykbaar die gewildste balspele in die vroeë keisertyd was.<sup>325</sup> By die *trigon*spel was daar klaarblyklik drie spelers, by die *harpastum* vermoedelik twee spanne.

185-186. *uolantem / ... geminare pilam*: Die betekenis van *geminare pilam* is onseker.

<sup>322</sup>Dus geen spele soos voetbal of krieket nie; daar is egter wel 'n reliëf uit die 5e eeu v.C. uit Griekeland behoue waarop blykbaar 'n spel soos hokkie gespeel word: kyk H.A. Harris, *Sport in Greece and Rome*', New York 1972, 101 en afb.47.

<sup>323</sup>Meer inligting in Daremberg & Saglio, op.cit.4.1.475 sqq.; *RE* 2.2832.16 sqq. en 7.139 s.v. 'Trigon'; *Kl.P.* 1.817 s.v. 'Ballspiel'; 2.943 s.v. 'Harpaston'; 5.959 s.v. 'Trigon'; *OCD* s.v. 'ball games'; Balsdon, op.cit.163 sqq., en veral Harris, op.cit.75 sqq.

<sup>324</sup>Martin en Seel, opp.citt., ad loc., *RE* 31.137 (s.v. 'Trigon') en *Kl.P.* (s.v. 'Trigon') meen dat Piso *trigon* speel. Daremberg & Saglio, op.cit.1.476 en Harris, op.cit.89 dink hy speel *harpastum*. Balsdon, op.cit.165-6 meen egter dat hier 'n derde soort spel, nl. *expulsim ludere*, ter sprake is. *RE* 2.2834.42 sqq. (s.v. 'Ballspiel') glo dat ons hier met een van die 'Massenspiele' te doen het (d.w.s. met baie deelnemers), maar dat die aard van die spel nie presies bepaalbaar is nie. Verdière en Amat merk net op dat dit blykbaar baie met die Baskiese 'jeu de pelote' ooreenkoms. Quot homines tot sententiae!

<sup>325</sup>Cf. e.g. Hor.*Sat.* 1.6.125-6: *fugio Campum lusumque trigonem*; Mart.4.19.5-6: *tepidurnue trigona / siue harpasta manu puluerulenta rapis*; 7.72.9-10: *sic palmam tibi de trigone nudo / unctae det fauor arbiter coronae*; 12.82.3: *captabit tepidum dextra laeuaque trigonem*.

Martin se vertolking as ‘to repeat the flight of the ball, i.e. to send back the ball’ klink miskien logies, en die Duffs, Bolisani en Amat<sup>326</sup> vertaal die frase dan ook in die sin van ‘die bal terugstuur’. Daarenteen wil Seel en die *RE* (s.v. ‘Trigon’) dit verstaan as ‘die bal aanstuur na ’n ander speler’. Uit ‘volantem’ kan ’n mens vermoedelik aflei dat die bal nie gevang is nie, maar direk met die hand (of die vuis) terug- of aangestuur is, wat seker net moontlik is as die bal nie te klein en hard is nie. *Volantem pilam geminare* moet dus vermoedelik as *uolatum pilae geminare* verstaan word; vergelykbaar is dalk Stat. *Theb.*6.790: [‘n bokser] *geminatque rotatas / multiplicatque manus*.

186. *aut reuocare cadentem*: ‘om ’n vallende bal te probeer terugkry’ is sekerlik om dit te herwin voordat dit die grond geraak het.<sup>327</sup>

187. *et ... fugientem reddere*: D.w.s. om ’n bal ‘wat besig is om te ontsnap, terug te speel’, nl. na waarvandaan dit gekom het; cf. *Man.*5.175: *pilam celeri fugientem reddere planta* (i.e. ‘snelvoetig’).

187. *non sperato ... gestu*: ‘met ’n onverwagte/verrassende beweging’. *Gestus* is die woord wat spesifiek vir bewegings van die arm en hand gebruik word; cf. *Apul.Met.*11.9: *gestu bracchiorum flexuque digitorum*; *Ov. Met.*11.673: *gestumque manus Ceycis habebat*; *Ov.A.A.*3.755: *carpe cibos digitis; est quid(d)am gestus edendi*.

Wat *gestu* betref, is dit interessant dat in Sichard se uitgawe in die kantruimte die woord *caestu*, met ’n *crux*-teken daarby, geskryf staan,<sup>328</sup> – interessant omdat daar ’n munt van keiser Gordianus III behoue is met ’n afbeelding van balspelers daarop wie se regterhande met

<sup>326</sup> Amat het in haar teks die drukfout *uolentem* i.p.v. *uolantem*.

<sup>327</sup> Balsdon, op.cit.165, vermoed dat dit hier om ’n heeltemal ander tipe spel gaan, nl. een waar die bal teen ’n muur gegooi word: hy vertolk *volantem geminare pilam* as ‘he repeatedly hit the ball at full-toss’, en *reuocare cadentem* as ‘he “brought it back when it fell”, i.e. took it on the first bounce’.

<sup>328</sup> Aldus Seel se kritiese apparaat; ook Verdière noem *caestu* as ’n variante lesing.

iets soortgelyk aan 'n *caestus*, m.a.w. 'n 'boksriem', omwikkel is.<sup>329</sup> Dit laat 'n mens wonder of *c(a)estu* hier nie dalk die korrekte, oorspronklike lesing is nie, en of Piso dalk inderdaad 'n balspel gespeel het waarin 'n soort handskerm of handskoen gebruik is; maar *non sperato* kan dan maar moeilik as ekwivalent van die alreeds seldsame bywoord *insperato*<sup>330</sup> verstaan word. 'n Mens kan dus maar net wonder oor die glos *caestu* se herkoms en doel.

Laastens 'n gedagte oor die formulering *aut ... aut ... et...* in reëls 186-187: Het die digter met *aut ... aut ...* nie dalk twee verskillende soorte spel op die oog nie? Miskien verwys die eerste alternatief na die *trigon*- en die tweede na die waarskynlik heelwat 'rowwer' *harpastum*-spel. (?)

188. *Haeret in haec populis spectacula*: Piso beoefen hierdie sport dus nie huis nie – baie van die groot herehuise het naamlik wel oor eie oefenlokale en selfs baddens beskik<sup>331</sup> – maar in 'n openbare plek, moontlik op die Campus Martius (waar ook Horatius na balspele gekyk het<sup>332</sup>), maar waarskynlik eerder in een van die groot publieke badkomplekse (*thermae*) wat almal oor ooplug-ruimtes of sale vir gimnastiek, oefeninge, spel en sport beskik het. 'n Lokaal vir balspel het waarskynlik bekend gestaan as *sphaeristerium*;<sup>333</sup> balspel was 'n gewilde oefening voor die neem van 'n bad.

*Haeret in plus* akkusatief is wel baie ongewoon,<sup>334</sup> maar cf. Plaut.*Epid.*191: *nam ego illum audiui in amorem haerere apud nescioquam fidicinam*; vir die akkusatief cf. ook Cat.21.6: *haerens ad latus, omnia experiris*; Val.Flac.3.641: *haeret ad ora ducis*. Vir hierdie oordragtelike betekenis van *haerere*, nl. in die sin van 'jou nie kan losskeur van', cf.

<sup>329</sup>Volgens RE 31.2834.9 sqq.

<sup>330</sup>E.g. App.Met.9.38: *insperato et longe contra opinionem resistens*.

<sup>331</sup>Balsdon, op.cit.28; 166; Kl.P.1.181.17 sqq.

<sup>332</sup>Hor.Sat.1.6.126: *fugio Campum lusumque trigonem*.

<sup>333</sup>Van σφαιριστήριον (σφαῖρα = pila); kyk e.g. E.N.Gardiner, *Athletics of the Ancient World*, Oxford 1936, 230; Paoli 222, Balsdon 166, Kl.P.1.818.17 sqq.

<sup>334</sup>ThLL 6.2495.59 sqq. gee onder *de auiditate uidendi et audiendi* ons reël as enigste voorbeeld.

Cic.*Att.*13.40.2: *equidem in libris haereo*; Ov.*Met.*10.359: *patriis ... in uultibus haerens*; Petr.89.1: *te totum in illa haerere tabula*.

Deur die woorde *populus* en *spectacula* te gebruik, suggereer die digter dalk vleidend 'n vergelyking van Piso se spel met die groot publieke skouspele in die stad, soos gladiatorespele en strydwaresies. *Populus* beteken hier in 'n algemene sin 'die publiek', 'die mense', dalk selfs 'almal': cf. Plaut.*Cur.*29: *ne id quod ames populus si sciat, tibi sit probro*; Cic.*Att.*7.13a.3: *quae sit populi urbani uoluntas*; Liv.22.7.6: *concursus in forum populi*.

Die Duffs se vertolking 'To watch such play the populace remains stockstill' en Amat se 'Immobile, le peuple contemple ces spectacles' lyk vir my minder waarskynlik as dié van Verdière: 'Le peuple s'attache à ces spectacles' en Seel: 'An solchem Schauspiel hanget (*sic!*) das Volk', m.a.w. 'die toeskouers kan hulle nie daarvan 'losskeur' nie.

*Spectacula* is vermoedelik 'n digterlike meervoud en het slegs op Piso se balspel betrekking.<sup>335</sup>

188-189. *totaque lusus / turba repente suos iam sudabunda relinquit*: Ook die kragtige beskrywing van die reaksie van die ander sportbeoefenaars beklemtoon ten slotte weer Piso se besondere briliantheid as sportman: 'n ieder en 'n elk (*tota turba*) laat staan dadelik (*repente*, d.w.s. sodra Piso begin speel) sy eie spel om te kom toekyk, selfs as hy reeds sweet, m.a.w. self reeds midde-in sy eie spel of oefening is. Vir die ander sportmanne wat graag as toeskouers by 'n balspel saamdrom, cf. Mart.7.72.9-10: *sic palmam tibi de trigone nudo / unctae det fauor arbiter coronae*.

*Sudabundus* is waarskynlik 'n hapax legomenon.<sup>336</sup> Die adjektiewe op *-bundus* verskil in betekenis blykbaar selde van die praesens participium; cf. *pudibundus* in 126 supra.

**190-208.** Die laaste van Piso se gawes wat die digter vervolgens prys, is sy besondere bedrewenheid in 'n soort bordspel. Waar hy aan sy vorige vier talente op 'nie-ernstige' terrein

<sup>335</sup>Leppin, op.cit.225, meer dit verwys na beide sy skerm- en sy balspel.

<sup>336</sup>Volgens L&S en OLD.

(digkuns, lierspel, skermkuns en balspel) gesamentlik maar 28 reëls bestee het, wy hy aan hierdie laaste tema alleen 19 reëls. Die rede vir die breedvoerigheid is seker veral die feit dat dié besondere spel 'n oorlogspel is wat die digter die geleentheid bied om sy *laudandus* – afstammeling van beroemde veldhere en self kamtig 'n verydelde generaal (cf. 26 sqq.) – nou ook as 'n knap en feitlik onoorwinlike strateeg voor te stel; terselfdertyd kry die digter met hierdie tema ook 'n kans om aan die hand van 'n 'gevegsbeskrywing' as 't ware sy slag as 'epiese' digter te wys.... As Piso naamlik soms uitgeput is van sy studies, sê die digter, maar tog ook nie lus het om onaktief te wees nie, speel hy alte geslepe dié taktiese bordspel waar met wit en swart glassteenjies oorlog gevoer word (190-194); die daktielryke verse 192-193 (DDDDDS en DDDSDS) skep onmiddellik weer die indruk van besondere behendigheid. En somaar dadelik laat die digter ons ook d.m.v. drie retoriiese vrae – afwisselend negatief, positief, negatief gestel: die eerste oor die reaksie van Piso se opponente, die ander twee oor die kaliber van sy eie 'vegters', d.w.s. oor sy eie spel – baie duidelik verstaan dat Piso natuurlik ook hier die bobaas is, want elke vyandelike steentjie slaan glo voor hom op die vlug, geeneen van sy eie 'manne' retireer ooit nie, en selfs dié wat lyk asof hulle gaan sneuwel, skakel ten slotte tog nog hulle aanvallers uit (195-6)! Vervolgens gaan die digter op Piso se veelsydige speeltegniek in: sy slaglinie veg 'op 'n duisend maniere', verklaar hy ter inleiding (197: die ritme DDDDDS suggereer dadelik weer groot bedrywigheid) en beskryf dan op aanskoulike wyse 'n aantal verskillende toneeltjies, sowel as taktiese bewegings en krygsliste wat aangewend word om individuele teenstanders, of selfs twee tegelyk, vas te keer (197-202a) en om die vyande se verskansings te deurbreek en hulle stad te plunder (202b-204): laasgenoemde twee hoogtepunte is besonder emfaties in twee goue versreëls beskryf (203, 204). En hoewel daar by die bres nog woeste gevegte opvlam (nog 'n gewigtige vyf-woorde-reël: DSSSDS), wen Piso op die ou end met sy linie ongeskonde, of dan met slegs geringe verliese, en met albei sy hande vol 'klingelende krygsgevangenes' (205-208).

Die hele beskrywing is baie lewendig en aanskoulik uitgevoer, en militêre terminologie is konsekwent en realisties aangewend: die leser of hoorder kan hom amper verbeeld dat hy met sy geestesoog al die verskillende bewegings en aksies op 'n slagveld aanskou – totdat die laaste reël hom weer tot die werklikheid van die spel terugroep.

190-208. Bordspele was by die Romeine sowel as die Grieké 'n baie gewilde tydverdryf.

Ons weet van 'n hele paar sulke spele, soos *Duodecim Scripta*, *Latrunculi*, *Terni Lapilli*, *Lusus Tabulae* (ook kortweg *Alea* genoem), en die Griekse πόλεις en πεττεία. Opgrawings het reste van speelborde en verskillende soorte speelskyfies en -steentjies opgelewer, en ook in die letterkunde word nogal dikwels na bordspiele verwys, maar die meestal terloopse en kort verwysings maak dit gewoonlik onmoontlik om die betrokke spel met sekerheid te identifiseer, om van die rekonstruksie van spelreëls en speeltegnieke nie eens te praat nie.

Die spel wat Piso hier so meesterlik speel, is egter ongetwyfeld die *ludus latrunculorum*, die 'soldaatjies-spel'; *latrunculus* is die verkleinwoord van *latro*, wat in vroeë Latyn nog 'huursoldaat' beteken het.<sup>337</sup> Daar word in die letterkunde taamlik dikwels na hierdie spel verwys, maar ons passasie is die langste en belangrikste bron daaroor, al is dit dan ook, soos Daremberg & Saglio dit stel, 'plein d'obscurités'.<sup>338</sup>

Die *ludus latrunculorum* was 'n soort oorlogsspel wat deur twee persone gespeel is.<sup>339</sup> Die speelbord was verdeel in 'n onbekende aantal vakkies, miskien meestal 64 (8x8), dus soos 'n skaakbord, maar sonder lg. se twee onderskeidende kleure.<sup>340</sup> Die *latrunculi* of 'soldaatjies' was waarskynlik gewoonlik skyfies of halfronde steentjies van steen, glas of ivoor.<sup>341</sup> Die kleure van die opponerende stelle was blykbaar meestal wit en swart, soms ook wit en rooi. Die literêre bronne bevat geen aanduiding dat daar in die *Latrunculi*-spel skyfies met verskillende range en funksies (soos e.g. in ons skaakspel) voorgekom het nie.<sup>342</sup> Omdat daar

<sup>337</sup>E.g. in Plaut. *Mil.* 74, 76, 949; cf. ook Varro *L.L.*10.22: *ueteres poetae nonnumquam milites appellant latrones*.

<sup>338</sup>Daremberg & Saglio, op.cit.3.2.994.

<sup>339</sup>Soos te sien uit 'n mooi verhaaltjie in Sen. *Tranq.*14.7: *ludebat (Iulius Canus) latrunculis, cum centurio agmen periturorum trahens illum quoque excitari iuberet. uocatus numeravit calculos et sodali suo 'uide' inquit 'ne post mortem meam mentiaris te uicisse'. tum adnuens centurioni 'testis' inquit 'eris uno me antecedere'*.

<sup>340</sup>J. Richmond, 'The *Ludus Latrunculorum* and *Laus Pisonis* 190-208', *MH* 51 (1994) 166.

<sup>341</sup>Martialis 14.18 praat selfs van *calculi* wat van edelgesteentes gemaak of daarmee versier was: *Calculi. Insidiosorum si ludis bella latronum,/ gemmeus iste tibi miles et hostis erit.*

<sup>342</sup>Of Isidorus *Orig.*18.67 op *Latrunculi* betrekking het, is omstrede: *De calculorum motu: Calculi partim ordine mouentur, partim uage; ideo alias ordinarios, alias uagos appellant; at uero qui moueri omnino non possunt, incitos dicunt.* H.Lamer, *RE* 13.1979.4

in uitdruklike verwysings na hierdie spel nooit dobbelsteenjies genoem word nie, word daar meestal aanvaar dat dit daarsonder gespeel is en dat spelers afwisselend elk 'n 'skuif' gekry het.<sup>343</sup> Die wenner was blykbaar die speler wat sy opponent se geledere 'uitgeroei' of soseer uitgedun en vasgetrek het dat hy nie meer kon beweeg nie. Dit mag wees dat daar ook 'n element van beleëring/verowering van 'n 'vesting' in die spel voorgekom het (cf. by reëls 203-204 infra). Natuurlik is daar talle verbeeldingryke pogings aangewend om die spel te rekonstruise, ook na analogie van ander ou en moderne bordspele, maar die resultate bly per slot van rekening grootliks spekulatief.<sup>344</sup>

190. *Te si forte iuuat:* Martin merk op dat die herhaalde gebruik van *iuuat/iuuit* 'monotonous' is; trouens, *iuuare* kom agt maal in ons gedig voor.<sup>345</sup>

190. *studiorum pondere fessum:* Met hierdie *studia* word seker veral Piso se werk as

sqq., R.G.Austin, 'Zeno's Game of τάβλη (A.P.ix.482)', *JHS* 54 (1934) 202-205, Idem, 'Roman Board Games.I.', *G&R* 10 (1934) 28, en Richmond, art.cit.167, ontken dit almal. Maar Balsdon (op.cit.157) aanvaar dat daar drie range was: *ordinarii* wat telkens een tree vorentoe of terug kon beweeg, *uagi* wat onbeperk in enige rigting kon beweeg, en *inciti* wat glad nie kon beweeg nie en wat vermoedelik die *mandra* (cf.reël 203 infra) verdedig het.

<sup>343</sup>Balsdon misgis hom klaarblyklik as hy die *Latrunculi*-spel onder die bordspele tel waar 'dice were thrown to determine moves' (op.cit.156), want ander navorsers beklemtoon juis die teenoorgestelde: Lamer, *RE* 13.1977.9: 'zu dem ohne Würfel gespielten *ludus latr.*'; *Lexikon der Alten Welt* 2861: 'der als einziges Spiel ohne Würfel gespielte *Ludus latrunculorum*'. Ook Amat se suggestie (op.cit., haaf n.49) dat Trimalchio net voor ete *Latrunculi* gespeel het, is 'n misgissing aangesien hy tog duidelik 'n spel met dobbelsteenjies gespeel het: *sequebatur puer cum tabula terebinthina et tesseris crystallinis* (Petr.33.2.).

<sup>344</sup>Geselekteerde literatuur: W.A.Becker, op.cit.502-503; L.Becq de Fouquières, *Les Jeux des Anciens*, 2e ed. Parys 1873, 329-359; Daremberg & Saglio, op.cit.3.2.992 sqq. (G.Lafaye); A.Tilley:., 'Ludus Latrunculorum', *CR* 1892, 335 sqq.; *RE* 12 (1925) 980.38 sqq. (s.v. 'Latrunculorum ludus'; K.Schneider); *RE* 13 (1927) 1976.61 sqq. (s.v. 'Lusoria tabula'); H.Lamer bevind dat Becq se rekonstruksie van die spelreëls 'fast in jeder Zeile wenn nicht einen Irrtum, so doch eine unbewiesene Hypothese' bevat); R.G.Austin, 'Roman Board Games.I.', *G&R* 10 (1934) 24-30; Balsdon, op.cit.156-9 (Hy aanvaar Becq se rekonstruksie as 'brilliant', maar ken duidelik nie Lamer se pasgenoemde artikel nie); *Kl.P.3.516 .52* sqq.; John Richmond, art.cit.164-179.

<sup>345</sup>Naamlik in reëls 59, 111 (maar hier = 'help'), 137, 139, 164, 186, 190, 221.

advokaat bedoel, waarvan in die eerste deel van die gedig herhaaldelik sprake was. *Pondus* is hier as digterlike sinoniem vir *onus* gebruik:<sup>346</sup> cf. ook *fessa ... pondere ceruix* in reël 75 supra; Luc.9.951: *cetera curarum proiecit pondera*; Stat.*Theb.*4.38-39: *aeger / pondere curarum*.

191. *non languere tamen lususque mouere*: m.a.w. *tamen non languere, SED lusus mouere* ... Vir *-que* as gelykbeduidend met *sed* as dit op 'n negatiewe sin volg, sien Menge, op.cit., par.506.2; L&S s.v. *-que* VI; cf. Cic.*Cat.*2.13.28: *ut neque bonus quisquam intereat paucorumque poena uos omnes salui esse possitis*; Liv.21.6.7: *qui non temere mouendam rem tantam expectandosque ex Hispania legatos censerent*; Ov.*Met.*2.811: *neque dant flamas lenique tepore cremantur* (nl. groen gras wat op die vuur gegooi word).<sup>347</sup>

191. *lususque mouere per artem*: *Mouere* is 'n taamlik frekwente woord in hierdie gedig.<sup>348</sup> Vir sy gebruik in die betekenis 'om (iets) te begin', cf. *bella mouere* in 29 supra, maar ook Verg.*Aen.*10.163: *Pandite nunc Helicon, deae, cantusque mouete*; *Aen.*7.45: *maiis opus moueo*. Ek dink Martin en Seel het gelyk as hulle meen dat *lusus mouere* waarskynlik die bekende uitdrukking *bella mouere* naboots, m.a.w. dat dit dadelik die betekenis 'krygspele aan die gang sit' suggereer.

*per artem* het 'n bywoordelike funksie: 'met bedrewenheid', dalk in die konteks selfs 'met listigheid'; vir hierdie gebruik van *per*, cf. e.g. Cic.*Verr.* 2.1.60.155: *per ludum et iocum*; Sall.*Jug.*23.1: *per uim*; Liv.44.45.14: *per tumultum*.

Die Duffs se vertaling 'to play games of skill' en Verdière se nog eenvoudiger weergawe as 'jouer avec adresse' is seker aanvaarbaar, maar Seel se 'ein kunstvolles Spiel in Bewegung zu setzen' en Amat se 'jouer à des jeux qui exigent du talent' is m.i. inkorrekt.

<sup>346</sup>Cf. L&S s.v. *pondus* II.B.

<sup>347</sup>Martin (ook Seel) is blykbaar onbewus van hierdie gebruik; haar voorstel om *non languere* as 'equivalent to *mentem molliter recreare*' en as 'a form of litotes' te verstaan, is onnatuurlik en onnodig.

<sup>348</sup>Reëls 29, 100, 114, 134, 173, 191, 202.

192. *callidiores modo*: ‘op ’n betreklik/bra/nogal geslepe manier’; die komparatief duï hier ’n hoër graad as die ‘gewone’ aan; cf. Menge, op.cit.199.1; *K&S* vol.2, par.225, Anm.19. Amat se ‘avec encore plus d’habileté’, m.a.w. ‘met nog meer behendigheid’ (nl. meer as in sy voorheen genoemde sportaktiwiteite), is m.i. nie wat die digter wil sê nie.<sup>349</sup>

Wat *callidus* betref, is dit miskien interessant dat dié woord ook in die reeds genoemde scholion op Juv.5.109 (cf. p.6 supra) oor Piso se bekwaamheid as *Latrunculi*-speler gebruik word: hy was glo in *latrunculorum lusu tam perfectus et callidus ut ad eum ludentem concurreretur*. Maar ‘geslepenheid’ is natuurlik maar in die meeste bordspele die hoofvereiste om ’n goeie speler te word.

Wat in die scholion nog verder interessant is, is die inligting dat Piso sy *Latrunculi* ook in die openbaar gespeel het. Hiervan is daar in ons gedig geen sprake nie, en sou ’n mens intendeel uit die konteks – *studiorum pondere fessum* – m.i. eerder wou aflei dat hy hierdie aktiwiteit, in teenstelling met sy voorafgaande sportsoort(e), nou weer tuis beoefen.<sup>350</sup> Andersyds was dit blykbaar baie gewoon om bordspele op publieke plekke te speel, want argeoloë het ook op verskeie plekke in die Ryk bord-diagramme op vloerstene gevind.<sup>351</sup>

192. *tabula ... aperta*: *Tabula* is die bord met die speelveld daarop: Seneca praat spesifiek van ’n *tabula latruncularia*,<sup>352</sup> uit Martialis ken ons die term *tabula lusoria*.<sup>353</sup> By gebrek aan

<sup>349</sup> Seel ignoreer die komparatiefvorm in sy vertaling, Verdière vertaal dit soos ’n superlatief.

<sup>350</sup> Verdière (op.cit., ad 189) meen dat die outeur van die scholion die détail van die toestroming van toeskouers per abuis van Piso se balspel (reëls 188-189) oorgedra het na sy *Latrunculi*-spel.

<sup>351</sup> Cf. *RE* 13.2004.15; J.Richmond, art.cit.166.

<sup>352</sup> Sen.*Ep.*117.30.

<sup>353</sup> Mart.14, *Apophor.*17: *Tabula lusoria: Hac mihi bis seno numeratur tessera puncto;* / *calculus hac gemino discolor hostile perit*. Die een kant is hier bedoel vir ’n spel waarby dobbelstene gebruik is (vermoedelik *Duodecim Scripta*), die ander klaarblyklik vir die oorlogospel *Latrunculi* met die opponente se ‘steentjies’ in verskillende kleure.

bewyse dat die mense destyds al opvoubare speelborde gehad het,<sup>354</sup> is dit verstandig om, soos Martin,<sup>355</sup> *tabula aperta* eenvoudig as ‘ekwivalent’ van *campo aperto* te verstaan, ’n frase wat ook in reël 50 supra gebruik is en elders dikwels i.v.m. gevegsbeskrywings voorkom: cf. e.g. Liv.38.3.10: *apertos circa campos ad dimicandum esse*; Verg.*Aen.*9.25: *Iamque omnis campis exercitus ibat apertis*; Ov.*Fast.*2.227-8: *in apertos undique campos / prosiliunt hostes*. Ons digter gebruik immers ook in die hierop volgende beskrywing van bewegings op die speelbord deurgaans die terminologie van ’n werklike gevegsbeskrywing.

Seel se vertaling as ‘das eben noch leere Spielbrett’ en sy verduideliking dat die digter wil aandui dat die steentjies nog in hulle beginposisies staan en die speelbord dus ‘noch leicht überschaubar’ is, is vir my minder voor-die-hand-liggend. Amat se ‘sur la table ouverte’, m.a.w. ‘op die oop tafel (*sic!*)’, is stellig verkeerd.

192-193. *uariatur ... calculus*: Hierdie ongewone uitdrukking word waarskynlik tereg deur die meeste vertalers verstaan as ‘die steentjies word in verskillende posisies geplaas’, m.a.w. ‘beweeg/rondgeskuif’; Seel se vertolking as ‘so belebt bald Stein für Stein auf trickreiche Weise das eben noch leere Spielbrett’ – dus *uariare* as ‘verlewendig’ in die sin van ‘met lewe/aktiwiteit vul’ – is egter sekerlik inkorrekt.<sup>356</sup>

*Calculus* is die algemene woord vir ’n speelsteenjie;<sup>357</sup> in Plaut.*Poen.*908-909 vind ons nog die verkleinwoord se stamwoord *calx* in dieselfde betekenis: *SY. profecto ad incitas lenonem rediget, si eas abduxerit. / MI. quin prius disperibit faxo quam unum calcem ciuerit.* Die werkwoord *cire* beteken in lg. verband ‘beweeg/skuif’, en *ad incitas (sc. calces) redigere*

<sup>354</sup>Volgens Martin 113 het L.Becq de Fouquières, *Les Jeux des Anciens* 445, die bestaan daarvan uit ons passasie afgelei.

<sup>355</sup>Insgelyks Lamer in *RE* 13.1921.48-56.

<sup>356</sup>Interessant – terwyl daar in elk geval so min oor die spelreëls bekend is – is Seel se spekulasié dat *callidiore modo tabula uariatur aperta calculus* moontlik ook sou kon beteken dat aan die begin van die spel die steentjies eers deur die spelers afwisselend op ’n slim manier een-een op die bord geplaas moes word, min of meer soos by die moderne meulespel.

<sup>357</sup>Waarom Martin p.112 die woord *calculus* juis as ’n ‘pseudo-diminutive’ bestempel, is vir my nie duidelik nie.

is dus = ‘tot ongeskuifdes, d.w.s. onskuifbares, maak’, m.a.w. ‘vaskeer/vastrek’, in ’n letterlike of ’n figuurlike betekenis.

193. *uitreo peraguntur milite bella:* Die ‘glassoldate’ is natuurlik die pasgenoemde *calculi*, d.w.s. die *latrunculi*, wat in die poësie om metriese redes gereeld met *milites*, *latrones*, *bellatores* of dergelike woorde omskryf word; cf. e.g. Ov.*A.A.2.207-208*: *siue latrocinii sub imagine calculus ibit, / fac pereat uitreo miles ab hoste tuus*; 3.358: *unus cum gemino calculus hoste perit, / bellatorque sua (sic!) prensus sine compare bellat*; Mart.*7.72.7-8*: *sic uincas Nouiumque Publumque / mandris et uitreo latrone clusos*.

Vir *peragere* in die betekenis van ‘enduit voer’, cf. Ov.*Fast.3.5*: *ipse uides manibus peragi fera bella Mineruae*; Tac.*Hist.3.78*: *dum peractum bellum putant*; cf. ook Mart.*3.79.1*: *rem peragit nullam Sertorius, inchoat omnes*.

194. *ut niueus nigros, nunc et niger alliget albos:* Die welluidende *n-* en *al-*alliterasie val op; die meer poëtiese *niueus* is seker nie net terwille van variasie i.p.v. *albus* gebruik nie, maar ook om die reël se versritme ligter te maak.

Na my gevoel is hierdie sin miskien tog eerder ’n doelsin as ’n gevolsin:<sup>358</sup> om van die teenstander se *milites/calculi* ‘vas te bind’, d.w.s. vas te keer of te immobiliseer, is tog klaarblyklik die eerste oogmerk van die spel. Dat *alligare* egter nog nie dieselfde as ‘gevange neem’, m.a.w. van die bord afhaal, is nie, blyk duidelik uit die enigste ander teks waar *alligare* in verband met die *Latrunculi*-spel gebruik word, nl. Sen.*Ep.117.30*: ... *tabulam latrunculariam prospicit ut sciatur quomodo alligatus exeat calculus*, waaruit ons moet aflei dat dit wel moontlik is om ’n *alligatus calculus* ook weer te bevry.<sup>359</sup> In presies watter omstandighede of posisies ’n steentjie as *alligatus* beskou is, kan nie meer met sekerheid bepaal word nie.<sup>360</sup>

<sup>358</sup>Die Duffs en Seel vertaal dit as ’n gevolsin.

<sup>359</sup>Cf. Richmond, art.cit.170.

<sup>360</sup>Richmond, art.cit.169 sqq. bespiegel oor verskillende moontlike situasies.

Die feit dat die subjekte hier in die enkelvoud en die objekte in die meervoud staan, beteken sekerlik nie dat in hierdie spel een *calculus/miles* telkens meer as een van die opponente tegelyk vaskeer nie,<sup>361</sup> want uit ander bronne wil dit eerder voorkom asof normaalweg twéé steentjies saam één teenstander uitskakel, nl. as hy tussen hulle twee te staan kom: Ov.A.A.3.357-8: *Cautaque non stulte latronum proelia ludat, / unus cum gemino calculus hoste perit;* Trist.2.477-8: *discolor ut recto grassetur limite miles, / cum mediis gemino calculus hoste perit;* Mart.14.17.2: *calculus hac (sc. auersa tabulae parte) gemino discolor hoste perit.* Na my mening bedoel die digter met *niueus* en *niger* hier waarskynlik die ‘wit’ en die ‘swart’ speler; so vertolk ook die Duffs en blykbaar ook Verdière dit.<sup>362</sup> Hierdie substantiewe gebruik van die kleur-adjektief is m.i. vergelykbaar met Mart.10.48.23: *de prasino conuiua meus uenetoque loquatur*, waar die digter met ‘groen’ en ‘blou’ na die strydwadrywers of selfs na die strydwaresiespartye verwys. ’n Ander moontlikheid is dat ons oueur hier sg. ‘digterlike enkelvoude’ in plaas van meervoudsvorme gebruik aangesien die meervoud *alligent* metries nie bruikbaar is nie.<sup>363</sup> Seel se vertaling ‘so daß schließlich ein weißer die schwarzen und ein schwarzer die weißen jeweils (*sic!*) an sich bindet (*sic!*)’ is in elk geval misleidend.

195. *Sed tibi quis non terga dedit?:* Die digter suggereer vleiend dat Piso se teenstanders nog elke keer gevlug het, m.a.w. dat hulle gereeld verloor: *dedit*, net soos *cessit* en *perdidit* hierna, is natuurlik ’n egte perfektum. Na my mening – veral omdat ek *niueus* en *niger* in die voorafgaande reël as die twee opponerende spelers verstaan het, en ook weens die persoonlike voornaamwoord *tibi* hier – bedoel die digter met die woord *quis* tog eerder ‘watter opponent’ as ‘watter steentjie van jou’; die laasgenoemde vertolking (wat Seel verkies) is egter ook nie onmoontlik nie, o.a. omdat *terga dare* tog meestal i.v.m. vlugtende troepe gebruik word. Vir

---

<sup>361</sup>Aldus ook Martin ad loc., p.113. Dat so iets egter wel kán gebeur, sal ons in reël 202 hier onder sien: *obligat ipse duos*.

<sup>362</sup>Die Duffs: ‘so that white checks the black pieces, and black checks white’.

<sup>363</sup>Richmond, art.cit.169.

die meervoud *terga* saam met 'n onderwerp in die enkelvoud, cf. Ov.A.A.1.272: *Maenalius lepori det sua terga canis*; Met.13.879: *terga fugae dederat conuersa Symaethius heros*; Sen.Ep.22.8: *non uertet terga, sed sensim recedet in tutum*.

195-6. *Quis te duce cessit / calculus?*: As speler is Piso as 't ware die aanvoerder van sy dapper soldate. Oordrewe vleiend suggereer die digter sowaar dat aan Piso se kant nooit eens 'n enkele steentjie terugval nie!

196. *Aut quis non periturus perdidit hostem?*: En nou die toppunt van vleiery, want streng genome suggereer die digter hier dat Piso selfs nog nooit 'n enkele soldaat verloor het nie: selfs as een 'op die punt gestaan het om verlore te gaan', het hy sy teenstander neergeveld. Ek stem met Martin saam dat die digter met *periturus* seker nie wil sê dat Piso se steentjie hier eweneens gesneuwel het nie, soos die Duffs (*periturus* = 'before capture') dit blykbaar verstaan.<sup>364</sup> Maar hoe ons dit ook al vertolk, Piso se manne veg in elk geval met doodsvragting. Die allittererende *periturus perdidit* is 'n besonder treffende antiteze.

197. *Mille modis acies tua dimicat*: Die alliterasie val op. Vir die hiperboliese *mille*, cf. *mille rates* in 174 supra.

*Acies* is hier nie soseer die 'opgestelde slaglinie' nie as eerder die 'slaglinie in aksie'; cf. Stat.Theb.1.228-9: *totiens ... / Eumenidum bellasse aciem*.

198-202. *Ille ... ille ... hic ... ille ... hic*: Die aanwysende voornaamwoorde, en veral ook hulle ongewone volgorde – naamlik nie die normale patroon van '*hic ... ille ...*' in die sin van 'die een ... die ander ...' nie – help hier om die beskrywing van die groot bedrywigheid op die 'slagveld' nog aanskoulike te maak. Dit laat die hoorder of leser amper voel asof die digter werklik na individuele akteurs en aksies op 'n slagveld wys: 'die een daarso ... die een daar ... die een hierso ...' ens.

---

<sup>364</sup>Seel vertaal die woord met 'selbst in Gefahr geschlagen zu werden', maar in sy kommentaar praat hy inkorrekt van 'selbst schon sterbend'.

197-198. *ille petentem / dum fugit, ipse rapit*: Vir *petentem* cf. reël 180 supra. Daar bestaan min sekerheid oor hoe, m.a.w. in watter rigtings en oor hoeveel blokkies, die steentjies in hierdie spel geskuif kon word, maar uit die onderhawige sin kan ons aflei dat hulle beslis nie net vorentoe kon gaan nie, maar sekerlik ook agtertoe en sywaarts. Dit sien ons ook in Ov.*Trist.*479-480: *ut bellare sequens sciat et reuocare priorem, / nec tuto fugiens incomitatus eat.*<sup>365</sup> Ov.*Trist.*2.477 *discolor ut recto grassetur limite miles* suggereer miskien dat bewegings slegs vorente, agtertoe, na links en na regs kon geskied, en nie in ‘skuins’ rigtings nie.

198. *longo uenit ille recessu*: ‘van ’n verafgeleë skuilhoek’. Cf. Ov.*Met.*11.593: *Est prope Cimmerios longo spelunca recessu*. Seel se vertaling ‘aus der hintersten Linie’ is m.i. onjuis.

Uit hierdie sin kan ons sekerlik aflei dat een skuif wel oor meerdere blokkies kon strek.<sup>366</sup>

199. *qui stetit in speculis*: ‘wat op die uitkyk gestaan het’; vir *in speculis* cf. Ov.*Her.*18.12: *in speculis omnis Abydos erat*; Liv.34.26.4: *diem inde unum in speculis fuit (sc. imperator Romanus), si quid noui motus oreretur*. Verdière en Amat se vertolking van die sin as ‘wat op die loer gelê het’ is m.i. inkorrekt, net soos Seel se vertaling van *in speculis* as ‘in der Reserve’.

199. *hic se committere* etc.: Na my gevoel wys die digter met die woord *hic* hier na ’n volgende, derde ‘soldaatjie’. Die Duffs en Amat vertaal die woord asof dit nog oor dieselfde steentjie as die voorafgaande *ille* (188) gaan, m.a.w. asof dit in die sin van ‘laasgenoemde’ bedoel is; ek kan nie glo dat *hic* werklik na ’n pasgenoemde *ille* kan terugwys nie.

200. *in praedam uenientem decipit hostem*: Die uitdrukking *in praedam uenire* is ongewoon. Ek verstaan *in praedam* hier (soos Verdière en Amat) as ‘met die oog op buitmaking’; *ad* sou

<sup>365</sup>Cf. Richmond, art.cit.168.

<sup>366</sup>Cf. Richmond, art.cit.168.

waarskynlik die ‘normaler’ preposisie gewees het: cf. Petr.22.5: *Syri illi qui uenerant ad praedam* = ‘om iets te kom steel’, maar cf. tog ook Ov.*Met.*5.668: *ibimus in poenas* = ‘ons sal oorgaan tot bestrawwing’.<sup>367</sup> Ek twyfel of dit moontlik is om *in praedam* in die sin van ‘ten einde Piso se buit te word’ te verstaan en die sin soos Seel te vertaal as: ‘er überlistet den Feind, der ihm als sichere Beute begegnet’.

Dit is moeilik om te bepaal hoe ’n destydse leser of hoorder *decipit* sou verstaan het: as ‘circumvents/cheats’ (aldus Martin en die Duffs), of as ‘surprends (‘oorrompel’)/arresta’ (aldus Amat en Bolisani), of sou dit vir hom soos vir ons dubbelsinnig geklink het?

201-202. *ancipites subit ille moras:* Waarskynlik is die woord *mora* – letterlik ‘stopsetting/belemmering’ – ’n terminus technicus in hierdie spel en beteken dat ’n steentjie deur ’n skuif van die opponent ‘gestop’ en dus bedreig word, m.a.w. die gevaar loop om verlore te gaan as hy nie op sy beurt self kan toeslaan of padgee nie; miskien is die woord selfs uitgespreek wanneer so ’n bedreigende skuif gemaak is.<sup>368</sup>

*Anceps* laat m.i. in hierdie ‘militaire’ konteks eerder aan die spesifieke betekenis ‘van twee kante’ dink as bloot aan ‘gevaarlik’; vir *anceps* in eersgenoemde sin, cf. Caes.*B.G.*7.76: *ancipi proelio ... pugnatum est;* Nepos *Them.*3.3: *ne ... ancipi premerentur periculo;* Liv.37.11.8: *facile telis ancipitibus hostem summoturus.* Die konnotasie ‘van twee kante’ is des te meer voor-die-hand-liggend omdat in die *Latrunculi*-spel blykbaar ’n steentjie verlore is as dit tussen twee van die teenstander beland: cf. Ov.*A.A.*3.358: *unus cum gemino calculus hoste perit;* Trist.2.478: *cum mediis gemino calculus hoste perit;* Mart.14.17: *calculus hac (sc. parte) gemino discolor hoste perit.*

Terwyl Martin, Austin,<sup>369</sup> Verdière en Bolisani *ancipites moras* eweneens as ’n ‘dubbele aanval’, m.a.w. ‘aanval vanaf twee kante’, verstaan, verkies die Duffs en Amat om

<sup>367</sup> Martin: ‘advancing upon its prey’, Duff & Duff: ‘coming for its spoil’.

<sup>368</sup> RE 12.983.26 sqq. verwys na ’n behoue metaal-*tessera* waarop twee sittende mans afgebeeld is, met ’n speelbord op hulle knieë: terwyl die een ’n skuif maak, lig die ander sy hand op, en bo-oor die toneeltjie staan die woord *mora* geskryf.

<sup>369</sup> Art.cit.30.

dit vaag met ‘gevaarlike vertragings’ weer te gee en Richmond as ‘dangerous traps’.<sup>370</sup> Seel se vertaling ‘auf zweischneidige Weise verweilt jener am Ort’ (sonder kommentaar) is onverstaanbaar.

201-202. *similisque ligato / obligat ipse duos*: Die bedoeling is blykbaar ‘en alhoewel dit reeds lyk asof hy vasgekeer is, keer hy toe self twee van die teenstanders vas’. Slegs ‘n antieke luisteraar of leser sou kon weet na watter soort situasie die digter hier verwys.<sup>371</sup>

*Ligare* en *obligare* word hier vermoedelik bloot by wyse van variasie in stede van die meer normale *alligare* (cf. reël 194) gebruik, maar *obligare* klink (weens sy hoofsaaklik juridiese gebruik) hier tog effens vreemd.

202. *hic ad maiora mouetur*: *maiora* kenskets hierdie steentjie se prestasies, wat in die volgende twee gelaaide reëls beskryf sal word, by voorbaat as belangriker as die voorafgenoemde bewegings.

Omdat die vorige steentjies al vier as selfstandige akteurs voorgestel is, is dit dalk natuurliker om *mouetur* hier nie as ‘n egte passief in die sin van ‘geskuif word’ (aldus Seel en Richmond) te verstaan nie, maar eerder as ‘n refleksieve of mediale handeling met die betekenis ‘beweeg / onderweg wees’ (aldus die Duffs, Verdière en Amat) of selfs oordragtelik as ‘geïnspireer wees’ (Martin).

203. *citus*: Die adjektief *citus* lyk hier nogal besonder gepas as ‘n mens daaraan dink dat sy stamwoord *cire* blykbaar ‘n vakterm van die bord spel is, want *calcem cire* = ‘om ‘n steentjie te skuif’; cf. die aant. by *calculus*, reël 192 supra.

203. *ecfracta ... mandra*: Die presiese betekenis van *mandra* is hier onseker. Die seldsame leenwoord uit Grieks, waar dit ‘veekraal’ beteken, kom in die klassieke Latynse letterkunde

---

<sup>370</sup> Art.cit. 165.

<sup>371</sup> Vir die jongste bespiegelinge hieroor sien Richmond, art.cit. 172-3.

slegs 'n verdere drie maal voor: twee maal in die betekenis van 'n 'trop', of dalk eerder 'n 'string', van diere, nl. Mart.5.22.7-8: *uixque datur longas mularum rumpere mandras / quae trahi multo marmora fune uides* (lang spanne muile sleep marmerblokke), en Juv.3.237-8: *stantis conuicia mandrae / eripient somnum* (die geskel as 'n trop diere wat snags deur die strate gedryf word, gaan staan het), waar 'n ou scholion die woord met die kommentaar '*mandrae: locus in quo porci includuntur*' probeer toelig,<sup>372</sup> maar die derde maal kom *mandra* wel in 'n verwysing na die *Latrunculi*-spel voor, nl. Mart.7.72.7-8: *sic uincas Nouiumque Publumque / mandris et uitreo latrone clusos*. In die Christelike literatuur kom ons *mandra* egter weer in die betekenis 'kraal' teë, en in moderne Italiaans is dit 'n 'kudde' of 'trop' vee.

Bolisani noem die idee van J.Chenu dat *mandra* dalk die 'militêre trein' (d.w.s. transportwaens ens.) van 'n leér verteenwoordig wat soos in 'n walaer as bolwerk gebruik kon word.<sup>373</sup> L.Traube<sup>374</sup> meen dat *mandra* die naam van die 'Festung' is waarin elke speler se soldaatjies aan die begin van 'n spel gestasioneer is, waaruit hulle hul aanvalle loods en waarin hulle hul opponente probeer vaskeer. Martin, wat glo dat Isidorus Orig.18.67 se indeling van steentjies in *calculi ordinarii* en *calculi uagi* op ons spel van toepassing is (cf. n.342 op p.149 supra), beskou *mandra* as die woord vir 'rows of inferior pawns' (d.w.s. Isidorus se *ordinarii*); sy lei ook uit Martialis 7.72.8 se formulering *mandris et uitreo latrone clusos* af dat *mandrae* en *latrones* twee verskillende klasse van steentjies moet wees.<sup>375</sup> Verdière en Seel, wat haar opvatting deel, vertaal *mandra* as 'le barrage de pions' en 'die Kette der einfachen Soldaten' respektiewelik. Daarteenoor is dit vir Austin,<sup>376</sup> die Duffs en Amat eenvoudig 'die slaglinie' of 'falanks'. Richmond vertaal *mandra* as 'formation'; Martialis se *mandris et uitreo latrone* vertolk hy as 'n hendiadis, d.w.s. as 'formations of glass soldiers'.<sup>377</sup> Dit is duidelik dat niemand weet wat *mandra* hier eintlik beteken nie.

<sup>372</sup>Cf. *L&S* s.v. *mandra* II.A.

<sup>373</sup>Bolisani, op.cit.115. Bolisani vertaal *ecfracta mandra* inderdaad met 'travolti i carri'.

<sup>374</sup>"Zur lateinischen Anthologie", *Philologus* 54 (1895) 132.

<sup>375</sup>Cf. Martin se uitvoerige bespreking op pp.120-124.

<sup>376</sup>Art.cit.30.

<sup>377</sup>Richmond, art.cit.174.

*ecfracta ... mandra* kan as 'n ablativus absolutus verstaan word, maar m.i. miskien ook, of tegelyk, as die plek waar of waaruit hy na vore bars. Miskien wil die digter aandui dat die onderhawige steentjie voornemens is om ewe heldhaftig uit 'n bres in sy eie mandra na vore te bars en op die vyandelike *agmina* af te storm, en om daarna 'n bres in die teenstander se *mandra* te slaan (in reël 204 nou *uallum* genoem) en sy *clausa moenia* te plunder, m.a.w. vyande daar binne te elimineer...? (Die hoofsin sê mos: *ad maiora mouetur!*) Vir so 'n ablatief met *prorumpere* cf. e.g. Val.Flac.7.102: *praeceps prorumpit ab aula*; Cels.4.11.1: *ex ore prorumpit sanguis*; Tac.*Ann.*15.40: *omnibus portis prorumpunt*.<sup>378</sup>

203. *agmina*: Normaalweg 'troepe op mars', 'marskolonnes', maar digters gebruik die meervoudsvorm soms in die sin van 'digte geledere' of somaar 'leér', hier miskien 'die vegtende linies'; cf. Verg.*Aen.*12.329-530: *agmina curru / proterit*; Ov.*Met.*5.150-1: *coniurata undique pugnant / agmina*.

204. *clausaque deiecto populetur moenia uallo*: Lamer, Martin en Seel meen dat ons hierdie reël nie as bewys moet sien dat die *Latrunculi*-spel 'n beleerings- of veroweringselement bevat nie, maar dat ons hier slegs met digterlike oordrywing en oordramatisering te doen het.<sup>379</sup> Daarenteen vertaal die Duffs *clausa moenia* as 'the closed city' en verduidelik in 'n voetnoot: 'The πόλις of a similar Greek game.' Verdière en Amat vertaal dit albei as 'les remparts fermés', en Amat merk aan dat die doelwit van die spel blykbaar die verwoesting van 'la cité adverse' is en dat dié figuurlike uitdrukking ('figure') ook in die ooreenkomsstige Griekse spel voorkom. Richmond reken inderdaad dat die Griekse πόλεις-spel dieselfde, of byna dieselfde, spel as die Romeinse *Latrunculi* is.<sup>380</sup>

<sup>378</sup> Die seldsame spellingvorm *ecfracta*, soos dit in die Duffs, Verdière en Amat se teks staan, is Baehrens se emendasie van die oorgelewerde *et fracta*; Martin en Seel druk 'n *doctus quidam* se emendasie *effracta*. Kon die oorspronklike lesing dalk *e* (of *ex*) *fracta* gewees het?

<sup>379</sup> H.Lamer in *RE* 13.1979.10 sqq.; Martin, op.cit.122; Seel, op.cit.107.

<sup>380</sup> Art.cit.179. H.J.R.Murray, *A History of Board Games other than Check*, New York 1978, 34 beweer egter: 'So far as the evidence goes, *latrunculi* is *petteia*.'

*Vir moenia* in die betekenis van ‘stad’ (sinekdogee), cf. e.g. Verg.*Aen.*6.549: *moenia lata uidet triplici circumdata muro*; Flor.1.4.2: *moenia circumdare muro*; Luc.1.248: *O male uicinis haec moenia condita Gallis*.

*Clausaque*<sup>381</sup> kan m.i. so verstaan word dat dit die ‘stad’ se toestand beskryf soos dit vóór *deiecto uallo* is; alternatiewelik kan *clausa moenia* egter miskien ook as ’n digterlike omskrywing van *oppidum* (πόλις), ’n verskanste stad, gesien word.

205. *Interea*: Die woord verwys na my gevoel nie na al die bedrywighede wat sedert reël 197 genoem is nie, maar spesifiek na die kordaatstuk van steentjie *hic* (202) wat so pas in reëls 203-4 beskryf is.

205-206. *sectis ... militibus*: Die woord *sectis* is hier sekerlik ongewoon.<sup>382</sup> Verdière en Amat vertolk *sectis militibus* as ‘soldate wat van hul makkers afgesny is’; Austin skryf ‘now the hostile ranks are split’; die Duffs se vertaling, ‘among the men in their divided ranks’, is moeilik verstaanbaar, terwyl Seel se ‘Während aber die feindlichen Soldaten versprengt (i.e. ‘verstrooi’) sind’ en Richmond se ‘with cut-up soldiers’ sekerlik inkorrekk is. Maar in sy kommentaar (anders as in sy vertaling) tref Seel waarskynlik wel die korrekte betekenis, nl. dat *sectis militibus* die ry soldaatjies aandui waarin so pas ’n bres geslaan is (sc. *deiecto uallo*), en dat die daaropvolgende *plena phalange* daarmee kontrasteer.<sup>383</sup> Cf. Verg.*Aen.*10.440: *uolucri curru medium secat agmen*.

*sectis ... militibus* is waarskynlik ’n ablativus absolutus (‘nadat daar ’n bres in die geledere geslaan is’), hoewel dit weens die tussenin-geplaasde bysin *quamuis acerrima surgant*

<sup>381</sup>Maehly se emendasie *quassaque* en Baehrens se *densaque* is deur latere uitgewers nie aanvaar nie.

<sup>382</sup>Die voorgestelde emendasies *saeptis* en *lectis* (deur Senftleb en Maehly resp.) is egter tereg deur latere uitgewers nie aanvaar nie. N.Horsfall, art.cit.268, se nuwe voorstel *elicitis* is nog minder waarskynlik, o.a. omdat ons digter elisies heel duidelik vermy: daar is maar vier in die hele gedig (cf.n. by reël 168 supra).

<sup>383</sup>OLD s.v. 5a, verstaan ons passasie ook so: ‘in a board-game, i.e. when the enemy line is broken through’.

*proelia* ook na 'n dativus incommodi by *surgent* kan klink, m.a.w. asof die *acerrima proelia* juis 'teen' hierdie spesifieke troepe, waar die bres gemaak is, gemik is.

206. *phalange*: Die woord suggereer veral sedert die Macedonies-Hellenistiese era 'n besonder hegte, geslotte formasie en formidabele slaankrag. Romeinse skrywers gebruik die woord eintlik slegs i.v.m. Griekse troepe, maar Caesar soms ook i.v.m. formasies van Galliërs en Germane<sup>384</sup> en Vergilius vir Trojaanse slaglinies. Sou die woord se gebruik in ons konteks moontlik kon aandui dat ons digter hierdie spel as oorspronklik Grieks beskou?

207. *aut etiam*: Dit is duidelik dat dit hier nie 'of selfs' nie,<sup>385</sup> maar eerder 'of soms' of 'of dan ook' beteken, en dat dit te kenne gee dat die tweede alternatief die minder gewone/waarskynlike/belangrike is. Cf. Cic.*Fam.*1.19.36: *quod de illo acceperant aut etiam suspicabantur*; Cels.4.18: *uno aut etiam altero die interponere aquam*; Cic.*Or.*3.12: *si modo (orator) sim aut etiam quicumque sim*. 'n Ander moontlikheid is seker om *etiam* in die betekenis van *adhuc* met die daarop volgende *pauco* te verbind en die twee woorde as 'nog maar enkele ...' te verstaan; cf. Liv.8.16.6: *ab superioris etiam certaminis memoria pauidos*; Ov.*Met.*2.471: *scilicet hoc etiam restabat*; Col.5.10.2: *ne etiam imbecilla (arbor) a ualentiore prematur*.

207. *uincis*: Nadat so pas een van Piso se steentjies tot die vyandelike '*moenia*' deurgedring en dit 'geplunder' het, en daar ondertussen by die bres woeste gevegte uitgebreek het, verklaar die digter Piso nou tot wenner – en dit nogal *plena phalange aut etiam pauco spoliata milite*. Dit lyk dus asof so 'n penetrasie en 'plundering' (wat ook al hieronder verstaan word) van die opponent se '*moenia*' (wat dit ook al presies is) 'n speler onmiddellik tot wenner maak en die einde van die spel beteken. Miskien was dit maar een van verskillende maniere waarop 'n oorwinning behaal kon word, want navorsers meen meestal dat 'n spel geëindig het wanneer

<sup>384</sup>E.g. Caes.*B.G.*1.24; 1.25; 1.52.

<sup>385</sup>Baehrens wou *etiam* tot *tantum* emendeer.

een van die spelers sy opponent óf uitgeroei óf totaal vasgetrek het. Die wenner in hierdie spel is blykbaar nes 'n egte seëvierende generaal *imperator* genoem: cf. Flav. Vop. (*H.A.*), *Firmus, Saturninus, Proculus et Bonosus*, 13.2: *nam cum in quodam conuiuio ad latrunculos luderetur atque ipse (Proculus) decies imperator exisset ...*

208. *et tibi captiua resonat manus utraque turba:* 'n Digterlike omskrywing vir 'en in albei jou hande tinkel (nl. omdat hulle van glas is<sup>386</sup>) 'n skare krygsgevangenes' of, vryer, 'en jy het twee handvol tinkelende gevangenes': 'n geval van sogenaamde 'agens-omruiling', want die digter laat die hande tinkel pleks van die glassteentjies in die hande.<sup>387</sup> So eindig die digter sy lof van Piso as *Latrunculi*-speler met die suggestie dat hy gereeld en gemaklik wen: met minimale verliese aan eie kant, maar grotes aan vyandskant – onnodig om te sê: 'soos dit die nasaat van groot veldhere betaam.'<sup>388</sup>

Vir die gebruik van *resonat*, cf. *cuncta domus uaria cultorum personat arte* in reël 133 supra; vir die possessiewe/simpatiese datief *tibi*, cf. *Unde ... mihi surgat carminis ordo* in reël 1.

**209-210.** Die digter sluit sy lofprysing van Piso nou meteen kortliks af met die vleiende verskoning dat die songod sy reis deur die hemel sou voltooi (emfaties: DSSSDS) alvorens hy al Piso se vele voortreflikhede sou kon behandel.<sup>389</sup>

<sup>386</sup>Cf. reël 193: *uitreo milite.*

<sup>387</sup>Cf. Maurach, op.cit., par.64: 'Agens-Vertauschung'.

<sup>388</sup>Hoe moeilik was die *Latrunculi*-spel? Volgens die Ouer Plinius, *N.H.* 8.80 par.215, was daar glo al ape gewees wat dit kon speel: *Mucianus (tradit simias) et latrunculis lusisse.(!)*

<sup>389</sup>Verdière se kommentaar op hierdie sin, nl. dat 'soveel kruipery 'n mens verbaas en walg', is m.i. 'n bietjie onredelik, veral nadat hy klaarblyklik geen aanstoot geneem het aan die veel erger oordrywing in reëls 19 sqq. nie, waar die digter kamtig meer as 'n jaar sou nodig gehad om die dade van Piso se voorvaders te rapporteer.

209. *Titan*: Veral Romeinse digters verwys graag na die songod Helios as *Titan*,<sup>390</sup> so genoem omdat hy volgens die Griekse mitologie die seun van Hyperion en Theia was, twee van die twaalf ‘Titane’, soos die kinders van die oergode Uranos en Gaia bekend gestaan het. Cf. Verg.*Aen.*4.119: (*ubi*) *Titan radius ... retexerit orbem*; Ov.*Met.*2.118: *nullus adhuc mundo praebebat lumina Titan*; Val.*Flac.*2.57-58: *Titan / integer in fluctus ... decidit*.

209. *emenso ... Olympo*: Dit is weer eens veral die Romeinse digters wat *Olympus* – die naam van die hoogste berg in Griekeland en woonplek van die ‘Olimpiese’ gode – ook as gelykbetekenend met *caelum* in die sin van ‘hemel’ of ‘uitspansel’ gebruik; cf. Verg.*Aen.*6.86: *et inuito processit Vesper Olympo*; Ov.*Fast.*3.415: *Sextus ubi oceano cliuosum scandit Olympum / Phoebus*; verder (en tegelyk vir die passiewe betekenis van *emensus*, soos in die onderhawige versreël) Verg.*Geor.*1.450: (*sol*) *emenso cum iam decedit Olympo*; Manil.1.711: *Hesperos emenso dederat ... lumen Olympo*.

209. *uersetur*: Martin wil dit in ’n refleksieve betekenis as ‘hy sou homself draai’ verstaan en die bywoord *retro* daarby veronderstel, dus as ‘hy sou omkeer’. Hoewel ek geen enkele parallel vir hierdie gebruik van *uersari* as sinoniem van *reuerti* kan vind nie, lyk hierdie interpretasie vir my tog die waarskynlikste. Ook Seel en Amat volg Martin se vertolking, maar die Duffs se weergawe, ‘would complete his circuit’, en Verdière se ‘reviendra a son point de départ’ is onnodig vry. Daar is geglo dat die son snags onder die aarde terugkeer na sy plek van opkoms in die ooste: cf. e.g. Lucr.5.658: *idem sol, sub terra ... reuertens*. Indien emendasie nodig was, sou ek Baehrens se voorgestelde lesing *mersetur* baie aantreklik vind.<sup>391</sup>

210. *tot laudes decurrere*: sc. *quot sunt tuae*. Vir *decurrere* cf. si *cuncta uelim breuiter decurrere* in reël 18 supra.

<sup>390</sup>Kl.P. 5.867.1 sqq.; 2.1001.2 sqq.

<sup>391</sup>Cf. Col.10.295: *uel dum Phoebus equos in gurgite mersat Hibero*; en veral Mart.Cap.8 par.844: *nam Cancri signum recte oritur declinatumque mersatur*.

**211-215.** Die digter bied sy lofgedig nou ook baie formeel vir Piso aan: hy spreek hom opnuut in eervolle terme aan, nl. as 'n gelukkige jong man wat 'n lang lewe verdien en 'n uitnemende sieraad van sy *gens* is, en versoek hom om hierdie gedig as 'n bewys van sy ware liefde te aanvaar, ja om dit te 'omhels' (211-213)! En vir die geval dat sy gedig dalk onvoldoende reg aan Piso se roem sou laat geskied, vra hy hom om tog die wil vir die daad te neem: dit is immers sy *animus* waarop hy hom wil beroem, en nie sy gedig nie (214-215).

212-213. *accipe nostri / certus et hoc ueri complectere pignus amoris:* Die woordorde is hier baie ongemaklik. Martin en Bolisani, wat *certus* as 'with confidence' en 'senza esitare' respektiewelik vertaal, verbind *nostri* met *amoris*, en Seel vertaal dit dan ook so: 'empfang' getrost (d.w.s. 'gerus') das Unterpfand meiner wahrhaftigen Liebe'.<sup>392</sup> Daarenteen vertolk die Duffs, Verdière en Amat *nostri certus* m.i. korrek as 'verseker van my trou/aanhanklikheid',<sup>393</sup> soos trouens ook Seel – strydig met sy vertaling – dit wel in sy kommentaar verduidelik: 'im Vertrauen (auf mich) auf meine Zuneigung'. 'n Goeie parallel bied Stat.*Theb.* 10.669-670: *gaudet Cadmeia plebes / certa tui.*

212-213. *accipe ... et ... complectere:* Die tweede werkwoord voeg nog die suggestie van hartlikheid of liefde by, soos gepas by 'n *pignus amoris*.

214. *digna tua minus ... laude:* Dit beteken natuurlik nie 'jou lofprysing ... onwaardig' in die sin van 'nie werd om deur jou geprys te word' nie, maar wel 'passend by jou roem'. *digna ... minus*, lett. 'minder / te min waardig', beteken 'nie waardig genoeg nie' of 'nie heeltemal waardig nie'; eintlik staan *minus* hier eufemisties vir *non*.<sup>394</sup>

<sup>392</sup>Ook *ThLL* 3.920.70 verbind *nostri* hier met *ueri ... amoris*.

<sup>393</sup>'assured of my loyalty', 'tu peux avoir confidence en moi' en 'assuré de mon dévouement' respektiewelik.

<sup>394</sup>Cf. Menge, op.cit., par.470: 'ein abgeschwächtes *non*'.

215. *at uoluisse sat est:* Vir hierdie blykbaar spreekwoordelike<sup>395</sup> verskonende en/of selfvertroostende gedagte, cf. Prop.2.10.6: *in magnis et uoluisse sat est;* Ov.Pont.3.4.79: *ut desint uires, tamen est laudanda uoluntas;* Calp.Ecl.4.14-15: *nunc mea rusticitas, si non ualet arte polita / carminis, at certe ualeat pietate probari;* App.Flor.20: *Omnibus bonis in rebus conatus in laude, effectus in casu est.*

Ook hier is daar weer 'n opvallende ooreenkoms<sup>396</sup> tussen ons reëls 214-215a en 'n soortgelyke gedagte in *Pan.Mess.3-7*: *at meritas si carmina laudes / deficiant ... est nobis uoluisse satis.*

215. *animum, non carmina iacto:* Vir *animum iactare*, cf. Quint.*Inst.3.1.3*: *iactandi ingenii gratia.* Seel vergelyk Ov.*Met.11.153*: *Pan ibi dum teneris iactat sua carmina nymphis.*

**216-224.** In direkte aansluiting by die pas genoemde punt dat sy lofgedig moontlik nie goed genoeg is nie (214), vra die digter nou net om Piso se toegeneë bystand, want dán, meen hy, sal hy in die toekoms wellyk *maiora* kan dig (216). Met stelligheid verklaar hy dat Piso se blote toegeneentheid alreeds sy kragte sal versterk, en dat die blote hoop hom al 'n *feracem ... animum*, 'n 'produktiewe gees', sal gee (217-218a). En nadat hy aldus sy verdere vordering as digter feitlik van Piso se bystand afhanklik gemaak het, val hy ook reeds as' t ware met die deur in die huis en vra Piso om hom toegang tot sy woning te gee, m.a.w. hom onder sy *cultores*, sy vriendekring, op te neem (218b). Hierdie versoek kom vir 'n eerste leser of hoorder van die lofdig natuurlik as 'n algehele verrassing omdat die digter se hele beskrywing van Piso se karakter en lewenswyse, van sy optrede voor die hof en senaat, en veral van die hartlike atmosfeer tussen hom en sy vriende tuis (109-136) en van sy private tydverdryf en vermaak, vir 'n mens presies soos die bewonderende verslag van 'n 'ooggetuie', 'n lid van die binnekring van Piso se *cultores*-vriende, geklink het .... Die jong digter beklemtoon egter ook

<sup>395</sup>Cf. Otto, op.cit.362.2.

<sup>396</sup>Cf. hieroor p.62-63 supra.

onmiddellik heel beskeie dat dít al is waarvoor hy vra (219a): want dit is nie sug na materiële rykdom wat hom dryf nie, sê hy, maar alleen die verlange na roem (119b-221a). Dan lig hy sy ambisies en ideale nog verder toe: wat hy graag wil doen, is om in Piso se geselskap te verkeer en om ‘vir ewig’ d.m.v. sy poësie ‘met Piso se voortreflike bekwaamhede te wedywer’ (221b-223a). Hy verklaar dat hy hoër sal uitstyg as Piso hom net die kans gee om bekend te word, as hy hom uit die ‘skadu’ sal neem (223b-224).

216. *Tu modo laetus ades:* Martin se kommentaar, ‘The poet adroitly invokes the favour of Piso as though he were a god’, is seker ’n bietjie oordrewe, maar die sinspeling op godsdiestige terminologie is wel onmiskenbaar;<sup>397</sup> cf. e.g. Ov.*Met.*10.673: *Nunc, inquit, ades, dea muneric auctor;* Verg.*Aen.*4.577: *adsis o placidusque iuues* (gerig tot ’n onbekende god); *Geor.*1.18: *adsis, o Tegeae, fauens* (gerig tot Pan); en vir ons besondere konteks, *Geor.*2.39 sqq.: *tuque ades incepturnque una decurre laborem, / o decus, o famae merito pars maxima nostrae, / Maecenas.*

*Laetus*, predikatief gebruik, beteken hier seker nie soseer ‘vrolik’ nie – hoewel ons onthou dat die digter voorheen Piso se kenmerkende gesigsuitdrukking as *laeta tetricitas* (103) beskryf het – maar die konteks suggereer eerder ‘welwillend/bereidwillig/graag’; cf. Sall. *Jug.*84.3: *senatus supplementum etiam laetus decreuerat;* Stat.*Theb.*2.396: *laetum descendere regno;* Juv.13.248: *fatebere laetus.* Die Duffs se vertaling ‘Do you but lend your joyful presence’, Verdière se ‘Je ne te demande que le bonheur de m’assister’ en Amat se ‘Pour toi, contente-toi de m’accorder avec joie ta présence’ is m.i. al drie onbevredigend, daarenteen kan Seel se interpretasie van *laetus* as ‘geluk-belowend’ (‘glückverheißend’) wel korrek wees.<sup>398</sup> Die sin beteken m.i. ‘Gee jy my tog net bereidwillig jou steun, (dan) ...’.

Met *ades* vra die digter natuurlik nie soseer om Piso se fisiese teenwoordigheid by hóm nie – ons sal netnou sien dat dit intendeel die digter is wat by Piso wil wees – maar om sy aandag, sy toegeneëntheid, sy ‘bystand’.

<sup>397</sup>Ook Seel praat van ‘deutliche Anklänge an die religiöse Sphäre’.

<sup>398</sup>Die woord word dikwels so as epiteton van *omen* gebruik.

Vir die gebruik van *tu modo* om nadruk aan een enkele, belangrike versoek te verleen, cf. Prop.2.15.49: *tu modo, dum lucet, fructum ne desere uitiae!* Verg. *Aen.*4.50: *tu modo posce deos ueniam;* Curt.9.6.24: *uos modo me ... praestate securum.*<sup>399</sup> Cf. ook Calp. *Ecl.*4.71: *tu tantum commodus audi.*

216. *forsan maiora canemus:* *Maiora* kan hier seker nie as ‘groter/grootser onderwerpe’ bedoel wees nie – dit sou in die konteks tog seker taktloos wees – maar moet, met terugverwysing na die vorige reël, as ‘groter/grootser *carmina*’ verstaan word; dit is ook die vertolking van Verdière en Amat, maar Seel skryf nogtans ‘Erhabeneres’ (d.w.s. ‘iets meer verhewe’). Heel moontlik het ons hier met ’n bedoelde verwysing na Verg. se bekende *Ecl.*4. te doen, wat begin met die woorde: *Sicelidae Musae, paulo maiora canamus.*

In die plek van *maiora* druk Martin en die Duffs egter miskien tereg *meliora*, die lesing van Sichard se *editio princeps*.

217. *Et uires dabit ipse fauor ...:* *Et* is hier, soos sy posisie toon, emfaties bedoel, d.w.s. in die sin van *Et quidem*, dus ‘En inderdaad’.<sup>400</sup>

217-218. *uires dabit ipse fauor, dabit ipsa feracem / spes animum:* Die digter beskou Piso se toegeneentheid of aandag as ’n toekomstige sterk bron van krag en inspirasie vir homself: die herhaling *dabit ipse ... dabit ipsa* verleen duidelik nadruk aan die spesifieke woorde. Martin vergelyk gepas Luc.1.66: *tu (sc.Nero) satis ad uiros Romana in carmina dandas;* vir die mv. *uires* in oordragtelike betekenis, vgl. ook Quint.1.2.23: *secundum uiros ingenii;* 5.1.2: *summis eloquentiae uiribus.*

Met *spes* dink die digter vermoedelik nie aan sy hoop op Piso se *fauor* nie, maar aan die nuwe hoop vir sy eie vooruitgang wat hy a.g.v. Piso se *fauor* sal kry. Vir *ferax animus*,

<sup>399</sup>Vir *modo*, sien Menge, op.cit., par.336 Anm.2.; par.495.

<sup>400</sup>Cf. L&S s.v. II.F. Martin, die Duffs, Bolisani en Seel plaas geen leesteken na *forsan maiora canemus* nie sodat 217-218a dus nog van *forsan* afhanklik is.

'n 'vrugbare gees', en *ferax* in hierdie oordragtelike sin, cf. Cic.*Off.*3.5: *nullus feracior in philosophia locus est ... quam de officiis*; Liv.9.16.9: *nulla aetas uirtutum feracior fuit*; Plin.*Ep.*4.15.8: *tam ferax saeculum bonis artibus*.

218. *dignare tuos aperire penates*: Lett. 'Ag dit gepas / verwerdig jou om jou huis (vir my oop te stel'. Nadat ons digter voorheen al met groot bewondering van die besonderse gees en atmosfeer in Piso se huis (103-132), van veelvuldige kultuuraktiwiteite wat daar beoefen word (133-134a) en van Piso self as digter en musikus gepraat het, is ons nie verbaas dat opname in dié kring sy ideaal is nie. Vir *dignari* met 'n infinitief as objek, cf. Verg.*Ecl.*6.1: *Prima Syracosio dignata est ludere uersu*; Ov.*Am.*3.1.37: *Imparibus tamen es numeris dignata moueri*; Fast.*4.*540: *iungere dignata est os puerile suo*.

Vir *penates* cf. die aantekening by *penatibus ipsis* in reël 83 supra; dit is gebruiklik om die woord met 'n klein beginletter te skryf wanneer dit metonimies vir 'woning/huis' gebruik word.<sup>401</sup>

219-220. *diuitis auri / imperiosa fames et habendi saeuia libido*: Die digter verwys hier na geldgierigheid in die besonder en hebsug in die algemeen, en die kragtige formulering moet duidelik sy afkeer daarvan beklemtoon. Hierdie emfase is vir hom nou veral dáárom belangrik omdat hy Piso mos voorheen as besonder vrygewig jeens arm *cultores* geprys het (109-111): hy wil dit baie duidelik stel dat sý motiewe nie materialisties van aard is nie, maar dat hy hoër ideale koester.

Die kombinasie *auri fames* is nie ongewoon nie – cf. e.g. die bekende Verg.*Aen.*3.56-57: *quid non mortalia pectora cogis, / auri sacra fames*; verder Sen.*Octav.*426, Plin.*N.H.*33.14.48 – maar die uitbreiding *diuitis auri imperiosa fames* maak dit besonder emfaties en laat die digter se afkeuring deurskemer. Vir die kombinasie met *libido* cf. Anth.*Lat.*119.3 (ed.Baehrens): *auri dira fames et non expleta libido*. Vir *diuitis auri* cf. Tib.1.9.31-32: *diuitis auri / pondere*; 10.7: *diuitis hoc uitium est auri*; en Lygd.*3.11*: *pondus ... diuitis auri*.

---

<sup>401</sup>Waarom al vyf tekste tot my beskikking die woord in reël 83 korrek met 'n klein letter spel, maar hier met 'n hoofletter, is vir my 'n raaisel.

221. *impulerint*: Dít is vermoedelik wel die vorm soos die digter dit geskryf het – want variante lesings op *-erit* en *-erant* is oorgelewer, en die Duffs het in hulle teks Wernsdorf se emendasie *impulērunt* opgeneem – en Martin se verklaring van die futurum exactum is na my gevoel korrek: ‘The imperative *dignare* (v.218) supplies a future condition to which *impulerint* forms the apodosis: *if thou dost deign to open thy home to me, no love of gain will have been my instigator, but the love of fame*’ ... The fut.perf. specifies a future result, since the truth of the poet’s assertion will become apparent only in case Piso heeds his entreaty.’ Sy vergelyk soortgelyke parataktiese konstruksies in Cic.*Tusc.*1.30: *tolle hanc opinionem, luctum sustuleris; Or.*232: *immuta paululum ... , perierit tota res.*

221. *laudis amor*: Vir hierdie beweegrede, cf. Ps.-Verg.*Ciris* 1: *me ... iactatum laudis amore;* Ov.*Trist.*5.12.37-8: *denique non paruas animo dat gloria uires / et fecunda facit pectora laudis amor.*

221-222. *iuuat, optime, tecum / degere ...*: Aangesien die digter hier na ’n nog denkbeeldige situasie verwys, kan ons die *iuuat* seker as ‘ek wil graag’ of ‘ek het lus’ vertaal; so skryf ook die Duffs ‘I fain ... would’, maar Verdière en Amat m.i. minder bevredigend ‘j’aime’, en Seel selfs ‘Mir ist’s genug’(!).

*Optime*, ‘voortreflike man’ of dalk ‘weledele heer’, druk opnuut die digter se groot bewondering uit; vir *optimus* as ‘a vague term of commendation’ (*OLD* s.v.8), cf. e.g. Hor.*Sat.*1.5.57: *huc uenturus erat Maecenas optimus*; Verg.*Aen.*11.294: *rex optime*; Sen.*Ep.*78.4: *nihil aeque, Lucili, uirorum optime, aegrum reficit*; App.*Met.*10.2: *lector optime*.

*Degere* veronderstel eintlik ’n objek soos *diem, uitam* ens. (wat hier seker uit die daaropvolgende *omne per aeuum* veronderstel kan word), maar die woord kom sedert die vroeë keisertyd wel soms absoluut in die sin van ‘vertoef’ of ‘leef’ voor; cf. Sen.*Ep.*74.15: (*Animalia*) *sine nequitia, sine fraudibus degunt*; Plin.*Ep.*5.6.46: *Mei quoque nusquam salubrius degunt*; Tac.*Ann.*4.57.1: (*Tiberius*) *certus procul urbe degere*. Waarskynlik bedoel die digter met *tecum degere* hier eenvoudig ‘my lewe in jou geselskap deurbring’ eerder as

spesifiek ‘by jou woon’, soos die Duffs dit verstaan en Verdière dit as ‘n moontlike betekenis noem.<sup>402</sup>

222-223: *cumque tuis uirtutibus omne per aeuum / carminibus certare meis:* lett. ‘en om deurentyd in my poësie met jou *uirtutes* te wedywer’, m.a.w. die digter wil probeer om gedigte te skryf wat net so goed (of beter) as Piso se *uirtutes* is; miskien het Martin gelyk as sy meen dat die digter heel spesifiek *lofgedigte op Piso* bedoel wat sy *uirtutes* werklik ten volle waardig sal wees (cf. reël 214 supra).

*Omne per aeuum* beteken gewoonlik ‘in alle ewigheid / vir altyd’, maar die digter gebruik dit hier in sy geesdrif hiperbolies i.p.v. ‘vir die res van my lewe’. Verdière, wat die frase letterlik as ‘pour toute l’éternité’ verstaan, meen die digter wil sê dat Piso se deugde so uitstaande is dat as hy hulle besing, nie alleen die eer op sowel Piso as die digter self sal reflekteer nie, maar dat latere geslagte ook vir ewig sal stry oor wie die beste is: die digter met sy gedigte, of sy held met sy *uirtutes*.<sup>403</sup> Selfs indien so ‘n vertolking moontlik was, glo ek nie dat ons digter so voorbarig kon gewees het om dié betekenis te bedoel nie.

Die digter versoek Piso hier dus om hom as een van sy *cultores* (cf. 109, 133) te aanvaar, dus om hom op te neem in die geledere van sy *amici* (131), van wie se *uaria arte* (133) sy huis gewoonlik weerklink: in hierdie stimulerende milieu wil hy as digter vooruitgaan én – soos ons netnou sal sien – probeer groter bekendheid verwerf.

223-224. *Sublimior ibo, si famae mihi pandis iter, si detrahis umbram:* Die kwaliteit van die ambisieuse jong man<sup>404</sup> se lofdig bewys dat hy oor talent, kennis en vaardigheid beskik; dit toon ook dat hy uit ‘n goeie ouerhuis kom wat dit kon bekostig om hom sy opleiding in goeie skole en sekerlik ook by ‘n *rhetor* te laat kry. Ons weet nie hoe oud hy is of waar en waarvan hy leef nie, maar geld is klaarblyklik (cf. reëls 119-121) tans nie sy probleem nie. Om as

<sup>402</sup>Die Duffs: ‘dwell with you’. Verdière, op.cit., n.152.

<sup>403</sup>Verdière, op.cit., n.153.

<sup>404</sup>Hy het sy jeugdigheid alreeds in reël 73 met die woorde *primos annos* aangedui.

digter naam te maak, om die *laus* te verwerf wat hy begeer (cf. reël 221), het hy nou in die eerste plek bekendstelling nodig, en dit kry 'n digter in die antieke wêreld tradisioneel deur hom aan 'n vooraanstaande, invloedryke persoon of herehuis te verbind.<sup>405</sup> In so 'n omgewing kry hy makliker en meer gereeld die geleentheid om sy werke aan groter en meer beskaafde gehore voor te dra, om sy gedigte in geskrewe vorm te laat sirkuleer, en natuurlik ook om heelwat meer mense met dieselfde belangstellings te leer ken. Vandag is dit die boekuitgewers en -handelaars wat skrywers en hulle werke bekendstel en 'bemark' om vir almal 'n inkomste daaruit te genereer, maar in die antieke tyd het die digters self uit die publikasie en verkoop van hulle werk vermoedelik geen of weinig inkomste verkry.<sup>406</sup>

Om nou terug te kom tot die punt van reëls 119-123: die meeste Romeinse digters was inderdaad lede van die *equites*-stand, enkeles selfs van die senatorestand,<sup>407</sup> en dus vermoedelik finansieel betreklik onafhanklik, hoewel minstens een (nl. Horatius, die seun van 'n *libertus*) sy status vermoedelik huis aan 'n edele skenker te danke gehad het. Nogtans was die meeste van hulle in meerdere of mindere mate verbind aan invloedryke, welgestelde persone – soos Messalla, Maecenas, Seneca, Piso – en het hulle afgesien van die hierbo genoemde voordele soos groter bekendstelling, kontak met geesgenote en kollegas, natuurlik ook soms finansiële voordele soos uitnodigings na etes, geskenke, donasies van geld of selfs grond, gratis verblyf en dies meer van hulle ontvang.<sup>408</sup>

223. *Sublimior ibo:* Lett. 'Ek sal op 'n hoër vlak stap' beteken natuurlik 'ek sal meer sigbaar wees / groter aansien geniet' – en *laudis amor* (221) is mos huis die digter se dryfveer.

---

<sup>405</sup>Cf. e.g. *OCD* s.v. 'books, Greek and Roman', laaste par.

<sup>406</sup>Cf. White, art.cit.85 sq.; *OCD* s.v. 'patronage, literary'.

<sup>407</sup>*Equites:* Lucilius, Gallus, Horatius, Tibullus, Ovidius, Propertius, Persius, Statius, Martialis, moontlik ook Catullus, Vergilius en Juvenalis; *senatore:* Lucanus, Silius Italicus en Valerius Flaccus. Cf. White, art.cit.88.

<sup>408</sup>Oor die belangrikste voordele, sien White, art.cit.90 sqq.; P.M.W.Tenant, 'Poets and Poverty. The Case of Martial', *AClass* 43 (2000) 139-156, toon egter dat White se siening van die lewenstandaard wat 'n 'ekwestriese census' kan bied asook van die vrygewigheid van die digters se 'beskermhere' waarskynlik te optimisties is.

Vir die metafoor, cf. e.g. Hor.*Carm.*1.1.36: *sublimi feriam sidera uertice*; Verg.*Ecl.*9.29: (*tuum nomen*) *cantantes sublime ferent ad sidera cycni*; Ov.*Tr.*4.10.121: *tu (sc. Musa) mihi, ... uiuo sublime dedisti nomen*. Die Duffs skryf ‘more lofty will be my way’, Verdière ‘J’irai plus haut *encore*’, Seel ‘Erhabener werde ich schreiten’, maar ’n té letterlike weergawe bring nie die ware betekenis na vore nie.

Vir hierdie gebruik van *ire* in die afgewaterde betekenis van ‘wees’ of ‘staan’, cf. e.g. Man.5.470: *siquis studio scribendi mitior ibit*; Val.*Flac.*4.200-201: *gigans, quem nec sua turba tuendo / it taciti secura metus*.

224. *si famae mihi pandis iter*: Vir die genitief *famae*, cf. Cic.*Sest.*65.137: *haec est una uia laudis*; Phil.1.14.33: *uerum iter gloriae*; Verg.*Aen.*2.387-8: *salutis / monstrat iter*.

Vir *iter pandere* in ’n oordragtelike sin, cf. Liv.4.15.5: *nullam nobilitatem ... cuiquam ad dominationem pandere uiam*; Val.*Max.*1.6.3: *exoptatae uictoriae iter miro prodigo di immortales iter patefecerunt*.

224. *si detrahis umbram*: Seker nie die ‘skadu’ van iemand wat groter is as hyselv nie (soos e.g. in Sen.*Ben.*3.32.5: *quamuis illum umbra adoptiui patris abscondit*), maar in ’n algemene sin die digter se huidige onbekendheid, sy *obscuritas*. Die digter gebruik die metafoor van skadu en donkerte ook later weer om sy huidige situasie te beskryf: *latentem* (253), *caligine celat* (255), *impositis ... tenebris* (256); cf. ook verder *abdita ... uena metalli* (225), *latuisse in umbra* (233).

**225-245.** Die digter illustreer en beklemtoon vervolgens sy laasgenoemde punt – nl. dat hy hulp en blootstelling nodig het om bekend te kan word (223b-224) – met drie mooi voorbeeld, en wel met toenemende uitvoerigheid en oorredingskrag. Die eerste twee denkbeeldige voorbeeld is kragtig in retoriiese vrae geklee, met van die belangrike woorde (*Abdita quid ... 225; Quid inertis ... 226*) in beklemtoonde posisies: Watter nut het ’n ryk metaalaar in die grond as niemand dit ontgin nie? (225-226a) En wat kan ’n skip uitrig wat in ’n stil

hawe lê, ten volle toegerus en gereed om onder seil te gaan, as dit geen kaptein het nie? (226b-229) Miskien sinspeel die digter met die eerste voorbeeld op onbenutte talent, met die tweede op onbenutte bekwaamheid. Maar die derde voorbeeld wat nou volg, handel oor 'n konkrete, historiese geval en is totaal 'in die kol', want dit gaan om een van die bekendste gevalle van bevordering van literêre talent: ons digter verklaar naamlik dat selfs die beroemde digter van die *Aeneis* miskien 'onder die skadu van daardie woud verborge sou gebly het waarvan hy sing' – hy bedoel natuurlik Vergilius en sy *Eclogae* – m.a.w. dat hy dalk maar net 'n bukoliese digter sonder internasionale roem sou gebly het as hy nie vir Maecenas gehad het nie ('n emfatiese vyf-woorde-reël) (230-235); en Maecenas het sy deure dan ook nie net vir die digter Vergilius oopgemaak nie, maar ook die tragedieskrywer Varius beroemd gemaak sowel as ander 'hoog-luidende' digters in die kalklig gebring en hulle selfs aan die Griekssprekende nasies bekend gestel; ook Romeinse liriese digters, en by name Horatius, het hy bekendgemaak (236-242); vier van die pas genoemde sewe reëls was weer deftige vyf-woorde-reëls. Die digter prys vervolgens die grote Maecenas as ''n sieraad' (*decus*), en as 'n man wat ewige roem verdien het as beskermer van die 'Piëriese koor' – d.w.s. van die Muse-geïnspireerde digters – asook omdat weens sy beskerming geen digter ooit hoef bang te gewees het vir 'n armoedige oudag nie (243-245): hierdie laaste bewonderende opmerking mag vir ons miskien weer 'n bietjie vreemd klink nadat die digter immers kort gelede nog (219 sqq.) materiële motiewe van sy eie kant blykbaar ten sterkste ontken het, maar die skryf van boeke alléén kan vir 'n outeur in hierdie tyd nou eenmaal geen sorgeloze oudag *waarborg* nie!

225. *generosi uena metalli*: Cf. Verg.*Aen.*10.174: (*Ilua insula*) *generosa metallis*; Mart.14.95.1: *quamuis Callaico rubeam generosa metallo*.

226. *cultore*: d.w.s. 'n 'bewerker', 'ontginner', elders gewoonlik 'n *metallicus* of *fossor* genoem; in hierdie betekenis is die woord hier 'n hapax legomenon.<sup>409</sup> Dat ook *colere* in die sin van 'ontgin' gebruik kon word, is af te lei uit Liv.39.24.2: *metalla uetera ... intermissa recoluit*. In 109 en 133 supra het die digter *cultor* in die sin van 'vereerder' gebruik.

---

<sup>409</sup>Cf. ThLL 4.1318.75.

226. *inerti condita portu*: Martin meen *inerti* verwys na die betreklik stil water in die hawe, maar vermoedelik wil die digter eerder die algehele afwesigheid van aktiwiteit in die hawe aandui, m.a.w. ‘n stil/rustige hawe’; Verdière vertaal dit mooi as ‘un port endormi’. Martin merk egter tereg op dat die adjektief hier natuurlik ook reeds implisiet die onaktiwiteit van die skip suggereer. Amat se vertaling ‘qui croupit [d.w.s. ‘verrot’] enfermé dans le port’ is sekerlik nie wat die digter wil sê nie.

227. *ductoris*: Vermoedelik word die bevelvoerder, m.a.w. die skeepskaptein, bedoel eerder as die stuurman (lg. vertolking slegs by Seel); cf. Verg.*Aen.*5.132-133: *in pupibus auro / ductores longe effulgent ostroque decori*; die alledaagse woord hiervoor sou (*nauis*) *magister* / (*nauis*) *praefectus* / *nauarchus* wees.

228. *armamenta*: Die takelwerk of tuigasie van ’n skip, dus seile, kabels, toue en dies meer.

228-229. *teretique fluentia malo / possit et excusso demittere uela rudenti*: Die woord *et* is hier lastig, en die meeste vertalers ignoreer dit eenvoudig;<sup>410</sup> Baehrens se emendasie *ab*, wat slegs deur die Duffs in hulle teks opgeneem is, maak die saak m.i. ook nie beter nie, want hulle vertaling lui: ‘and could loosen its flapping sails on the shapen mast from the slackened rope’(!). Ek dink egter dat *et* in ons konteks wel as ‘ook’ of ‘selfs’ verstaan kan word.

Vir *fluentia* ‘fladderend’ cf. Prop.2.3.13: *comae per leuia colla fluentes*; Ov.*A.A.*3.301: *tunicisque fluentibus*; saam met *uela* is miskien die intensief-frekwentatiewe vorm *flu(i)tare* meer gebruiklik: cf. Lucr.4.77 sqq.: *uela* (sc. *in theatris*) *per malos trubesque trementia flutant*; Ov.*Met.*11.470: *uela tamen spectat summo fluitantia malo*. In ons versreël is *fluentia* m.i. prolepties gebruik, want streng gesproke fladder die seile immers eers nadat die proses van *demittere* begin het;<sup>411</sup> dus: ‘en (hoewel) dit ook, deur (net) die tou(e) los te

<sup>410</sup>nl. Verdière, Seel en Amat.

<sup>411</sup>Oor die stylfiguur *prolepsis*, sien e.g. Menge, op.cit., par.198; cf. e.g. Verg.*Aen.*1.69: *summersaque obrue puppes*; 1.259-260: *sublimemque feres ad sidera caeli ... Aenean*.

skud, sy seile kan laat sak sodat hulle langs die geronde mas fladder'. – By gebrek aan parallelle twyfel ek of *fluentia* ook die afwaartse beweging van die seile, pas nadat die toue 'losgeskud' is, kan aandui.

Martin meen dat *malus* hier vry i.p.v. *antennae* gebruik is en dat die twee ablatiewe se funksie identies is, maar haar vertaling 'and can let down from the rounded mast and untied ropes the flowing sails' kan nouliks korrek wees; Seel se weergawe 'und durchaus in der Lage wäre, am wohlgerundeten Mast die Segel herabzulassen, wenn man das Tau nur löste' laat ongelukkig *fluentia* sowel as *et* eenvoudig buite rekening! Verdière vertolk *fluentia* aanvaarbaar as 'ontplooid' ('déployées'), Amat gee dit m.i. minder bevredigend weer as 'deur hulle te ontplooи' ('en les déployant').

229. *excusso demittere uela rudenti*: Wanneer 'n skip voor anker lê, is die seil opgehaal tot teen die groot-ra, en om die seil te 'span', laat die matrose dit sak deur die toue (*rudentes*) waarmee dit opgehaal en bo gehou was, los te maak en te laat skiet; moontlik moet dié toue inderdaad effens 'geskud' word om die neersak en ontplooiing van die seile aan die gang te sit; vir die bewoording hier, cf. Verg.*Aen.*3.682-683: *rudentis / excutere et uentis intendere uela secundis*; Germ.*Arat.*155: *dem potius uentis excusso uela rudenti*.<sup>412</sup>

230. *per Ausonias ... gentes*: Die *Ausōnes* was volgens oorlewering vroeëre inwoners van Sentraal- en Suid-Italië,<sup>413</sup> en die adjektief *Ausonius* word deur digters graag as sinoniem van *Italicus*, *Latinus*, en selfs *Romanus* gebruik; Vergilius self praat reeds van *Ausonia terra* in die sin van 'Italiiese bodem'.<sup>414</sup> Met *per Ausonias gentes* wil die digter natuurlik sê 'in alle streke/uithoeke van Italië', 'oral in Italië', want van werklike Italiiese 'stamme' of 'volke' kan 'n mens in die Keisertyd seker beswaarlik nog praat.

<sup>412</sup>Vir goeie afbeeldings van die takelwerk van antieke skepe, sien e.g. L.Casson, *Ships and Seamanship in the Ancient World*, Princeton 1971, afbs.79, 82, 89-91, 97.

<sup>413</sup>Servius *ad Aen.*7.727 sê oor die *Aurunci*: *isti Graece Ausones nominantur*; waarskynlik is die name *Ausones* en *Aurunci* ook inderdaad etimologies verwant (cf. *L&S* s.v. *Ausones*; *Kl.P.*1.772.57 sqq.).

<sup>414</sup>*Aen.*4.349.

231. *qui sonat*: ‘wat laat weerklink’; die praesens suggereer moontlik dat die *Aeneis* ook in óns digter se tyd nog voorgedra word en steeds beroemd is.

231. *ingenti qui nomine pulsat Olympum*: Vir die beeld waarmee iemand of iets groots hiperbolies as ‘rakende aan die sterre/wolke/hemel’ bestempel word, cf. Verg.*Aen.*3.619-620: *ipse (sc. Polyphemus) arduus, altaque pulsat / sidera*; Val.*Flacc.*4.149: (*Amicus*) *uasto qui uertice nubila pulsat*; Stat.*Silv.*4.1.6-7: *et septemgeminio iactantior aethera pulset / Roma iugo*; Sil.9.450: *ac pulsat fulua consurgens aethera crista*; 12.72: *caelum pulsantes ... scopulos*; vgl. ook die aant. by *Sublimior ibo* (223) supra. Die Duffs se vertaling van *pulsat* as ‘treads’ en die ander drie vertalers se vertolking daarvan as ‘skud’ is m.i. onnatuurlik.

232. *Maeoniumque senem Romano prouocat ore*: Maeonia, oorspronklik ’n streek in die Noordooste van Lydië, is later as naam vir die hele Lydië gebruik, en omdat Homerus volgens tradisie te Colophon of Smyrna in Lydië gebore is, noem digters hom dikwels ’n Maeoniër, nl. *Maeonides* of *Maeonius senex/uates*; cf. e.g. Ov.*A.A.*1.3-4: *mea carmina ... / praelata ... Maeonio ... seni*; Stat.*Silv.*2.1.117-118: *Maeonium siue ille senem Troiaeque labores / diceret*. Vergilius word dikwels die Romeinse eweknie van Homerus genoem, cf. e.g. Quint.*Inst.* 10.1.85: *ut apud illos Homerus, sic apud nos Vergilius*.

Vir *prouocare* in hierdie betekenis cf. Plin.*N.H.*35.10.36.94: *ea pictura naturam ipsam prouocauit*; Quint.*Inst.*10.1.93: *elegia Graecos prouocamus*. Vir *Romano prouocat ore*, cf. *Romano profluit ore*, reël 89 supra.

233-234. *forsitan illius nemoris latuisset in umbra / quod canit, et sterili tantum cantasset auena*: Met implisiete verwysing na sy eie situasie in die ‘skadu’ (cf. reël 224: *si detrahis umbram*) gebruik die digter hier vindingryk en humoristies-speels ’n Vergiliëse toneel: hy verwys natuurlik na Vergilius se eerstelingwerk, die bukoliese *Eclogae*, wat begin met die woorde: *Tityre, tu patulae recubans sub tegmine fagi / siluestrem tenui musam meditaris auena: ... tu, Tityre, latus in umbra / formosam resonare doces Amaryllida siluas* (1-2; 4b-5). In *Ecl.*6 sê Vergilius weer van homself: *Prima Syracosio dignata est ludere uersu / nostra nec erubuit siluas habitare Thalia. ... Nunc ego ... / agrestem tenui meditabor harundine Musam* (1-2; 5-6). Die Duffs en Seel se vertolking van *quod canit* as die subjek van *latuisset* en as

'n verwysing na sy *Aeneis* – 'his poem' en 'das was er jetzt singt' respektiewelik – is m.i. onmoontlik<sup>415</sup> en onlogies.

*Auena* is een van die benamings wat Romeinse skrywers vir die herdersfluit (Grieks: *syrinx*) gebruik.<sup>416</sup> Dit bestaan uit 'n aantal riettype van verskillende lengtes wat met pik of was langs mekaar vasgelym word.<sup>417</sup> Die herdersfluit is tradisioneel die simbool van die bukoliese of landelike poësie.

Die kleinerende adjektief *sterili* versterk die suggestie dat die bukoliek 'n genre is waarmee geen groot roem verwerf kan word nie. Die Duffs vertaal dit as 'fruitless', Verdière as 'vain', Seel as 'erfolglos', Amat as 'stérile': ek wonder of dit nie dalk net met 'dor' (in tweeduidige sin) weergegee kan word nie?

235. *ignotus populis, si Maecenate careret:* Ons digter meen dus dat Vergilius sonder Maecenas se help miskien 'n bukoliese digter sou gebly het en hoogstens lokale bekendheid sou verwerf het! Vir die sentiment, cf. Mart. 8.56: *Sint Maecenates, non derunt, Flacce, Marones.*

Gaius Maecenas, vriend, raadgewer en herhaaldelik selfs gevoldmagtigde verteenwoordiger van Keiser Augustus, het sy grootste en blywende roem as 'n ruimhartige bevorde-raar van belowende jong Romeinse digters en skrywers verwerf. Die bekendste lede van sy sg. 'literêre kring' was natuurlik Vergilius, Horatius en Propertius, maar minstens sewe verdere name is bekend, waaronder die Varius wat in reël 239 genoem word.<sup>418</sup> Maecenas, wat ook self sowel prosawerke as gedigte geskryf het, waarvan egter slegs enkele fragmente behoue is, is reeds in 8 v.C. oorlede.

<sup>415</sup>Insgelyks Seel se vermoede dat die digter met *nemus* na die 'cumäische Hain' van die begin van *Aen.*6 verwys!

<sup>416</sup>Die ander is *calami, fistula, cicuta, harundo* en *stipula*. Meer oor die herdersfluit by Wille, op.cit.112 sq.

<sup>417</sup>Cf. Ov. *Trist.*5.10.25: *pastor iunctis pice cantat auenis;* Ov. *Met.*1.689 vertel hoe Pan die *syrinx* – vandag nog 'Panfluit' genoem – uitgevind het.

<sup>418</sup>Die ander ses is Plotius Tucca, Quintilius Varus, Aristius Fuscus, Valgius Rufus, Domitius Marsus en Aemilius Macer. Vir meer oor Maecenas en die sg. 'Maecenaskreis' kyk *Kl.P.*3.860.16 sqq.; *OCD* s.v. 'Maecenas, Gaius'.

235. *careret*: Die miskien ietwat onverwagte *imperfektum* konjunktief in die protasis – onverwag omdat dit hier immers net soos die werkwoord van die apodosis duidelik na die verlede verwys – dui aan dat die handeling van die protasis as gelyktydig met dié van die apodosis gesien word.<sup>419</sup>

237. *nec sua Vergilio permisit numina soli*: Die betekenis van hierdie sin is omstrede:<sup>420</sup> Martin hou blykbaar die meeste van Martyni-Laguna se verduideliking ‘*sua numina permisit est simpliciter se permisit*’.<sup>421</sup> Die Duffs vertaal die sin as ‘nor did he entrust his (imperial) divinity to Vergil alone’. Verdière verstaan *sua numina* as ’n sinspeling op die gode wat deur Vergilius in die *Eclogae* besing word en vertaal *sua permisit numina* dus as ‘permit de chanter ses divinités’;<sup>422</sup> Amat neem *sua numina* nog wyer op, nl. as ‘l’ensemble des puissances romaines’, m.a.w. al die Romeinse magte, hetsy goddelik of keiserlik, wat Vergilius besing het: ‘ses divinités imperiales’.<sup>423</sup> En terwyl Verdière en Amat die woord *sua* as ‘Vergilius s’n’ verstaan, interpreteer Seel *sua numina* as ’n verwysing na ‘die Erhabenheit und Wichtigkeit des Maecenas für seine Schützlinge’ en gee *sua permisit numina* weer as ‘mit seinem erhabenen Walten (d.w.s. ‘verhewe mag’) geholfen’.... Verdière en Amat se interpretasies is vergesog, maar Seel se vertolking lyk vir my meer aanvaarbaar: die digter ken vleiend-oordrywend aan Maecenas – en implisiet dalk ook aan sy eie voorgenome Maecenas, nl. Piso<sup>424</sup> – *numen* toe, d.w.s. bomenslike vermoëns of invloed, wat Maecenas tot beskikking van sy beskermelinge stel....; dit is na my gevoel ook meer natuurlik om *sua* met die subjek Maecenas te verbind. Oor die gedagte dat ’n digter (*uates/profeet*) in homself sy eie *numen*

<sup>419</sup>Cf. Menge, op.cit., par.382.1.

<sup>420</sup>Terwyl Bolisani in sy teks Baehrens se emendasie *somnia* druk, verkies die ander vyf tekste die Sichard-edisie se *numina* bo die Florilegia se *nomina*. Voorgestelde emendasies wat Seel en Amat nog nie noem nie, is *fomina* (E.Bickel, ‘Varii carmen epicum de actis Caesaris et Agrippae. Critica in *Laudem Pisonis*’, *Symb.Osl.* 28 [1950] 32-33) en, m.i. meer aantreklik, *munera* (J.M.Hunt, ‘Maecenas and the *Laus Pisonis*’, *AC* 41 [1972] 606-607), hoewel ek twyfel of hierdie twee woorde heeltemal by *permisit* pas.

<sup>421</sup>Cf. Martin, op.cit., ad loc.

<sup>422</sup>Cf. Verdière, op.cit., n.163.

<sup>423</sup>Cf. Amat, op.cit., n.56.

<sup>424</sup>Seel, op.cit., ad loc.

besit – en Maecenas is mos inderdaad ook self 'n digter – cf. Ov.*Am.3.9.17-18: At sacri uates et diuum cura uocamur; sunt etiam qui nos numen habere putent.*

238-239. *tragico quatientem pulpita gestu / euexit Varium:* Lucius Varius Rufus, vriend van Vergilius, Maecenas en Horatius, was 'n beroemde epiiese digter en dramaturg: sy *Thyestes*, wat tydens die feesspele ná die oorwinning by Actium in 29 v.C. opgevoer is, is as die gelyke van die ou Griekse meesterstukke beskou<sup>425</sup> en die digter is deur Keiser Augustus met 'n miljoen sestersies beloon. Na Vergilius se dood het Varius op versoek van Keiser Augustus die *Aeneis*, wat nog nie klaar afgewerk was nie, liggies hersien en daarna uitgegee.<sup>426</sup> Van Varius se eie werke, waaronder ook 'n werk genaamd *De Morte* (of dalk *De morte Caesaris*) en 'n *panegyricus* op Keiser Augustus, het ongelukkig slegs fragmente bewaar gebly.

239b-240. *Maecenas alta tonantis / eruit et populis ostendit nomina Graii:* Baie uitgewers, veral in die negentiende eeu, het gesien dat in hierdie sin nie alles pluis kan wees nie en dus 'n verskeidenheid van emendasies voorgestel; sommiges het vermoed dat in hierdie sin nog 'n digter se naam verskuil moet wees.<sup>427</sup> Martin bespreek hulle voorstelle breedvoerig en krities, maar bevind heeltemal tereg dat nie een van hulle werklik bevredigend is nie. Verdière onderskryf Martin se oordeel, maar herrangskik dan op sy beurt onnodiglik reëls 237-248 op so 'n manier dat in sy edisie reëls 237-243 die akrostigon *MECENAS* vorm!<sup>428</sup> Seel pleit m.i. tereg daarvoor dat by gebrek aan oortuigende emendasies die oorgelewerde teks behou word, terwyl Amat ten slotte klaarblyklik geen probleme met die teks ondervind nie.

Die Duffs se vertaling van *Maecenas alta tonantis eruit* as 'Maecenas drew out the grand style of the thundering poet' kan sekerlik nie korrek wees nie; Seel en Amat neem *tonantis* op as 'n akkusatief en verstaan die sin as 'Maecenas het manne aan die lig gebring wat met 'n donderende stem gepraat het'. Na my mening beteken *alta tonantis* eerder 'wat

<sup>425</sup> Quint. *Inst.10.1.98: Iam Vari Thyestes cuilibet Graecorum comparari potest.*

<sup>426</sup> Suet. *Vita Vergili* 37 sqq.

<sup>427</sup> Baehrens druk e.g. in sy edisie van 1879 i.p.v. *nomina Graii* (240) sy emendasie *Troica Macri*; dit is die teks wat Bolisani gebruik.

<sup>428</sup> In die proses plaas hy ook reëls 243-245 só dat dié lofprysing duidelik tot Piso gerig is!

verhewe klanke laat hoor het'; dat *tonare* nie noodwendig altyd donderende klanke hoef aan te duい nie, toon Prop.3.17.40: *qualis Pindarico spiritus ore tonat*. Vir *alta* in hierdie betekenis, vgl. Verg. *Geor.*3.42: (*Maecenas, ...*) *te sine nil altum mens incohatur*.

Indien ons digter werklik self die vorm *tonantis* geskryf het – so staan dit in Sichard se edisie, terwyl die Florilegia die raaiselagtige *toantis* het – en indien hy daarmee inderdaad 'n akkusatief bedoel het, is die suffiks *-is* egter vreemd, want in die res van die gedig word vir die akkusatief meervoud van *i*-stamme uitsluitlik die spelling *-es* gebruik;<sup>429</sup> 'n mens sou verwag het dat middeleeuse kopiïste of teksbewerkers soos Verdière, Seel of Amat die spelling tot *tonantes* sou wou emendeer het.

240. *et populis ostendit nomina Graiis*: Vermoedelik wil die digter hiermee sê dat Maecenas daarvoor gesorg het dat dié digters se name selfs tot in die Griekssprekende wêreld bekend geword het. Die Duffs se vertaling, 'and revealed famous names to the peoples of Greece', is ietwat vaag. Ek verstaan nie hoe Amat kan glo dat hierdie sin ook so vertolk kan word dat die betrokke digters in Grieks geskryf het nie.<sup>430</sup>

241. *Carmina Romanis ... resonantia chordis*: Martin se verklaring dat *Romanis chordis* 'n datief is,<sup>431</sup> kan nouliks korrek wees. Die Duffs, Verdière, Amat en Seel vertaal die woorde as 'liedere wat op/van Romeinse snare weerklink', maar streng gesproke verskaf die snare se klanke natuurlik die begeleiding en behoort 'n mens die ablatief liewer as 'm.b.v.' of selfs 'saam met' uit te druk. Wat die digter bedoel, is natuurlik Latynse liriek, gedigte wat met

<sup>429</sup>12 maal: *gentes* (4), *omnes* (5), *artes* (88), *nocentes* (99), *natales* (114), *aequales* (131), *aestates* (150), *uitales* (160), *dotes* (161), *rates* (174), *ancipites* (201), *gentes* (230).

<sup>430</sup>E. Bickel, art.cit.33-40, stel vir reëls 239-240 die volgende interessante, maar baie drastiese emendasie voor: ... *Maecenas acta Tonantis* (i.e. Augusti) / *eruit et populis ostendit nomen Agripais* ('n seldsame Silverreeuse wisselvorm vir die genitief op *-ae*), waarin hy dan 'n verwysing na Varius se se epiese gedig 'de actis Augusti et Agrippae' sien.- Daarenteen beskou ek Horsfall, art.cit.268, se voorstel om *populis* te emendeer tot *priscis* en die sin so te verstaan dat 'Maec. presents his big names *priscis* ... *Grais*, to rival the Greeks of old in e.g. the Palatine Library', as besonder onaantreklik.

<sup>431</sup>Vermoedelik na aanleiding van L&S s.v. *resono* I.A. ad fin.

lierbegeleiding gesing word. Vir *resonare* in die betekenis ‘opklink’, cf. Curt.9.9.26: *plausus ... militum ... litoribus ripisque resonabat.*

242. *Ausoniamque chelyn gracilis patefecit Horati:* Waar die digter in die voorafgaande versreël na die Romeinse liriek in algemene terme verwys het, noem hy in reël 240 nou die genre se beroemde hoofekspONENT. ‘Ausoniese lier’ staan (nes *Romanis ... chordis* in die vorige reël) vir ‘Latynse liriek’.

*Gracilis* verwys stellig na Horatius se literêre styl. Aulus Gellius (6.14.1-3) verduidelik dat daar by die skryf van prosa sowel as poësie drie style onderskei word, nl. *uber*, *mediocre*, *gracile*: terwyl die kenmerke van eg. *dignitas atque amplitudo* is, is dit by lg. *uenustas et subtilitas*. Volgens hierdie definisie beteken *gracilis* hier dus ongeveer ‘bekoorlikeenvoudig’.<sup>432</sup>

Vergilius, Varius en Horatius word ook elders saam genoem: Horatius vertel in Sat.1.6.55 dat Vergilius en Varius hom onder Maecenas se aandag gebring het: *nulla etenim mihi te (sc. Maecenatem) fors obtulit: optimus olim / Vergilius, post hunc Varius, dixere quid essem;* reeds in Sat.1.5.40 sqq. lees ons dat die drie digtervriende Maecenas op sy reis na Brundisium vergesel het; Mart.12.3.1-2 suggereer dat hierdie drie inderdaad die belangrikste lede van Maecenas se kring was: hy vra naamlik ’n sekere persoon om vir hom dít te wees *quod Flacco Varioque fuit summoque Maroni / Maecenas.*

243. *O decus ...:* Martin beskou Piso natuurlik ten onregte as die geadresseerde.<sup>433</sup> Na die duidelike beklemtoning van Maecenas se naam en bydrae in reëls 235-242 kan daar nouliks twyfel bestaan dat hy nou ook die objek van hierdie afsluitende loftuiting in die vorm van ’n apostroof is; as dié vertolking nie reeds deur die preteritum *non umquam ... timuere* bevestig

<sup>432</sup>ThLL 6.2131.37: *de carminum genere, i.q. tenuis, subtilis.* Die Duffs en Amat vertaal die woord as ‘graceful’ en ‘gracieux’ resp., Verdière as ‘sobre’; Seel het die woord in sy vertaling uitgelaat.

<sup>433</sup>Vir Verdière cf. n.29 supra.; Amat skryf ‘O glorieuse figure, *toi qui ...*’, maar die *toi* skyn wel Maecenas te wees. (?)

word nie, dan tog seker deur die duidelik kontrasterende *Quod si ...* waarmee die digter hom daarná uitdruklik weer tot Piso rig. Buitendien was daar ook sover in die gedig eintlik geen aanduiding dat Piso inderdaad alreeds 'n 'beskermer' van digters is nie, en as hy dit wel reeds was, sou ons 'n lofprysing in dié verband tog seker eerder in die eerste deel van ons gedig verwag het. Laastens is *O decus* heel moontlik 'n opsetlike eggo van die taal wat Horatius in sy *Carmina* jeens Maecenas gebruik: *Carm.*1.1.1-2: *Maecenas atauris edite regibus, / o et praesidium et dulce decus meum;* *Carm.*1.17.3-4: *Maecenas, mearum / grande decus columenque rerum;* *Carm.*3.16.20: *Maecenas, equitum decus;* vgl.ook Vergilius *Geor.*2.40-1: *o decus, o famae merito pars maxima nostrae, / Maecenas.*

244. *Pierii tutela chori:* Pieria is 'n klein landstreek ten noorde van die berg Olympus en volgens legende die geboorteplek van die Muses. Die adjektief *Pierius* word sedert Horatius deur digters in die sin van 'gewyd aan die Muses' of 'digterlik' gebruik; cf. e.g. Hor.*A.P.*404-405: *et gratia regum / Pieris temptata modis;* Ov.*Pont.*1.5.57-58: *uos, ut recitata probentur / carmina, Pieris inuigilate choris;* Mart.*12.3.8:* *reddita Pierio sunt ubi templa choro.*<sup>434</sup> Die Duffs en Seel praat van die 'Piëriese koor', Verdière noem dit die 'koor van die Muses', Amat die 'koor van die Pierides'; ek vermoed dat ons digter hiermee 'n geïnspireerde groep digters' wil aandui; vir *chorus* in so 'n betekenis, cf. Hor.*Carm.*4.3.13-15: *Romae ... / dignatur suboles inter amabiles / uatum ponere me choros.*

Vir *tutela* in die sin van 'beskermer', cf. Hor.*Carm.*4.14.43-44: *o tutela praesens / Italiae dominaeque Romae (sc. Augustus); Ep.*1.1.103-104: *(Maecenas ..., ) rerum tutela mearum / cum sis.*

244-245. *quo praeside tui / non umquam uates inopi timuere senectae:* Maecenas – en deur sy bemiddeling of op sy aanbeveling natuurlik ook sy vriend Keiser Augustus – het toegesien dat die groot digters van die nuwe tydvak geen materiële gebrek sou ly nie en hulle volle

---

<sup>434</sup>Waar glo na die hervestiging van Tiberius se biblioteek (gewy aan die Muses) in die tempel van Divus Augustus verwys word; cf. L.Friedländer (1886) se kommentaar ad loc.

aandag aan hulle digterlike skeppings kon wy, waarin hulle dan ook in 'n groot mate die nuwe vrede en natuurlik ook die nuwe politieke bestel in die Ryk, waaraan eg. te danke was, verheerlik het. Afgesien daarvan dat hulle seker dikwels geskenke of dalk selfs min of meer gereelde toelaes van die een of ander aard ontvang het, is dit welbekend dat Maecenas in ca. 34 v.C. aan Horatius 'n landgoed in die Sabynse Heuwels geskenk het, en kan ons seker vermoed dat hy byvoorbeeld ook meegehelp het dat Vergilius en Propertius vergoeding ontvang het vir die verlies van hulle erfphase a.g.v. die grondkonfiskasies na die Burgeroorlog.

*Non umquam uates inopi timuere senectae* suggereer dat hierdie digters baie vrygewig gehelp is en inderdaad 'n heeltemal sorgvrye lewe kon lei (*non umquam* is ook emfaties geformuleer). Dat ons digter juis hierdie aspek van Maecenas se ‘literêre patronaat’ so pertinent noem, doen eintlik 'n bietjie vreemd aan omdat hy nog kort gelede uitdruklik gesê het dat hy self nie deur *diuitis auri / imperiosa fames et habendi saeuia libido* gemotiveer is nie, maar deur *laudis amor* (219-221): die onderhawige reël laat meteens die suspisie ontstaan dat ons digter tog nie welf is nie en dus inderdaad ook materiële, finansiële steun benodig.

*inopi timuere senectae:* Cf. Verg.*Geor.*1.186: *inopi metuens formica senectae*.

**246-252.** Met die lofprysing van die ideale voorbeeld van Maecenas en sy beroemde ‘beskermelinge’ het die jong digter vir Piso duidelik genoeg laat verstaan wat hy van hom begeer. Met *Quod si*<sup>435</sup> (246) verbind hy dié voorbeeld nou weer met sy eie versoek én 'n gepaardgaande aanbod: as Piso naamlik na sy ‘bede’ luister en hom oor hom ontferm, beloof hy dat Piso eendag as sy Maecenas (*tu mihi Maecenas* in beklemtoonde posisie) onthou sal word omdat hy hom in elegante verse sal besing (246-248); en met verbasende selfver-sekerheid sê hy dit nog eens duideliker en beslisper: hy het die vermoë (*Possimus* in emfatiese posisie in 'n vyf-woorde-reël), beweer hy, om aan Piso ewigdurende roem te besorg, – natuurlik mits 'n mens so iets mag beloof en geen god hom vir sy verwaandheid straf nie (249-

---

<sup>435</sup>*Quod* is hier van oorsprong 'n accusativus respectus van die betreklike voornaamwoord en verwys dus terug na iemand of iets wat pas genoem is; dit beteken dus eintlik ‘met verwysing na laasgenoemde’. Cf. Menge, op.cit., par.264 en 381 Anm.

251a). Na hierdie versigtige ‘agterdeur-klousule’ verklaar hy ook die rede vir sy selfversekerheid: hy het ’n ‘oorvloed’ van vurige ambisie in hom – *Superest* vorm ’n treffende kontras ná die direk voorafgaande *abest* – én hy is ook intellektueel gereed vir ’n besondere prestasie (251b-252).

246. *Quod si quis nostris precibus locus:* Dit beteken vermoedelik ‘Maar as my smeekbedes ’n kans op sukses het’; cf. Cic.*Fam.*1.1.2: *nec precibus nostris nec admonitionibus reliquit locum*; Verg.*Aen.*4.319: *oro, si quis adhuc precibus locus, exue mentem.* Verdière se ‘Mais si tu as accordé quelque considération à ma requête’ is m.i. verkeerd, en die Duffs, Seel en Amat se letterlike vertalings maak die betekenis nie duidelik nie.

246-247. *et mea uota / si mentem subiere tuam:    mentem subire* beteken gewoonlik ‘by iemand, m.a.w. in iemand se gedagte, opkom’,<sup>436</sup> maar in die onderhawige konteks moet dit eerder iets soos ‘en my wense tot jou hart deurgedring het’, m.a.w. ‘jou aandag verkry het’ beteken; cf. e.g. Cic.*Inv.*1.20: *oratio ... subiens auditoris animum.* ’n Prosaskrywer sou hier i.p.v. *subiere* sekerlik ’n futurum exactum gebruik het.

247-248. *memorabilis olim / tu mihi Maecenas tereti cantabere uersu:* Martin wys tereg daarop dat *memorabilis olim* eintlik prolepties gebruik is omdat dit die toekomstige gevolg van *tu mihi ... cantabere* uitdruk; die Duffs en Seel verbind *olim* m.i. verkeerdelik met *cantabere*. *Mihi* kan hier eintlik tegelyk as ’n dativus agentis én dativus possessivus verstaan word: ‘deur my as my Maecenas’. *Teres* in die oordragtelike sin van ‘afgerond/netjies afgewerk,elegant’ kom selde voor: cf. veral Calp. *Ecl.*4.151: *o mihi quae tereti decurrunt carmina uersu*; ook Cic.*De Or.*3.52.199: *(oratio) plena, sed tamen teres;* Quint.*Inst.*11.3.64: *(vox) in ... disputationibus teres.*

Verdière verwys na Martialis waar die kern van die saak heelwat minder verbloemd

<sup>436</sup>Cf. e.g. Ov.*Met.*7.170 *animum subit Aeta relictus*; 11.542: *subeunt illi fraterque parensque*; 12.472: *nec ... mentem subit*.

gestel word: 1.107.3-4: *otia da nobis, sed qualia fecerant olim / Maecenas Flacco Vergilioque suo;* en 8.56.5: *sint Maecenates, non derunt, Flacce, Marones.*

249. *aeternae nomen committere famae:* *fama* is hier feitlik verpersoonlik, soos in Prop.2.34.94: *hos inter si me ponere fama uolet.*

Dit is die waardevolle teëgeskenk wat die jong digter aan die edele Piso aanbied. Plinius (*Ep.3.21.6*) skryf na aanleiding van die dood van Martialis, wat hom in een van sy gedigte ‘verewig’ het: *Quid homini potest dari maius quam gloria et laus et aeternitas?* En Hor.*Carm.4.9.25* sqq. wys op die verganklikheid van roem as daar geen digters bestaan nie: *uixere fortes ante Agamemnona / multi: sed omnes illacrimabiles / urgentur ignotique longa / nocte, carent quia uate sacro.*

250-251. *si tamen hoc ulli de se promittere fas est / et deus ulti abest:* Die digter gee toe dat die belofte om self (*de se*) ‘ewige’ roem aan iemand te kan besorg, onbehoorlik of ongeoorloof mag wees<sup>437</sup> en dat hy hom daarmee eintlik aan goddelike straf blootstel; menslike verwandheid en hoogmoed vertoorn immers die gode en lok hulle tot vergelding uit: cf. Tib.1.8.72: *nescius ultorem post caput esse deum;* Ov.*Met.14.750:* *quam iam deus ulti agebat;* Liv.2.24.2: *ultores superbiae patrum adesse ... deos;* Sen.*Herc.Fur.389:* *Sequitur superbos ulti a tergo deus.* Verdière teen dat *deus ulti* hier ’n algemene term is waarmee eintlik na die wraakgodin Nemesis verwys word.<sup>438</sup> Ek vermoed, soos Martin, eerder dat ons digter hier aan geen spesifieke god dink nie; Martin haal ook Ov.*Met.14.693* aan: *ultoresque deos et pectora dura perosam / Id alien memoremque time Rhamnusidis iram,* waar die digter van *dei ultores* praat en dan nog addisioneel die bose godinne Venus en Nemesis noem; Seel se siening dat in ons passasie dalk aan Mars Ultor gedink word, is m.i. ongegrond.

Laastens: Die gebruik van *promittere* in dieselfde versposisie as *committere* in die voorafgaande reël kan wel ’n opsetlike woordspeling wees.

<sup>437</sup>Verdière se vertaling van *fas est* as ‘le destin permet’ is m.i. inkorrekt.

<sup>438</sup>Vir Nemesis cf. *OCD* s.v.

251. *Superest animosa uoluntas*: Ek vermoed dat *animosus* hier weer eens ‘gretigheid’, ‘onstuimigheid’ moet uitdruk, eerder as ‘moed’, soos Verdière en Amat dit vertolk;<sup>439</sup> vgl. *animosa indulgentia* in 110-111 supra, wat ek as ‘gretige goedigheid’ vertaal het. Amat se vertolking van *superest* as ‘ek het maar net (sic!) te veel’ is dalk nie heeltemal van pas nie.<sup>440</sup>

252. *ipsaque nescio quid mens excellentius audet*: As ons terugkyk na reëls 72-80 waar die jong digter na sy gebrek aan moed verwys het (*auderem 44 ... audet 77*), is sy selfvertroue nou inderdaad verbasend!<sup>441</sup>

253-261. Nadat hy pas heel selfversekerd verduidelik het wat hy van sy kant vir Piso kan aanbied, herhaal die digter nou sy versoek om hulp en onderstreep hy ten slotte nog eens sy eie verdienstelikheid en potensiaal: Hy versoek Piso byna hartstogtelik dringend (*Tu ... tu ...*) om sy hand na hom, wat hom in diep water bevind (‘n nuwebeeld!), uit te strek, om hom uit sy verborgenheid na vore te bring (253-254a). Sonder skroom noem hy nou ook die redes vir sy anonimitet: sy nederige maar eerbare ouerhuis en beperkte middele maak hom soos in ‘n miswolk onsigbaar; die verwysing na die ekonomiese aspek laat nou geen twyfel meer bestaan dat die jong digter finansiële hulp eintlik tog sal verwelkom (254b-255). Maar onmiddellik beklemtoon hy ook opnuut weer sy vermoë (nog eens *Possumus* in emfatiese posisie in ‘n vyf-woorde-reël) om uit die donkerte wat oor hom ‘geplaas’ is, uit te kom en *lucem nouam* te aanskou, mits die ‘skitterende’ Piso net bereid sal wees om aan hom guns te betoon en sy wense te vervul (256-258). Vervolgens sluit hy sy gedig af deur ‘n laaste maal sy gemotieverdheid en jeugdigheid, d.w.s. sy potensiale waarde as lofdigter vir Piso, te beklemtoon: hy gee hom die versekering (*Est mihi, crede, ... 259*) dat sy *animus* – ons onthou dat hy reeds

---

<sup>439</sup> Albei vertaal *animosa voluntas* met twee snwe., naamlik ‘courage’ en ‘volonté’. Seel het *animosa* in sy vertaling blykbaar weggelaat: ‘In mir ist guter Wille die Fülle.’

<sup>440</sup> Je n’ai que trop de courage, de volonté...’.

<sup>441</sup> Seel se vertaling van *nescio quid ... excellentius* as ‘ein hervorragenderes Werk, dessen ich selber noch unkundig bin’, is onbevredigend.

voorheen hiermee gespog het<sup>442</sup> – nog sterker is as sy *anni* (woordspeling!) en voeg ter verduideliking en ter onderstreping hiervan by dat hy maar pas eers begin baard kry het en nog nie eens twintig jaar oud is nie (259-261) – sekerlik 'n onverwagse slot vir 'n gedig, maar in hierdie geval beslis ook 'n treffende slotargument wat hopelik meegehelp het om Piso oor te haal om hierdie ooglopend bekwame en belowende jong digter onder sy vlerke te neem.<sup>443</sup>

253. *Tu nanti protende manum:* Soos reeds Martin opmerk, is die beeld van die uitgeputte swimmer, veral die drenkeling na 'n skipbreuk, wat redding soek, natuurlik spreekwoordelik; cf. Ov. *Trist.*5.9.18: *nec dederit nanti per freta saeuia manum;* *Pont.*2.6.13-14: *bracchia da lasso potius prendenda natanti, / nec pigeat mento supposuisse manum;*<sup>444</sup> (albei i.v.m. skipbreukelinge in 'n oordragtelike sin); cf. ook uitdrukkings soos Cic. *Rab. Perd.*9.25: *naufragium fortunarum.*

254-255. *Nos humilis domus et sincera, parentum / sed tenuis fortuna sua caligine celat:* Só (maar sonder die komma) staan die twee reëls in Sichard se *editio princeps* sowel as in die Florilegia, maar die sin is so ongemaklik dat die lesing heelwaarskynlik bedorwe oorgelewer is. Amat, op wie se teks ek my kommentaar baseer, sowel as Verdière druk in hulle edisies eenvoudig die oorgelewerde teks, met 'n komma na *sincera*, en sonder enige kommentaar; hulle verstaan die sin ongeveer as volg: 'Ek kom uit 'n nederige/beskeie en rein/lojale (!) huis, maar my ouers se skraal vermoë verberg my in sy donkerte/obskuriteit.'<sup>445</sup>

Daarenteen aanvaar die Duffs en Bolisani twee emendasies wat reeds Weber en Baehrens in hulle edisies opgeneem het: hulle skryf *at* in die plek van *et*, en *et* in die plek van

<sup>442</sup>*animum ... iacto* (215), *superest animosa uoluntas* (251).

<sup>443</sup>Verdière is daarvan oortuig dat die slotdeel van die lofdig (saam met die eerste reëls van Calpurnius Siculus se eerste ekloge) verlore geraak het; cf. op.cit.31.

<sup>444</sup>Beide Martin en Verdière se verwysings vir lg. *locus* is inkorrekt: eg. sê dit is *Trist.*5.9.17, lg. *Trist.*2.6.13.

<sup>445</sup>Verdière: 'Moi, je suis d'une famille humble et pure, mais c'est le maigre bien de mes parents qui me dérobe dans son obscurité'; Amat: 'Je suis d'une maison modeste, mais loyale, la fortune de mes parents est maigre, c'est là ce qui me plonge dans l'obscurité.'

*sed*;<sup>446</sup> die Duffs vertaal die sin so: ‘The home of my sires, humble but true, along with its slender fortune hides me in its own darkness.’ Ook Ullman verkies laasgenoemde emendasies, veral omdat na sy mening *humilis domus et sincera parentum ... tenuis fortuna* eintlik ooreenstem met die implikasie van reëls 118-120, waar die digter die gedrag van sekere *domini* teenoor arm *clientes* uit laer klasse gekritiseer het en sodoende na Ullman se mening te kenne gegee het dat hy self ook betreklik arm en dalk van lae afkoms is; daar is immers ook opvallende ooreenkoms in die woordeskat van die twee passasies: *tenuem* teenoor *tenuis*, *humilem* teenoor *humilis*, *casta domus* teenoor *domus et/at sincera*. Ullman, wat dink dat Lucanus die oueur van ons gedig is, meen dat *humilis* as ‘nederig’ in verhouding tot ’n man soos Piso verstaan moet word.<sup>447</sup>

Martin glo dat *sed* korrek oorgelewer is, maar dat ’n voorafgaande kontrasterende stelling ontbreek, en emendeer derhalwe (in navolging van Beck) *Nos tot Non*, met ’n komma ná *parentum*; haar vertaling lui: ‘A parentage of no humble rank, and pure is mine; but a slender fortune enshrouds me in its mist.’ Seel volg Martin, en vergelyk vir *non humilis* ook die bekende *non humilis mulier* in Horatius se Cleopatra-ode (*Carm.1.37.32*),<sup>448</sup> maar sy vertaling is onbevredigend: ‘Kein niedriges Haus ist mir eigen und ich stamme von rechtschaffenen Eltern; doch ein karges Schicksal verbirgt uns im Dunkeln.’ Die emendasie van *Nos tot Non* pas Martin en Seel natuurlik ook omdat hulle albei reken dat ons oueur Lucanus is, ’n nefie van die ryke Seneca en seun van ’n Spaanse *eques*.

Na my mening is die emendasie van *Nos tot Non* in alle geval goed en sinvol, ook as ’n mens nie Lucanus nie, maar Calpurnius Siculus vir die anonieme digter aansien: die oueur se ooglopend goeie opvoeding en bedrewenheid, sy selfversekerde en eintlik nie eens uitermate vleierige styl en houding jeens Piso, en die vroeëre aanduiding dat hy nie finansiële hulp nodig het nie (119-121) suggereer m.i. werklik nie ’n persoon uit ’n *humilis domus* nie; en buitendien: watter ambisieuse jong man sou homself in elk geval met só ’n beskrywing wou

---

<sup>446</sup>Hierdie emendasies kom oorspronklik van Lipsius en Reichard respektiewelik.

<sup>447</sup>B.L.Ullman, art.cit.130.

<sup>448</sup>Sien Seel se uitvoerige bespreking van reël 254 op p.159 sqq.

vóórstel?<sup>449</sup> En as litotes hoef *non humilis* natuurlik geensins as gelykstaande aan *nobilis* vertolk te word, soos Martin dit doen nie. Laastens herinner *Non humilis domus* en *tenuis fortuna* 'n mens ook weer aan die parallelle situasie in die *Panegyricus Messallae*, wat in alle waarskynlikheid aan ons digter bekend was, waar die lofdigter eweneens aandui dat hy uit 'n vooraanstaande, welgestelde huis kom, maar tans finansieel swaar kry (*Pan.Mess.* 181 sqq.).

255. *sua caligine celat*: Martin vergelyk vir hierdie gebruik van *caligo* gepas Vell.2.36.1: *Augustus ... omnibus omnium gentium uiris magnitudine sua inducturus caliginem.*

256-257. *Possumus impositis caput exonerare tenebris / et lucem spectare nouam*: Klink *impositis .. tenebris* nie so asof die digter se huis eens welaaf was maar (deur ander mense se toedoen?) in die ‘skadu’ beland het nie? Ook *lucem spectare nouam* kan eintlik só verstaan word dat die digter op die herstel van sy huis se welstand hoop.<sup>450</sup>

Vir die beeld ‘uit die donker na lig’, cf. Cic.*Deiot.* 11.2-3: *familiam abiectam et obscuram e tenebris in lucem euocauit*. Vir *lux* in die sin van ‘hoop’, ‘uitkoms’ cf. ook e.g. Cic.*Phil.*1.4: *lux quaedam uidebatur oblata ... regni timore sublato*; Hor.*Carm.*4.5.5: *lucem redde tuae, dux bone, patriae*. Vir *exonerare* in 'n effe ander betekenis cf. reël 99 supra.

257-258. *si quid modo laetus / annuis*: Terwyl vier van die vyf vertalings tot my beskikking die woord *quid* totaal ignoreer,<sup>451</sup> verstaan Amat hierdie sin as ‘indien jy my net 'n teken van jou inwilliging gee’.<sup>452</sup> Ek is bevrees dat die woord *quid* as objek van *annuis* inderdaad so verstaan moet word dat die digter hier op 'n ‘tasbare iets’, m.a.w. op 'n toekenning of geskenk, sinspeel: so 'n vertolking sou ná die onthullings van die voorafgaande drie reëls miskien die mees voor-die-hand-liggende wees, alhoewel dit natuurlik nie juis met die sterk

<sup>449</sup>Cf. Seel 165. Hy bespreek reël 154 breedvoerig op p.159-165.

<sup>450</sup>Cf. Petersmann, art.cit.83.

<sup>451</sup>Duff & Duff: ‘if you ... do but ... approve’, Verdière: ‘si seulement ... tu acquiesces’, Bolisani: ‘se ... m’assenti’, Seel: ‘wenn nur du uns ... zunickst’.

<sup>452</sup>‘Si tu me donnes ... un signe d’acquiescement’.

bewoerde sentiment van reëls 119-121 strook nie – maar vir 'n puik lofdig soos hierdie verdien 'n skrander *adulescens* tog sekerlik 'n tasbare teken van waardering en aanmoediging?

Vir *annuere* met 'n objek cf. Verg.*Aen.*1.50: *caeli quibus annuis arcem*; Stat.*Silv.* 1.2.211-2: *dulcia cum dominae dexter conubia uultus / adnuit*; Val.*Fl.*5.258: *adnuitur thalamis Albani uirgo tyranni*. Vir *laetus* cf. reëls 103 en 216.

258. *et nostris subscribis ... uotis*: 'indien jy my my wense onderskryf / vervul', nl. om hom op te neem en sy 'loopbaan' te bevorder. Vir die uitdrukking cf. Col.1.2.3: *si fortuna uoto subscripterit*; Traj. apud Plin.*Ep.*10.95(96): *Tuo tamen desiderio subscripti*.

258. *candide*: Dit is moeilik om te sê wat die woord hier eintlik moet uitdruk: Augusteïese digters gebruik dit graag as epitheton van gode in die sin van 'stralend', e.g. Verg.*Aen.*8.608: *Venus ... dea candida*; Tib.3.6.1: *Candide Liber*; Ov.*Fast.*3.772: *candide Bacche*; maar dit kan hier dalk eerder in 'n morele sin bedoel wees, d.w.s. as 'opreg/edel',<sup>453</sup> soos e.g. in Hor.*Epod.*14.5: *candide Maecenas*; Sat.1.10.86: *candide Furni*; Ep.1.4.1: *candide iudex*.

259. *animus constantior annis*: Cf. Stat.*Silv.*5.2.13: *angustis animus robustior annis*.

260-261. *quamuis nunc ... / cooperit*: *Nunc* is hier in die sin van *nunc primum* of *nunc nuper* gebruik, d.w.s. as 'nou eers' of 'nou die dag'.

260. *iuuenile decus ... pingere malas*: Cf. Mart.9.76.4: *gaudebatque suas pingere barba genas*. Wanneer jong manne se baard begin uitkom het, is die donsies nie dadelik afgeskeer nie maar toegelaat om te groei – 'die wange te kleur' – totdat dit amper 'n volwaardige baard was; wanneer dit uiteindelik vir die eerste maal afgeskeer is, is dit gewoonlik in 'n pragtige

<sup>453</sup>OLD s.v.7 vertolk die woord in ons passasie as 'lucky, prosperous, favourable, happy'. Sowel Verdière as Bolisani vertaal die vokatief *candidē* (!) ongelukkig foutiewelik as 'n bywoord ('franchement' / 'senza riserve').

dosie gebêre en aan 'n god gewy.<sup>454</sup> Sedert die einde van die derde eeu v.C. was dit by mans van die hoër stande gebruiklik om te skeer, en eers vanaf Keiser Hadrianus se tyd het baarde weer in die mode gekom.<sup>455</sup>

261. *uicesima aestas*: Vir die gebruik van die woord 'somer' – net soos in sommige moderne tale – as 'n digterlike sinoniem vir 'jaar' (sinekdogee), cf. Verg.*Aen.*1.265: *tertia dum Latio regnante uiderit aestas; 755-756: te iam septima portat / omnibus errantem terris et fluctibus aestas;* Mart.4.66.4: *duxit et aestates synthesis una decem.*

---

<sup>454</sup>Cf. Petr.28.8; Juv.3.186; Suet.*Nero*12.4.

<sup>455</sup>Oor baarde sien veral U.E.Paoli, *Rome. Its People, Life and Customs*, 6e edisie Londen 1963, 108 sqq.

## 6. WAARDERENDE SLOTOPMERKINGS

### 6.1 OPMERKINGS OOR DIE VERSKUNS

Alle kritici is dit eens dat ons jong digter die verskuns uitstekend beheers. Hy gebruik oorwegend daktiele, 'n voorliefde wat hy, soos reeds genoem, met Calpurnius Siculus en Ovidius deel:<sup>1</sup> dit gee aan sy verse 'n duidelike gevoel van lewendigheid, ligtheid en vriendelikheid, wat vir 'n lofdig stellig 'n goeie keuse is. Drie uit elke vier verse begin met 'n daktiel. Die agt mees frekwente metriese patronen van die eerste vier versvoete is DSDS (14,94%), DDSD (10,34%), DSSS (9,57%), DDSS (9,19%), DDDS en SDDS (elk 8,42%), DSSD (7,66%) en DDDD (7,27%) wat altesaam reeds meer as driekwart van die gedig uitmaak.<sup>2</sup>

Daar is slegs 22 plekke waar die digter 'n metriese patroon in die daarop volgende reël herhaal, en dit is duidelik dat hy dit soms met opset doen ten einde 'n herhaling, enersheid, reëlmatigheid of ander verband in die inhoud van die twee opeenvolgende reëls te onderstreep: kyk e.g. reëls 30-31; 47-48; 118-9; 195-6. Dit is besonder opvallend dat hy dit vier maal binne twaalf reëls doen in dié seksie waar hy die gedagte van die natuurlikheid en gereeldheid van afwisseling 'inhamer': kyk e.g. 141-2, 144-5, 148-9, 151-2. In 166-7 is die ritmeherhaling m.i. gepas omdat dit in die tweede reël die effek van die woord *sequitur* onderskraag, terwyl dit in 177-8 Piso se nabootsing (*tuis etiam ... lacertis!*) van Achilles suggereer; in 70-71 word die deftige hoogtepunt in Piso se siviele loopbaan, sy *gratiarum actio* as consul voor die keiser, met twee *versus aurei* in identiese versritme gevier. Partymaal staan sulke verspare ook aan die einde van seksies, kyk e.g. 37-38, 53-54, 150-151. Hy gebruik hierdie middel egter nie gereeld nie: in reëls 1-29 en 196-226 is daar byvoorbeeld geen enkele herhaling nie. Aangesien hy 'n verspatroon geen enkele keer (!) drie maal na mekaar gebruik nie, is dit baie vreemd, en inderdaad byna ongelooflik, dat hy dit wel een keer VIER maal doen, nl. in 91-94.

---

<sup>1</sup>Cf. Duckworth, op.cit.96; cf. ook p.10 supra.

<sup>2</sup>Eie statistiek, maar stem feitlik met dié van Duckworth, op.cit.96 ooreen.

Soos reeds genoem,<sup>3</sup> sou dit kon beteken dat vers 93 in die digter se manuskrip miskien nie op vers 92 gevolg het nie.<sup>4</sup>

Verder val die digter se funksionele gebruik van ‘goue versreëls’ op: daar is altesaam twintig, waarvan dertien ‘volmaaktes’ is, d.w.s. uit slegs vyf woorde bestaan, terwyl die ander ekstra woordjies soos *et* en *cum* insluit. Soos Vergilius en Ovidius span ons digter hulle meestal in om temas, of onderdele daarvan, emfaties of deftig op ’n hoogtepunt af te sluit: e.g. reëls 17, 31, 64, 70-71, 80, 86, 88, 204; soms gebruik hy hulle ook ter beklemtoning van ’n belangrike stelling, dramatiese beeld, of om perfeksie te suggereer: e.g. reëls 20, 58, 115-116, 148, 165, 167, 170. Hy gebruik goue versreëls egter uitsluitlik in die lofdig-gedeelte van die gedig.

Benewens die ‘goue verse’ is daar ook dertig welluidende ‘vyfwoordereëls’ wat merendeels dieselfde verfraaiende, beklemtonende en soms afsluitende funksie as die goue reëls vervul, cf. e.g. reëls 3, 4, 7, 23, 34, 36, 40, 45, 61, 92, 95, 96, 98, 107, 127, 164, 232, 235, 238, 239, 241, 242, 249, 256. Een derde van hierdie soort verse kom in die laaste vyfde van die gedig voor, in die versoek tot Piso (211-261).

Origens bevat die *De Laude Pisonis* heelwat ‘leoniese’ versreëls, d.w.s. reëls met binnerym: ek het 45 gevind, en hulle kom soms selfs in opeenvolgende reëls voor, cf. e.g. reëls 13-15, 108-109, 124-125, 153-154. Ek kan nie sien dat hulle enige bepaalde funksie het nie en vermoed dat die groot klassieke digters hulle as onwelluidend vermy het.<sup>5</sup>

Ten slotte is daar die opvallende vermyding van elisies: daar is in die hele gedig slegs vier, nl. in reëls 14, 24, 81 en 168, en by almal is kort slot -e’s betrokke. Net een keer staan ’n eenlettergrepige<sup>6</sup> en een keer ’n vierlettergrepige woord aan die einde van ’n versreël: *est* (250) en *pudibundos* (126).

---

<sup>3</sup>Cf. aant. by reëls 93-94 supra.

<sup>4</sup>Hoe goed sou verse 93-96 nie ná vers 71 ingepas het nie!

<sup>5</sup>Cf. *OCD* s.v. ‘assonance, Latin’, par. ‘Rhyme’: ‘Leonine rhyme ... occurs only occasionally in classical hexameters’. Mens vind hulle ook in Calpurnius se *Eclogae*: kyk e.g. 1.2, 3, 5-7, 10, 15.

<sup>6</sup>Ek laat *est* in 14 weens die prodelisie/sinerese buite rekening.

## 6.2 OPMERKINGS OOR DIE TAAL EN STYL

Die jong digter se taalgebruik, d.w.s. sy woordeskat, uitdrukkings en sinsbou, stem wesenlik ooreen met dié van die groot digters en skrywers van die klassieke tydperk van die Latynse letterkunde, soos o.a. te sien uit die talle parallelle wat ek in die kommentaar gereeld ter vergelyking aangehaal het.

Enkele ongewone of seldsame woordgebruiken en uitdrukkings het egter opgeval: *dubius feror* (reël 2), *per omnes modos* (5/6), *pro nobilitate fuisse* (7), *scande super* (33), *firmare causas* (42), *nefas... diluis* (43), *auriga* (49: ‘ruiter’), *luce sub illa* (68: ‘op daardie dag’), *aedonius* (79), *fluidus* (103: vir ’n gelaatstrek, 147: vir wolke), *magis ... pretiosius* (112), *quem regat ... uicibusque regatur* (125: anacoluthon), *fluitantia* (164: vir *fluentia*), *fidem mouere* (173), *super orbibus orbes* (181: die abl.), *haeret in* (188: plus akk.), *cultor* (226: ‘delwer’). *Tetricitas* (103), *classicus* (141: adj.) en *sudabundus* (189) is hapax legomena.

Die epiese heksameterversmaat en verhewe styl is natuurlik gepas vir ’n lofdig op ’n hoogs beskaafde, adellike heer; daarby is die formulering van die inhoud dikwels emfaties, oordrywend en vleiend soos dit in ’n lofdig as natuurlik aanvaar word – Quintilianus sê mos:<sup>7</sup> *proprium laudis est res amplificare et ornare* – en gebruik die digter ook dikwels epiese woordeskat en styl omdat hy telkens weer op Piso se afstamming van groot generaals en sy kamtige militêre talent sinspeel. Seel het die woordeskat van die lofdig ontleed en sien in hierdie opsig ’n duidelike strewe na variasie: hy tel byvoorbeeld in ons gedig se 261 reëls 839 verskillende woorde, waarvan 542 slegs een keer voorkom.<sup>8</sup>

Een van die aantreklikste kenmerke van die gedig is seker die vindingryke beelde en aanskoulike voorstellings van handelinge en gebeure, soos e.g. van die ‘deur beelde en triomfe geskraagde atriums’ (8 sq.), van die skare wat na die howe stroom om na Piso te luister (37 sqq.), hoe die Thessaliese ruiter sy perd ry (49 sqq.), selfs die beskrywing van die verskillende spreekstyle (57 sqq.), Piso se ontvangs in die senaat (65 sqq.), die sikades wat die

---

<sup>7</sup>*Inst.3.7.6.*

<sup>8</sup>Seel, op.cit.135 sqq. Sy uitgawe bevat ook ’n nuttige volledige ‘Wortindex’.

son uitskel (79 sq.), die mense wat na Piso se huis stroom (84 sqq.), die wisseling van die jaargetye (145 sqq.), Piso se swaardvegtery en balspel (178 sqq.) en veral die groot bedrywigheid op die *latrunculi*-speelbord (195 sqq.). Wat in 'n groot mate tot die aanskoulikheid bydra, is die betreklik hoë gebruik van metonimie en veral van metafore,<sup>9</sup> waarvan ek ongeveer sewentig getel het. 'n Paar van die mees indrukwekkendes is: *imaginibus (et) ... auitis fulta triumphis / atria* (8-9), *aetheriae moles circumuaga flammae* (19), *iudicis affectum ... ducis / uictor* (45-46), *fessa labat mihi pondere ceruix* (75), *facilis Romano profluit ore / Graecia* (89-90), *aduolat excusso uelox sententia torno* (96), (*hiems*) *madidos siccat uere capillos* (149), *facilis deducit pagina carmen* (165), *cum ... / publica ... exsultent otia* (169-170), *prius emenso Titan uersetur Olympo* (209), *si famae mihi pandis iter, si detrahis umbram* (224), *tenuis fortuna sua caligine celat* (255), *iuuenile decus mihi pingere malas / cooperit* (260-1).

Laastens val soms die vernuftige gebruik en ook betreklik hoë frekwensie van enjambement op. Herhaaldelik volg op 'n aantal gedagte-eenhede, wat almal deur enjamamente verbind is, een of twee enkelverse wat emfaties 'n gevolgtrekking of ander afsluiting bevat: e.g. op reëls 2-4, 5-7 en 8-11 volg die twee enkelversreëls 12 en 13; op 25-29 volg 30 en 31; op 49-54 volg 55 en 56. In die verse met die ruiter-simile suggereer opeenvolgende enjambemente die onkeerbare spoed (50-55), in die verse oor die nodigheid van verposing suggereer dit die onstuitbare wetmatigheid van dié verskynsel (137-144). Omgekeerd gebruik die digter soms 'n reeks onverbinde enkelverse om gewigtige stellings 'in te hamer', soos in die verse oor die lot van *cultores* in die huis van Piso en dié van *clientes* in ander huise (115-119, 122-125).

### 6.3 OPMERKINGS OOR DIE INHOUD EN STRUKTUUR

Die *De Laude Pisonis*, anoniem oorgelewer en betreklik onbekend, het kritici nog nooit besonder beïndruk nie, maar veelal kommentare ontlok soos: 'the mediocre poem ... is a not

---

<sup>9</sup>Ook La Penna, op.cit. (1991) 183 verwys spesiaal na die 'ricchezza delle metafore'; breedvoeriger Amat op.cit.73 sqq.

uninteresting specimen of ‘clients’ poetry’,<sup>10</sup> ‘ein nicht übles Lobgedicht von 261 sorgfältig gebauten Hexametern’,<sup>11</sup> of net ‘261 quite passable hexameters’.<sup>12</sup> Onlangs is daar twee keer taamlik uitgesproke en m.i. onredelik teen die werk en sy oueur te velde getrek: F.R.D. Goodyear vind die lofdig ‘... a distinctly odd composition and, if the poet expected Piso to approve of what he says, addressed to a distinctly odd person. ... On first reading one might suppose ... that it is a burlesque. But its absurdities are not blatant enough to bear out this view. Much may be imputed to mere incompetence. ... The poem’s style is commonplace and usually unexceptionable, sometimes bathetic or long-winded (e.g. 140 ff.)’.<sup>13</sup> En hierdie negatiewe siening van die lofdig se konsep is enkele jare later deur E.Champlin onderskryf: ‘The poem *De Laude Pisonis*, technically competent, conceptually bizarre, gives special resonance to the word ‘minor’. The reader’s first reaction is one of baffled amusement: surely the piece is a joke? Yet one element that centuries of sharp-eyed criticism have failed to detect ... is a sense of humour.’<sup>14</sup>

Hierdie twee uitsprake is natuurlik mistastings en totaal onverantwoord. Niemand wat die jong digter se lofdig onbevange en met enige mate van begrip en verbeelding lees, kan die konsep daarvan eerlik as ‘bizar’ bestempel nie. Die twee kritici se verwagtings van hoe ’n lofdig op ’n adellike heer daar moet uitsien, is klaarblyklik teleurgestel: vermoedelik het hulle gemeen dat die oueur, soos Leppin (op.cit.221) dit stel, ‘bestrebt sein mußte, das Selbstverständnis seines erhofften Patrons möglichst genau zu treffen’.<sup>15</sup> Andersyds is die *De Laude Pisonis* natuurlik ook nie ’n ‘tipiese’ lofdig nie as ’n mens aan die abrupte slot/oorgang in 210/211 dink en die daarop volgende langerige versoek-gedeelte – insluitend verwysings na die jong digter se benarde omstandighede – en die ietwat vreemde slot. Heel moontlik was die

---

<sup>10</sup>L.Friedlaender, *Roman Life and Manners under the Early Empire*, vert.J.H.Freese, Londen 1908-13, vol.3, p.57.

<sup>11</sup>M.Schanz & C.Hosius, *Geschichte der römischen Litteratur*, München 1935, vol.2, p.489.

<sup>12</sup>H.J.Rose, *A Handbook of Latin Literature*, 3e ed., Londen 1954, 383.

<sup>13</sup>In *The Cambridge History of Classical Literature*, 1982, 628 sqq.

<sup>14</sup>Champlin, ‘The Life and Times of Calpurnius Piso’, *MH* 46 (1989) 101. Dit bly egter uit sy voetnoot 1 dat sy opinie op dié van Goodyear gebaseer is.

<sup>15</sup>Leppin, art.cit.221.

gedig inderdaad oorspronklik nie vir publikasie in sy huidige vorm bedoel nie, maar was dit eintlik in eerste instansie 'n persoonlike 'poëtiese brief'<sup>16</sup> wat die digter aan Piso gestuur of persoonlik oorhandig het, en waarvan die lofdig-gedeelte natuurlik as proefstuk van sy bekwaamheid moes dien én die geadresseerde se welwillendheid moes wen sodat hy aan die 'aangehegte' versoek om hulp en steun sou voldoen. Ons ken nie die presiese omstandighede nie – soos of die digter die heer Piso reeds persoonlik ontmoet het en of hy dalk selfs genooi is om 'n proefgedig voor te lê nie – maar ek dink dat ons a priori behoort te aanvaar dat die ambisieuse jong man al sy sorg daaraan bestee het om 'n gedig voor te lê wat die geadresseerde sou beïndruk en geval. Die beeld van Piso wat ons uit die lofdig en die ander bronne (n: cf.p.7-8 supra) kry, is dié van 'n vriendelike, groothartige, uitermate vrygewige en wel-beskaafde man, omring deur 'n kring van gelukkige, dankbare, beskaafde *cultores/amici*, 'n man wat gewis al baie lofdigte ontvang het en die onderhawige lofdig dalk huis weens sy vindingryke andersheid besonder sou geniet het. En indien ons digter – soos dit veelal aanvaar word – werklik die jonge Calpurnius Siculus is en agter die name Corydon en Meliboeus in sy vierde *Ecloga* regtig hierdie digter en sy begunstiger en mentor Piso skuil, het ons ambisieuse jong outeur blykbaar inderdaad met sy proefgedig die edele Piso se hart gewen.

Die *De Laude Pisonis* is weliswaar 'n ongewone, maar na my mening ook heel aantreklike, interessante en goed gestruktureerde gedig. Slegs 80 versreëls (30%) van die gedig is aan Piso se openbare beeld en lewe gewy, maar 130 (50%) aan sy meer private aktiwiteite, en 51 (20%) aan die jong digter se 'Bittgedicht'. Na die voortreflike inleiding oor Piso se 'dubbele nobilitas (1-13) stip die digter sy afkoms en voorgeslag op vindingryke manier net kortliks in 'n 'praeteritio' aan (14-24) en wend hom dan tot sy loopbaan as vooraanstaande advokaat, wat hy net so vindingryk in 'n volgehoue metafoor as *togata militia*, d.w.s. *kamma* as voortsetting van die militêre tradisie van sy familie, behandel (25-54). Ook wat sy skitterende redenaarsvermoë betref, vergelyk hy Piso huis met die welsprekendste krygshelde van die Trojaanse Oorlog (55-64), en verwys daarná – nog steeds in verband met sy redenaarstalent – kortliks na Piso se rol in die senaat en na sy siviele loopbaan, waar hy slegs sy dankrede aan die keiser vir sy consultaat uitlig en dit as onbeskryflik en

---

<sup>16</sup>O.Ribbeck, *Geschichte der römischen Dichtung*, Stuttgart/Berlin 1913, vol.3, p.50, se bestempeling as 'n 'poetischer Bettelbrief' is tog te kras.

‘onnabootsbaar’ ophemel (65-80).- Die digter kies dus slegs enkele temas uit en noem feitlik geen detail-inligting nie: ook niks oor enige vorige militêre poste of siviele ampte, niks oor spesifieke hofsake, geen aanduiding wie die keiser is nie ...

’n Mooi speelse oorgang – die digter nooi Calliope om hom na Piso se huis te vergesel – lei na die tweede deel: tuis deklameer Piso voor gaste, ook in Grieks (81-96).<sup>17</sup> Met ’n effens lompe oorgang (97-9) bring die digter ons by sy volgende temas, nl. ’n paar kort verse oor Piso se waardige voorkoms (97-105) en sy edel karakter (106-108), maar hierna volg sy geesdriftige, breedvoerige beskrywing en lofprysing van hoe hartlik, en heel anders as ander here, Piso sy *cultores/amici* behandel (107-136): dit is duidelik dat hierdie passasie – dit staan ook presies in die middel van die werkie – vir die digter die kernpunt van sy hele lofdig uitmaak. Van die *uaria ars* wat in Piso se huis onder sy leiding beoefen word (137-138a) gaan die digter gemaklik oor tot sy ontspanningsaktiwiteite (*leuiora*), maar nie voordat hy eers oordreve breedvoerig en dramaties die noodsaaklikheid daarvan verdedig het nie (139b-158);<sup>18</sup> die laaste vier reëls van lg. seksie is egter hier ooglopend onvanpas en het ongetwyfeld van ’n vorige deel van die gedig hierheen verdwaal.<sup>19</sup> Hierop volg nou, die een na die ander en kunstig aan mekaar verbind, eers die lofprysing van Piso as ’n knap digter (163b-165), as goeie lierspeler (166-168) – weer eens vergesel van ’n breedvoerige verskoning (!) (169-177) – dan as swaardvegter (178-184), ratse balspeler (185-189) en laastens as onoorwinlike *latrunculi*-generaal (!) (190-208); die kort afsluiting van hierdie lofdig-gedeelte kom ietwat skielik en abrupt voor (209-210).- Ook wat hierdie hoofdeel van die lofdig betref, mag moderne lesers teleurgesteld wees dat die digter soveel spasie aan ‘onbenullige’ aktiwiteite gee (waaraan Piso hom in elk geval glo slegs *paulisper wy*: 163) en nie eens aandui of Piso getroud is en kinders het nie ... , maar hierdie lofdig se doelstellings was nou eenmaal nie biografies van aard nie maar moes in eerste instansie die digter se veelsydige vaardigheid en sy *animus* (215) demonstreer, Piso beïndruk en sy goedgesindheid win.

---

<sup>17</sup>Vir Leppin, art.cit.224 en n.14, verteenwoordig deklamasie tuis die natuurlike ‘Zwischenstellung’ tussen Piso se openbare en private sfeer, en tussen *grauitas* en *leuitas*.

<sup>18</sup>RE 12.1029.17 sqq. bestempel dit as ’n ‘Platheit’, Goodyear loc.cit. as ‘long-winded’.

<sup>19</sup>Cf. p.117 supra.

Die laaste deel, die versoek om opname en steun, is uiteraard totaal anders en die fokus byna uitsluitlik op die digter self. Na die kort opdrag van die lofdig aan Piso (211-213), die versekering dat hy sy bes gedoen het – *at uoluisse sat est; animum non carmina iacto* is treffend geformuleer – en dat Piso se guns hom sal help om beter werk te doen (214-218a), volg reeds die digter se versoek om opname in Piso se huis (218b-219a) en die verklaring van sy motiewe en ideale (219b-224); hierop volg 'n breedvoeriger argumentasie, nl. dat selfs Vergilius en die ander groot digters nie sonder Maecenas beroemd sou geword het nie (225-242), en 'n kort lofprysing van Maecenas (243-5). Verbasend selfversekerd beloof die digter nou, as teëgeskenk vir sy hulp, aan Piso in sy gedigte ewige roem as sy Maecenas (246-252). Hy sluit die gedig af met 'n dringende herhaling van sy versoek – waarby hy ook na sy ouers en hul ekonomiese posisie verwys – en met 'n hernude versekering van sy eie vermoëns en vasbeslotenheid, en laastens die beklemtoning van sy jeugdigheid en openbaarmaking van sy ouderdom (253-261).- Die struktuur van die hele versoek-gedeelte is m.i. sielkundig baie effektief beplan en ook stilisties knap uitgevoer: eers die betreklik nugter geformuleerde versoek (216-224), dan die logiese argumentasie en voorhou van die voorbeeld van Maecenas (225-245), die aanbod van soortgelyke ewige roem (246-253), en laastens die dringender en meer emosionele herhaling van die versoek met die implisiete beroep op Piso se meegevoel.

Afgesien van die goeie groter struktuur van die gedig, is ook die gedagtelope en oorgange tussen temas feitlik oral oortuigend en glad. Verskeie korter en langer uitweidings en 'n paar simile's verskaf afwisseling, illustrasie en verfraaiing.

Die styl is deurgaans baie verhewe, maar tog ook gepas by die onderhawige temas. Ek dink daar is ook wel enkele kere 'n sweempie van humor of speelsheid te bespeur, e.g. waar die digter Calliope nooi om saam te stap (81-82); verder is ook pseudo-patos en oordrewe dramatiese parallelle stellig daarop bereken om 'n glimlag te ontlok, e.g. waar kamtig die digter se nek en knieë meegee (75-76) of waar voorbeeld uit die oorlog aangehaal word om advokaat Piso se reg op ontpanning te bewys (140-144). Ook die pseudo-ernstige, breedvoerige verskonings van Piso se ontpanningsaktiwiteite in die algemeen, en in die besonder dié ten opsigte van sy lierspel (140-158; 169-177) het tog ongetwyfeld 'n amusante sy, net soos die herhaalde sinspelings op Piso se kamtige militêre talent en ambisies.

Die *De Laude Pisonis* is seker geen uitstaande skepping nie, maar in verskeie opsigte tog 'n baie besonderse gedig, en as dié navorsers wat beweer dat hulle eggo's daarvan in

Martialis en Juvenalis se poësie kan bespeur,<sup>20</sup> gelyk het, moes dit ook in die dekades ná sy ontstaan nog taamlik bekend en gewild gewees het.

Gelukkig het ek darem ook twee betreklik resente uitsprake oor die *De Laude Pisonis* gevind waarmee ek myself enigsins kan vereenselwig: M.D.Reeve verklaar: ‘It is a fluent, orderly and sober piece in a thankless and inebriating genre, and maintains interest with little recourse to padding. The *Cambridge History* [i.e. Goodyear] ... makes fun of it.’<sup>21</sup> En A.La Penna het waardering vir ons digter se styl: ‘L’ignoto e giovanissimo poeta ... maneggia la lingua poetica tradizionale con sicurezza ed eleganza maggiori degli altri poeti ignoti con cui finora abbiamo avuto a che fare.’<sup>22</sup> Maar die mees oorwoë beskrywing bly vir my nog dié van F.Vollmer van ’n driekwart eeu gelede: ‘Das Gedicht ist ein Meisterstück rhetorisch-schulmäßiger Kunst: neben geschicktester Anlage und Gedankenverknüpfung und glänzenden ἐκφράσεις (z.B. der Redekunst des Piso 36ff. oder seiner Kunst im Spiele der *latrunculi* ...) stehen Plattheiten wie die Deklamation über den Wechsel aller Dinge (139ff. ...) und anderes. Der Versbau ist äußerst gewandt, völlig für den Dienst der pointierten Diktion abgeschliffen: das Spiel der Vers- und Gedankeneinschnitte zu größter Eleganz ausgebildet ... Offenbar also hat der junge Mann vor die Augen des selbst der Kunst mächtigen Piso nur ein den modernsten Anforderungen entsprechendes Probestück zu bringen gewagt.’<sup>23</sup> Al wat ek tot laasgenoemde beoordeling nog afsluitend sou wil bygevoeg, is dat die jong digter m.i. ook sy temas goed gekies en besonder interessant en bekwaam verwerk het om vir Piso ’n aantreklike en in verskeie opsigte unieke lofdig aan te bied.

---

<sup>20</sup>E.Champlin, art.cit. (1989) 101 (cf. p.13 supra); E.Courtney, *A Commentary on the Satires of Juvenal*, Londen 1980, 381-382.

<sup>21</sup>Reeve, art.cit. 44 n.8.

<sup>22</sup>La Penna, art.cit. (1991) 183.

<sup>23</sup>RE 12 (1925) 1029.68 sqq. (s.v. ‘Laus 1: Carmen de laude Pisonis').

## BIBLIOGRAFIE

Na die volgende naslaanwerke en leksika word d.m.v. afkortings verwys:

- K&S:** Kühner R. & Stegmann C., *Ausführliche Grammatik der lateinischen Sprache, Satzlehre*, vols. I & II, 3e ed. Leverkusen 1955.
- Kl.P.:** *Der Kleine Pauly. Lexikon der Antike in fünf Bänden*, red. K.Ziegler e.a., München 1979.
- L&S:** Lewis C.T. & Short C, *A Latin Dictionary*, Oxford 1879.
- OCD:** *The Oxford Classical Dictionary*, 3e ed. uitgegee deur S.Hornblower & A.Spawforth, Oxford 1996.
- OLD:** *Oxford Latin Dictionary*, Oxford 1968.
- RE:** *Paulys Real-Encyclopädie der Altertumswissenschaft*, red. G.Wissowa e.a., Stuttgart 1893-1972.
- ThLL:** *Thesaurus Linguae Latinae*, Leipzig/München 1900-.

---

Álvarez D.E., 'El panegírico poético latino a partir de Augusto. Algunas calas', *Myrtia* 13 (1998) 151-175.

Amat Jacqueline, *Calpurnius Siculus, Bucoliques. Pseudo-Calpurnius, Élogue de Pison. Texte établi et traduit*. Collection de Guillaume Budé, Les Belles Lettres, Parys 1991.

Armstrong D., 'Stylistics and the date of Calpurnius Siculus', *Philologus* 130 (1986) 113-36.

Austin R.G., 'Roman Board Games I', *G&R* 10 (1934) 24-34; 'Roman Board Games II', *G&R* 11 (1935) 76-82.

Austin R.G., 'Zeno's Game of τάβλη (A.P.ix.482)', *JHS* 54 (1934) 202-205.

Baehrens Ae. (Emil), *Poetae Latini Minores* vol.I. (pp.221-236: *Incerti Laus Pisonis*), Leipzig 1879, herdr. New York/Londen 1979.

Balsdon J.P.V.D., *Life and Leisure in Ancient Rome*, Londen 1969.

Bardon H., *Les Empereurs et les Lettres Latines d' Auguste à Hadrien*, Parys 1940, herdr.1968.

Bardon H., *La Littérature Latine Inconnue*, 2 vols., Parys 1952 & 1956.

Beato J., 'Calpúrnio Sículo. Um poeta pobre ou um pobre poeta?', *Humanitas* 47 (1995) 617-627.

Beck C., *Statii ad Pisonem poemation*, Ansbach 1835.

Becker W.A., *Gallus, or: Roman Scenes of the Time of Augustus*, vert. F.Metcalfe, 2e ed. Londen 1895.

Bell A.A., 'A New Approach to the *Laus Pisonis*', *Latomus* 44 (1985) 871-8.

Bellandi F., 'L'immagine di Mecenate protettore delle lettere nella poesia fra I e II sec.d.C.', *A&R* 40 (2-3) (1995) 78-101.

Bickel E., 'Varii carmen epicum de actis Caesaris et Agrippae. Critica in Laudem Pisonis', *Symb.Osl.* 28 (1950) 17-43.

Bolisani E., 'Un importante carme anonimo dell'età postaugustea. La *Laus Pisonis*', *AI*V 123 (1964-65) 89-116. (Testo e versione metrica.)

Bonner S.F., *Roman Declamation in the Late Republic and Early Empire*, Liverpool 1949.

Braund S.H., *Beyond Anger: A Study of Juvenal's Third Book of Satires*, Cambridge 1988.

Brožek (Broscius) M., 'De Elegia in Maecenatem Laudi Pisonis praevia', *Eos* 78 (1990) 171-172.

Carcopino J., *Daily Life in Ancient Rome*, Londen 1973.

Cary M. & Scullard H.H., *A History of Rome*, 3e ed., Londen 1975.

Casson L., *Ships and Seamanship in the Ancient World*, Princeton 1971.

Cesareo E., *Il panegirico nella poesia latina*, Palermo 1936.

Champlin E., 'The Life and Times of Calpurnius Siculus', *JRS* 68 (1978) 95-110.

Champlin E., 'History and the Date of Calpurnius Siculus', *Philologus* 130 (1986), 104-112.

- Champlin E., 'The Life and Times of Calpurnius Piso', *MH* 46 (1989), 101-124.
- Clausen W.V., *A Commentary on Vergil, 'Eclogues'*, Oxford 1994.
- Chiavola C., *Della vita e dell'opera di T. Calpurnio Siculo*, Ragusa 1921.
- Cooper C.G., *An Introduction to the Latin Hexameter*, Melbourne 1952.
- Courtney E., 'Imitation, chronologie littéraire et Calpurnius Siculus', *REL* 65 (1987) 148-157.
- Dalzell A., 'Maecenas and the Poets', *Phoenix* 10 (1956) 151-162.
- De Biasi L., 'L'excussus tornus di *Laus Pisonis* 96', *AAT* 121 (1987) 73-86.
- Dehon P.-J., *AC* 61 (1992) 395-398. (Resensie van Amat se Budé-uitgawe.)
- Di Salvo Lucia, 'Qualche osservazione in merito a una recente edizione delle *Ecloghe* di Calpurnio Siculo e della *Laus Pisonis*', *CCC* 12 (1991) 305-316. (Resensie van Amat se Budé-edisie.)
- Dominik W.J., 'Roman Poetry and Rhetoric. A Reminder of the Affinity between the two Arts', *Akroterion* 37 (1992) 61-67.
- Duckworth G.E., 'Five Centuries of Latin Hexameter Poetry: Silver Age and Late Empire', *TAPA* 98 (1967) 77-150.
- Duckworth G.E., *Vergil and the Classical Hexameter Poetry: A Study in Metrical Variety*, Ann Arbor 1969.
- Duff J.W. & Duff A.M., *Minor Latin Poets*, Loeb Classical Library, London/Cambridge Mass., hers.ed. 1935.
- Duff J.W., *A Literary History of Rome in the Silver Age*, 2e ed., New York 1960.
- Evenepoel W., 'Maecenas. A Survey of Recent Literature', *AncSoc* 21 (1990) 99-117.
- Ferrara G., *Calpurnio Siculo e il panegirico a Calpurnio Pisone*, Pavia 1905.
- Fleischhauer G., *Musikgeschichte in Bildern*, Vol.2.5: *Griechenland und Rom*, Leipzig 1964.
- Friedländer L., *Roman Life and Manners under the Early Empire* (4 vols.), London 1908-13.
- Galinsky H., *Naturaes Cursus. Der Weg einer antiken kosmologischen Metapher von der Alten*

- in die Neue Welt*, Heidelberg 1968.
- Gardiner E.N., *Athletics of the Ancient World*, Oxford 1930.
- Garnsey P.D.A. and Saller R., *The Roman Empire: Economy, Society and Culture*, Londen 1987.
- Geer R.M., 'The Greek Games at Naples', *TAPhA* 66 (1935) 208-221.
- Gold B.K. (red.), *Literary and Artistic Patronage in Ancient Rome*, Austin 1982.
- Gold B.K., *Literary Patronage in Greece and Rome*, Chapel Hill/Londen 1987.
- Goodyear F.R.D., 'Laus Pisonis', in Kenney E.J. & Clausen W.V. (redd.), *The Cambridge History of Classical Literature, vol.II. Latin Literature*, Cambridge 1982, 628-9.
- Groag E., 'Calpurnius Nr.65: C.Calpurnius Piso', *RE* 3.1377.50 sqq.
- Grueber H.A., *Coins of the Roman Republic in the British Museum*, vol.2, Oxford 1910, herdruk 1970.
- Hardie A., *Statius and the 'Silvae'. Poets, Patrons and Epideixis in the Graeco-Roman World*, Liverpool 1983.
- Harris H.A., *Sport in Greece and Rome*, Londen 1972.
- Haupt M., *Opuscula I*, Leipzig 1875, 391-2.
- Held J., *Incerti Auctoris ad Calpurnium Pisonem carmen*, Breslau 1831.
- Holliger Ch. & Cl., 'Römische Spielsteine und Brettspiele', *Gesellschaft Pro Vindonissa, Jahresbericht 1983*, Brugg 1984, 5-24.
- Horsfall N., 'Cleaning up Calpurnius', *CR* 43 (1993) 267-270. (Resensie van Amat se Budé-uitgawe.)
- Horsfall N., 'Criteria for the Dating of Calpurnius Siculus', *RFIC* 125 (1997) 166-196.
- Hubaux J., 'Les Thèmes Bucoliques dans la Poésie Latine', in *Mémoires de l'Académie Royale de Belgique*, 2e reeks, 29 (1930).
- Hubbard T.K., 'Calpurnius Siculus and the unbearable Weight of Tradition', *Helios* 23 (1996) 67-87.

Hunger H., *Lexikon der griechischen und römischen Mythologie*, 5e ed., Wenen 1959.

Hunt J.M., ‘Notes on the *Laus Pisonis*’, *Latomus* 29 (1970) 478-482.

Hunt J.M., ‘Maecenas and the *Laus Pisonis*’, *L’Antiquité Classique* 41 (1972) 606-7.

Junius Hadrianus (=Adriaan De Jonge), ‘Lucani poema ad Calpurnium Pisonem ex libro Catalecton’, in *Animadversorum Libri Sex*, Basel 1556.

Kenney E.J., *CR* 86 (NS 22) (1972) 279. (Resensie van Seel se uitgawe.)

Kenney E.J. & Souter A., art. ‘*Laus Pisonis*’, in *The Oxford Classical Dictionary*, 3e ed., Oxford/New York 1996.

Kröner H.-O., *Gnomon* 49 (1977) 78-80. (Resensie van Seel se uitgawe.)

Kunkel W., *An Introduction to Roman Legal and Constitutional History*, Oxford 1966.

La Penna A., ‘Mobilità dei modelli etici e relativismo da Cornelio Nepote a Valerio Massimo e alla *Laus Pisonis*’, in A.Giardina & A.Schiavone (redd.), *Società romana e produzione schiavistica* 3 (Bari, 1981) 183-206.

La Penna A., ‘Dal Panegyricus Messallae alla *Laus Pisonis*. Trasformazione di modelli etici’, in M.Pani (red.), *Continuità e trasformazione fra Repubblica e Principato*, Bari 1991, 169-188.

Lausberg H., *Elemente der literarischen Rhetorik*, 2e ed., München 1967.

Leeman A.D., *Orationis Ratio*, Amsterdam 1963.

Lenz F.W. & Galinsky G.C., *Albi Tibulli aliorumque Carminum Libri tres*, Leiden 1971.  
(Boek 3.7 / 4.1: *Incerti Auctoris Panegyricus Messallae*.)

Leppin H. ‘Die *Laus Pisonis* als Zeugin senatorischer Mentalität’, *Klio* 74 (1992) 221-236.

Leumann M., Hofmann J.B. & Szantyr A., *Lateinische Syntax und Stilistik (Handbuch der Altertumswissenschaft, Lateinische Grammatik*, vol.II.2.2), 5e ed. 1928, herdr. München 1963.

*Lexikon der Alten Welt*, Artemis-Verlag, Zürich-Stuttgart 1965.

Maehly J.A., ‘Zur Literatur des Panegyricus in Pisonem’, *Fleckensens Jahrb. f. Klass. Phil.* 58 (1862) 286 sqq.

- Maltby R., *A Lexicon of Ancient Latin Etymologies*, Leeds 1991.
- Martin Gladys, *Laus Pisonis*, diss. (tikskrif) Cornell Univ., USA 1917. (Inleiding, teks en kommentaar.)
- Mattingly H., *Coins of the Roman Empire in the British Museum*, vol.1, Londen 1923, herdruk 1976.
- Maurach G., *Enchiridion Poeticum. Zur lateinischen Dichtersprache*, 2e ed., Darmstadt 1989.
- Mayer R., ‘Calpurnius Siculus. Technique and Date’, *JRS* 70 (1980) 175-176.
- Mayer R., in S.H.Braund (red.), *Satire and Society in Ancient Rome*, Exeter 1989.
- Maxfield V.A., *The Military Decorations of the Roman Army*, Londen 1981.
- Menge H., *Repetitorium der lateinischen Syntax und Stilistik*, 14e ed., München 1965.
- Murray H.J.R., *A History of Board Games other than Chess*, New York 1978.
- Otto A., *Die Sprichwörter und sprichwörtlichen Redensarten der Römer*, Leipzig 1890, herdruk. Hildesheim 1962.
- Palmer L.R., *The Latin Language*, 3e ed., Londen 1961.
- Paoli U.E., *Rome: Its People, Life and Customs*, Londen 1963.
- Petersmann H., *Gymnasium* 79 (1972) 81-83. (Resensie van Seel se uitgawe.)
- Pollard J., *Birds in Greek Life and Myth*, Plymouth 1977.
- Quadlbauer W., *AAHG* 28 (1975) 23-25. (Resensie van Seel se uitgawe.)
- Reeve M.D., ‘The addressee of *Laus Pisonis*’, *ICS* 9 (1984) 42-48.
- Reichert H.G., *Unvergängliche lateinische Spruchweisheit*, 2e ed., München 1965.
- Ribbeck O., *Geschichte der römischen Dichtung*, vol.3, Stuttgart/Berlin 1913.
- Richmond J., ‘The *Ludus Latrunculorum* and *Laus Pisonis* 190-208’, *MH* 51 (1994) 164-179.
- Rose H.J., *A Handbook of Latin Literature*, 3e ed., Londen/New York 1954.

- Rouse R.H., ‘Laus Pisonis’, in Reynolds L.D. (red.), *Text and Transmission*, Oxford 1983, 204-5.
- Saller R.P., *Personal Patronage under the Early Empire*, Cambridge 1982.
- Saller R.P., ‘Martial on Literature and Patronage’, *CQ* 33 (1983) 246-257.
- Salvatore A., ‘De Laudibus Pisonis cum Panegyrico Messalae atque Calpurnii Bucolicis comparatis’, *RFIC* 27 (1949) 177-190.
- Scaliger J., ‘M. Annaei Lucani ad Calpurnium Pisonem Paneguricum’, in *Virgilii Maronis Appendix*, Leiden 1573.
- Schaeffer C., *An Calpurnius Piso von \*\*\*\*. Kommentierte Übersetzung*, Frankfurt am Main 1961. (Eie edisie, nie in *L'Année Philologique* nie.)
- Schanz M. & Hosius C., *Geschichte der römischen Litteratur*, vol.2, München 1935, 489 sqq.
- Schmid W., ‘Panegyrik und Bukolik in der neronischen Epoche’, *BJ* 153 (1953) 63-96.
- Schmidt P.L., ‘Laus Pisonis’, *Der Kleine Pauly* (1979), 3.522.4-19.
- Schulze W., *Zur Geschichte lateinischer Eigennamen*, 1907, herdr. Göttingen 1964.
- Seel A., *Laus Pisonis. Text, Übersetzung, Kommentar*, diss. Erlangen-Nürnberg 1969.
- Sichardus J., ‘Ad Pisonem ad quem extat et Horatii Ars Poetica’ in *P. Ovidii Nasonis Opera*, Basel 1527, 546 sqq. (Editio princeps.)
- Skutsch F., ‘T. Calpurnius Siculus’, *RE* 3.1401.57 sqq.
- Sullivan J.P., *Literature and Politics in the Age of Nero*, Ithaca 1985.
- Syme R., *Tacitus*, 2 vols., Oxford 1958.
- Tennant P.M.W., ‘Poets and Poverty. The case of Martial’, *AClass* 43 (2000) 139-156.
- Tilley A., ‘Ludus Latrunculorum’, *CR* 1892, 335 sqq.
- Townend G.B., ‘Calpurnius Siculus and the *Munus Neronis*’, *JRS* 70 (1980) 166-174.
- Ullman B.L., ‘The Text Tradition and Authorship of the Laus Pisonis’, *CPh* 24 (1929), 109-132.

Unger R., *P. Papinii Statii ad Calpurnium Pisonem Poemation*, Jahns Jahrb. 1836, 261.

Väterlein J., *Roma ludens. Kinder und Erwachsene beim Spiel im antiken Rom*, Heuremata 5, Amsterdam 1976.

Verdière R., *T. Calpurnii Siculi De Laude Pisonis et Bucolica et M. Annaei Lucani De Laude Caesaris (=Einsid lensia quae dicuntur Carmina)*. Édition, traduction et commentaire, Collection Latomus vol.19, Berchem-Brussel 1954.

Verdière R., ‘Autour d’un nouveau fragment des Annales de L. Calpurnius Piso Frugi, source du De Laude Pisonis de Titus Calpurnius Siculus’, *Latomus* 29 (1970) 134-6.

Verdière R., *Latomus* 30 (1971) 732-4. (Resensie van Seel se uitgawe.)

Verdière R., ‘Études prosodique et métrique du *De Laude Pisonis* et des *Bucolica* de T. Calpurnius Siculus’, *Quaderni della RCCM (Rivista di Cultura Classica e Medioevale)* 11 (1971) 1-148. (Nie in l’Année Philologique nie.)

Verdière R., ‘Calpurnius, en fin d’analyse ...’, *Helmantica* 44 (1993) 149-198.

Vollmer F., ‘Laus 1: *Carmen de laude Pisonis*’ in *RE* 12.1029.17 sqq.

Walde A. & Hofmann J.B., *Lateinisches etymologisches Wörterbuch*, Heidelberg 1965.

Weber C.F., *Incerti auctoris carmen panegyricum in Calpurnium Pisonem* (app.crit., prolegomena), Marburg 1859.

Weber C.F., *Commentarii de carmine panegyrico in Calpurnium Pisonem*, in *Index Lectionum*, Marburg 1860/61.

Wernsdorf J.C., ‘Saleii Bassi ad Calpurnium Pisonem poemation, Lucano vulgo adscriptum’, in *Poetae Latini Minores*, vol.IV, 236-282, Altenburg 1785.

White P., ‘Amicitia and the profession of poetry in Early Imperial Rome’, *JRS* 68 (1978).

Wilkinson L.P., *Golden Latin Artistry*, Cambridge 1963.

Wille G., *Musica Romana. Die Bedeutung der Musik im Leben der Römer*, Amsterdam 1967.

Williams G., *Tradition and Originality in Roman Poetry*, Oxford 1968.

Williams G., *Change and Decline. Roman Literature in the Early Empire*, Berkeley 1978.

Wiseman T.P., 'Calpurnius and the Claudian Civil War', *JRS* 72 (1982) 57 sqq.

Wölfflin E., 'Zu dem carmen panegyricum in Calp. Pisonem', *Philologus* 17 (1861) 340-344.

Woodcock E.C., *A New Latin Syntax*, London 1959.

----- 0000000 -----

## OPSOMMING

Hierdie proefskrif is 'n kommentaar op die anoniem oorgelewerde gedig *De Laude Pisonis* wat deesdae meestal aan Calpurnius Siculus toegeskryf word, 'n digter van ekloges uit die middel van die eerste eeu n.C. Die gedig van 261 heksameters is 'n lofdig op 'n sekere Calpurnius Piso, heel waarskynlik die bekende adellike wat in 65 n.C. as leier van 'n sameswering teen keiser Nero gesterf het. Die gedig verheerlik Piso as die nasaat van groot generaals, as 'n uiters welspreekende advokaat, 'n senator en consul (of oud-consul), maar ook as 'n baie vrygewige beskermheer van 'n kring van kunssinnige 'vereerders' en vriende, as 'n knap digter en lierspeler, en laastens as 'n baie bekwame balspeler en 'n kampioen in 'n bord spel genaamd *latrunculi*. In die laaste vyfde van die gedig bied die digter sy lofdig aan Piso as 'n 'liefdespand' en as proefstuk van sy digterlike bedrevenheid aan, en versoek hom vervolgens om hom in sy vriendekring op te neem en, soos Maecenas van weleer met Vergilius en Horatius gemaak het, hom te help om as digter vooruit te gaan en beroemd te word; as dank hiervoor beloof hy aan Piso ewige roem in sy eie gedigte, waarin hy hom as sy Maecenas sal prys.

Die jong outeur – hy sê dat hy nog nie eens twintig jaar oud is nie – is deur moderne geleerde soms geloof vir sy tegniese bedrevenheid, maar ook herhaaldelik oor die konsep van die gedig berispe.

Die eerste kommentaar op die *De Laude Pisonis* is in 1917 deur Gladys Martin geskryf; 'n heelwat breedvoeriger kommentaar, in Duits, is in 1969 deur A.Seel gepubliseer. Vergeleke met hierdie voorgangers is die onderhawige kommentaar heelwat meer omvattend wat die filologies-eksegetiese aspek sowel as sake van sosio-historiese belang betref. Daarbenewens word ook meer aandag gegee aan die waardering van die gedig se struktuur, die gedagteloop en oorgange tussen die temas, aan die rol van die metrum, en aan eksakte interpretasie; daar word ook 'n Afrikaanse prosavertaling aangebied. Die inleiding tot die kommentaar gee 'n oorsig van die tekstradisie en vroeër uitgawes van die gedig, behandel die vermoedelike identiteite van die digter en die geadresseerde, en bepaal kortliks die gedig se

plek in die geskiedenis van die lofdig as 'n literêre genre. Die kommentaar is gebaseer op die teks van die Franse Budé-edisie van 1991.

Daar word bevind dat die *De Laude Pisonis* 'n goed gestruktureerde en in alle opsigte fyn afgewerkte gedig is. Die versritme sowel as 'goue versreeëls' word dikwels ingespan om die betekenis te onderstreep. Die taalgebruik stem grootliks ooreen met dié van ander digters van die Silwer Tydperk. Die verskillende temas van lofprysing is vindingryk en interessant aangebied in 'n verhewe maar aantreklike styl, opvallend ryk aan metafore. Ook die afsluitende versoek om die geadresseerde se steun is aandoenlik en oortuigend geformuleer. Daar kan sekerlik aanvaar word dat die ambisieuse jong skrywer se lofdig die gewensde indruk op die geadresseerde moes gemaak het. Besoek was hierdie gedig inderdaad die begin van die jong ekloge-digter Calpurnius Siculus se digterloopbaan onder die bevordering van die edele Piso. Die kwaliteit van hierdie gedig is waarskynlik tot dusver deur moderne navorsers onderskat.

Latynse letterkunde van die Silwer Tydperk

Heksameter-poësie

Panegiriek

Lofdig

Calpurnius Siculus

C. Calpurnius Piso

De Laude Pisonis

Laus Pisonis

Literêre patronaat

Maecenas

## SUMMARY

This thesis is a commentary on the anonymously preserved poem *De Laude Pisonis* which is now usually ascribed to Calpurnius Siculus, a pastoral poet of the middle of the first century AD. The poem of 261 hexameters is a panegyric on a certain Calpurnius Piso, most likely the well-known nobleman who died in AD 65 as leader of a conspiracy against the emperor Nero. The poem eulogizes Piso as the scion of a family of great generals, a most eloquent lawyer, a senator and consul (or ex-consul), but also as a very generous patron of a circle of artistic admirers and friends, a fine poet and musician, and finally as a spectacular ball-player and champion in the chess-like game of *latrunculi*. In the final part of the poem the author offers his panegyric to the noble Piso as a pledge of his affection and a specimen of his ability, then proceeds to beg him to accept him into his circle and help him, like Maecenas did with Vergil and Horace, to gain literary fame; for this he promises him eternal glory in his poems, where he will praise him as his own Maecenas. The young author – he says he is still under twenty – has been praised for his technical competence, but also sometimes criticised for the poem's concept.

The first English commentary on the *De Laude Pisonis* was written by Gladys Martin in 1917, a more extensive one in German was published by A.Seel in 1969. Compared with its predecessors, the present commentary, besides being more exhaustive on the philological-exegetic side and on matters of socio-historical interest, also pays more attention to the poem's structure, lines of thought, transitions between themes, to the role of the metre, and to exact interpretation; an Afrikaans prose translation is also presented. The introduction to the commentary gives a survey of the text tradition and previous editions of the poem, discusses the probable identities of the author and of the addressee, and deals briefly with panegyric as a literary genre. The commentary is based on the text of the French Budé edition of 1991.

The *De Laude Pisonis* is found to be a well structured and in all respects well finished poem. Verse rhythm as well as 'golden lines' are often used to underline or emphasise the meaning. The language usage conforms to that of the other poets of the Silver Age. The various

laudatory topics are imaginatively and attractively presented in an elevated but pleasing style, remarkably rich in metaphor. Also the concluding request for sponsorship is formulated rather movingly and persuasively. There can be little doubt that the ambitious young man's presentation poem must have duly impressed its recipient, and it is, in fact, very likely that this is the poem which launched the young pastoral poet Calpurnius Siculus on his career as a protégé of the addressee. Perhaps the quality of this poem has generally been underrated by modern scholars.

Silver Latin literature

Hexameter poetry

Panegyric

Laudatory poetry

Calpurnius Siculus

C. Calpurnius Piso

De Laude Pisonis

Laus Pisonis

Literary patronage

Maecenas